
Albert Grundlingh



# Frederik Van Zyl Slabbert

## Soekende Profeet

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

# Frederik Van Zyl Slabbert

## Soekende Profeet

Albert Grundlingh

UJ Press

*Frederik Van Zyl Slabbert: Soekende Profeet*

Uitegee deur UJ Press
Universiteit van Johannesburg
Biblioteek
Aucklandpark Kingsway Kampus
Posbus 524
Aucklandpark
2006
https://ujpress.uj.ac.za/

Samestelling © Albert Grundlingh 2024
Hoofstukke © Outeur(s) 2024
Gepubliseerde uitgawe © Albert Grundlingh 2024

Engelse uitgawe in 2021 uitgegee deur Johathan Ball Publishers SA as:
*Slabbert: Man On A Mission – A Biography*
ISBN: 978-1-77619-037-9

Hierdie uitgawe 2024

https://doi.org/10.36615/9780906785287
978-0-906785-27-0 (Sagteband)
978-0-906785-28-7 (PDF)
978-0-906785-29-4 (EPUB)
978-0-906785-30-0 (XML)

Hierdie publikasie is onderwerp aan 'n deeglike dubbelblinde eweknie-beoordelingsproses voor publikasie en alle aanbevelings deur die keurders is oorweeg en aangebring voor publikasie.

Taalversoring: Davida van Zyl
Omslagontwerp: Hester Roets, UJ Grafiese Ontwerpstudio
Getikset in 9/13pt Merriweather Light

# Inhoud


Erkennings ..... i

Voorwoord ..... iii

Hoofstuk 1: Herwaarts en derwaarts na ’n professoraat ..... 1

Hoofstuk 2: Slabbert word politikus ..... 43

Hoofstuk 3: Parlementêre inburgering, 1974-1979 ..... 63

Hoofstuk 4: ’n Nuwe leier neem oor ..... 91

Hoofstuk 5: Onstuimige tye ..... 111

Hoofstuk 6: Bedanking uit die parlement ..... 139

Hoofstuk 7: Politiek buite die parlement ..... 171

Hoofstuk 8: Oorgange ..... 209

Hoofstuk 9: “Van” van naderby ..... 239

Slot ..... 277

Fotoseksie ..... 287

Bronnelys ..... 297

# Erkennings

Ek was gelukkig genoeg dat verskeie persone ’n lewendige belangstelling in hierdie onderwerp getoon het en gewillig was om navorsingswenke te gee, idees te deel en my aan te moedig. Hulle kan natuurlik nie vir die eindproduk verantwoordelik gehou word nie.

Sonder om uit te brei (elkeen weet wat sy of haar bydrae was), wil ek my opregte dank uitspreek teenoor Alex Mouton, Nick Southey, Charles van Onselen, Peter Vale, Bill Nasson, Lindie Koorts, Carel van der Merwe, David Welsh, Hilary Sapire, Lauren Coetzee, Cailin Macrae, Annas Coetzee, Tania Slabbert, Jane Slabbert, Marcia Haak, Jannie Gagiano, Ken Andrew, Michael Cardo, Theuns Appelgryn, Howard Philips, Milton Shain, Peter Colenbrander, Louis Grundlingh, Heribert Adam, Kogila Moodley, Rob Kaplan, Arnold van Zyl, Hannah Botha, Ellen Tise en Klaus Baron von der Ropp.

In Hermann Giliomee met sy omvangryke kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis het ek ’n kritiese gespreksgenoot gevind en ons onderlinge meningsverskille het hierdie boek ten goede gekom. Sonder sy finansiële bemiddeling sou hierdie Afrikaanse weergawe van die oorspronklike *Slabbert: Man on a mission, a biography*, Jonathan Ball, Kaapstad 2021 ook nie verskyn het nie. Hierbenewens is ek dank verskuldig aan Chris Otto en GT Ferreira wat van meet af aan ingestem het om die koste van die oorspronklike projek te dra. Peter Gray het goedgunstiglik toestemming verleen dat sy portretstudie van Slabbert op die voorblad gebruik kan word.

Jan-Jan Joubert was ’n vaardige en ywerige vertaler en Davida van Zyl ’n bedrewe teksversorger. Slabbert was nie slegs welsprekend in beide Afrikaans en Engels nie, maar het ook in die breë aan die Afrikaanse samelewing ’n besondere dimensie verleen. Hy verdien ’n boek in Afrikaans.

Hierdie boek word opgedra aan my gesin, Annamari, Mauritz, Marizanne en Mia, wat hierdie reis geduldig saam met my afgelê het.

# Voorwoord

Voordat mens ’n biografiese studie aanpak, moet jy jouself as skrywer afvra waarom jy bereid is om soveel tyd en moeite daaraan te bestee om iemand anders se lewe te vertel, te interpreteer en te beoordeel. In hierdie geval is die antwoord eenvoudig dat die onderwerp te boeiend was om te weerstaan.

Dit is nuttig om ’n wenk te neem van Voltaire, wat homself glad nie tuis gevoel het met heldeverering van bekendes nie, maar eerder van mening was dat “deur groot geeste kan ons ’n blik kry op die verrassings van die geskiedenis, dit wil sê daardie onverwagse gebeurtenisse wat so belangrik is vir die groter prentjie wanneer die waarskynlike of die verwagse nie gebeur nie”.[1] Hier te lande het een van Suid-Afrika se voorste historici, Charles van Onselen, ook al gestoei met die uitdagings van biografiese skryfwerk. Twee vraagstukke fassineer hom: “[I]n watter mate reageer die subjek (van die biografie; dus, die een wie se lewe beskryf word) op die geskiedenis, en in watter mate reageer die geskiedenis op die subjek? Dit is waar hierdie twee vrae kruis dat outentieke, diep kognitiewe interaksie plaasvind. Vir my kom die werklik betowerende oomblikke in die geskiedenis wanneer jy te doene kry met die kreatiewe spanning wat voortvloei uit dubbelsinnigheid, teenstrydigheid of ironie.”[2]

Sulke anomalieë was eie aan die lewe van Frederik van Zyl Slabbert. Hy het gekom uit ’n Afrikaanse agtergrond, maar anders as baie van sy tydgenote het hy nie in ’n stabiele huis grootgeword nie. In die 1960’s het hy aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer, wat as alma mater van talryke ministers en eerste ministers gesien is as die broeikas van Nasionale Party-politici. Hoewel hy bestempel is as ’n goue seun van die Afrikanerdom met

1 S Loriga, “The role of the individual in history:Biographical and historical writing in the nienteenth and twentieth century” in H Renders and B de Haan (eds), *Theoretical Discussions of Biography: Approaches from History, Microhistory and Life Writing*, Brill, Leiden, p 78 (vertaling).

2 P Vale, ‘Unlocking social puzzles: Colony, crime and chronicle: An interview with Charles van Onselen’, *Thesis Eleven*, 136 (1) 2016, p 47 (vertaling).

uitstekende vooruitsigte het hy tydens die hoogbloei van apartheid ’n ander weg ingeslaan, na die oorwegend Engelssprekende, liberale Progressiewe Party, vir wie hy in 1974 as Lid van die Volksraad (LV) in die parlement begin verteenwoordig het. Hy is hoog aangeslaan as parlementslid, en word in 1979 “gekroon” as leier van die Progressiewe Federale Party (PFP), die amptelike opposisie in die parlement. Hy het leiding en rigting aan dié party probeer gee tydens ’n tydperk van ongekende politieke stormagtigheid in Suid-Afrika. Sy rol in hierdie tydperk, en die tipe kompromieë wat hy moes aangaan, het getoon hoe ingewikkeld die magte was wat die land meedoënloos gevorm het en die politieke landskap bepaal het. Maar toe, in 1986, in ’n skuif wat baie mense verras het, het hy te midde van massiewe mediabelangstelling uit die parlement bedank. Slabbert – en ander bekende Afrikaners – se ontmoeting kort daarna met die verbanne African National Congress (ANC) in Dakar in 1987 het verseker dat hy in die mediakollig bly. Dit het gelyk of hy meer aandag trek as ’n soort verloopte politikus as toe hy ’n konvensionele politikus was en binne die parlement gefunksioneer het. Maar toe baie van dit waarvoor hy hom sy lewe lank kliphard beywer het deur die aardskuddende veranderinge van die 1990’s werklikheid geword het, was die algemene hoewel taamlik misleidende indruk dat hy eintlik van die politieke toneel verdwyn het.

Die raakpunte tussen ’n individu se karakter en die politiek bly ’n kontensieuse kwessie. Die Nederlandse fundi oor die skryf van biografie, Hans Renders, gaan sover as om te beweer dat die biograaf “dit moet duidelik maak dat ’n persoon se persoonlike en private agtergrond sy openbare prestasies beïnvloed het. As hy in gebreke bly om dit te doen, kon hy net sowel nie die biografie geskryf het nie”.[3] Om hierdie vereiste gestand te doen is nogal moeiliker as wat dit aanvanklik mag lyk. Daar is egter al dikwels aangevoer dat Slabbert se persoonlike agtergrond en karaktertrekke ’n groot invloed op sy politiek uitgeoefen het. Hy was ’n man met ’n vooruitskouende en verruimende blik; die politiek was bloot die terrein wat hy gekies het om breër doelwitte

3 H Renders, “The personal in the polical biography” in Renders en De Haan (reds.), *Theoretical Discussions of Biography*, p 218 (vertaling).

na te streef. So verstaan mens dan die charismatiese dryfkrag, die politieke sendingywer waarmee hy mense na sy standpunt probeer oorhaal en tot sy oortuigings probeer bekeer het. Mens moet egter ook onthou dat die dinamika van politieke gebeure soms persoonlike kwaliteite kan oorskadu en meesleur.

Die navorsing vir hierdie boek het gebaat by ’n verskeidenheid sekondêre bronne, insluitend verhelderende biografiese essays deur akademici en ander wat hom geken het, sowel as deur inligting vervat in akademiese tesisse oor sy partypolitieke rol. Van verdere belang is Slabbert se eie skryfwerk en publikasies – en dan veral die waardevolle Slabbert-dokumenteversameling by die Universiteit Stellenbosch sowel as ander versamelings by dié universiteit en elders, ’n berg koerantartikels en ’n veelheid mondelinge onderhoude. Ongelukkig het Slabbert nie ’n persoonlike dagboek gehou soos baie ander politici geneig was om te doen nie.

Vir die historikus is bronne kardinaal, maar mens hoef nie postmodernisties te wees om te besef dat bronne nie al die antwoorde kan verskaf nie. Die innigste, ontwykende en dikwels onuitgesproke dimensies van ’n lewe kan moeilik vasgevat word. Soms is die beste waarvoor mens kan hoop maar net om sekere waarnemings en tendense weer te gee. Dit is beslis die geval met Slabbert, wie se lewe aspekte bevat het wat meer enigmaties was as dié van baie van sy politieke en ander tydgenote.

# Hoofstuk 1

# Herwaarts en derwaarts na ’n professoraat

## Uitdagende kinderdae

“Ek kon nie verhoed dat my ouers ’n ondeurdagte nag van passie aan die suidpunt van Afrika beleef wat uitgeloop het op my geboorte nie.”[1] So het Frederik van Zyl Slabbert in 1997 teruggekyk op sy eie en sy tweelingsuster Marcia se geboorte op 2 Maart 1940 in Pretoria. Sy ouers was Petrus Johannes Slabbert van die destydse Pietersburg (vandag Polokwane) en Pretoria, en Barbara Thyssen, oorspronklik van Carolina in wat daardie dae die Oos-Transvaal genoem is (vandag Mpumalanga). Hulle was ongetroud en, so het Frederik vermoed, waarskynlik onder die invloed van alkohol toe die tweeling na ’n partytjie verwek is. Wat hy as die onwaarskynlikheid van sy geboorte beskou het, het hom sy lewe lank gefassineer en hy het gestoei met die besef dat hy die produk van so ’n arbitrêre gebeurtenis was.[2]

Sy oupa aan vaderskant, ook Frederik van Zyl Slabbert, het daarop aangedring dat Petrus met Barbara trou. Volgens daardie dae se norme was dit “die regte ding om te doen” en Slabbert se oupa, ’n invloedryke prokureur en boer, sowel as ’n man wat drie termyne as burgemeester van Pietersburg gedien het, sou geen teenspraak duld nie.[3] Die huwelik het egter gou verbrokkel en op ’n breukspul uitgeloop. Op 26 Februarie 1940, skaars ’n week voor die geboorte van sy kinders, het Petrus Slabbert op die ouderdom van 22 jaar by die Unie-verdedigingsmag aangesluit om deel

1 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling 430. Q2.1, Slabbert aan M Mamdani, 14 April 1997.

2 Marcia Haak-versameling, ongepubliseerde en ongedateerde herinneringe van Slabbert, getiteld “Es die deng wat hy es”; *Insig,* Maart 2000, “As jy nou dink aan al daai spermselle ... en hier is ek nou sestig jaar later.”

3 *Die Burger*, 23 Mei 2008, “Slabbert kom huis toe”.

te neem aan die Tweede Wêreldoorlog.[4] Sy kinders het hy gelaat in die sorg van hul 19-jarige moeder, wat soms te veel gedrink het.[5] Petrus was ongemaklik in wat hy as 'n beklemmende en voorskriftelike ouerhuis ervaar het, en kort na die voltooiing van sy skoolopleiding het hy 'n volskaalse rebellie beleef en 'n wilde lewe gelei.[6] Hy was een van baie jong manne wat in daardie dae by die weermag aangesluit het in 'n alte klaarblyklike poging om aan huishoudelike en vaderskapspligte te ontsnap.[7]

Hy is vir 'n gedeelte van die oorlog in Oos-Afrika ontplooi. Oorlog in sulke ingewikkelde terrein het 'n omvattende getal tegniese, administratiewe en ondersteuningspersoneel vereis, en redelik min manskappe het aan die voorste linies geveg. Slabbert het vir 'n ruk as stoorman diens gedoen en het later vir soortgelyke diens na Suid-Afrika teruggekeer. Sy diensrekord toon dat sy gedrag oor die algemeen as bevredigend ervaar is, hoewel daar hier en daar probleemsituasies opgeduik het. Hy is daaraan skuldig bevind dat hy militêre vervoer vir persoonlike doeleindes aangewend het, en dit probeer toesmeer het deur die odometer terug te stel. Hy was ook 'n slag in 'n kroeggeveg met burgerlikes betrokke in Gordonsbaai. Hy was – veral vir daardie dae – bogemiddeld lank, en het 6 voet 2 duim of 188 cm in sy sokkies gestaan (baie soos sy seun later jare) en was klaarblyklik 'n formidabele opponent. Die gevolge van hierdie tipe gedrag was dat hy boetes moes betaal en rang ingeboet het.[8]

Baie ander soldate wat van die gevegsfront af teruggekeer het huis toe was getraumatiseer deur die oorlogsgebeure en het gesukkel om weer by die gesinslewe aan te pas.[9] Petrus Slabbert

4 SA Nasionale Weermag dokumentasiesentrum, personeelrekord, 87496, PJ Slabbert.

5 *Die Burger*, 23 Mei 2008, "Slabbert kom huis toe". Her age has been calculated from information in Slabbert, *White Parliament*, pp 3 en 5.

6 Slabbert, *White Parliament*, p 3.

7 Vergelyk A Grundlingh, "The King's Afrikaners? Enlistment and ethnic identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939-1945", *Journal of African History*, 40, 1999, p 363.

8 SA Nasionale Weermag dokumentasiesentrum, personeelrekord, 87496, PJ Slabbert.

9 Byvoorbeeld *Rapport Weekliks*, 24 Mei 2015,"My pa: 'n Hartseer storie".

was nie een van hulle nie. Hy het die gesinslewe mos al lankal vaarwel toegeroep. Hy en Barbara is geskei toe die tweeling twee jaar oud was en hy nog in die weermag gedien het.[10]

Na demobilisering het hy na Pretoria teruggekeer waar hy werk in die staatsdiens gekry het en aan die Tender- en Voorraderaad verbonde was. Hy het by die weermag aangesluit as 'n ondersteuner van die destydse premier, genl. Jan Smuts, en van die Verenigde Party, maar het as uiters teleurgestelde man teruggekeer en hom tot die Nasionale Party gewend.[11] Dit was glad nie 'n ongewone neiging onder die ontevrede soldatekorps nie.[12] Toe Frederik omtrent vyf jaar oud was, het sy vader onverwags by hul redelik vervalle huis te Duncanstraat 1006 in die Pretoriase woonbuurt Brooklyn opgedaag. Hy was 'n totale vreemdeling vir die tweeling, en hulle het sy pogings tot toegeneëntheid vermy. Barbara en Petrus het toe in 'n argument betrokke geraak wat daarop uitgeloop het dat sy hom deur die gesig geklap het. Die volgende keer dat Frederik sy pa sou sien was elf jaar later, op die ouderdom van sestien. Barbara het haar voormalige eggenoot verafsku, en het geen geheim daarvan gemaak nie.[13]

Die jonge Frederik het nietemin as kind 'n heldeverering teenoor sy vader gekoester, veral omdat sy ouma Petrus se vermoëns so oorweldigend positief geskets het dat hy 'n oordrewe belangrikheid vir die kind ontwikkel het. In sy pa se afwesigheid was dit vir Frederik uiteraard onmoontlik om die geldigheid van sy ouma se bewerings te peil. Later in sy lewe het hy besef dat sy ouma sy pa oorskat het. Nietemin het Slabbert sy bes probeer om Petrus te betrek toe hy self kinders gehad het. Maar hy het gevind Petrus "was 'n man wat geknak het onder die druk van konvensie sonder om eintlik te weet hoekom…". Eerder as die ontsagwekkende figuur wat sy ouma so liefderik geskets het, het Slabbert 'n man aangetref wat bykans uitgedoof was deur die lewe. Hoewel Petrus aangenaam genoeg was, "het hy bykans geen selfvertroue gehad nie, om verskoning gevra tot die punt van algehele irritasie, was

10 Slabbert, *White Parliament*, p 4.
11 Slabbert, *White Parliament*, p 88.
12 Grundlingh, "King's Afrikaner?", pp 364-365.
13 Marcia Haak-versameling, ongepubliseerde en ongedateerde herinneringe van Slabbert, getiteld "Es die deng wat hy es".

hy oordrewe sentimenteel en het hy gefloreer op sy herinneringe aan die verlede om die pyn en ontoereikenhede van die hede te probeer hanteer. Hy was 'n eenvoudige persoon wat probeer het om nie aanstoot te gee nie."[14] Slabbert se kinders het ook nie van hul oupa gehou nie.[15] Hoewel Petrus sy seun se pogings om kontak te bewerkstellig straks waardeer het, het hy beslis nie sy seun se politieke uitkyk onderskryf nie. Daar is getuienis dat hy in die 1970's die Nasionale Party se parlementslid vir Kempton Park, Gerrie du Plessis, genader het om om verskoning te vra vir sy seun se politieke aktiwiteite.[16]

Slabbert het 'n beter – hoewel ook ingewikkelde – verhouding met sy moeder gehandhaaf. In 1985 het hy verduidelik:

> Ek het nooit haar liefde vir ons betwyfel nie, en ek het soort van verstaan dat sy nie aan my of my suster kon of wou vertel hoe om die lewe te hanteer nie. Terugskouend was dit 'n enigmatiese bydrae van haar kant tot my ontwikkeling. Ek het geweet my ma is lief vir my, maar dat ek uiteindelik op myself aangewese was om die lewe se uitdagings te trotseer... Sy was by verre die intelligentste, opwindendste en mees oorspronklike persoon in my jong wêreld, en kragtens elke konvensionele maatstaf was sy 'n mislukking – as 'n moeder, 'n eggenote, 'n werker, 'n buurvrou, 'n sosiaal verantwoordelike persoon. Dit het nie daartoe gelei dat ek konvensie of konvensionaliteit verwerp het nie, hoewel dit my skepties teenoor konvensie en konvensionaliteit gemaak het. Dit het ook beteken dat ek van meet af aan simpatie met die swakkeres, die buitestaanders en die uitgeworpenes ontwikkel het.

Terwyl die negatiewe aspekte van die verhouding voor die hand liggend is, was daar ook positiewe uitvloeisels. Van jongs af, so het Slabbert later onthou, "het dit 'n sin vir onafhanklikheid, 'n wantroue daarin om gesag blindweg te aanvaar, en gebrekkige vertroue in outomatiese navolg van volwassenes se wysheid"

14 Slabbert, *White Parliament*, p 4 (vertaling).
15 Onderhoud met Tania Slabbert, 15 Julie 2019.
16 Onderhoud met Lettie Coetzee, Gerrie du Plessis se dogter, 28 Januarie 2019.

in die hand gewerk.[17] Sy dogter, Tania, het dit later beskrywe as synde dat haar pa "'n ou siel" gehad het.[18] Slabbert self het nooit enige vyandigheid jeens sy moeder gekoester nie, en haar dood weens alkoholisme in 1974 sowel as haar begrafnis het hom altyd ten diepste bygebly.[19]

Daar skuil 'n mate van ironie in die feit dat Barbara 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker was en 'n mate van vaardigheid in haar beroep geopenbaar het, maar misluk het wat haar ouerlike verantwoordelikhede betref. Die kinders het wild rondgehardloop, in en uit by die buurt se stormwaterpype, en het maats gemaak met die omgewing se ouer kinders vir kattekwaad en ernstiger kwaaddoenery. By die nabygeleë Laerskool Pretoria-Oos, waar hulle aanvanklik ingeskryf is, het dit gou vir hul onderwysers en vir die skoolhoof duidelik geword dat die tweeling verwaarloos is. Die skool het hul oupa gekontak, wat daarop aangedring het dat Barbara en die kinders Pietersburg toe moes trek. Hulle het soontoe gereis per motor – met 'n Hudson Terraplane – en die jonge Slabbert was verstom dat hulle Pietersburg heelhuids bereik het ten spyte van sy ma se bestuursvermoë. Oupa Frederik was reguit: Barbara moet afstand doen van die kinders sodat hulle 'n behoorlike opvoeding kon kry. Sy was diep seergemaak, maar finansieel nie in 'n posisie om weerstand te bied nie. Later in sy lewe het Slabbert die sombere afskeid tussen ma en kinders alte goed onthou. Op 'n nabygeleë plaas het hulle op haar skoot gesit en haar trane teen hul ruggies gevoel. Vanaf die grammofoon het die hartseer treffers van die Afrikaanse sanger Chris Blignaut opgeklink: "Daar's 'n saal wat hang daar aan die muur" en "Troudag-klokkies lui vir jou en my".[20]

Hul moeder is die volgende dag terug Pretoria toe. Kort daarna is besluit hulle moet by hul oom en tannie, Fred en Martha Stakes wat albei mediese dokters was, in Johannesburg gaan woon. Hul adres was Sewende Laan 96, Linden, en hulle het skoolgegaan

17 Slabbert, *White Parliament*, p 2 (vertaling).
18 Onderhoud met Tania Slabbert, 15 Julie 2019.
19 Slabbert, *White Parliament*, pp 4-5 (vertaling).
20 Marcia Haak-versameling, ongepubliseerde en ongedateerde herinneringe van Slabbert, getiteld "Es die deng wat hy es".

aan die Laerskool Jan Cilliers. Dit was ’n Afrikaanse elite-skool en party van die jonge Slabbert se klasmaats was die kinders van prominente politici van die Nasionale Party. Slabbert het later onthou dat sommige van die onderwysers in trane van vreugde uitgebars het nadat die Nasionale Party die algemene verkiesing van 1948 gewen het. Hul oom en tannie, wat Engelssprekend en stoere ondersteuners van die Verenigde Party was, was minder ekstaties. Tuis het die dokters Stakes probeer om ’n mate van tweetaligheid te bevorder deur daarop aan te dring dat die Slabbert-tweeling Engels praat aan tafel. Dis dan seker maar geen wonder nie dat daar by die skool neerbuigend opgemerk is dat hulle nie uit ’n “Afrikanerhuis” kom nie. Die Slabbert-kinders se verblyf in Linden het tot ’n einde gekom toe hulle te veel van ’n handvol geraak het vir die raadop Stakes-egpaar. In 1951 het die tweeling teruggetrek na Pietersburg om daar by hul oupa te gaan bly. Hulle het leerlinge geword van die Marabastad-plaasskool, wat naby hul oupa se plaas was. Hoewel hulle naby die skool gewoon het, het hulle in die koshuis gebly.[21]

Soos die familielede in Johannesburg, was die Slabbert-oupa ’n rotsvaste ondersteuner van die Verenigde Party. Hy was trouens die Verenigde Party se kandidaat in die kiesafdeling Pietersburg in die algemene verkiesing van 1943. Hy het heelwat plaaslike statuur gehad, soos duidelik daaruit blyk dat hy drie termyne gedien het as burgemeester van Pietersburg en in 1933 verkies is tot president van die Transvaalse Munisipale Vereniging.[22] Hy het goed gevaar in die verkiesing van 1943. Die Nasionale Party se kandidaat, die welbekende ou stormram Tom Naudé, het 2 899 stemme getrek en Slabbert 2 643 – ’n meerderheid van slegs 256. Slabbert het aktief betrokke gebly in die Verenigde Party tot in die vroeë 1950’s.[23]

Dit is onduidelik of sy oupa se politieke betrokkenheid veel invloed op die jonge Slabbert gehad het. Dit is wel duidelik

21 Marcia Haak-versameling, ongepubliseerde en ongedateerde herinneringe van Slabbert, getiteld “Es die deng wat hy es”; Slabbert, *White Parliament*, p 88.

22 *The Municipal Magazine*, Oktober 1933.

23 Anoniem, *Die volledige verkiesingsuitslae van Suid-Afrika, 1910-1986*; Universiteit van Suid-Afrika Argiewe en Spesiale Versamelings, Verenigde Party-versameling, 83, Pietersburg-notules, 1943-1966.

dat hulle grootgeword het in 'n huis waar opposisiepolitiek aan die orde van die dag was. Slabbert junior het maar min na sy oupa se politiek verwys, maar hy was glad nie sku om hom oor ander kwessies aan te haal nie. In 1974, sy nuwelingsjaar in die parlement, toe mense met hom hekel omdat hy hom durf uitspreek oor die landbou, het Slabbert toegegee hy is nie 'n boer nie, maar uitgewys dit beteken nie dat hy nie weet waarvan hy praat nie. "My oupa", so het hy opgemerk, "het altyd gesê mens hoef nie 'n eier te lê om te weet of die eier vrot is nie."[24]

Slabbert en sy suster is by die Marabastad-plaasskool ingeskryf teen die einde van die era van grootskaalse landelike wit armoede in Suid-Afrika, maar daar was steeds maar heelwat armblanke kinders in die skooltjie. Een van hulle, Koos Nel, was so arm dat hy skool toe gekom het aangetrek in klere gemaak uit 'n sak. Op 'n keer het hy die onderwyser geïrriteer, wat die jonge Koos toe uit sy bank getrek het. Die seun het geval, en dit was opeens duidelik dat hy poedelkaal was onder die sak. Die onderwyser het hom begin skop, en Slabbert het instinktief opgespring en uitgeroep: "Nee, meneer!" Koos het hom tydens die pouse bedank, maar sowel hy as Slabbert het 'n afgedankste loesing van die onderwyser op die lyf geloop.[25] Die insident is tekenend van 'n vroeë neiging by Slabbert om die kant van die kwesbare te kies.

'n Kenmerk van die skoollewe by Marabastad-plaasskool was die willekeurige geweld tussen die seuns. In daardie dae is sulke gedrag wyd beskou as 'n normale uitlaatklep vir surplus seunsenergie. Vuisgevegte op die skoolgronde was algemeen, en Slabbert moes 'n slag sy staal toon teen 'n seun wat bekend was as die sterkste in die skool. Slabbert was nie lus vir die geveg nie, maar het nietemin as oorwinnaar uit die stryd getree. Die nagevolge was dat 'n groep ouer seuns hom behoorlik afgeransel het.[26]

Onderwysers het, soos ons reeds gesien het, nie gehuiwer om lyfstraf toe te dien nie. Toe Slabbert die seuns in die koshuis vertel het van 'n swart vriend van hom op die plaas, het 'n

24 *Debatte van die Volksraad*, 15 Oktober 1974, kolom 5438.
25 Marcia Haak Collection, 'Es die deng wat hy es'.
26 Ibid.

onderwyser dit gehoor en vir Slabbert in kru taal daarvan beskuldig dat hy oorvriendelik is met swart mense. Hy het hom ook ’n pak slae gegee. Toe Slabbert jare later daaraan terugdink, het hy aangevoer dat die gebeure hom so ontstel het dat “Marabastad Primêre Skool die begin van my politieke ontwaking was”.[27]

Slabbert en sy suster het die plaaslewe oor die naweke en tydens vakansies geniet, veral die smulkos wat sy ouma opgedis het. Haar kombuisbedrywighede het egter grootliks tot ’n einde gekom nadat sy haar heup gebreek het in ’n motorongeluk en nie meer gemaklik kon rondbeweeg nie. Die tweeling moes weer van skool verwissel. Hierdie keer is hulle na die Laerskool Pietersburg, waar hulle koshuisinwoners was.[28]

Toe Slabbert ’n kind was, was Pietersburg besig om in ’n moderne plattelandse dorp te ontwikkel. Hoë geboue het hul verskyning begin maak, asook verkeersligte by die al besiger padkruisings. In die 1950’s het motors ongemaklik skouers geskuur en om parkeerplek gekompeteer met donkiekarre, terwyl beeste op pad na die slagpale van tyd tot tyd die verkeer ontwrig het.[29] In ’n sin sou mens kon aanvoer dat sy grootworddorp tydens sy grootwordjare die latere teenstrydighede en dubbelsinnighede van Slabbert se lewe versinnebeeld en vooruitgeloop het.

Van die Laerskool Pietersburg het Frederik en Marcia hul weg gevind na die Hoërskool Pietersburg, wat in daardie dae ’n parallelmediumskool (Afrikaans en Engels) was. In die laat 1950’s was dit ’n groeiende skool met meer as 800 leerlinge in ’n indrukwekkende nuwe gebou.[30] Die tweeling was akademies sterk. Jare later het Frederik onthou Latyn was vir hom ’n moeilike vak, maar ’n wonderlike manier om mens se intellektuele vermoëns te slyp.[31] Hy het ’n talent gehad om lighartig met taal om te gaan, en toe hy 16 jaar oud was het ’n stuk rymelary onder sy naam in die

27 Ibid.
28 Ibid.
29 Vergelyk L Changuion, *Pietersburg: Die eerste eeu, 1886-1986*, Stadsraad van Pietersburg, Pietersburg, 1986, p 161.
30 L Changuion, *’n Skool soos PHS*, Pietersburg Skoolraad, Pietersburg, p 38.
31 *Jaarblad van Pietersburg Hoërskool*, ongedateerd maar waarskynlik 1957, FvZ Slabbert, “Die betekenis van Latyn vir my”.

skool se jaarblad verskyn.[32] Die Slabbert-tweeling was baie gewild en dit was geen verrassing toe hulle in 1958, in hul matriekjaar, as hoofseun en hoofmeisie aangewys is nie.[33]

Wat tot hul gewildheid bygedra het is dat hulle albei in sport uitgeblink het. Marcia was die netbalkaptein en het altyd van sport gehou – sy het gholf bly speel lank na haar sewentigste verjaardag. Frederik het gehou van rugby, die prominente Afrikanersport wat so sterk gekoppel geraak het aan kragdadige Afrikanernasionalisme. Kompetisie tussen veral Afrikaanse en Engelse skole op die rugbyveld was veral straf. Hy het dit later beskryf as "'n manier vir ons om 'n gevoel van sosiale en kulturele minderwaardigheid hok te slaan, en uitnemendheid te behaal". Rugby was ook vir hom van persoonlike belang. "Die erkenning wat dit vir my op skool beteken het," so het hy later onthou, "het vir my selfvertroue en 'n gevoel van aanvaarding gegee wat vir my baie belangriker was as die plesier wat ek uit deelname geput het. Om eerstespankaptein te wees en as 'n uitstekende losvoorspeler beskou te word het vergoed vir my ongemak oor ek nie 'n gewone gesinslewe gehad het nie, en oor my ouers wat as 'n sosiale verleentheid beskou is."[34]

Ander faktore het gehelp om die kettings van 'n ingewikkelde gesinslewe draagliker te maak. Die leerlinge van die Hoërskool Pietersburg het grootliks uit dieselfde sosiale agtergrond gekom as waartoe Frederik gereken is, gegewe sy oupa se status in die gemeenskap. Sy persoonlikheid sou wel ook hiertoe meegehelp het. 'n Tydgenoot van hom op skool het hom beskryf as "'n baie aangename ou" wat omgegee het vir ander.[35] Hoewel al hierdie dinge belangrik was tydens sy tienerjare kon sy persoonlike omstandighede nie volkome weggesteek word nie. Al het sy oupa en ouma hul bes gedoen, het Frederik gehunker daarna om aan 'n normale gesin te behoort. 'n Skoolvriend onthou dat, toe hy Frederik 'n slag na die familieplaas buite Pietersburg genooi het, hy gefloreer het in die gesinsaktiwiteite, en die vriend

32 Ibid; 1956, FvZ Slabbert, "A tutor is taught".
33 Slabbert, *White Parliament*, pp 1-2.
34 Slabbert, *White Parliament*, p 20 (vertaling).
35 Telefoniese onderhoud met Attie Vermaak, 20 Februarie 2020.

na die tyd uit die hart uit bedank het.[36] Dit was byna of hy op soek was na 'n gesin.

'n Belangrike vormende aspek van sy kinderjare was Slabbert se verhouding met swart mense. Mens moet altyd oppas om te veel weerkaatsing van 'n persoon se latere lewe in sy of haar kinderjare te soek. Maar Slabbert self het geglo sommige van sy jeugervarings het 'n blywende invloed en uitwerking gehad op sy kritiese ingesteldheid as universiteitstudent asook later in sy lewe. Een hiervan was sy vriendskap met sy ma se huiswerker, aan Slabbert slegs bekend as Florina. Een aand het hul ma die tweeling alleen tuis gelos. Te midde van hul vrese vir 'n donderstorm wat losgebars het, en vir die skaduwees wat die blomme buite hul kamervenster teen die mure gegooi het, het hulle bang maar verniet gewag op die terugkeer van hul moeder. Bang en alleen soos hulle was, het Frederik aan Marcia voorgestel dat hulle na Florina gaan, wie se bed in die motorhuis was. Hulle het agter haar rug ingekruip en vir die tweeling was dit "soos 'n bomskuiling van veiligheid. Florina se vriendelike gerusstelling het my vir die res van my lewe positief ingestel teenoor swart mamas."[37] Dit was hierdie soort gebeure wat daartoe gelei het dat Manie van der Spuy, 'n vriend van Slabbert en 'n voormalige dosent in die sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad, laat wonder het "of sy ondervindings met hierdie swart plaasvervanger-ma 'n redding was in die vorming van sy vroeë emosionele ontwikkeling, en of dit enige rol gespeel het in die daarstel van sy latere politieke sentimente. Ek sou sê dit het 'n baie groot rol gespeel, selfs indien dit slegs op die vlak van die onderbewuste uitgespeel het."[38]

Benewens Florina het Slabbert ook 'n hegte vriendskapsverhouding gehad met William Dini, 'n speelmaat op sy oupa se plaas. Waar baie wit seuns van daardie generasie wat op plase grootgeword het dikwels te vertelle gehad het dat hulle aanvanklik sulke kindervriendskappe gesmee het maar dat dit later natuurlikerwys vervaag en heeltemal verdwyn het, het Slabbert

36 Ibid.
37 Slabbert, *White Parliament*, pp 12-13 (vertaling).
38 M van der Spuy, "Van Zyl Slabbert: the reluctant progressive", ongepubliseerde memoires, gedateer na April 2010 (met vergunning van Hermann Giliomee) (vertaling).

meer in die vriendskap ingelees as wat konvensioneel was. Hoewel William Dini ook uit Slabbert se lewe verdwyn het, het Slabbert terugskouend sekere karaktereienskappe geïdentifiseer wat dié vriendskap, soos ander later in sy lewe, sou aanhelp: "Ek het in hom (William Dini) daardie onblusbare, spontane, nuuskierige geeste herken wat my altyd aangetrek het."[39]

Slabbert se positiewe ervaring in hierdie verband het bygedra tot 'n veel meer sensitiewe ingesteldheid teenoor swart mense as wat by sy wit tydgenote algemeen was. Hy het met afgryse vertel hoe sommige van sy skoolvriende 'n swart man aangeval het wat na die spertyd van nege-uur vir die aandklokreël in Pietersburg was. In daardie dae is swart mense nie na nege snags op straat toegelaat in die destydse wit groepsgebiede nie. Sy vriende het die aanranding van die swart man as "pret" beskou, maar Slabbert het letterlik naar gevoel terwyl hy hulle probeer keer het. Na die tyd het hy 'n veldtog begin om 'n einde aan sulke sinnelose gedrag te maak.

Dit lyk ook of hy vroeg al 'n weersin ontwikkel het in wat hy later "ideologiese, waarde-gedrewe inhoud aan alle konsepte van nasionaliteit, etnisiteit of ras" sou noem. Sy mening was in teenstelling met die siening van die grootliks plattelandse Afrikanergemeenskap waarin hy grootgeword het, waar die ideologiese vertrekpunt wat Slabbert so verafsku het, as onomstootlik aanvaar is. Slabbert het selfs meer pynlik bewus geraak van hierdie neiging tydens 'n skooltoer, wat 'n besoek aan die Kangogrotte naby Oudtshoorn in die Suid-Kaap ingesluit het. Hy vertel as volg oor hul aankoms in die Groot Saal van die grotte: "Ek sal altyd onthou hoe die ligte afgesit is, orrelmusiek die duisternis gevul het en 'n diep stem aangekondig het: 'Beskawing het Suid-Afrika bereik met die landing van Jan van Riebeeck aan die Kaap op 6 April 1652'." Hoewel hy toe net sestien jaar oud was, het hy onthou dat hy gedink het "hoe absoluut en totaal absurd".[40] Daar is geen rede om te vermoed dat Slabbert se onthou van die gebeure beïnvloed is deur sy latere verstaan van

39 Slabbert, *White Parliament*, p 13.
40 FvZ Slabbert, *The other side of history: An andecdotal reflection on political transition in South Africa,* Jonathan Ball, Cape Town, 2006, p 2 (vertaling).

die Suid-Afrikaanse verlede nie, so dit is sekerlik 'n ongewone gewaarwording vir 'n wit skoolseun in Suid-Afrika in die middel 1950's.

Nog 'n vormende en belangrike ervaring gedurende Slabbert se jeug was sy sterk Christelike geloofsoortuiging, soos uitgedruk op sestienjarige leeftyd by 'n kamp van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (ACSV) te Winkelspruit naby Amanzimtoti aan die suidkus van die huidige KwaZulu-Natal, wat destyds Natal genoem is. Sulke jeugkampe was indertyd algemeen in Afrikanerkringe. In sy outobiografiese skryfwerk voer hy aan hierdie vurige geloofsoortuiging het baie daarmee te doen gehad dat hy uit 'n gebroke huis gekom het, terwyl hy ook graag die aanvaarding en bewondering van sy medegelowiges waardig wou wees. Wat sy beweegredes ook al mag gewees het, hy was beslis toegewyd. Hy het baie tyd daaraan bestee om die Bybel te lees, te bid en te preek vir die siekes in die sendinghospitale, en omvattende berou te ervaar vir al die sondes wat hy gemeen het hy gepleeg het, in so 'n mate dat hy selfs 'n slag om verskoning gevra het vir die ietwat verstomde dorpsbewoners uit wie se boord hy twee jaar vantevore vrugte gegaps het.[41]

Hy het later onthou dat hy in daardie tyd bykans 'n dweper was, en 'n vriend het hom beskryf as iemand wat "God-dronk" was.[42] Sy geloofsoortuiging het in later jare gewissel en gaandeweg verminder, maar die onderliggende waardes het nooit heeltemal verdwyn nie. Hoewel sy aanvanklike toevlug tot godsdiens gewortel kon gewees het in 'n sielkundige soeke na aanvaarding, het dit gelei tot 'n lewenslange verkenning na wat as die "waarheid" beskou kan word, sowel as 'n besef van die belang van etiese oorwegings by gedrag. Teen die tyd dat hy gematrikuleer het, was sy geloofsoortuiging daarop gerig om 'n dominee in die NG Kerk te word.[43] In lyn met sy siening van

41 Slabbert, *Last White parliament*, p 22-23; sien ook FvZ Slabbert, *Afrikaner Afrikaan: Anekdotes en analises,* Tafelberg, Kaapstad, 1999, pp 8-9.

42 *Insig*, Maart 2000, 'As jy nou dink aan al daai spermselle – en hier is ek nou sestig jaar later'. Skrywer se onderhoud met Jannie Gagiano, 19 April 2019.

43 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan: Anekdotes en analises*, Tafelberg, Kaapstad, 1999, pp 8-9.

dienslewering het hy dit ook kortstondig oorweeg om medies te studeer. Na gesprekke met gerekende kerkvaders van die NG Kerk van daardie tyd, soos dr. Beyers Naudé (voordat hy die NG Kerk verlaat het) en prof. Ben Marais, was Slabbert selfs meer oortuig dat hy predikant moes word. Sy besluit was hoofsaaklik geskoei op sy persoonlike godsdienstige oortuigings, en ook op die leidende rol wat dominees destyds in die samelewing gespeel het.[44] Dit was egter 'n byvoordeel eerder as 'n beweegrede en dit is nie duidelik of dit enige rol gespeel het in Slabbert se besluit om in die teologie te studeer nie.

Slabbert het in 1958 gematrikuleer. Hy het gebeurtenisvolle jeugjare gehad – meer so as baie van sy tydgenote. Daar was verskeie ontwrigtings, en hy moes gereeld by nuwe omstandighede aanpas, 'n eienskap wat hom later in sy lewe handig te pas sou kom toe die noodsaaklikheid van verandering in Suid-Afrika 'n wekroep sou word. Ten spyte van die ontwrigting in sy jong lewe het hy onthou dat hy nie ongelukkig was nie, omdat hy tuis mense gehad het wat vir hom omgegee het, en gefloreer het op skool. Hy het ook vir Marcia aan sy sy gehad deur al die jeugwedervaringe. Oor sy gefragmenteerde jeugjare het Slabbert geskryf:

> Die belangrikste van my jeugherinneringe was dat ons emosioneel alleen gestaan het in die lewenstryd. Dit het die band tussen my en Marcia versterk en dit het die res van ons lewens lank sterk gebly. Ons ouma kon na haar ongeluk nie eintlik meer na ons omsien nie. My oupa was 'n baie besige prokureur in die dorp. Ons het nie geweet waar my ma en pa is nie. Tant Martha en Oom Fred Stakes was maar te bly om van ons ontslae te wees. Van vroeg af aan het ek en Marcia besef ons is op mekaar aangewese vir ondersteuning en troos. Dit het 'n verhouding geskep wat lewenslank baie probleme en uiteenlopende ervarings sou oorkom, en oor die jare net sterker sou word.[45]

44 Gagiano, "Who we were" in *Appeal to reason*, p 2.
45 Marcia Haak Versameling, "Es die deng wat hy es".

Marcia het grootliks dieselfde gevoel, hoewel sy ietwat ontevrede daaroor was dat haar oupa, in die teken van die geslagsrolle van destyds, geneig was om haar broer te bevoordeel.[46]

## Studentelewe

Ná skool is Slabbert universiteit toe om hom vir sy gekose beroep as dominee te bekwaam. Indertyd was die toelatingsvereistes vir universiteit ’n eersteklas-matriek, ’n gemiddelde van ten minste 60% en, afhangende van die student se voorgenome studieveld, ook akademiese kennis van ’n derde taal benewens Afrikaans en Engels, gewoonlik Duits, Frans of Latyn. Slabbert het ’n eersteklas-matriek verwerf en sy vakke was Afrikaans, Engels, Latyn, natuur- en skeikunde, wiskunde en biologie.[47]

As eerstejaarstudent het Slabbert in 1959 ingeskryf aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) in Johannesburg. Hy kon by familielede in Johannesburg loseer, wat gehelp het om kostes te besnoei. Indertyd, so het Slabbert homself later beskryf, was hy ietwat van ’n “latente Nat” (ondersteuner van die Nasionale Party) en het hy aangesluit by die Afrikaanse Studiekring, maar hy was darem bedag genoeg om nie, toe hy genader is, aan te sluit by die Ruiterwag (die afdeling van die Broederbond waaraan jonger mans kon behoort) nie.[48] Hy het aansoek gedoen om ’n beurs by die Helpmekaarvereniging, en dit is aan hom toegestaan. Die Helpmekaar was ’n vereniging wat in 1916 gestig is om behoeftige meedoeners aan die Afrikanerrebellie van 1914 se boetes te help betaal, maar soveel geld is ingesamel dat dit oor die dekades talle arm Afrikanerstudente met studiegeld kon help.[49]

Twee gebeure het veral op Slabbert ’n indruk gelaat tydens sy tyd by Wits. Een was toe Robert Sobukwe, die leier van die Pan Africanist Congress (PAC) en lektor in Afrikatale, ’n gehoor van hoofsaaklik swart mense op kampus toegespreek het. As een van

46 Onderhoud met Marcia Haak, 6 Augustus 2017.
47 Stellenbosch Universiteit -administrasie, studenterekords.
48 Cassar, “Slabbert”, p 5 – Cassar se onderhoud met Slabbert in 1982.
49 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 13. Oor die Helpmekaarvereniging, sien A Ehlers, *Die Kaapse Helpmekaar*, *1916 -2014,* African Sun Media, Stellenbosch, 2018.

slegs enkele wit mense by die byeenkoms het Slabbert toegegee hy het gevoel soos Piet Retief in Dingaan se kraal ('n verwysing na die welbekende gebeure in 1838 toe die Voortrekkerleier Piet Retief en sy geselskap uitgemoor is nadat hulle ongewapen in die Zoeloekoning se kraal was). Wat Slabbert ontstig het was dat Sobukwe se gehoor aangedui het hulle is gereed om Suid-Afrika daar en dan te regeer. Slabbert het dit as 'n "eksotiese" idee ervaar. Die ander gebeurtenis was toe hy ontstel is deur die argumente van prof. Eddie Roux, 'n uitgesproke dosent in plantkunde, organiseerder van die Rationalist Thinkers' Forum, wat die bestaan van God in twyfel getrek het. Slabbert het dit uiters godslasterlik gevind.[50]

Na 'n jaar se studie aan Wits het Slabbert ingeskryf by die Universiteit van Stellenbosch,[51] waar die NG Kerk se teologiese kweekskool gehuisves is. Hy moes eers 'n BA-graad voltooi voor hy tot die kweekskool toegelaat kon word. Een van die redes waarom hy by Stellenbosch ingeskryf het, was om klassieke Hebreeus te neem, wat nie formeel by Wits aangebied is nie en 'n toelatingsvereiste van die kweekskool was. As 'n stopvak het hy voortgegaan met sosiologie, wat hy by Wits begin neem het. Min het hy geweet dat sosiologie sy loopbaankeuse sou word. Sy voorgraadse akademiese prestasie was bevredigend maar nie uitstekend nie. In 1960 het hy die volgende punte aan die Universiteit Stellenbosch behaal: Grieks II 6; Afrikaans en Nederlands II 6; Sosiologie II 5; Hebreeus I 7. Die daaropvolgende jaar het hy met die volgende punte gegradueer: Afrikaans en Nederlands III 5; Sosiologie III 7, en Hebreeus II 7.[52]

Stellenbosch is in daardie dae as 'n vooraanstaande Afrikanerinstelling beskou. Duisende jong wit mans en vroue, oorweldigend Afrikaanssprekend, het op dié Bolandse dorp toegesak om aan die plaaslike universiteit te studeer. Hulle het meestal uit die destydse Kaapprovinsie (die hedendaagse Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap en klein deeltjies van Noordwes –

---

50 Slabbert, " Some contest the assertion that I am an African" in X Mangcu (red.), *Becoming worthy ancestors: Archive, public deliberations and identity in South Africa*, Johannesburg, 2010, p 48.

51 Tans bekend as die Universiteit Stellenbosch.

52 Stellenbosch Universiteit-administrasie, studenterekords.

rondom Vryburg – en KwaZulu-Natal – rondom Kokstad) gekom, maar ook van elders in Suid-Afrika namate Stellenbosch die reputasie van 'n soort "Athene van die Suide" verwerf het – van akademiese uitnemendheid en 'n unieke studentelewe te midde van pragtige natuurskoon. Sover dit 'n intellektuele lewenstyl betref, was Stellenbosch vir Afrikaners wat die Oxbridge-universiteite vir die intellektuele lewe van Brittanje en die Ivy League-universiteite vir die VSA is.

Die universiteit is ook in daardie dae geëien as ten nouste verweef met die Nasionale Party. Slabbert het Stellenbosch later grafies beskryf as "die ongekompliseerde en pragtige akkerboom-omlynde pad na die hoër vlakke van volksdiens. Die universiteit was 'n krag om mee rekening te hou in regeringsake. Daar was noue bande wat ernstig in ag geneem moes word."[53] Op die kampus was daar grootliks steun vir apartheid. Selfs diegene wat daaraan getwyfel het, so het een akademikus verduidelik, "het nie binne die stelsel of in die openbaar daaroor gepraat nie, maar het dit eerder verswyg, en sodoende 'n rustige lewe in die hoofstroom van Afrikaner-konformiteit gekies".[54]

Slabbert was nie jou tipiese Stellenbosse student nie. Baie studente het uit stoere middelklas Afrikanergesinne gekom waar ouers geglo het die huwelik is heilig, selfs al was daar dikwels 'n mate van skynheiligheid en voorgee betrokke. Slabbert se gesinslewe was – soos ons al gesien het – aansienlik meer ingewikkeld en ontwrig weens afwesige en geskeide ouers. Boonop het Slabbert se blootstelling en nabyheid aan swart mense van kindsbeen af verseker dat hy apartheidsbeleid-formulerings, wat na swart mense verwys het in abstrakte terme eerder as vlees en bloed-individue, gewantrou het.[55] Dit het beteken dat hy met sy aankoms op Stellenbosch reeds 'n konseptualisering van swart mense gehad het wat verskil het van die oortuigings van baie van Stellenbosch se dorpsmense, studente en akademici wat apartheid voorgestaan het. Swart mense het wel in akademiese besprekings

53 *Leadership SA, 6 Maart 1987, "Total immersion"* (vertaling).
54 P Hugo, "The politics of untruth: Afrikaner academics for apartheid", *Politikon:South African Journal of Political Studies,* 25 (1) 1998, p 48 (vertaling).
55 Slabbert, *White Parliament*, p 12. Sien ook p 19.

gefigureer as objekte van sendingywer ('n sterk fokuspunt in die fakulteit teologie), maar weens die instromingsbeheermaatreëls van die apartheidstelsel was daar min swart mense in die dorp se strate, en die aanliggende Kayamandi was 'n relatief klein dorpsgebied wat kragtens die Groepsgebiedewet vir swart mense blyplek gebied het. Ironies genoeg het die intellektuele ontwikkeling van apartheidsdenke aan die universiteit plaasgevind sonder werklike kontak met swart mense.

Slabbert was 'n inwoner van Wilgenhof, die oudste manskoshuis op Stellenbosch. Die koshuislewe het 'n baie spesifieke samehorigheidsgevoel en tradisies bevat wat allesverterend kon wees. Die universiteitsrektor in die 1960's, prof. H.B. Thom, het die koshuiskultuur as 'n integrale deel van die universiteitsondervinding beskou. Hy het aangevoer die akademiese lewe en die studentelewe is dalk onderskeibaar, maar nie skeibaar nie. Vir hom was dit twee kante van dieselfde munt.[56]

Wilgenhof het in hierdie verband 'n weergalose reputasie ontwikkel. Die bestaan van 'n uitsonderlike kameraadskap of koshuisgees het gesetel in die relatief klein hoeveelheid inwoners, en daarin dat al die kamers se deure oopmaak in die rigting van 'n groot binnehof of *quad*, wat maklike mengery, intense gesprekke en sterk bewoorde debatte in die hand gewerk het. Sommiges het selfs aangevoer dit is die rede hoekom soveel oudinwoners van Wilgenhof, insluitend Slabbert, met verloop van tyd naam gemaak het in die politiek.[57]

Slabbert self het sy aanvanklike ervarings in Wilgenhof beskryf as synde deel te wees van 'n totale instelling wat mens se hele lewe oorgeneem het en absolute lojaliteit in die hand gewerk het. "Enige belangstelling in die buitewêreld word verswelg in die onmiddellikheid van die koshuislewe,"[58] het hy later geskryf. Gedurende hul eerste twee weke in Wilgenhof is studente in daardie dae onderwerp aan die mees intense oriëntasie/inisiasie/

56 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, HB Thom-versameling, 191.A.1 (11), HB Thom, "Dagbreek binne die groter geheel", 1971.

57 *Eikestadnuus*, 19 September 1980, "Die stene en mense van Wilgenhof".

58 Leadership SA, 6 Maart 1987, "Total immersion".

ontgroening/ mishandeling denkbaar, sowel fisies as sielkundig.[59] Slabbert het dit eerstehands ervaar. Toe hy die eerste keer op Stellenbosch aankom het hy ’n taxi gehaal van die stasie na die koshuis omdat hy die dorp glad nie geken het nie. Toe hy by Wilgenhof aankom en op die punt staan om die taxibestuurder te betaal, het sommige van die senior studente op oordrewe wyse voorgegee om hom hartlik te verwelkom, sy bagasie in te dra en selfs die taxigeld te betaal. Maar nadat die taxi vertrek het, het hulle toegeslaan. Binne 45 sekondes, so het hy later onthou, is sy klere van sy lyf afgeruk en het hy daar gestaan, slegs in sy onderklere. Hulle het sy sonbril vertrap en sy serp geskeur terwyl hulle uitroep: “Hierdie is nie ’n modeparade nie, jy weet! Hier gedra jy jouself! Hier moet jy jou plek ken!”[60]

Ten spyte van die ooglopende banaliteit was daar veronderstel om ’n onderliggende logika te wees aan sulke gedrag, wat nie aanvanklik duidelik sou wees nie maar deel van ’n groter prentjie sou vorm. Slabbert het later beweer die ontgroening wat hy ervaar het was daarop gemik om die nuweling te leer om nie op ’n onnadenkende manier op te tree nie. Hy het as volg uitgebrei oor die veronderstelde rasionaal agter die rituele: “Elke keer dat jy ’n opdrag onnadenkend uitgevoer het, moes jy terselfdertyd herhaaldelik ‘papegaai’ uitroep.” Terselfdertyd is dit by hom ingedril dat “Die Plek”, soos die instelling bekend was, bykans volkome lojaliteit vereis het. Paradoksaal genoeg het dit “onafhanklikheid versterk”.[61] Uiteindelik was die oorkoepelende doelwit – hoe grof en teenstrydig dit ook al uitgevoer is – om die koshuis se beweerde waardestelsel, insluitende ’n kritiese lewensuitkyk, by die nuwelinge in te skerp en aan hulle oor te dra.

Besprekings en debatte in die koshuis het ruimte gelaat vir ’n wye verskeidenheid menings en interpretasies solank ’n standpunt behoorlik gemotiveer kon word. Thom het hierdie aspek van die koshuiskultuur as ’n wonderlike bonus tot die universiteitsbelewing beskou “want sonder om dit te besef het

59 Slabbert, *Tough Choices: Reflections of an Afrikaner African*, Tafelberg, Kaapstad, 1999, p 29.
60 *Die Burger*, 23 Mei 2008, “Slabbert kom huis toe”.
61 Slabbert, *Tough choices*, p 29.

dit mens wonderlik geskool vir die lewe".[62] Hy het dit redelik raak beskryf. Slabbert het later onthou dat hy ook op groot skaal baat gevind het by die verskeidenheid besprekingsgroepe op universiteit.[63] Vir baie mense van sy generasie was die reguit debatte wat so plaasgevind het 'n belangrike vormende ervaring.[64] Boonop het "Die Plek" ook omgee vir en empatie met ander aangewakker. Wat vir Slabbert uitgestaan het was hoe hy as persoon aanvaarding gevind het. Hy het ook byvoorbeeld onthou hoe 'n armoedige student in staat gestel is om sy studies te voltooi danksy geld wat bygedra is deur sy medekoshuisinwoners.[65]

Dit was in Wilgenhof dat Slabbert vriendskappe sou sluit wat 'n leeftyd sou hou, onder meer met Jannie Gagiano, wat later 'n dosent in politieke wetenskap op Stellenbosch sou word. Gagiano was een van daardie onkonvensionele mense van wie Slabbert so baie gehou het. Slabbert het hom ook as 'n goeie klankbord beskou om sy idees aan te toets. Hoewel hulle dikwels verskil het, het hulle mekaar en mekaar se standpunte gerespekteer. 'n Lewenslange vriendskap is in Wilgenhof gebore. Slabbert het ook primarius (verkose studenteleier) van Wilgenhof geword in sy tweede studiejaar, wat indertyd 'n hoogs ongewone prestasie vir so 'n relatief jong student was.[66] Hy moes in Junie 1963 onverwags as primarius oorneem nadat sy voorganger weens wangedrag uit die amp verwyder is. Slabbert was vier maande lank primarius van Wilgenhof.[67]

Dit lyk of Slabbert in Wilgenhof 'n plek gevind het waar hy sy intellektuele vermoëns deur robuuste debat kon toets en uitbou. Dit was ook 'n hegte gemeenskap wat hom hoog aangeslaan en sy leierseienskappe erken het. Medestudente wat lus was vir wydlopende en lewendige debatte het na sy koshuiskamer

62 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, HB Thom-versameling, 191.A.1 (11), HB Thom, "Dagbreek binne die groter geheel", 1971.
63 Cassar, "Slabbert", p 6.
64 Giliomee, "Golden boy" in *The passion for reason*, p 88.
65 "Bliksem", Wilgenhof Koshuisblad, artikel deur Slabbert, Oktober 1984.
66 Gagiano, "Who we were" in *The passion for reason*, pp 18–19.
67 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Wilgenhof-argiewe, 20/18j, Registrateur aan Slabbert, 25 Junie 1963, en Slabbert aan Registrateur, 24 Oktober 1963.

gestroom.[68] Vir iemand uit Slabbert se ontwrigte agtergrond moes die aanvaarding van die mede-inwoners in sy nuwe "tuiste" die wêreld beteken het. Hoewel Wilgenhof dus 'n bemagtigende omgewing vir hom was, moet mens in ag neem dat Slabbert reeds by sy aankoms by die koshuis 'n relatief geharde individu was, aangesien hy soveel jare lank in skoolkoshuise tuisgegaan het. Dit is waarskynlik dat daardie ervarings hom gehelp het om in 'n wilde omgewing soos Wilgenhof tuis te voel. Dit het hom ook voorberei om later 'n toesighoudende dosent in manskoshuise op Stellenbosch te wees. In laasgenoemde rol het Slabbert aangedring op ordentlike gedrag wanneer die omstandighede dit vereis het, al het hy die nodigheid van studentepret ook hoe hoog aangeslaan. By een geleentheid, tydens 'n formele dinee by Simonsbergkoshuis, het hy gedreig om die funksie te verlaat toe die studente voortdurend met gebreekte wynbottels op die tafels geslaan het.[69]

Nog 'n aspek wat sentraal gestaan het in Slabbert se vroeë studentejare was rugby. Hoewel hy hoofsaaklik by Stellenbosch ingeskryf het om Hebreeus te bestudeer, was die universiteit se landswye reputasie as 'n rugby "Springbokfabriek" ook 'n oorweging. Aanvanklik het Slabbert 'n allesoorheersende passie vir die spel gehad. Hy het vir Transvaal (die hedendaagse Goue Leeus) se o/19-span gespeel terwyl hy aan Wits gestudeer het. Op Stellenbosch is hy vir die Universiteit se eerste span gekies, asook vir die Suidelike Universiteite XV, en hy het twee keer vir die Westelike Provinsie (WP) uitgedraf – een keer as reserwe – terwyl die eerstekeuse-agsteman beseer was. Hy het hard en aanhoudend geoefen en sou benewens die normale spanoefeninge vir lang tye op sy eie oefen deur die bal teen die sinkplaatpaviljoen van die Coetzenburg-rugbyveld te gooi om sy balvaardigheid te verbeter.[70]

Rugby was op Stellenbosch, in die woorde van die legendariese dr. Danie Craven, 'n spel om mee te "betower" – 'n magiese woord – en rugbyspelers is deur almal bewonder.[71]

68 Onderhoud met F Bührman, 14 November 2019 (tydgenoot).
69 Onderhoud met Hermann Giliomee, 5 Augustus 2019 (tydgenoot).
70 Onderhoud met Bernard Lategan, 6 July 2018 (tydgenoot).
71 Grundlingh, *Potent Pastimes*, p 68 (vertaling).

Slabbert het in hierdie omgewing gefloreer waar spesiale voorregte rugbysterre beskore was. Soveel bewondering moes bygedra het tot 'n gevoel van prestasie en eiewaarde veral komende van deurwinterde rugbyondersteuners. Op hierdie manier het Stellenbosch gehelp om Slabbert se natuurlike sporttalent in 'n gewilde sport uit te bou. Terselfdertyd het sy ervarings van hoe rugbysterre op die hande gedra is, hom laat besef hoe rugby 'n soort "sosiale verdowingsmiddel was teen alles anders wat in ons gemeenskap aan die gang is".[72] Die impak op Slabbert was dus ambivalent en teenstrydig. Hy het stelselmatig al minder obsessief oor rugby geraak namate die spel begin inbreuk maak het op sy studietyd.

Die Stellenbosch waar Slabbert hom in die 1960's bevind het was 'n plek waar Afrikanernasionalisme dominant was. As rektor was H.B. Thom 'n oortuigde en vurige Nasionalis. Hy was egter bewus dat die wêreld buite die kampusgrense aan't verander was. Terwyl die ANC en die PAC verban is, Suid-Afrika 'n republiek geword het en die ekonomie sterk gegroei het, was die dinamika binne die Afrikaner-samelewing onder 'n skynbaar stagnante oppervlak besig om te verander te midde van groeiende welvaart en toenemende kritiek op apartheid. In 1966 het Thom met verwysings na die toenemende verbruikerskultuur en die tanende belangstelling in die kultuurlewe van die Afrikaner gewaarsku dat "die gevaarligte flits".[73] Die definisie van wat dit beteken om 'n Afrikaner te wees sou in die daaropvolgende dekade algaande meer omstrede raak.

Een van die intellektuele vraagstukke waarmee Slabbert hom aanvanklik op Stellenbosch bemoei het, was nie Afrikaner-etnisiteit as sulks nie,[74] maar hoe om Christelike beginsels te versoen met die ontluikende ideologiese orde (kragdadige apartheid) in Suid-Afrika. In 1962, toe hy 22 jaar oud was, skryf Slabbert wat sekerlik sy eerste gepubliseerde gedagtes moet wees, oor hoe om sekere teenstrydighede in die Suid-Afrikaanse samelewing te takel. Diep gewortel in teologiese denke soos hy destyds was, het dit hom bekommer dat die "beginsels van

72 Slabbert, *White Parliament*, p 20.
73 *Die Huisgenoot*, 12 Julie 1966, "Ons kultuurlewe, 1916-1966".
74 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 6.

ideologie aangeblaas en gesanksioneer word deur godsdiens en dat die staat omgewe word deur 'n aanskyn van onaantasbaarheid". Die staatshoof is volgens Slabbert bedruip met "pouslike status en die predikante vervul bloot die priesterlike plig om toe te sien dat reg en regverdigheid soos voorgeskryf deur die ideologie geskied". Dit plaas volgens Slabbert 'n spesiale verantwoordelikheid op gelowiges "om die Woord van God te lees nie net met die oog op wat reg lyk nie, maar eerder met die oog op wat reg is in die oë van God".[75]

Hierdie tipe denke moes Slabbert van baie van sy tydgenote onderskei het. In die algemeen was die universiteit betower deur die klaarblyklike aanspraak op logika van Verwoerdiaanse apartheid, en om op kampus daarteen te argumenteer het hoogstaande analitiese denke en debatsvermoëns vereis. Vir Slabbert sou dit later in sy loopbaan vrugte afwerp dat hy reeds op kampus in die 1960's geleer het hoe om met skeptiese gehore om te gaan.[76]

Indertyd het die jonge Slabbert egter met ander kwessies geworstel. Agtien maande nadat hy met sy studies aan die kweekskool begin het, het hy al meer ongemaklik oor sy gekose loopbaan as predikant begin raak. Hy het 'n ontstellende ervaring gehad in die destydse swart township Langa buite Kaapstad toe 'n poging deur hom en 'n groep vriende om sendingwerk te doen, kortgeknip is en die inwoners die hele sendinggroep, insluitend 'n bejaarde professor, weggejaag het. Dit was die laaste keer dat Slabbert formeel Christelike sendingwerk gedoen het, en sy twyfel betreffende sy gekose loopbaan het algaande toegeneem. Hoewel die gebeurtenis hom ontstel het, het sy ontevredenheid nie soveel voortgevloei uit teleurstelling met 'n mislukte sendingpoging nie, maar eerder vanuit 'n diepliggende intellektuele gewaarwording dat godsdiens soos dit deur die kerk verstaan en uitgeleef is, nie meer vir hom sin gemaak het nie. Die bepalende gebeurtenis was 'n meningsverskil met 'n teologieprofessor wat daarop aangedring het dat apartheid God se wil is. Die meningsverskil met die professor het Slabbert verstom en geskok gelaat. Die

75 FvZ Slabbert, "Grense" in R van Niekerk (red)., *Ons vir jou Suid-Afrika*, Van Schaik, Pretoria, 1962, pp 80-82.

76 Giliomee, *Laaste Afrikanerleiers*, p 211.

innerlike wroeging, wat gepaard gegaan het met Slabbert se besluit om van sy teologiese studies weg te beweeg, behoort nie onderskat te word nie. Hy het diep met homself daaroor gestoei; per slot van rekening het hy vroeër 'n "roeping" na hoër diens ervaar, maar nou het hy, in sy eie woorde, "ongeroepe" gevoel. Jannie Gagiano het verder tot sy skeptisisme bygedra, maar meer basiese kwessies soos die NG Kerk se destydse hardvogtigheid oor voorhuwelikse seks het hom ook dwars in die krop gesteek.[77] Wat loopbaanmoontlikhede betref het die prysgawe van sy teologiese studies weliswaar deure vir hom toegemaak, maar dit het hom ook in staat gestel om sy intellektuele passies meer vryelik uit te leef.

Slabbert het hom vervolgens verdiep in die sosiologie, wat hy tot in daardie stadium uit pure belangstelling tesame met teologie bestudeer het. Hy het 'n honneursgraad in sosiologie met lof behaal, en dit opgevolg met 'n meestersgraad, wat in 1963 eweneens met onderskeiding aan hom toegeken is, en 'n doktorsgraad in die sosiologie, in 1967. Later in sy lewe, in 1999, het hy onthou hoe die nuwe rigting wat hy ingeslaan het "die begin was van 'n volskaalse aanslag op my verstand wat tot vandag toe nog nooit opgehou het nie".[78]

Slabbert se oorskakeling van teologie na sosiologie was ook in ander opsigte belangwekkend. Jannie Gagiano meen dat wat Slabbert substantief gesproke gedoen het, was om een oortuiging vir 'n ander te verruil. "Hy (Slabbert) het geskuif uit sy Christelike geloof na 'n geloof ... in teorieë as 'n manier om na te dink oor sy eie geloofsgebaseerde oortuiginge en hoe om hulle uitmekaar te haal ...."[79] Daar is ook 'n verdere dimensie aan Slabbert se hartsverandering of kopskuif. Hy mag wel die godsdiens verlaat het, maar het godsdienstige drif hom ooit werklik verlaat? Hy het daarvan afstand gedoen om siele van die verderf te red, maar hy het 'n weg aangedurf wat uiteindelik volop politieke sendingywer vereis het. Dit is natuurlik in die aard van baie politici om hierdie tipe ywer in hulself te ontdek, maar in Slabbert se geval het sy

77 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 11-13; Slabbert, "Some contest the assertion that I am an African", pp 48-49; Slabbert, *White Parliament*, pp 23-25.
78 Slabbert, Afrikaner Afrikaan, p 13.
79 Gagiano, "Who we were", *Passion for reason,* p 30 (vertaling).

aanvanklike loopbaanywer uit 'n godsdienstige, messiaanse bron ontspring. Slabbert self het later onthou dat daar in baie van die Stellenbosse gespreksgroepe waaraan hy deelgeneem het, 'n voortdurende drang was om andere te oortuig of bekeer.[80]

Ironies genoeg toon Slabbert se loopbaantrajek heelwat ooreenkomste met dié van niemand anders nie as dr. Hendrik Verwoerd wat so ten nouste met apartheid vereenselwig word. Albei was relatiewe buitestanders tot die Afrikaner-elite – Verwoerd as 'n Nederlandsgebore immigrant en Slabbert komende uit 'n wanfunksionele familie en 'n mindere agtergrond. Albei het aanvanklik die teologie as studieveld gekies en later oorgeskakel na die sosiologie – 'n vakrigting wat al beskryf is as "'n toevlugsoord vir akademici wie se kerk hulle in die steek gelaat het".[81] (Interessant genoeg was daar in die departement sosiologie aan die Universiteit Stellenbosch waarby Slabbert homself in die vroeë 1970's aangesluit het, heelwat akademiese "vlugtelinge" uit die teologie.) Sowel Verwoerd as Slabbert het uitgeblink op die Stellenbosse kampus. Boonop is albei – op uiteenlopende maniere in uiteenlopende tydsraamwerke – deur 'n soort politieke sendingywer aangedryf om die heersende rassesituasie in Suid-Afrika op uiteenlopende wyses te probeer verander, met uiteenlopende doelwitte voor oë. Die bogenoemde ooreenkomste strek egter net so ver. Nie alleen was daar 'n politieke kloof tussen Slabbert en Verwoerd nie, maar hul persoonlikhede het ook radikaal verskil. Verwoerd het 'n groot mate van afstandigheid gehandhaaf, maar Slabbert was gesellig en nie so kurkdroog akademies ingestel nie.

Mens sou kon aanvoer dat Slabbert as sosioloog daarop ingestel was om as noodsaaklike onderdeel van sy akademiese skoling, die lewe se rou kant eerstehands te ervaar. Of dalk was dit nie net intellektuele nuuskierigheid wat hom en Jannie Gagiano beweeg het om so nou en dan die Kaapse naglewe en selfs die onderwêreld te beproef nie. Daar het hulle, in Slabbert se woorde, "die samelewing se gemarginaliseerde mense geromantiseer". Hy het onthou hoe hulle "meer as een sonsopkoms op die trein op pad Stellenbosch toe of op die dokke van Tafelbaai beleef het,

80 Cassar, "Slabbert", p 17.
81 Giliomee, The last Afrkaner leaders, pp 209-210 (vertaling).

aan't reflekteer oor die uniekhede van die lewe". Hul gesprekke, so moes hy toegee, "is ook aangeblaas deur ons mislukte soeke na losbandige seksuele ontsnapping, en deur 'n aaklige babelaas".[82]

## Loopbaanskuiwe

Terwyl hy besig was om aan sy doktorsgraad te werk is Slabbert aangestel as tydelike junior lektor aan die departement sosiologie van die Universiteit Stellenbosch. Nadat hy sy doktorsgraad verwerf het kon hy elders akademiese weivelde soek. So 'n geleentheid het hom voorgedoen in die vorm van 'n betrekking aan die Universiteit Rhodes in die destydse Grahamstad (tans bekend as Makhanda). Slabbert se aansoek is ten sterkste onderskryf deur dr. Dian Joubert, senior lektor in die sosiologie aan die Universiteit Stellenbosch en een van Slabbert se mentors. Benewens positiewe opmerkings oor Slabbert se akademiese vermoëns het Joubert hom ook beskryf as 'n "hoogs bekwame dosent wie se klasse 'n aangename kombinasie van weloorwoë kennis, effektiewe oordrag en humor is". Slabbert was volgens Joubert ook "'n gewilde spreker by simposiums op die kampus en elders".[83] Maar Joubert spaar sy hoogste lof vir sy beskrywing van Slabbert se vermoë om bo die voor die hand liggende en voorspelbare uit te styg en die sosiologiese verbeelding te prikkel:

> Baie, miskien die meeste, van ons studente wat sosiologie as hoofvak neem verlaat die universiteit as afgestudeerdes met 'n kennis van maatskaplike feite, maar met 'n onvermoë om die werklik pertinente sosiologiese vrae te beantwoord. In die geval van dr. Slabbert vloei sy vermoë om dit wel te doen uit sy hoogs bogemiddelde intellek, sy gewortelde *common sense*, sy maatskaplike sensitiwiteit en sy toegewyde studie van die sosiale wetenskappe. Al bogenoemde eienskappe maak hom 'n "natuurlike" sosioloog – wat nie van al ons Suid-Afrikaanse kollegas gesê kan word nie.[84]

82 Slabbert, *White Parliament*, p 25 (vertaling).
83 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, afskrif van vertroulike verslag, 11 Junie 1968.
84 Ibid (vertaling).

Slabbert se werkaansoek was suksesvol en hy het een rang gespring deur dadelik as senior lektor aangestel te word. Die verhuising na Grahamstad was vir hom 'n nuwe avontuur. Hy het na die geleentheid uitgesien, en het opgemerk dat daar min is wat hom weerhou daarvan om Stellenbosch te verlaat.[85]

Hy het in 1969 by Rhodes begin. Teen hierdie tyd was hy reeds 'n gesinsman, want hy het in 1965 getrou met Mana Jordaan, 'n medestudent aan die Universiteit Stellenbosch, en hul eerste kind, Tania, is in 1967 gebore. Hy het besluit om huis te koop, wat hy aangevoer het nodig was omdat gepaste huurhuise so moeilik bekombaar was.[86] Hy is hartlik in Grahamstad verwelkom, waar hy uitgenooi is om by verskeie gespreksgroepe en die Tafelronde aan te sluit. Slabbert was beïndruk met die gemaklike omgang tussen die akademici en die res van Grahamstad se dorpsbewoners. Aan die sportfront was sy bydrae om die Universiteit se eerste rugbyspan af te rig.[87]

Polities het die klimaat by Rhodes baie verskil van dié op Stellenbosch, maar Slabbert het gevind dat die aard van die akademiese argumente maar grotendeels dieselfde was, en dat die studente in dié opsig nie juis veel van Stellenbosse studente verskil het nie. Taamlik kripties het hy opgemerk dat net die kleurbaadjies verskil het.[88] In algemene akademiese terme het hy dit geniet om in die personeelkamer aan 'n interessante kruisbestuiwing van verskillende vakdissiplines blootgestel te word. Dit het hom, so het hy opgemerk, op sy tone gehou, en hy moes oppas hoe hy sy sosiologiese vaktaal gebruik, want veral die politieke wetenskaplikes en die filosowe was altyd gereed om mens te laat les opsê.[89] Slabbert was veral ingenome met Daantjie Oosthuizen, 'n filosoof wat in 1957 van Stellenbosch na Rhodes geskuif het. Hoewel Oosthuizen in April daardie jaar (1969) oorlede is – kort na Slabbert se aankoms in Grahamstad

85 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, 15 Desember 1968.
86 Ibid. Slabbert aan Joubert, 7 April 1969.
87 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 1, 479, Slabbert aan Cilliers, 15 Maart 1969.
88 Ibid.
89 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, 9 Mei 1969.

– het hy homself vereenselwig met Oosthuizen se siening dat "die intellektuele lewe gaan daaroor om ortodokse sienings en dogmatiek deurgaans te ondergrawe, hetsy in die politiek, die akademie of die burgerlike bestaan".[90]

Die hoof van die departement sosiologie was prof. James Irving, wat reeds sedert 1946 aan die departement verbonde was. Slabbert het hom beskryf as iemand met 'n "ouwêreldse sjarme" en as een van die min oorblywende "ware here van die akademie". Hy het 'n wye leeskennis van die literatuur met betrekking tot die sosiale wetenskappe gehad, maar Slabbert het hom nie beskou as 'n dinamo wat akademiese publikasies betref nie. Soverre dit administrasie betref was Irving in Slabbert se oë 'n "buitengewoon uitstaande mislukking", terwyl die biblioteekgeriewe karig en die kantore power gemeubileerd was.[91] Die formele kurrikulum is nie gereflekteer in die onderriginhoud nie en klasse is onsistematies aangebied.

Nadat hy Rhodes aanvanklik positief ervaar het, het Slabbert se entoesiasme geleidelik getaan. Hy het gevoel sy onderriglading was te swaar, dat daar te veel dooie hout in die departement was en dat hy nie genoeg tyd vir navorsing gehad het nie. Na sy mening het die departement geen status binne die Universiteit geniet nie en dat Irving se opvolger die departement van nuuts af sou moes opbou.[92]

Dit was ook in hierdie dae dat hy dit oorweeg het om die akademie heeltemal te verlaat. Hy het 'n personeelbestuurder van Lever Brothers in Durban tydens 'n akademiese voorlegging in Grahamstad raakgeloop en hulle het dadelik oor die weg gekom. Alte gou was Slabbert op 'n vliegtuig na Durban en is 'n posisie van assistentbestuurder hom aangebied teen 'n salaris van R6 500 – min of meer gelykstaande aan die destydse salaris

90 Stellenbosch University Library, Slabbertversameling, 430.D7.3. Academic Freedom Lecture, Universiteit van Kaapstad, 2003. On Daantje Oosthuizen, kyk A du Toit, "The legacy o Daantjie Oosthuizen: Revisiting the liberal defence of academic freedom", *African Sociological Review*, 9 (1) 2005, pp 40-61

91 Stellenbosch Universiteitsbiblioteek, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert lêer, Slabbert aan Joubert, 1 Maart 1969.

92 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 1, 500, Slabbert aan Cilliers, 5 Junie 1969.

van ’n professor. Hy het die aanbod oorweeg aangesien hy graag ’n groter salaris wou verdien – Dian Joubert het hom beskou as meer materialisties as die meeste sosioloë.[93] Uiteindelik het hy egter daarteen besluit. Sy situasie was nie so ontredderd dat hy genoop gevoel het om, soos hy dit gestel het, “die deure van die katedrale van die kapitalisme met my skadu te verdonker nie. Moeilik soos dit is om te glo het ek (genade tog!) ’n toegewyde sosioloog geword.”[94]

Hoewel niks uiteindelik daarvan gekom het nie, het sy kort flirtasie met Lever Brothers getoon dat Slabbert teen die ouderdom van 29, na slegs sewe maande ervaring as ’n voltydse permanente akademikus en ten spyte van sy oënskynlike opwinding daaroor om ’n toegewyde sosioloog te wees, nie gehuiwer het om ander loopbaanopsies te oorweeg nie. Nogtans het hy hom tot tyd en wyl op die akademie toegespits. Hy het ook genoegsame vertroue in sy vermoëns en talente gehad om na ’n blinker toekoms as dié van ’n blote dosent te aspireer. Hy het trouens op Rhodes laat blyk hy weet daar word in sekere kringe diskreet beweer dat hy vir hoër dinge bestem.is. Boonop was hy bewus dat hy op Stellenbosch as moontlike rektorsmateriaal beskou is as hy sou “mooi loop”.[95] Dit het toe natuurlik nooit gebeur nie, maar in 1979, na vyf jaar in die politiek, het hy besluit dat hy sal instem om genomineer te word vir die visekanselierskap van die Universiteit van Kaapstad indien sy poging om leier van die Progressiewe Federale Party te word sou misluk.[96] Omdat hy toe wel tot leier van die party verkies is, het daar dadels van gekom. Eers in 2008 het hy sy ideaal om ’n hoogwaardigheidsbekleër in universiteitsonderrig te word elders verwesenlik toe hy tot die seremoniële pos van kanselier van die Universiteit Stellenbosch verkies is.

93 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, 1 Julie 1969; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 425 Joubert aan Cilliers, 10 Augustus 1989.

94 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, 1 Julie 1969.

95 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 1, 500, Slabbert aan Cilliers, 5 Junie 1969.

96 Slabbert, *White Parliament*, p 63; C Eglin, *Crossing the borders of power – the memoirs of Colin Eglin*, Johannesburg, 2007, p 189.

Intussen sou hy in 1969 sy posisie aan Rhodes heroorweeg. In ’n brief aan prof. S.P. Cilliers, hoof van die departement sosiologie aan die Universiteit Stellenbosch, het hy aangedui dat hy die departement by Stellenbosch mis,[97] spesifiek nadat hy die Lever Brothers-episode beleef het. Slabbert het lankal ’n goeie verhouding met Cilliers gehandhaaf wat nie net die promotor van sy doktorale proefskrif was nie, maar ook op ander terreine ’n groot invloed op hom gehad het. Slabbert het sy verhouding met Cilliers as een van die draaipunte in sy lewe beskou, en hy was veral dankbaar dat Cilliers dit by hom ingeprent het dat intellektuele betrokkenheid nie toegelaat moet word om die wysheid van gesonde verstand (*common sense*) na die kroon te steek nie.[98]

Cilliers het Slabbert se brief opgevolg met ’n telefoonoproep om navraag te doen oor wat Slabbert as moontlikhede sou oorweeg. Slabbert was nie tuis toe Cilliers gebel het nie, want hy was by ’n partytjie. ’n Paar glase wyn later was hy tuis en het hy Cilliers teruggebel, want onder die omstandighede het Stellenbosch selfs verleideliker gewink. Hy het gereël om by die lughawe in Port Elizabeth met Cilliers te ontmoet om die kwessie te bespreek. Teen die tyd dat hy teruggery het Grahamstad toe het hy besluit om sy skrede na Stellenbosch te wend.[99]

Voordat Slabbert vroeg in 1969 van Stellenbosch na Grahamstad verhuis het, was hy volgens Joubert opgewonde oor die gedagte om eendag ’n professor in sosiologie aan Rhodes te word,[100] maar hy het die atmosfeer daar toenemend benouend gevind. Hoewel hy bereid was om by Rhodes aan te bly as dit moes, was hy nie meer so opgewonde daaroor nie.

Die aanbod van ’n senior lektorspos in Stellenbosch, gekombineer met die aanbod om toesighoudende dosent van ’n manskoshuis te wees, het op die regte tyd vir Slabbert gekom.

97 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 1, 500, Slabbert aan Cilliers, 5 Junie 1969.
98 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 1, 479, Slabbert aan Cilliers, 15 Maart 1969.
99 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, ongedateer, 1969.
100 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 425 Joubert aan Cilliers, 10 Augustus 1989.

Ten einde sy besluit te verduidelik het Slabbert na Neil Smelser, die voorste sosioloog oor kollektiewe bewegings, verwys dat dit 'n kombinasie van oortuigbaarheid, presipiterende omstandighede en mobilisering, maar het daarby gevoeg dat dit steeds "boggerôl" sê. Opsluit was hy van mening dat 'n toenemende gebrek aan intellektuele stimulasie 'n rol gespeel het, asook die feit dat hy, ten spyte van 'n paar vae moontlikhede, nie kon sien hoe hy vordering sou maak by Rhodes gegewe die aard van die Universiteit se hiërargie nie. Toe hy nou eenmaal die besluit geneem het, het hy ook toegegee dat hy 'n "ongelokaliseerde verlange na Stellenbosch" ervaar het.[101]

Hoewel hy ywerig was om na Stellenbosch terug te keer, was Slabbert ook bekommerd oor die akademiese inhoud waarin daar van hom verwag sou word om te onderrig. Hy sou verkies om nie betrokke te raak in die diensmodules wat die departement sosiologie aangebied het vir studente in die landbou, verpleegkunde en liggaamlike opvoedkunde nie.[102] Na sy mening was dit taamlik minderwaardige kursusse, waarna hy verkies het om te verwys as "die sosiologie van wortels plant, bedpan dra en ontspanning".[103] Sy belangstellings was, so wil dit voorkom, dus meer hoogdrawend en gefokus op metatoerie.

Maar die Stellenbosch waarheen hy teruggekeer het, het nie gevoel na dieselfde plek as toe hy daar weg is nie, en terugskouend het hy beweer die establishment se ingesteldheid teenoor hom het verander. Dit mag dalk waar gewees het, veral gegewe 'n petisie vir 'n beter bedeling vir bruin mense wat hy aangevoor het. Jannie Gagiano het hom ook ingelig dat hy (Gagiano) deur die veiligheidspolisie genader is om meer inligting oor sekere dosente, insluitend Slabbert, te verskaf. Die twee het dit afgelag, maar Slabbert het besef dat hy "nie meer slegs as 'n stroom-op seun gesien word nie, maar as 'n potensiële vyand van die staat – 'n verstommende beskrywing".[104]

101 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, ongedateer, 1969.
102 Hierdie kursusse is gelys in die Universiteit van Stellenbosch Jaarboek 1971, Sosiologie, p 371.
103 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, Slabbert aan Joubert, ongedateer, 1969.
104 Slabbert, *White Parliament*, p 27.

Die veiligheidspolisie se belangstelling in Slabbert sê dalk meer oor hulle as oor Slabbert. Mens sal sukkel om sy aanstelling as akademikus by Stellenbosch op enige manier as ’n daad van akademiese of politieke radikalisme te eien. ’n Gerekende akademikus soos T Dunbar Moodie, wat ook belangstelling daarin getoon het om aan die Universiteit Stellenbosch se departement sosiologie te doseer, is ’n pos beloof deur Cilliers, maar die universiteitshiërargie het daardie plan gekelder omdat Moodie as ’n “kommunis” beskou is.[105] Net so het Slabbert se vriend Manie van der Spuy, die sielkundige, wat geen probleem ondervind het om poste oorsee los te slaan nie, ’n bloutjie op Stellenbosch geloop toe hy om die pos van junior lektor aansoek gedoen het omdat hy as polities verdag beskou is.[106] Slabbert is bepaald nie oor dieselfde kam geskeer nie.

Slabbert se voorste ondersteuner, Cilliers, kon ook nie as radikaal beskou word nie. Hoewel hy ’n sterk voorstander van burgerregte vir bruin mense was, het hy die apartheidskonsep van tuislande vir swart mense onderskryf.[107] Cilliers was ook nogal iemand wat graag by organisasies betrokke geraak het en het ’n groot rol gespeel in die stigting van die Vereniging vir Sosiologie in Suid-Afrika (ASSA) as opposisie tot die hoogs konserwatiewe Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging (SASOV), waaraan slegs wit mense toegelaat is om te behoort. Hoewel ASSA later jare ’n reputasie as ’n radikale organisasie verwerf het, geld dit nie noodwendig die organisasie se stigtingsjare nie. Mense soos Cilliers het gemaklike toegang tot hoogwaardigheidsbekleërs in die regering en regeringskringe geniet. Cilliers het trouens voor die stigtingskongres van ASSA in die destydse Lourenco Marques (tans Maputo) vir genl. Hendrik van den Bergh van die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie op hoogte van die reëlings gehou.[108] Oorkoepelend was die Suid-Afrikaanse sosiologiese wêreld waarin Slabbert hom begewe het nie juis ’n radikale omgewing nie. Op

105 Dunbar Moodie, e-pos aan skrywer, 12 September 2014.
106 Manie van der Spuy, ongepubliseerde memoires, 2010.
107 Giliomee, *Laaste Afrikanerleiers*, p 209.
108 A Grundlingh, “Structures for sociologists: A historical peorspective on associations for sociologists in South Africa, 1967-1991” in N Romm, M Sarakinsky, D Gelderblom, V Mckay, C Allais (eds.), *Social theory*, Lexicon, Johannesburg, 1994, pp 58-59.

Stellenbosch, onder die vlerk van die slegs effe linksneigende Cilliers, sou Slabbert hom snoesig en veilig kon tuis maak.

Maar Slabbert was ook ’n baie selfstandige persoon. Na byna twee jaar op Stellenbosch het hy versit na die Universiteit van Kaapstad. Hy het aansoek gedoen om hoof van die departement sosiologie aan die Universiteit van Kaapstad te word, maar daardie pos het gegaan aan nog ’n oudstudent van die Universiteit Stellenbosch, Jan Loubser. Loubser, ’n skerp kritikus van apartheid wat vroeër in sy lewe na Kanada geëmigreer het, het na Suid-Afrika teruggekeer om die pos te aanvaar. Polities sou Loubser waarskynlik vir Slabbert aangetrek het, en dit wil voorkom asof Loubser sekere tentatiewe ondernemings aan Slabbert gegee het en dat bevordering spoedig sou volg indien Slabbert ’n senior lektoraat aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar.[109] Niks het hiervan gekom nie hoewel Slabbert wel as departementshoof waargeneem het toe Loubser besluit het om na Kanada terug te keer. Slabbert het ’n gewilde figuur op die kampus van die Universiteit van Kaapstad geword.[110] Sy klasse was so stampvol as wat hulle op Stellenbosch was, hy was aangenaam en maklik om mee te praat, en hy was hardwerkend wat sy akademiese pligte betref. Nogtans het sy ambisies onvervuld gebly.

Dit was in hierdie tyd dat ’n professoraat in die departement sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand beskikbaar geraak het. Slabbert het in die tweede helfte van 1973 na Johannesburg verhuis en by Wits se personeel aangesluit as ’n volle professor en hoof van die departement sosiologie. Op die ouderdom van 33 was hy akademies gesproke ’n jongeling. Boonop het hy in daardie stadium nog geen eksplisiet akademiese publikasie gehad nie. In latere jare, met toenemende klem op publikasies, sou Slabbert nie eens die kortlys gehaal het nie. Destyds was daar egter nie dieselfde klem op akademiese

109 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO, 729, Loubser aan Cilliers, 10 Augustus 1971; Mike Savage, e-pos aan skrywer, 16 September 2014; Dunbar Moodie, e-pos aan skrywer, 14 September 2014.

110 Ken Jubber, e-posse aan skrywer, 20 Oktober 2014 en 26 Februarie 2015.

publikasies nie en die aantal mense met doktorsgrade in die sosiologie was beperk.[111]

Slabbert het sterk steun ontvang van die invloedryke Cilliers. In sy aanbeveling ter voorspraak het Cilliers vir Slabbert beskryf as ’n “uitstaande sosioloog met ’n skerp analitiese brein en ’n stewige begronding in sowel metodologie as substantiewe teorie”. Hy het hom aangeprys as een van die uitsonderlike en dun gesaaide akademici “wat sy analitiese en teoretiese vaardighede van toepassing kan maak op die studie van konkrete situasies”. Cilliers het voorts Slabbert se interpersoonlike en lektorsvaardighede beklemtoon. Hy het afgesluit met die opmerking dat “my aanbeveling dalk te goed klink om waar te wees, maar dit is omdat ek nog selde so entoesiasties was oor ’n student en ’n kollega as wat ek oor dr. Slabbert is”.[112] Hierdie opvatting oor Slabbert se vaardighede is later onderskryf deur Jannie Gagiano: “Hy is baie taalvaardig. Hy kan goed argumenteer, hy kan goed skryf, hy verstaan hoe om ’n standpunt inmekaar te sit, hy kan goed analiseer.”[113] Bowenal het hy oor ’n persoonlike magnetisme beskik wat saamgehang het met sy voorkoms van ’n filmster, en ’n humoristiese ingesteldheid, dikwels ten koste van homself.

Daar was egter ook ander eienskappe wat hom gevorm het. Sy klaarblyklik informele ingesteldheid kon misleidend wees. “Oor alles wat hy doen, wil hy ’n resultaat sien. Hy wil van belang wees. Hy het altyd ’n gevoel van dringendheid gehad”, het Gagiano gesê.[114] Die prognose vir ’n maklike verhouding tussen sulke eienskappe en die akademie sou nooit goed gewees het nie. Die burokratiese subkultuur van die akademiese wêreld beweeg teen ’n afgemete en soms slakkepas, en dit was nie juis die regte

111 Mike Savage, e-pos aan skrywer, 16 September 2014. Sien ook S Ally, K Mooney en P Stewart, “The state-sponsored and centralized instutionalization of an academic discipline: Sociology in South Africa, 1920-1970”, *Society in transition*, 34, 1, p 85. Volgens dié skrywers is die eerste doktorsgraad in sosiologie aan Engelssprekende universiteite eers in 1965 toegeken.

112 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/22/1, Cilliers aan Registrateur, Universiteit van die Witwatersrand, 6 Desember 1972 (vertaling).

113 Gagiano, “Who we were” in *The passion for reason*, p 35.

114 Ibid.

plek vir dinamiese individue met ’n gevoel van onmiddellike dringendheid nie.

Dit is daarom miskien nie so verrassend dat iemand met Slabbert se gedrewe persoonlikheid soveel struikelblokke sou tref nie. By Wits het hy ’n verdeelde departement aangetref en dit het gou geblyk dat dit harde werk sou verg om die skeurings te heel.[115] Dit was ’n frustrerende vooruitsig. Hy het later jare verduidelik hoekom hy meen sy akademiese loopbaan so ’n nomadiese karakter verkry het:

> Elke keer dat ek van werkplek verwissel het, het ek gehoop dat ek ’n beter geleentheid sou vind om ’n bekwame akademikus te word. Wits was die vierde plek waar daar dadels van gekom het. Ek het ’n burokratiese en akademiese gemors geërf, daar was bykans geen navorsingsbefondsing nie en van die senior kollegas het elk hul eie probleme en komplekse gehad. Ek het daarvan gehou om te doseer maar daar was nie genoeg tyd vir navorsing en leeswerk nie. Ek het soms begin dink ek gaan die res van my lewe ’n tweederangse akademiese huishouer wees.[116]

Slabbert het nie oordryf oor die uitdagings by Wits nie. Sy opvolger, Dunbar Moodie, het later vertel daar was “groot verdeeldheid – trouens openlike konflik – binne die departement”.[117] Die akademiese wêreld is welbekend vir sulke voortdurende en soms voortslepende interne vyandelikhede en dit is altyd moeilik om as bemiddelaar op te tree. Dit is egter ’n noodwendige deel van ’n departementshoof se werk. Boonop het departementshoofde in die tyd dat Slabbert aangestel is baie meer mag gehad om hul akademiese wêreld te vorm en herskep as wat die geval vandag is.[118] ’n Oudkollega onthou dat Slabbert “verveeld was met sosiologie” teen die tyd dat hy by Wits was.[119] Dit was juis toe dat die Progressiewe Party hom die hof begin maak het. Gesamentlik

115 Mike Savage, e-pos aan skrywer, 16 September 2014.
116 Slabbert, *White Parliament*, p 5.
117 Dunbar Moodie, e-pos aan skrywer, 12 September 2014.
118 Ken Jubber, e-posse aan skrywer, 20 Oktober 2014 en 26 Februarie 2015.
119 Stan Kahn, onderhoud met skrywer, 16 September 2014. Sien ook Cassar, “Slabbert”, p 19.

het al hierdie faktore sy akademiese loopbaan tot 'n einde gebring. In studies oor akademiese vervreemding kom gebrek aan invloed dikwels ter sprake. Selfs waar sosiale aansien en vergoeding voordelig is, moet prestige vir sommige intellektuele "meer doen as om brood op die tafel te sit. Dit moet toegang bied tot glorie."[120] In Slabbert se geval het hy dalk na meer gesmag, dalk sonder om te besef wat dit sou vereis.

Cilliers was nogal teleurgesteld in Slabbert se besluit om die akademie te verlaat. Hy het gemeen dat Slabbert nie dieselfde ontevredenheid sou ervaar as hy op Stellenbosch aangebly het nie. Cilliers het sy mening gegrond op die siening dat die sogenaamde verligte groep onder die akademici op Stellenbosch dikwels belangrike rolle as openbare intellektuele gespeel het ter beïnvloeding van politici, wat 'n verdere, opwindende dimensie aan die akademiese lewe toegevoeg het.[121] Of Slabbert met so 'n siening sou saamstem, is 'n ope vraag.

Soverre dit akademiese gebeure aangaan, is dit ook insiggewend om die verdere trajek van die departement sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand na te gaan. Vanaf 1975 het dit 'n groeifase betree met nuwe leierskap en 'n omwenteling in die aanbod van kursusse sowel as teoretiese vertrekpunte, insluitend 'n stewige nuwe dosis Marxistiese analise.[122] Slabbert sou moontlik die dinamiese aard hiervan verwelkom het, maar hyself sou nie goedsmoeds Marxistiese uitgangspunte ondersteun nie. Hoe dit ook al sy, hy het die departement verlaat op die drumpel van nuwe verwikkelinge in sy vakgebied. As hy aangebly het, kon hierdie verwikkelinge moontlik 'n verfrissende invloed op sy destydse sombere oogpunt gehad het.

## Herwaarts en derwaarts in die teorie

Soos mens dalk al kon aflei is Slabbert se lewe gevorm deur 'n spesifieke stel eietydse denkrigtings wat destyds in sekere kringe

120 Aangehaal in C Kurzman en L Owens, "The sociology of intellectuals", *Annual Review of Sociology,* 28, 202, p 69.
121 Cassar, "Slabbert", p 19.
122 S Ally, "Oppositional intellectualism as reflection, not rejection of power: Wits Sociology, 1975-1989", *Transformation,* 59, 1, 2005, p 72.

in Stellenbosch aan die orde van die dag was. Benewens Jannie Gagiano en ’n paar ander het individue soos André du Toit en Johannes Degenaar in die politieke filosofie spilpunte gevorm. Hier is Slabbert blootgestel aan klassieke werke oor kritiese en eksistensiële filosofie.[123] Degenaar en Du Toit was uitstaande en gerekende akademici, hoewel hul persoonlike oortuigings dikwels deur die establishment as verdag beskou is.

Degenaar was die leidende figuur wat belowende jong akademici by ’n gespreksgroep ingetrek het wat sou blyk ’n groot invloed op baie van hulle gehad het.[124] As ’n prominente eksponent van Sokratiese didaktiek het Degenaar ’n klein maar toegewyde en akademies potente kultusaanhang geniet, en hy is gerespekteer oor sy vermoë om idees oor nie-fundamentalistiese politieke pluraliteit uit te dra in die tradisie van die oop gesprek[125] wat deur sommiges in Stellenbosch uitgeleef is. In hierdie intellektuele omgewing het Slabbert geesgenote gevind. Vanuit sy teologiese begronding het hy oorbeweeg na ’n verskeidenheid filosofiese posisies. Oor die algemeen het sy belangstelling verskuif van die subjektiewe na die objektiewe en abstrakte, algaande meer soekende na wette en herhaling, wat hom gelei het na sosiale teorie en die filosofie van wetenskap.[126]

Sy meestersgraad het egter nie van hierdie belangstellings weerspieël nie. Dit het gehandel oor die meer alledaagse en trouens vervelige kwessies rakende studente se beroepskeuses. Sodanige onderwerpe, met hul empiriese basis, was destyds stapelvoedsel in sekere vertakkings van die studie van die sosiologie.[127] Nietemin is dit opvallend dat Slabbert spesifiek daarin belang gestel het of sosiale stand ’n rol speel in loopbaankeuse.[128] Dit is spekulatief

123 Cassar, “Slabbert”, p 7.
124 Giliomee, “Golden boy” in *The passion for reason*, p 88.
125 Sien byvoorbeeld P Duvenhage, “Afrikaner intellectual history: an interpretation” in P Vale, L Hamilton and EH Prinsloo (reds.), *Intellectual traditions in South Africa: Ideas, Individuals and institutions*, UKZN Press, Pietermaritzburg, 2014, p 89.
126 Slabbert, *White Parliament*, p 26.
127 Vergelyk P van den Berghe, “Some trends in unpublished social science research in South Africa”, *International Social Science Journal*, XIV, 4, 1962.
128 FvZ Slabbert, “Beroepskeuses van studente”, ongepubliseerde MA-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, Maart 1964, pp 5-6.

maar verleidelik om hierdie belangstelling te sien as aanduidend van sy eie voorkeur, sy minder welvarende agtergrond en die onsekerheid oor sy eie loopbaanvooruitsigte indertyd. Dit kon wel ’n rol gespeel het in die konseptualisering van die tesis.

Sy doktorale proefskrif het ’n belangstelling in metateorie ter begronding gehad. Sy studieleier, Cilliers, het in 1954 en 1955 die Amerikaanse universiteite Harvard, Duke en Cornell besoek en het teruggekeer as oortuigde dissipel van Talcott Parsons se strukturele funksionalisme, ’n paradigma wat in daardie stadium wyd gewildheid geniet het.[129] Strukturele funksionalisme wentel in ’n groot mate om ’n waardes-konsensus, voortgebring deur sekere instellings as noodsaaklik vir ’n gemeenskap om behoorlik te funksioneer. Met sy doktorale proefskrif het Slabbert gepoog om hierdie teorie vanuit ’n metodologiese hoek te evalueer. Sy fokus was om “die geldigheid van sommige aansprake deur voorstaanders van die paradigma te beoordeel en om die meriete van die standaarde wat gebruik word deur diegene wat dit verwerp, te bepaal”. Sy bevindings, so het hy aangevoer, sou ook wyer implikasies vir die sosiologie as ’n vakdissipline inhou.[130]

’n Eksaminator wie se terugvoer oor die proefskrif beskikbaar is, was baie positief oor die kwaliteit van die gelewerde werk. Hy het die argumentering oortuigend gevind en het gevoel die kandidaat (Slabbert) styg uit bo die studiemateriaal om sy eie perspektiewe te ontwikkel. Die proefskrif lewer volgens die eksaminator ’n substansiële bydrae tot kennis deur die noodsaaklikheid van metodologiese gesofistikeerdheid by die verstaan en evaluering van sosiologiese teorieë te beklemtoon.[131]

Later in sy lewe het Slabbert met die tong in die kies opgemerk dat die proefskrif “so esoteries was dat ek steeds die enigste persoon is wat daaroor opgewonde kan raak”. Dit was

129 APR Kellerman (red.), “Inleiding”, *SP Cilliers – Selected Papers*, Universiteit Stellenbosch, 1991, pp 7-8.

130 FvZ Slabbert, “ Structural-functionalism analyis in theoretical sociology: A methodological enquiry” Universiteit van Stellenbosch, 1967, pp ii-iii (vertaling).

131 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, FvZ Slabbert-lêer, “Kritiese opmerkinge by F van Zyl Slabbert: ‘Structural-functional analysis in theoretical sociology: a methodological enquiry’”, ongedateer.

darem nie alles puur verniet nie. Aangesien hy 'n standpunt buite Parsons se raamwerk moes ontwikkel ten einde die Parsons-raamwerk te beoordeel, het hy aangevoer die proses het sy analitiese vaardighede verskerp en hom veral bewus gemaak van die gevare van toutologiese argumente, omdat dit wat verduidelik moet word, so dikwels sirkelvormig terugkeer na die teorie of paradigma ter sprake.[132] Daardie bewustheid, so het Slabbert aangevoer, het sy latere akademiese werk deurdrenk, en hy het gevolglik 'n ingeboude wantroue jeens meesterteorieë oor sosiale verandering ontwikkel. Hy het dit as sulks verduidelik:

> Die dogmatiese selfversekerdheid, die akademiese onnadenkende hardkoppigheid van sommige Marxistiese en funksionalistiese denkers, en veral diegene wat so desperaat op soek was na 'n sekulêre eskatologie, het nie juis verskil van daardie toegewyde siele op Stellenbosch wat so hard probeer het om my op 'n geestelike roetemars na die koninkryk van God te neem nie. Emosioneel het ek gevoel "mag 'n plaag beide jul oortuigings tref!"[133]

Slabbert was akademies nogal dapper om 'n studie van strukturele funksionalisme aan te pak. Parsons se diskoers kon 'n uitdaging wees. Wilmot James, wat destyds 'n student in die sosiologie was, onthou dat Parsons geskryf het "op 'n manier wat die helderheid van die Engelse taal 'n oneer aangedoen het. Om Parsons te lees was 'n moeisame taak. Baie lesers het vasgebyt omdat geglo is onduidelikheid was maar hoe geniale mense skryf, en daarom werd was om te verstaan."[134] Omdat hy deur Parsons moes ploeg om die teorieë vir homself verstaanbaar te maak, kon Slabbert die essensie van die teorieë op verstaanbare wyse aan studente oordra en dit op Suid-Afrika van toepassing maak. In hierdie verband is vier instellings as noodsaaklik beskou in terme van waardes wat gevestig moes word vir maatskaplike stabiliteit, naamlik 'n standvastige gesinslewe, 'n groeiende ekonomie, 'n regverdige regstelsel en die handhawing van orde deur die staat. Hoewel

132 Slabbert, *Tough Choices*, pp 33-34 (vertaling).
133 Slabbert, *White Parliament*, p 28 (vertaling).
134 W James, "Van Zyl Slabbert: Sociologist at work in advancing democratic politics" in *Passon for reason*, p 146 (vertaling).

hierdie dinge vandag nogal voor die hand liggend klink, het dit in die hoogbloei van apartheid ’n ietwat radikale klankie gehad.[135]

Die moontlikheid om Parsons op die Suid-Afrikaanse scenario toe te pas en dan ’n kritiese interpretasie daarvan te ontwikkel om die stelsel se wanfunkionaliteit in Suid-Afrika uit te wys moes tot Slabbert gespreek het. Gagiano is van mening dat Slabbert vir ’n wyle nie die noodsaak gesien het om verder as Parsons te gaan nie.[136] Ander kommentators het opgemerk dat Parsons ook ’n morele dimensie in sy sistemiese analise vervat het.[137] Dit mag eweneens by Slabbert aanklank gevind het so kort nadat hy die teologie vaarwel toegeroep het. Slabbert was egter geen onkritiese naprater van Parsons nie. Dit was eerder dat hy Parsons se analise fassinerend gevind het, maar ’n kritiese afstand gehandhaaf het sonder om dit voluit te verwerp.[138] Slabbert en Parsons het per brief gekorrespondeer, en toe Parsons Suid-Afrika later besoek het en Slabbert ’n parlementslid was, het hulle ontmoet. Dit was vir Slabbert nogal ’n antiklimaks, want Parsons was toe al bejaard en het meer belang gestel in die verbouing van aarbeie as in stelselteorie.[139]

Die gewildheid van strukturele funksionalisme het begin taan namate Suid-Afrika die onstuimige 1970’s en 1980’s betree het. Die paradigma se sleutelkonsepte soos orde, balans en konsensus is toenemend as ontoepaslik beskou in ’n samelewing wat algaande deur konflik uitmekaar geskeur is. In Suid-Afrika het die voordele van modernisering, wat implisiet aan strukturele funksionalisme is, klaarblyklik nie die verlangde gevolg, naamlik die verligting van maatskaplike spanning, gehad nie. Dit het trouens die vermoë om apartheid te implementeer versterk en as sulks tot verdere konflik bygedra. In die sosiale wetenskappe het

135 James, “Van Zyl Slabbert: Sociologist at work” in *The passion for reason*, pp 146-148.
136 Gagiano, “Who we were” in *The passion for reason*, pp 30-31.
137 JC Alexander, “Commentary: Structure, value action”, *American Sociological Review*, 55, 3, 1990, p 342.
138 Mike Savage, e-pos aan skrywer, 16 September 2014; Slabbert, “Some contest the assertion that I am an African”, p 50.
139 Slabbert, “Some contest the assertion that I am an African”, p 50.

dit gelei tot 'n verskuiwing van strukturele funksionalisme na meer radikale uitgangspunte en Marxistiese variante.[140]

Soos ons reeds gesien het, het Slabbert 'n weersin in geslote denkpatrone gehad, en daarom het hy skepties gestaan teenoor Marxisme. Hy het sy eie eerste persoonlike kennismaking met werklike kommuniste jare tevore al beleef. In 1965 was hy op 'n amptelike studiebesoek aan Oxford in Engeland waar hy 'n vergadering van die Britse Kommunistiese Party bygewoon het. Ná die vergadering het Slabbert sommige van die partylede informeel ontmoet. Hulle het vurig debat gevoer. Na 'n stewige hoeveelheid konjak en ten spyte van diepliggende verskille kon hulle darem skynbaar oor 'n paar goed saamstem.[141]

Slabbert se intellektuele vermoëns het vir hom deure oopgemaak, maar sy rustelose aard en onvervulde ambisie het verhoed dat hy ten volle tot intellektuele wasdom kon groei. Hoewel sy navorsingsinstink sy politieke loopbaan sou kenmerk, het hy nie as akademikus 'n substansiële nalatenskap van belangrike artikels of boeke nie. Dat hy die vermoë gehad het, kan nie betwyfel word nie. Dat hy dit nie gedoen het nie, het meer te doen met ander belangstellings, persoonlike voorkeure en wyer aspirasies. Die lokstem van die akademie het begin kwyn namate nuwe weivelde van praktiese avontuur gewink het. Die woord moes vlees word.

Terugskouend was Slabbert nie soos 'n leë vat, wagtend op akademiese kennis, toe hy die universiteitswêreld betree het nie. Gegewe sy problematiese huishoudelike agtergrond, sy vroeë geloofsywer en sy ondervinding met swart mense, het hy reeds sy eie lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel, wat hy as meetsnoer vir nuwe kennisvelde sou gebruik. Die noodsaaklike elemente vir die ontwikkeling van 'n kritiese ingesteldheid was in plek hoewel dit nie moontlik kon wees om te voorspel hoe dit uiteindelik sou ontwikkel nie.

---

140 Vergelyk A Grundlingh,"Structures for sociologists" in *Social theory*, p 69.

141 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, SP Cilliers-versameling, 289/CO 1(214), Slabbert aan Cilliers, 28 Januarie 1965.

Ten spyte van die konserwatiewe ingesteldheid van die tyd het die Universiteit Stellenbosch baie vir Slabbert beteken. Dit het hom in staat gestel om sy sendinginstinkte op ’n rasionele wyse te begrond en het geleenthede geskep om apartheid se tekortkominge te ontbloot, wat kosbare vaardighede vir sy latere loopbaan geskep het. Dit het hom kans gegee om sy akademiese skerpheid teen dié van andere te toets. Hy het in selfvertroue gegroei, soveel so dat hy op die ouderdom van 28 vertel is dat hy rektor sou kon word as hy in sy spoor trap. Hy het goeie vriende, ondersteuners en dosente gehad. Hy het ook deurgaans gesê dat hy genoeg akademiese vryheid geniet het om homself ten volle uit te leef.[142]

Die Universiteit het voorts aan Slabbert die moontlikheid van kritiese denke en akademiese onbetrokkenheid oorgedra. In later jare het ’n medesosioloog dít wat hy as die kern van Slabbert se akademiese uitkyk beskou as volg saamgevat: “Om met teenstrydigheid saam te leef en op die grys gebiede van onsekerheid te fokus was vir Van die kenmerke van ’n intellektueel.”[143] Dit was dalk nie ’n bate in die onderwêreld van die politiek nie, maar dit help mens om skerp te analiseer, soos Slabbert dikwels gedoen het. Terwyl Slabbert nie deur Stellenbosch gegiet is in die vorm van soveel van sy Stellenbosse tydgenote nie – vooraf bestem om by die Nasionale Party aan te sluit – kan die Universiteit se invloed op hom nie misken word nie.

142 *US Kampusnuus*, Julie 2008, “Nuwe kanselier”.
143 Heribert Adam, e-pos aan skrywer, 5 April 2015 (vertaling).

# Hoofstuk 2

# Slabbert word politikus

## Aanloop

Hoewel Slabbert se besluit om politikus te word uiteraard by hom as individu berus het, was daar sommige vroeëre ontwikkelinge wat mens sou kon aanvoer hom daarop voorberei het om so 'n moontlikheid te oorweeg. Sommige van hierdie gebeure het op informele vlak in Stellenbosch plaasgevind terwyl ander 'n wyer ontstaansbasis gehad het.

Gedurende die 1960's en 1970's het uitgesoekte universiteitspersoneel gereeld verskeie informele gespreksgroepe georganiseer, wat oor 'n lang tydperk gereelde instellings van die informele akademiese lewe op Stellenbosch geword het. Die besprekings in hierdie groepe is gekenmerk deur omvattende intellektuele storm en drang, en 'n kritiese ingesteldheid is deur oop debat aangemoedig. Die politiek van die dag en die wyer gevolge daarvan is in diepte bestudeer. Plaaslike katolieke geestelikes het ook deelgeneem en sommige van die priesters het die omvang van die intellektuele diskoers heelwat wyer gemaak. Gaste van buite Stellenbosch was dikwels verras oor die progressiewe aard van hierdie gesprekke en oor die manier waarop sekere Afrikanerdeelnemers hulself aan die linkerkant van die gesprekke bevind het.[1]

Slabbert was prominent in hierdie gespreksgroepe en is in die proses blootgestel aan en voorsien van selektiewe maar uitdagende geselskap waar hy sy politieke tande kon sny. Hy het in hierdie omstandighede dubbelsprakigheid en teenstrydigheid blitsig uitgewys. By een so 'n byeenkoms het 'n akademikus wat

---

1 Skrywer se privaat versameling, A du Toit, 'Johan Degenaar: ter herinnering', 1 Augustus 2015; I Macqueen, "Resonances of youth and tensions of race: Liberal student politics, white radicals and black consciousness, 1968–1973", *South African Historical Journal*, 65, 3, 2013, pp 372-373.

ook aan die Afrikaner Broederbond behoort het, aangevoer dat mens moet voorgee jy is lojaal aan die Nasionale Party selfs al het jy jou bedenkinge oor apartheid, sodat jy hervorming van binne af kon bevorder. Slabbert se reaksie was eenvoudig: "Maar dan mislei jy almal."[2]

Nog 'n aanloop tot sy formele politieke loopbaan was 'n groep genaamd Synthesis. Synthesis het gefunksioneer in Johannesburg, Durban en Kaapstad en deelname het slegs op uitnodiging geskied. Dit het buite die formele politiek plaasgevind met 'n veelrassige groep top-individue as deelnemers. Hierdie gespreksgroep is begin deur 'n Vlaamse mediese dokter uit België, dr. Louis van Oudenhove, wat graag wou hê Suid-Afrikaners moet meer weet oor bevolkingsgroepe buiten die een waaraan hulle behoort het. Deelnemers het mense soos Japie Basson van die Verenigde Party, Colin Eglin van die Progressiewe Party, Mangosuthu Buthelezi van Zoeloeland, die opvoedkundige dr. Richard van der Ross met sy bande met die bruin Arbeidersparty, en MT Moerane van Soweto, prominente redakteur van die *World*-koerant. Slabbert het hom reeds teen 1970 by hierdie uitgelese groep aangesluit, en het opgetree as sekretaris en tesourier. Synthesis was nie net 'n belangrike netwerkgroep nie, maar het ook aangesig-tot-aangesig ontmoetings beteken vir diegene wat wou ontsnap aan die mure van Suid-Afrika se onbuigbare rasseklassifikasiestelsel, wat eintlik geen deur oopgelaat het om kwessies van gemeenskaplike belang onderling te bespreek nie. Vir Slabbert, wat later in sy loopbaan baie klem sou plaas op die positiewe vertrouensverhoudings wat onder gunstige omstandighede tussen opponerende groepe geskep kon word, was Synthesis 'n belangrike vroeë eksponent van sodanige voordeel. Die destydse premier, John Vorster, se toorn het egter teen Synthesis ontvlam, en hy het dit as 'n groepering met sinistere, geheime invloed voorgestel.[3]

Slabbert se betrokkenheid by gespreksgroepe het 'n onverwagse nadraai gehad. Op Stellenbosch is een van die

2 Giliomee, "Golden boy", p 88.

3 J Basson, *Politieke kaarte op die tafel: Parlementêre en ander herinneringe*, Politika, Kaapstad, 2006, pp 161-164; Cassar, "Slabbert", p 7.

gespreksgroepe toegespreek deur dr. Piet Koornhof van die Nasionale Party wat in daardie stadium adjunkminister was van ’n portefeulje genoem Bantoesake. Hy het sy gehoor verseker dat die regering se tuislandbeleid die gewenste uitwerking het en dat stedelike swart mense tevrede is met die gevolge daarvan. As akademici het Slabbert en sy vriend Jannie Gagiano besluit so ’n aanname moet getoets word. Slabbert moes juis in daardie tyd Johannesburg toe gaan vir sy suster se troue, en toe reken hy dat hy mos terselfdertyd Soweto kon besoek om Koornhof se veronderstelling te toets. Danksy die welwillendheid van MT Moerane, wat aan hom welbekend was danksy Synthesis-ontmoetings, is reëlings vir hom en Gagiano getref om sommige prominente inwoners van Soweto te ontmoet. Hul strategie was om Koornhof se idees en beleid oor te dra, voor te gee dat hulle ondersteuners daarvan is, en dan te kyk wat die terugvoer is. Hulle was nie voorbereid op die gevolge nie. Slabbert het later onthou: “Ons is uitgeskel en het sowel histeriese woede as onverwoordbare frustrasie beleef. Dit het oor ons gespoel in golf na golf.”[4] Die woede was so groot dat sommige van die besorgde plaaslike inwoners gevrees het die twee besoekers kon vermoor word.[5] Dit was eers nadat hulle verduidelik wat die ware doel van hul koms na Soweto was, en dat hulle nie werklik die Nasionale Party of apartheid ondersteun het nie, dat die gemeenskap se bui gesak het. Eers toe is hulle welkom laat voel, te midde van waardering uit die gemeenskap dat twee jong Afrikaners van Stellenbosch bereid was om so ’n waagstuk aan te pak.

Hierdie gebeure het ’n groot invloed op Slabbert gehad. Aanvanklik het hy ’n mengelmoes negatiewe emosies ervaar, maar terugskouend het hy dit as “’n baie, baie belangrike gebeurtenis” beskryf.[6] Sulke ontmoetings het bygedra tot Slabbert se skeptisisme dat die Nasionale Party-regering se beleid nie die wense van die meerderheid Suid-Afrikaners verteenwoordig het nie, en dat die regering se bewering dat die meerderheid wel die regeringsbeleid steun, erg misleidend was. Dit was ’n besef wat hy met homself die toekoms ingedra het. Die joernalis Percy

4 Slabbert, *White Parliament*, p 18 (vertaling).
5 FvZ Slabbert, *The other side of history: An anecdotal reflection on the political transition in South Africa*, Tafelberg, Kaapstad, p 153.
6 Aangehaal in Cassar, “Slabbert”, p 41.

Qoboza, wat by die reëlings vir die Soweto-besoek betrokke was, het in 1979, met Slabbert se verkiesing tot leier van die amptelike opposisie in die parlement, opgemerk dat "terwyl Soweto nie volkome verantwoordelikheid kan aanvaar vir die vorming van Van Zyl Slabbert nie, het Soweto daartoe bygedra om van Van 'n sensitiewe man te maak – daardie aand was 'n taamlike vuurdoop vir die jong Afrikaner-intellektueel. Sy siel is gereinig. Julle gaan nog baie van hierdie ou hoor – dit voorspel ek met stelligheid."[7]

Benewens sulke bykans Damaskus-ervarings was daar ook 'n analistiese sy aan die geleidelike verskerping van Slabbert se politieke bewussyn. Dit was deels tekenend van wyer ontwikkelinge in die Afrikanergemeenskap. Gedurende die 1960's het Suid-Afrika 'n ongeëwenaarde ekonomiese groeikoers van 6% per jaar gehandhaaf en dit was veral Afrikaners wat by hierdie groeiende welvaart baat gevind het. Die Afrikaner-middelklas het met rasse skrede gegroei en 'n nuwe Afrikaner-verbruikerskultuur het tot duidelike veranderings in die Afrikaner-wêreldbeskouing bygedra. Gaandeweg is die gebondenheid aan volk en kultuur verminder, en die moontlikhede van 'n meer gedifferensieerde en polities meer ope samelewing was ietwat minder vergesog as tevore.[8]

In die eerste helfte van die 1970's het Slabbert aan die hand hiervan begin werk aan wat uiteindelik 'n akademiese artikel sou word, waarvan 'n verkorte weergawe deur koerante gepubliseer is. Hy het aangevoer dat die regerende Nasionale Party indertyd te kampe gehad het met toenemende interne spanning tussen die groeiende elite-groepering en die tradisionele werkersklas-formasies. Met die ontstaan van nuwe geleenthede in die handel, nywerheid en sakesektor het jong Afrikaners hulself algaande meer laat geld buite die tradisionele beroepe soos die onderwys en die kerkbediening. Hoewel die Afrikanerjeug se verminderde ideologiese afhanklikheid van die Afrikaner se gevestigde politieke en kulturele onderbou mindere

7 Aangehaal in Cassar, "Slabbert", p 9.
8 A Grundlingh, "'Are we Afrikaners becoming too rich?' Cornucopia and change in Afrikanerdom in the 1960s", *Journal of Historical Sociology*, 21, 2/3, Junie/ September 2008, p 148; D Welsh, "Urbanisation and the solidarity of Afrikaner nationalism", *The Journal of Modern African Studies*, 7, 2, 1969, pp 265-276.

gebondenheid aan hierdie norme beteken, moet dit nie sonder meer met 'n verbintenis tot omvattende politieke verandering verwar word nie. Nietemin het Slabbert voorspel dat materiële vooruitgang en voortspruitende veranderinge in wêreldbeskouing in al groter mate met die gevestigde lojaliteite sou meeding. "Die meerderheid jong Afrikaners". het hy aangevoer, "maak gereed vir 'n middelklasbestaan waar hulle die Babbits van Bellville, Benoni en Bloemfontein sal word".[9] Hierdie ontwikkelinge het beteken moontlikhede het bestaan dat politieke keuses met die korrekte strategiese benadering kan verskuif. Slabbert se algemene waarnemings is in 1971 onderskryf deur empiriese navorsing wat aangetoon het dat bykans 20% van die Afrikaner-elite ontvanklik was vir ander politieke boodskappe as dié van die Nasionale Party.[10]

Terselfdertyd het daar uit Afrikanergeledere 'n sogenaamde "verligte" groep ontstaan wat hulself geposisioneer het as teenstanders van "verkrampte" konserwatiewe Afrikaners. Hierdie "verlig/verkrampstryd" het soms baie vurig gewoed, maar in die algemeen het verligtes uiteindelik nie die tipe liberalisme van die Progressiewe Party onder die leiding van Colin Eglin by die stembus gesteun nie. Breedweg het verligtes steeds gemeen dat geleidelike en effektiewe verandering steeds beter bereik kan word van binne partystrukture as van daarbuite.

Dit was hierdie Afrikaners vir wie die Progressiewe Party teen die vroeë 1970's begin teiken het as potensiële andersdenkendes in die nasionalistiese kraal. Die party het besef om te groei sal moeilik wees solank as wat die Progressiewes nie ontslae raak van hul beeld as 'n bykans volkome Engelssprekende faksie wat eintlik maar 'n drukgroep met 'n dikwels anti-Afrikaanse ingesteldheid is nie. Om hul ondersteuningsbasis te verbreed was dit noodsaaklik om Afrikaners betrokke te kry. Eglin

9 *Rand Daily Mail*, 10 Januarie 1974, "Dilemma of Verligtheid". Die akademiese artikel wat later gepubliseer is, is getiteld "Afrikaner nationalism, white politics and political change" in L Thompson en J Butler (reds.), *Change in contemporary South Africa*, University of California Press, Los Angeles, 1975, pp 4–14.

10 H Giliomee, "Van Zyl Slabbert: The golden boy and the black prince" in H Giliomee, *The last Afrikaner leaders: A supreme test of power*, Tafelberg, Kaapstad, 2012, p 208.

het ’n uitgebreide program van stapel gestuur om nuwe lewe in die party te blaas, met ’n spesifieke poging om uitgesoekte Afrikanergroepe te betrek. ’n Afrikaanse partymondstuk, *Deurbraak*, is gepubliseer om debat te stimuleer en kommunikasie met Afrikaners te vestig. ’n Gekoördineerde poging is aangewend om simposiums te reël sodat interaksie tussen partylede en prominente verligtes kon plaasvind oor partybeleid, sodat gefokus kon word op maniere waarop beleidsfokus verander kon word om meer stemme te trek. Een so ’n simposium wat Slabbert in 1972 in Pretoria bygewoon het, het hom tot ernstige nadenke gestem.[11]

Hoewel Slabbert belang gestel het in praktiese maniere waarop die groot politieke kwessies in Suid-Afrika getakel kon word, het hy sy bedenkinge gehad oor ’n strategie wat in ’n groot mate van verligte Afrikanersteun sou afhang. Hy het indertyd aangevoer “die belangrike punt is dat verskillende Afrikanerverligtes aangetrek word deur verskillende en soms teenstrydige beleidspunte”. Hy het sy stelling toegelig met die voorbeeld dat ’n verligte predikant meer aangetrek sou word deur deernis, terwyl ’n verligte sakeman meer sou belang stel in wins. Albei kan dalk verligte politieke geluide maak, maar hul vertrekpunte en doelwitte verskil. Dit sou die groeipotensiaal van ’n verligte beweging belemmer, want “verskillende Afrikaners is eenvoudig oor verskillende dinge verlig”.[12] Nietemin het die toename in verligte individue, beloftes vir die toekoms ingehou, al het hulle nog nie ’n samehang ontwikkel nie.

In hierdie stadium het Slabbert ’n algaande meer gesogte spreker oor politieke kwessies geraak, veral op universiteitskampusse. Hy het afstandelik gebly in sy analise, en het verkies om te verduidelik hoe die verskillende politieke partye magsdeling as sentrale Suid-Afrikaanse politieke vraagstuk benader. Op Stellenbosch het hy die dilemma van die Nasionale Party se pogings om wit belange te beskerm en terselfdertyd toegewings te maak aan swart mense sodat gepoog kon word om die ambisieuse tuislandprojek te laat werk, duidelik uitgespel.

11 Cassar, “Slabbert”, pp 10-12.

12 FvZ Slabbert, *The system and the struggle: Reform, revolt, and reaction in South Africa*, Jonathan Ball, Johannesburg, 1989, pp 17-18 (vertaling).

Die grootste opposisieparty, die Verenigde Party, het rondgetas om op ’n uitvoerbare beleid te besluit en het intussen hul bestaan geregverdig deur foute deur die Nasionale Party-regering uit te buit om steun te bou. Op hul beurt het die Progressiewe Party deur ’n beleid van gekwalifiseerde stemreg die gewone swart mense, wat stemreg die nodigste gehad het, uitgesluit. Sy toespraak is wyd geloof as ’n nugtere analise. By die Universiteit van Kaapstad het hy meer omvattend oor ’n wyer verskeidenheid onderwerpe gepraat, insluitend arbeidsverhoudinge en die kulturele aspekte van moontlike omvattende veranderinge in Suid-Afrika.[13]

Hy het ook baie belang gestel in die magsmasjinerie wat wit bevoorregting in Suid-Afrika in stand gehou het.[14] Slabbert het meer as vantevore die dinamika van verskeie wyses waarop die politieke en maatskaplike orde in Suid-Afrika kon uitspeel, op ’n praktiese wyse uitgespel. Hy het wegbeweeg van esoteriese akademiese teorieë, maar was vasbeslote om ’n nagevorste en kliniese element in sy verstaan van Suid-Afrikaanse kwessies te behou.

## Die besluit

Hierdie oplewing in belangstelling in die praktiese politiek het op die regte tyd gekom, want dit het saamgeval met wyer ontwikkelinge in die parlementêre politiek. Nie net was die Progressiewe Party besig om nuwe lewe in homself te probeer blaas nie; sekere faksies binne die gematigde Verenigde Party het ook besef hulle moet meer hervormingsgesond wees as hulle noemenswaardige teenstand vir die Nasionale Party wil wees. Die sogenaamde “Jong Turke” van die Verenigde Party het mense ingesluit soos Horace van Rensburg, Japie Basson en Dick Enthoven, wat toenadering gesoek het tot Slabbert en sy Stellenbosse kollega Nic Olivier om hulself onder die vaandel van die Verenigde Party vir die parlement verkiesbaar te stel in twee relatief veilige Verenigde Party-setels in Johannesburg vir die algemene verkiesing van 1974. Slabbert was nie juis entoesiasties

13 Cassar, “Slabbert”, pp 10, 13-14.
14 FvZ Slabbert, “Politics and privilege in South Africa”, Somerskool-lesings, Universiteit van Kaapstad, 1973.

oor die aanbod nie omdat hy voorbehoude gehad het oor die Verenigde Party se omstrede deelname in ’n kommissie van ondersoek wat die Nasionale Party-regering aangestel het om sogenaamde “verdagte” organisasies en individue te ondersoek, en wat uitgeloop het op die arbitrêre verdagmakery van sommige van Slabbert se vriende.

Hul voorbehoude ten spyt, het Slabbert en Olivier na Johannesburg gevlieg saam met Van Rensburg, Enthoven en ander vooraanstaande lede van die Verenigde Party. Hulle het in Van Rensburg se huis ontmoet en dit het ’n gesellige aand met die inname van heelwat drankies geword, maar tog is daar ernstige politieke gesprekke gevoer. Nic Olivier het uiteindelik ingestem om as kandidaat te staan en Slabbert het ook sy posisie verskuif van ’n besliste “nee” tot ’n moontlike “dalk”. Van Rensburg het albei gevra om lidmaatskapkaarte in te vul. Olivier het so gemaak, maar Slabbert het getwyfel aan die wysheid daarvan en het die lidmaatskapkaartjie ongemerk in sy baadjiesak weggesit. Tot hul frustrasie het Van Rensburg en sy vrou later oral vergeefs gesoek vir Slabbert se lidmaatskapkaart.[15]

Colin Eglin, wat nog ten volle oor die gebeure ingelig moes word, was geskok toe hy agterkom Slabbert mag dalk by die Verenigde Party aansluit. Hy het hom in Johannesburg opgespoor en die twee het in die parkeergarage van die destydse Jan Smuts-lughawe (tans OR Tambo Internasionale Lughawe) ontmoet. Eglin was verlig om te hoor dat Slabbert nog oop was vir ander voorstelle. Slabbert was in ’n verknorsing. Hy het Nic Olivier aangemoedig om by die Verenigde Party aan te sluit, maar nou gaan hy hom nie op daardie reis vergesel nie. Terselfdertyd was Eglin besig om hom te probeer oorhaal om te staan as kandidaat vir die Progressiewe Party in die Kaapse kiesafdeling Rondebosch. Slabbert het min tyd gehad om ’n besluit te neem. Op 11 Desember 1973, ’n paar minute voor die spertyd wat Eglin gestel het, het Slabbert hom gebel en gesê: “Ek is jou kandidaat vir Rondebosch. Ek verkies ’n uitdaging bo ’n veilige setel.”[16]

15 Slabbert, *White Parliament*, pp 6-7.
16 C Eglin, *Crossing the borders of power: The memoirs of Colin Eglin*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2007, pp 136-137 (vertaling).

Slabbert se toetrede tot die partypolitiek het dus elemente van 'n klug bevat – om al die pad Johannesburg toe te vlieg om verteenwoordigers van die gematigde Verenigde Party in wie hy min vertroue gehad het te ontmoet, en 'n baldadige ontmoeting waarin hy amper van besluit verander het, na die angstige Colin Eglin wat hom opgespoor en oorgehaal het om vir die Progressiewe Party in Rondebosch te staan. Dit was nie 'n versigtig berekende toetrede tot die warrelwind van die Suid-Afrikaanse politiek nie, en dit is nogal ironies dat dit die Verenigde Party was wat met dinamiese optrede puntjie by paaltjie gebring het. Slabbert se lewenspad was inderdaad selde netjies en voorspelbaar.

Slabbert het nie noodwendig die politiek betree omdat hy in die wit partypolitiek as sulks belang gestel het nie. Hy het 'n wyer uitkyk op Suid-Afrika se skynbaar onoplosbare probleem van magsdeling en maatskaplike gelykheid gehad. Voorts het hy geworstel met wat hy beskryf het as die dilemma tussen "politieke bewustheid, moraliteit en politieke optrede".[17] Dit was die kern van eindelose akademiese debatte en morele kompetering sonder om eintlik veel tot betekenisvolle verandering by te dra. Hoewel hy steeds die storm en drang van akademiese debat as waardevol beskou het, en veral die wyse waarop sulke debatte kwessies kon laat kristalliseer, het hy besluit meer was nodig en was hy bereid om langs ander weë meer te probeer doen. Met die bywoning van tallose besprekingsgroepe en akademiese seminare in sy knapsak het Slabbert tot die padlangse gevolgtrekking gekom dat mens, indien jy geroepe voel om die regering te opponeer, "op die sypaadjie moet gaan opponeer; mens kan nie in jou sitkamer opponeer nie want niemand sal dit agterkom nie".[18] Hy het veral nagedink oor "nie net hoe om my verbintenis tot sekere waardes te analiseer of in die openbaar te verklaar nie, maar ook om 'n praktiese manier te vind om laasgenoemde na te streef sodat dit sin maak in terme van die eersgenoemde".[19]

Dat Slabbert die Progressiewe Party as gepaste voertuig gekies het om hierdie doel mee te bereik was nie onproblematies nie. Vir 'n groot gedeelte van die Progressiewe Party se bestaan

17 Slabbert, *White Parliament*, pp 5-6 (vertaling).
18 Aangehaal in Cassar, "Slabbert", p 17 (vertaling).
19 Slabbert, *White Parliament*, p 28 (vertaling).

vanaf partystigting in 1959, is dit gesien as die party van die groot geldmag en groot kapitaal. Die aanname was hoofsaaklik gegrond op die party se vereenselwiging en bande met Harry Oppenheimer, die grootbaas van Anglo American en die persoon wat die Progressiewe Party soms gefinansier het. Belangegroepe van groot kapitaal was van mening dat die oplaaiende politieke spanning in daardie stadium van die apartheidsera ontlont moes word voordat die teenstrydighede en ongelykhede tot 'n onbeheerbare politieke konfrontasie kon lei. Een manier om so 'n doelwit te bereik was deur die uitbou van 'n standvastige swart middelklas. Die Nasionale Party en die Verenigde Party is beskou as te vasgevang in hulle eie denke om betekenisvolle verandering van stapel te stuur. Dit het dan die Progressiewe Party as die enigste ander opsie gelaat. Mense se lees van die Progressiewe Party se beleid was nie bloot 'n eenvoudige weerspieëling van die behoeftes van groot kapitaal nie, maar sekere ooreenstemmende oogmerke kon nie bloot misgekyk word nie. In die kollektiewe gedagtegang en onderbewussyn van oorwegend swart protesbewegings was daar 'n besliste agterdog dat die kapitaalmag se wens om 'n sterk middelklas te skep, daartoe sou lei dat die proletariaat uitgesluit sou word, wat strydig sou wees met die oorkoepelende politieke wense en behoeftes van swart mense.[20]

Slabbert was terdeë bewus van die sterk punte van antikapitalistiese analises. Trouens, selfs kort voordat hy 'n lid van die Progressiewe Party geword het, het hy sy voorbehoude geopper oor die party as verteenwoordiger van groot kapitaalbelange, en het hy aangevoer dat dit net in idiosinkratiese Suid-Afrika sou wees dat so 'n party as linksgesind beskou sou word waar dit enige plek elders as regsgesind bestempel sou wees.[21] By die Universiteit van die Witwatersrand waar Slabbert in die vroeë 1970's werksaam was, het antikapitalistiese akademiese

20 B Hackland, "The economic and political context of the growth of the Progressive Federal Party in South Africa, 1959-1978" in The societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries", Collected Seminar Papers, 11, 27, University of London, Institute of Commonwealth studies, 1981, pp 121-123. Sien ook E McKenzie, "Its master's voice? The South African 'Progressive' parties and business, 1959-1983", *Journal for Contemporary History*, 21, 2, Desember 1996, pp 34-48.

21 Manie van der Spuy, ongepubliseerde memoires, 2010.

analises algaande meer veld gewen, en dit is waarskynlik hier waar Slabbert bewus geraak het van die eerste aanduidings van sterker radikale neigings. Nadat hy by die Progressiewe Party aangesluit het, was hy egter versigtiger en het hy verkies om aan te voer dat die party se ondersteuners uit 'n verskeidenheid agtergronde gekom het, sonder om juis dieper te delf oor die rol van die party in die groter belangepolitiek.[22] Hy was ook geneig om grappies te maak oor die veronderstelde verband tussen die Progressiewe Party en rykdom: "My Afrikaanse vriende vra my waarom ek 'n Prog is, en my Prog-vriende vra my waarom ek so arm is!"[23]

Teen 1973 het die Progressiewe Party 'n kruispad bereik. Die party moes erken dat hulle in die algemene verkiesings van 1961, 1966 en 1970 nie minder nie as 68 kandidate in 40 verskillende kiesafdelings gestel het, maar telkens net suksesvol was in een kiesafdeling (Houghton). Hul prestasie kon nouliks swakker wees. Die formidabele Helen Suzman was al twaalf jaar lank die party se enigste parlementêre verteenwoordiger en sy wou die las nie meer alleen dra nie. Sy het aangevoer dat die party liewer moet ontbind en sy lede laat fokus op buiteparlementêre werk indien dit dan so bestem was dat hulle nie meer as een setel in die hele land kon wen nie. Hiermee het Colin Eglin as die party se voorsitter saamgestem, en blykbaar Oppenheimer ook. Die 1974-verkiesing sou dus vir die party deurslaggewend wees. Daar was aanduidings van 'n meer gunstige politieke klimaat vir die Progressiewe Party. Relatiewe politieke kalmte het in die land geheers, wat minder ruimte gelaat het vir die Nasionale Party se ewige "swartgevaar"-bangmaakpolitiek, premier John Vorster het 'n sogenaamde détente-beleid teenoor die res van Afrika van stapel gestuur wat ook die moontlikheid van meer proaktiewe skakeling met swart Suid-Afrikaners ingehou het, en soos ons al gesien het was daar 'n groter wordende dobberende groep verligte Afrikanerkiesers, terwyl die Verenigde Party minder verenig was as wat hul party se naam wou laat blyk. Boonop was die ekonomie relatief stabiel ten spyte van 'n hoë inflasiekoers.[24]

---

22 Byvoorbeeld *Rapport*, 4 Mei 1974, "Van Zyl Slabbert, voel jy tuis daar"?

23 Aangehaal in Cassar, "Slabbert", p 44 (vertaling).

24 Cassar, "Slabbert", pp 22, 28; E Mckenzie, "From obscurity to official opposition: The Progressive Federal Party, 1959-1977",

Hoewel Slabbert beslis bewus sou wees van hierdie neigings was dit steeds ’n waagstuk om ’n leidende akademiese posisie – ’n “aangename vorm van beskermde arbeid”,[25] soos Slabbert daarna verwys het – te verruil vir die onvoorspelbaarheid van die politiek. Hy sou darem eers sy pos aan die Universiteit van die Witwatersrand moes ontruim indien hy suksesvol as parlementslid verkies sou word, nie wanneer hy genomineer sou word nie. Gegewe die haastige omstandighede waarin hy genomineer is, is dit egter sterk te betwyfel of hy ’n deurdagte koste-ontleding van die keuse sou gedoen het. Hy het later verduidelik: “’n Kombinasie faktore het meegewerk om my op redelike gronde tot ’n besluit aan te vuur wat geblyk het ’n fout te wees.”[26] Hoe dit ook al sy, op die jong ouderdom van 33 jaar was Slabbert op die punt om die politieke arena te betree.

## “’n Ster-kandidaat”: Die 1974 Rondebosch parlementêre verkiesing

Oor die algemeen het die Progressiewe Party vir die 1974-verkiesing ’n noukeurige veldtog uitgewerk waarvolgens hulle hul kragte gefokus het op ’n paar sleutelkiesafdelings waar hulle die kans gestaan het om te wen, en dan ’n kwaliteit-kandidaat in elkeen van daardie setels te stel. Colin Eglin moes heelwat kritiek verduur omdat hy vir Slabbert ’n aanbod gemaak het om die party se kandidaat in Rondebosch te wees voordat hy dit uitgeklaar het met die Progressiewe Party se bestuur in die kiesafdeling, en hy moes hard werk om sommige lede van die kiesafdelingsbestuur te oortuig dat Slabbert wel die basiese beleidsbeginsels van die party onderskryf, en dat sy gebrek aan ervaring nie ’n groot struikelblok was nie.[27]

Eglin het Rondebosch as ’n teikensetel gestel ten spyte daarvan dat die Progressiewe Party nie eens in 1970 daar ’n kandidaat gestel het teen die sittende parlementslid en leier van die Verenigde Party, Sir De Villiers Graaff, nie. Sir De Villiers was ook die leier van die amptelike opposisie in die parlement.

*Historia*, 39, 1, May 1994, pp 87-89.

25 Slabbert, *White Parliament*, p 6.

26 Slabbert, *White Parliament*, p 10 (vertaling).

27 Eglin, *Crossing the borders*, p 137.

Maar sedertdien het die afbakeningskommissie, wat die grense van parlementêre kiesafdelings bepaal het, die grense van die kiesafdeling herbelyn, en die Verenigde Party het dit raadsaam geag om Graaff as kandidaat te stel in die (vir hulle) veiliger buurkiesafdeling, Groote Schuur.[28] Hoewel partywerkers van die Progressiewe Party geruime tyd al stelselmatig aan die werk was in Rondebosch nog lank voor die herafbakening en die verkiesingsomstandighede ’n gunstiger klimaat vir die party help skep het, sou dit steeds veel van Slabbert verg om ’n grenssetel te omskep in ’n wensetel. Dit was beslis nie so ’n veilige setel as wat die Verenigde Party hom aan die Rand sou kon bied nie. Slabbert het aangevoer dat dit hom glad nie traak nie en dat hy die uitdaging verwelkom. Hy het egter bedenkinge gehad oor of hy sou wen en was terdeë bewus daarvan dat sy kandidatuur deels daarop gemik was om die Verenigde Party se partywerkers te verdeel en in kleiner getalle aangewend te word in die kiesafdeling Seepunt, waar Eglin gehoop het om onder die vaandel van die Progressiewe Party sy terugkeer tot die parlementsbanke te maak. Nietemin het Slabbert besluit om die meeste te maak van wat hy as ’n interessante ervaring beskou het, ongeag wat die uitslag van die verkiesing sou wees.[29]

Slabbert se teenstaander in die kiesafdeling Rondebosch sou die sittende lid van die provinsiale raad, Brian Bamford van die Verenigde Party, wees. Vanweë interne twiste in die Verenigde Party het Bamford se veldtog nie goed begin nie, maar hy het oor die politieke blou bloed asook ander kwaliteite, soos ’n hoogs suksesvolle loopbaan as advokaat, beskik wat aanklank sou vind by die kiesers van Rondebosch. Soos een briefskrywer aan ’n koerant dit gestel het, het Bamford “die spreekwoordelike goue lepel in die mond gehad (Engels, Bishops, Oxford) in ’n uiters Engelse voorstad wat ongelukkig in ’n politieke sin ’n taamlike Rip van Winkel is”. Slabbert het geen enkele een van hierdie voordele gehad nie en sou as ’n ‘Afrikaner van die Transvaal’ beskou kon word.[30] Slabbert is egter nie deur Bamford geïntimideer nie, ten

28 Cassar, “Slabbert”, p 26.
29 Cassar, “Slabbert”, pp 26, 28; Slabbert, *White Parliament*, p 8.; Mouton, *Iron in the soul*, p 148, is van mening dat Slabbert sy kanse om te wen onderskat het.
30 *Cape Times,* 17 April 1974, Brief deur M Wynne.

spyte van laasgenoemde se groter ervaring, sy senior status en sy plaaslike bekendheid. Voordat die veldtog nog begin het, het Slabbert heel gesellig vir Bamford genooi om hom te ontmoet "in 'n ontspanne atmosfeer om oor die nodigheid en nut van die hele ding te gesels".[31] Dié ontmoeting het toe wel plaasgevind, maar eers na die verkiesing, toe die twee 'n bottel whiskey gedeel het.

Slabbert was 'n baie toegewyde kandidaat. Hy moes steeds sy verpligtinge as dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand gestand doen en het vir die eerste paar weke van die veldtog elke week 3 000 kilometer heen en weer tussen Johannesburg en Kaapstad vlieg. Van Maandag tot Woensdag elke week sou hy doseer in Johannesburg, terwyl hy van Donderdag tot Saterdag sy veldtog sou voer in Kaapstad voordat hy elke Sondag sou terugvlieg Johannesburg toe. Hy het hom tot so 'n veeleisende werkskedule verbind om persoonlike teenwoordigheid en hopelik 'n hoë mate van persoonlike sigbaarheid vir sy veldtog te verseker.[32] Dit was nie net die logistiek wat hoë eise gestel het nie; hy moes ook beweeg in sowel die "verwyderde, private en ietwat boheemse wêreld van die akademie, en die betrokke, openbare en baie konvensionele wêreld van die politiek".[33]

Slabbert het later onthou dat hy homself "omtrent doodgewerk het" en sy vrou en gesin verwaarloos het, en dit alles om die politieke "vuur in die maag" te voed. Veral die laaste paar weke van die veldtog was van 'n bykanse dolheid omgewe: "Ek het onophoudelik gepraat, bladgeskud, verklarings geskryf, huisvergaderings toegespreek, kiesers op die sypaadjies raakgeloop, opinievormers te woord gestaan, prima donnas gekalmeer, en koffie en etes geniet met joernaliste en redakteurs vir ses of sewe weke."[34] Benewens gedurige openbare vergaderings het Slabbert ook omtrent 85 huisvergaderings toegespreek, wat elk deur sowat 50 tot 120 mense bygewoon is.[35] Dit was 'n volledige onderdompeling. Maar soos hy later sou onthou, het dit ook sy tol geëis, en die paar oomblikke wat hy ter nadenke gehad het, het hy

31 Aangehaal in Cassar, "Slabbert", p 31 (vertaling).
32 Cassar, "Slabbert", p 29.
33 Slabbert, *White Parliament*, p 8 (vertaling).
34 Slabbert, *White Parliament*, p 9 (vertaling).
35 Cassar, "Slabbert", p 29.

soms gebruik om die wysheid van sy keuse te bevraagteken. Hy het onthou:

> Elke aand het ek alleen deurgebring in ’n woonstel of gastekamer iewers in die kiesafdeling. Ek dink moegheid het voorkom dat ek objektief bewus was van wat besig was om met my te gebeur. Alles in my het geskop teen die lewe waarheen ek op pad was. Die verlies aan anonimiteit, die valse selfvertroue van openbare toesprake, die vervelige sosiale verwagtinge, die intellektuele banaliteit van kroegpraatjie-politiek, die verpligte rituele van die openbare lewe. Ek was mos mal om myself daarin te laat vasvang. Maar elke oggend was ek op en wakker en gereed vir die dag se verpligtinge asof dit al was wat saak gemaak het.[36]

Ten spyte van sy voorbehoude is dit duidelik dat Slabbert die veldtog en die stemwerwery opwindend gevind het. Dit het duidelik gespreek tot soveel van sy voorkeure – die uitdaging om politieke logika aan kiesers oor te dra, die emosionele bevrediging om met ’n verskeidenheid mense kontak te maak en uit hul energie te put, en die kompeterende aspek van stemwerwery in ’n kiesafdeling waar mens nie van ’n oorwinning seker kon wees nie. Hy mag dalk stilweg teenoor vertrouelinge gekla het oor die vereistes en roetines wat skielik noodsaaklik geword het, maar – miskien sonder dat hy dit agtergekom het – het dit waaroor hy sou kla, in sy lewensbloed neerslag gevind as ’n bykans dodelike aantrekkingskrag.

As die Progressiewe Party se sterkandidaat is hy aangeprys as die een wat lewe in hul hele veldtog geblaas het.[37] Selfs ’n deurwinterde politikus soos Sir De Villiers Graaff moes in bewonderende maar om verstaanbare redes ingehoue taal opmerk dat Slabbert “’n intelligente jongman” is.[38] Sterker sentiment was te bespeur in die bestekopname deur Gerald Shaw, ervare joernalis van *The Cape Times*:

36 Slabbert, *White Parliament*, p 9 (vertaling).
37 Eglin, *Crossing the borders*, p 137.
38 Aangehaal in Cassar, “Slabbert”, p 28 (vertaling).

> Oor baie jare wat ek politici in aksie kon dophou, het ek nog nooit ’n nuweling met hierdie een se gawes beleef nie. Ons sal weer van hom hoor, of hy nou wen of verloor in Rondebosch. Dit is ’n buitengewoon briljante jong Afrikaner hierdie. Maar sy intelligensie is ook baie praktykgerig. Hy sit nie ’n politieke voet verkeerd nie en beantwoord strikvrae soos ’n deurwinterde veteraan. As spreker kom hy oor as ’n eerbare en eerlike man, vol dryfkrag en met waarlike sterk karakter. Op die keper beskou is hy die merkwaardigste politieke nuweling in baie jare. En boonop het hy nog ’n sin vir humor ook.[39]

Slabbert was nie onbewus van die mate waartoe hy mense na hom toe aangetrek het nie. Hy het besef dat sy agtergrond hom ongewoon gemaak het vir die konteks waarin hy sy taak moes vervul. Om Afrikaans te wees, teen die regering te wees en ’n produk van die Universiteit Stellenbosch te wees, was nie die gewone stamboom vir politici in die erg Engelssprekende Rondebosch nie. Dit het, so het hy gesê, “indertyd ’n bykans mistieke aantrekkingskrag gehad vir Engelssprekende kiesers. Ek is opgehemel as een of ander charismatiese wonderwerk wat as stert die hond kon swaai”. By sommige huisvergaderings is hy bekend gestel as die nuwe Jan Smuts, die hoogs gerespekteerde Suid-Afrikaanse staatsman van ’n vergange era, en “gryskop-dames het skoon tranerig geraak” namate hulle hulself aan die nostalgie van toentertyd onderworpe gevoel het. Sulke heldeverering was vir Slabbert ’n verleentheid, maar soos hy erken het was daar “niks wat daaraan gedoen kon word nie”.[40]

Sy aantrekkingskrag het wyer as bejaarde dames gestrek. Hy is ook op die destydse Vroueblad van *The Cape Times* (in daardie dae was so ’n redaksionele onderskeid nog algemeen en sosiaal aanvaarbaar) basies soos ’n skouperd tentoongestel sodat vroue van alle ouderdomme die kwaliteite van die kandidaat vir Rondebosch kon aanskou en waardeer. In swymelende taal het die vroulike joernalis dit hartlik verwelkom dat Slabbert glans bydra tot ’n politieke toneel wat gewoonlik deur vervelige karakters

39 Aangehaal in Cassar, “Slabbert”, p 34 (vertaling).
40 Slabbert, *White Parliament*, p 9 (vertaling).

gekenmerk is. Hy is uitgebeeld as sterk en aantreklik, en daar is aangevoer dat hy 'n "waarlik Suid-Afrikaanse tipe sjarme" uitstraal. As openbare spreker "raak sy gesig meelewend en entoesiasties. Dit is baie aantreklik. Dit is trouens verpletterend."[41] Slabbert het die hoogwatermerk vir stemwerwery in Suid-Afrika geword; sy aantrekkingskrag het verder gestrek as die gewone brood-en-botter politieke kwessies en beleidskeuses.

Maar nie almal was ewe beïndruk deur wat hulle as misplaaste glans en klatergoud gesien het nie. Vir sommige het dit maar na 'n oppervlakkige Hollywood-vertoning gelyk. Daar is gesê dat Slabbert geen politieke ervaring het nie, dat die Progressiewe Party nie juis sterk was nie en dat hy, indien hy verkies sou word, redelik lank sou neem om die werkinge van die parlement te bemeester sodat sy kennis van Suid-Afrika in die realiteite van die parlementêre politiek neerslag kon vind. Wat volgens hierdie kritici nodig was, was 'n meer nugtere bestekopname van die kandidaat en minder filmster-bewondering. Respektabele koerante, so is berispe, behoort nie tot die vlak van die rolprent-poniepublikasies soos *Stage and Cinema* te daal nie.[42]

Terwyl dit ongetwyfeld so is dat Slabbert se persoonlike charisma 'n impak gehad het, het die kwaliteit van sy politieke insette hom minstens net soveel steun besorg. Wat beleid betref, het vier kwessies die verkiesing van 1974 oorheers, naamlik rasseverhoudinge, Suid-Afrika se internasionale statuur, interne sekuriteitskwessies en die ekonomie. Hierdie oorkoepelende kwessies het telkens landwyd kop uitgesteek, maar wat plaaslike stemwerwery in die kiesafdeling Rondebosch aanbetref het die Progressiewe Party hom toegespits op die tekortkominge van die Nasionale Party en die Verenigde Party. Volgens die Progressiewe Party het die Nasionale Party die kiesers mislei oor kwessies soos magsdeling, terwyl die Progressiewe Party aangevoer het hulle het ware magsdeling tot voordeel van alle Suid-Afrikaners in gedagte. Die Verenigde Party is uitgebeeld as 'n swak en oneffektiewe opposisie, terwyl die Progressiewe Party homself bemark het as die toonbeeld van sterk opposisie teen die Nasionale Party.[43]

41 Aangehaal in Cassar, "Slabbert", p 36 (vertaling).
42 Cassar, "Slabbert", p 36.
43 Cassar, "Slabbert", p 32.

Slabbert se eerste openbare vergadering het op 13 Februarie 1974 in die stadsaal van Rondebosch plaasgevind en is deur sowat vierhonderd mense bygewoon. Gou het dit bekend geraak dat daar 'n opwindende nuwe kandidaat in die gewoonlik ietwat aan-die-slaap kiesafdeling was, en namate die veldtog gevorder het, het al meer mense by die openbare vergaderings begin opdaag. Op 28 Februarie het hy 'n entoesiastiese gehoor van sowat negehonderd mense in die burgersentrum van Claremont toegespreek. Hy het sy toespraak met pittighede besaai deur die Nasionale Party se beleid van magsblokke te verduidelik as synde dat die wit mense die mag behou en die tuislande as klein blokkies uitgedeel word. Al wat mens van die Verenigde Party kon verwag wat hervorming betref was dat hulle "ou wyn in nuwe bottels sou gooi en dit as verouderde cabernet verkoop".[44]

Die volgende stap in die sterkandidaat-strategie was die nuwe verkiesingstrategie om dan verdere hoëprofiel bekendes aan boord te kry om Slabbert se kandidatuur tydens openbare vergaderings te onderskryf. Gegewe Slabbert se eertydse sportprestasies is die krieketspeler Eddie Barlow en die Springbokrugbyspeler Morné du Plessis nader gehark om in te val by Slabbert se beeld as deel van 'n nuwe generasie progressiewe Suid-Afrikaners. Dié strategie het netjies ingepas by die ligging van Nuweland se rugby- en krieketstadions binne die grense van die kiesafdeling Rondebosch, wat 'n mengsel van plaaslike atmosfeer, sportsterre en politieke voorkeur in die gedagtes van die kiesers laat posvat het.[45]

Die veldtog het 'n persoonlike aanslag en gemeenskapsgevoel uitgestraal terwyl dit ook die heersende orde taamlik uitgedaag het. Slabbert het later onthou dit was nogal pret om "die establishment te ontwrig, die brugpartytjies, naaldwerksirkels, leeskringe en koekverkopings te verwar met nuwe opsies".[46] Onderliggend hieraan was egter 'n ernstige organisasienetwerk wat klopdisselboom gewerk het.

44 Aangehaal in Cassar,"Slabbert", p 33 (vertaling).
45 Vergelyk Cassar, "Slabbert", pp 33-34.
46 Slabbert, *White Parliament*, p 9.

Benewens die taak om Slabbert 'n blywende deel van kiesers in die kiesafdeling Rondebosch se verwysingsraamwerk te maak, het die Progressiewe Party se strategiese span besluit dit sal goed wees vir hul oorkoepelende veldtog om hom ook in ander kiesafdelings as spreker in te span. So is Slabbert uitgestuur na sy ou standplaas, Stellenbosch. Die stadsaal was boordensvol met 'n gehoor van omtrent 1 200 mense, waarvan baie studente was. Dit was die grootste politieke vergadering van enige party in die Boland tydens die 1974-veldtog en diegene wat van hierdie dinge weet het beweer die stadsaal was laas so vol toe Jan Smuts in 1948 die Stellenbossers toegespreek het. Slabbert het sy beproefde sterk bewoorde analise aan die gehoor voorgehou, met die klem op die Nasionale Party se tekortkominge. Hy het veral gefokus op die manier waarop die Nasionale Party se beleid die bruin mense van die Boland verniel. Hoewel sommige studente die heeltyd tussenwerpsels geskree het is Slabbert se toespraak oor die algemeen goed ontvang en het 'n groot deel van die gehoor hom staande toegejuig.[47]

Stemdag was op 24 April 1974. In Rondebosch het die stemmery glad verloop met 'n stempersentasie van 78,83%. Die uitslag is om kwart oor drie die volgende oggend deur die kiesbeampte bekend gemaak: BR Bamford (Verenigde Party) 4 930 stemme; FvZ Slabbert (Progressive Party) 6 498 stemme. Slabbert het dus 'n gemaklike meerderheid van 1 568 stemme behaal.[48]

Hy en sy vrou, Mana, was buite die landdroshof in Wynberg toe die uitslag aangekondig word. Dit was 'n dolle feesviering. Hulle het op 'n Kombi gestaan, omring deur "skreeuende, juigende en huilende mense". Slabbert het ewe entoesiasties gereageer, maar homself terselfdertyd afgevra: "Genade, wat gaan ek nou maak?"[49] Ander wat daar was het ook gedink hy lyk verward tussen al die opgewondenheid. Sy suster Marcia het later onthou hy het nie die vaagste benul gehad hoe nou vorentoe nie.[50] Maar hy sou krag kon put uit die feit dat die Progressiewe Party

47 Cassar, "Slabbert", pp 38-39.
48 Cassar, "Slabbert", p 38.
49 Slabbert, *White Parliament*, p 10 (vertaling).
50 Onderhoud met Marcia Haak, 6 Augustus 2017.

sewe setels in die algemene verkiesing van 1974 sou wen, wat 'n groot verbetering was, weliswaar vanaf 'n baie lae basis.

# Hoofstuk 3

# Parlementêre inburgering, 1974–1979

## "Leer 'n paar huismaniere"

Bostaande frase was die term wat Slabbert gebruik het om sy aanvanklike blootstelling aan die parlement te gebruik – eintlik die Engelse term *becoming house trained*. Dit het 'n lighartige toon, soos huisdiere wat gedrag moet aanleer. Maar op 'n ietwat ernstiger trant, moes hy nou ook mak gemaak en geleer word hoe om in te pas.

Hoewel die apartheidsopset op die oog af so stewig soos altyd gestaan het, was daar buite die parlement aanduidings dat 'n dekade van bykans ongehoorde vrede einde se kant toe begin staan. In 1973 het swart werkers in Durban begin staak teen die heersende arbeidsregulasies en kort voor lank het gereelde stakings landwyd voorgekom. Aan die diplomatieke front het premier John Vorster 'n beleid aangekondig om nouer bande met Afrikalande soos Gaboen en die Ivoorkus (tans bekend as Côte d'Ivoire) aan te knoop. Die kruiskant van die munt was die versterking van die Suid-Afrikaanse Weermag om wat beskryf is as Suid-Afrika se belange in Suidwes-Afrika (tans Namibië) te verdedig. Die ineenstorting van die Portugese koloniale ryk in 1974 en die daaropvolgende onafhanklikheid van Mosambiek en Angola het hierdie aandrang op die uitbou van militêre mag versterk. Terselfdertyd het die bevolkingsbeplanning van die apartheidstaat onder druk gekom toe 'n demografiese studie van 1969 aantoon dat die bevolkingstoename onder swart mense veel meer is as wat in die tuislande geakkommodeer kon word. Dit was onder hierdie omstandighede dat Slabbert sy politieke loopbaan begin het.

Sy toetrede tot die Suid-Afrikaanse parlementêre wêreld is egter voorafgegaan deur 'n ongewone ervaring vir 'n wit Suid-

Afrikaner van daardie dae. Hy het naamlik vir die leier van die Progressiewe Party, Colin Eglin, vergesel op ’n werksbesoek aan Zambië, Kenia en Nigerië. Benewens dat hy Slabbert “’n baie gesellige reisgenoot” gevind het, het Eglin ook vir Slabbert saamgenooi omdat hy “’n nuwe faktor in ons politiek was wat aan ons Afrika-gashere ’n verfrissende interpretasie van ontwikkelinge in Suid-Afrika kon verskaf.”[1]

Slabbert het nog gesukkel om tot verhaal te kom na al die veranderinge in sy lewe. Dit was vir hom ’n groot aanpassing om oor te skakel van die akademiese lewe van skryf en onderrig na een waar Afrikaleiers hom ontvang. “Daar was geen voor die hand liggende loopbaanpad tussen die twee nie”, het hy opgemerk, “en beslis geen manier waarop ek motiveringsgewys daarvan kon sin maak nie. Op verskeie maniere het ek myself in ’n oorgangsproses bevind en ek was baie bewus van hoe vreemd my nuwe ondervindings was.”[2]

In die Nigeriese hoofstad, Lagos, was die rumoer, die massas op straat, die hitte, die humiditeit en die groot hoeveelheid informele nedersettings waarvoor die stad bekend is, aanvanklik ’n kultuurskok vir besoekers wat aan die netjiese geregimenteerdheid van die destydse wit groepsgebiede in Suid-Afrika gewoond was. Slabbert het ure lank deur die stegies met hul stalletjies en krotte gedrentel. As ’n sosioloog was hy gefassineer deur hoe die gemeenskappe gefunksioneer het, en hoe individuele netwerke en basiese entrepreneursvaardighede mense in staat gestel het om van dag tot dag te oorleef. Hy het gekonstateer dat dit in skrille kontras was met Suid-Afrika, waar die staat deur instromingsbeheer en gedwonge verskuiwings probeer het om die uitdagings van verstedeliking die hoof te bied – als puur verniet. In die proses was die Suid-Afrikaanse staat na sy mening besig om gemeenskapsinisiatiewe te vernietig. Dit was ’n tema waarna hy keer op keer sou terugkeer. Uit hoofde van sy ervaring in Lagos sou hy telkens waarsku: “Ons is besig om vir onsself met ’n groot babelaas op te saal.”[3]

1 Eglin, *Crossing the borders*, p 141 (vertaling).
2 Slabbert, *White Parliament*, p 34 (vertaling).
3 Slabbert, *White Parliament*, p 35 (vertaling). Sien ook Eglin, *Crossing the borders*, p 141.

Die reaksie in Suid-Afrika op hul besoek was wisselend. Op een of twee uitsonderings na het die Engelstalige pers positief gereageer. In die Nasionale Party was premier John Vorster, wat besig was om sy eie kontakte met Afrikaleiers uit te bou as deel van sy détente-beleid, taamlik afwysend oor Egin en Slabbert se reis. Die minister van buitelandse sake, Hilgard Muller, was redelik ondersteunend wat die reis betref omdat dit tot blykbare welwillendheid help bydra het. In teenstelling met Muller het die minister van verdediging, PW Botha, woedend gereageer deur Eglin en Slabbert daarvan te beskuldig dat hulle onpatrioties is en heul met "bendes en moordenaars".[4]

Die Afrikaanse pers het die geledere gesluit agter Vorster en Botha. As Afrikaner is Slabbert veral geteiken. *Die Burger* het spesifiek die roede nie gespaar nie. Die koerant het 'n denkbeeldige onderhoud met hom gepubliseer om hom belaglik te maak, en hom eers toegelaat om daarop te antwoord nadat dit reeds gepubliseer was. Hoewel Slabbert nie onbekend was met mediaslenters nie, was hy kwaad oor wat hy as "blatant bevooroordeelde en amateuragtige joernalistiek" bestempel het. As die emosies wat deur sulke skryfwerk ontketen is enige invloed op sy gesin sou hê, sou hy die koerant verantwoordbaar hou, het hy gewaarsku.[5] Wat hieruit geblyk het is dat die jonge Slabbert, wat kennelik as 'n bedreiging beskou is, nie so maklik deur die deurwinterde en siniese veterane van die Afrikanernasionalistiese media geïntimideer sou word nie. In hierdie verband het hy te staan gekom teen die legendariese Piet Cillié, redakteur van *Die Burger*. Cillié het destyds in die oë van sommige Stellenbosse akademici 'n ietwat negatiewe reputasie opgebou deur volgens hulle met sy houding te impliseer: "Ek is net so slim soos julle en dalk slimmer, want ek het meer invloed as julle omdat ek my nie die luukse veroorloof om kritiek te lewer asof ek geen bande met [die Afrikanerdom] het nie."[6]

4 Eglin, *Crossing the borders*, p 143 (vertaling).
5 *Die Burger*, 1 Augustus 1974, "Slabbert gee sy eie antwoorde op Dawie se vrae".
6 JC Steyn, *Penvegter: Piet Cillié van Die Burger*, Tafelberg, Kaapstad, 2002, p 256.

Voor die Afrika-safari het Slabbert 'n kits bekendstelling aan die partypolitieke masjinerie gehad. Benewens ander verpligtinge het dit behels om die hoofspreker by openbare vergaderings van die Progressiewe Party te wees. Die verrassende oorwinning van dr. Alex Boraine, voormalige hoof van die Metodistekerk, vir die Progressiewe Party in 'n tussenverkiesing in die kiesafdeling Pinelands in Junie 1974 was deels te danke aan die nagloed van Slabbert se triomf in die nabygeleë kiesafdeling Rondebosch enkele weke tevore. Boraine sou 'n hegte vertroueling van Slabbert word.[7] Hoewel hulle taalgewys uit onderskeidelik Engelse en Afrikaanse agtergronde gekom het, en hulle finansieel ewe behoeftige kinderjare in gemeen gehad het, het albei Sondagskoolklasse in stowwerige townships behartig.[8]

Die jaar 1974 het bekend geraak as die begin van die "progressiewe renaissance" in die Suid-Afrikaanse parlementêre politiek omdat daar 'n besliste swaai na links plaasgevind het weg van die gevestigde Nasionale Party en Verenigde Party. Met sewe bekwame parlementariërs in sy arsenaal het die Progressiewe Party begin lyk na meer as 'n blote politieke muskiet.

Eglin het 'n paar kwessies geprioritiseer vir die groeiende Progressiewe Party om op te fokus: eerstens onwrikbare trou aan die party se basiese beginsels wat klem op die oppergesag van die wet, individuele waardigheid, burgerregte en geregtigheid ingesluit het, tweedens klem op goeie kommunikasie met partylede, derdens 'n klem op alledaagse brood-en-botterkwessies eerder as hoogdrawende politieke teorieë, en vierdens die behoefte vir die Progressiewe Party om homself werklik sterk in die politieke arena te vestig. Die party moes homself posisioneer om voordeel te trek uit veranderinge in die breër politieke landskap namate antikolonialistiese verwikkelinge in die naburige Angola, Mosambiek en Rhodesië (die hedendaagse Zimbabwe) die noodsaaklikheid van politieke verandering in Suid-Afrika aangedui het. Terselfdertyd moes interne partydinamika binne die Progressiewe Party bestuur word, want die toetrede van nuwe partylede het beteken dat die belange van die ervare "ou

7 Cassar, "Slabbert", p 48; Eglin, *Crossing the borders*, p 140.
8 Boraine, "An amalgam", p 35.

Progs" en die behoeftes van jonger, dikwels meer bruuske lede met mekaar versoen of minstens gebalanseer moes word.[9]

Slabbert is veral nader gehark om betrokke te raak by beplanning oor hoe die gesogte Afrikanerstem op groter skaal na die Progressiewe Party aangetrek kon word. Daar is gehoop dat die party se versterkte parlementêre verteenwoordiging daartoe sou lei dat verligte Afrikaners dit sterker sou oorweeg om moontlik vir die party te stem. Dit was ook vir die partyleierskap bevredigend om te sien dat die party wit Engelssprekendes meer opgewonde gemaak het oor die politiek. Slabbert het so ver gegaan as om te verwys na "die ontwaking van 'n politieke bewussyn" by wit Engelssprekendes, en om op te merk dat hulle diep besorg was oor, en diep betrokke is by, Suid-Afrika en die land se toekoms.[10] Dit was 'n belangrike koersverandering weg van 'n vorige beskrywing deur David Welsh, akademikus van die Universiteit van Kaapstad, dat wit Engelssprekende Suid-Afrikaners behoort het tot 'n "subkultuur van gemaklike aanvaarding en 'n *laissez faire*-benadering tot die gemeenskap om hulle, en geneig was om wantrouig en polities onbetrokke te wees".[11] Hierdie situasie het veral begin verander nadat Mosambiek, as gevolg van die staatsgreep in Portugal in 1974, onafhanklik geword het en Engelssprekendes sterker bewus geraak het van die veranderinge in die koloniale wêreld wat Suid-Afrika omgewe het. Waaroor hulle bekommerd was, was onder meer dat politieke verwikkelinge 'n toenemende impak op die skep van private welvaart sou kon hê. Indien wel, sou dit 'n versigtiger bestekopname van die Suid-Afrikaanse situasie veronderstel en 'n groter wit Engelssprekende belang in effektiewe partypolitiek. Hoewel die Progressiewe Party baat gevind het by hierdie stygende politieke belangstelling, het dit nie noodwendig beteken dat meer mense geldelike bydraes tot die party gemaak het nie. Dit het Slabbert tot sy teleurstelling en frustrasie uitgevind toe die omvattende planne wat hy vir 'n Progressiewe Party-navorsingsekretariaat beplan het, gesnoeker is deur gebrekkige beskikbare geld.[12]

9 Cassar, "Slabbert", p 50 (vertaling).
10 Aangehaal in Cassar, "Slabbert", p 48. Sien ook pp 50-51.
11 D Welsh, "English-speaking white South Africans", Somerskool-lesings, Universiteit van Kaapstad, 1973, p 11 (vertaling).
12 Cassar, "Slabbert", p 51.

Daar is geen aanduiding dat Slabbert as 'n nuweling die wandelgange of, vir sommiges, intimiderende parlementêre gebruike hoegenaamd oorweldigend gevind het nie. Hy het trouens van die begin af soms ligweg die spot gedryf daarmee en die gevestigde parlementêre tradisies nie alte ernstig opgeneem nie. Hy het trouens 'n slag by 'n sosiale funksie gesê sommige van die agbare parlementslede lyk meer begaan oor hul behuisingsubsidies en pensioene as oor wat in hul kiesafdelings gebeur. Toe hierdie stellings van Slabbert in die media gerapporteer is, het hy genoop gevoel om in die parlement daarvoor om verskoning te vra.[13]

Slabbert se nuwelingstoespraak in die parlement op 21 Augustus 1974 was gepas gewigtig. Die toespraak het 'n berekende akademiese aard gehad, trouens Slabbert het die toespraak begin deur te sê hy sal uit sy voormalige loopbaan as sosioloog put om wat hy as die sentrale paradoks van wit politiek beskou, te analiseer. Daardie paradoks, so het hy verduidelik, was dat hoewel parlementslede demokraties verkies is deur die wit kiesers aan wie hulle verantwoording moes doen, hul verantwoordelikhede veel verder as dié van die gewone parlement s'n gestrek het omdat die parlement ook betrokke was in politieke besluite wat swart mense raak hoewel swart mense natuurlik geen sê in die parlement gehad het nie. Dit was "teen hierdie paradoks", so het hy gesê, dat hy "sterk standpunt sou inneem".[14]

Benewens die klem op wat hy as die sleutelkwessie beskou het, het hy in akademiese trant voortgegaan om voor te stel dat die parlement as instelling aan deurtastende analise onderwerp moet word. Hy het gesê hy beskou dit as 'n voorreg om deel te wees van 'n instelling wat regstreeks by die historiese konflik in Suid-Afrika betrokke is. Hy sou hom daarop toespits om uit te vind hoe dié instelling funksioneer en sy verantwoordelikhede gestand doen.[15] Dit was amper asof hy 'n voorstel vir 'n akademiese projek aan die hand doen. Die vertrekpunt was dat die effektiwiteit en onbetwyfelde respek daarvoor as 'n instelling nie sonder meer

13 *Debatte van die Volksraad*, 24 Oktober 1974, kolom 6232.
14 *Debatte van die Volksraad*, 21 Augustus 1974, kolomme 1180-1182.
15 Ibid.

aanvaar kon word nie, en dat dit aan kliniese bestekopname onderwerp moes word.

Slabbert se eerste parlementêre toespraak het dus bo die gewone partypolitieke kwessies uitgestyg deurdat dit ’n metaperspektief op die Suid-Afrikaanse parlement verskaf het. Dit het heelwat indruk gemaak op sommige lede van die parlementêre persgalery en die ervare joernalis Scott Haig het dit later uitgesonder as ’n toespraak wat alle parlementêre nuwelinge moet probeer nadoen.[16] Dit was miskien ’n ietwat oordadige kompliment, maar dit is nietemin duidelik dat die kwaliteit van Slabbert se parlementêre spreekstyl en van sy breër visie van meet af aan erkenning gekry het. Ander waarnemers het later in die parlementêre sessie meer skepties geraak. Een groep kritici was van mening dat sy toesprake te afstandelik en hoogdrawend was vir die rumoerige aard van die Suid-Afrikaanse politiek. Hy het verkies om nougeset van notas gebruik te maak en in ’n mate af te lees, terwyl hy sistemies van een logiese punt na die volgende aanbeweeg het met min afwisseling.[17] Mens sou reken sulke kritiek kon eintlik as ’n kompliment beskou word, want dit beteken tog hy het die vlak en die inhoud van die parlement se debat verbeter. Sy insette is egter nie noodwendig as sulks waardeer nie. Sy sprekerstyl het te veel verskil van die vurige en emosionele styl wat destyds die parlementêre debatte gekenmerk het. Premier John Vorster, ’n gerekende parlementêre debatvoerder, het dit as sulks opgesom: “Die parlement is nie ’n plek waar jy jou lesings moet kom lewer nie; jy moet vlees en bloed politieke toesprake lewer as jy sukses wil behaal.”[18]

Slabbert self was bewus daarvan dat hy sy sprekerstyl sou moes aanpas as hy suksesvol wou kommunikeer met die breër leserspubliek wat die mediaverslae oor parlementêre gebeure nogal aan ’n breë front gelees het, en terselfdertyd as opposisielid op rasionele wyse met die regering in wedersydse gesprek wou tree. Namate hy meer parlementservaring opgedoen het, het hy beter geraak daarmee om ’n balans tussen die twee doelwitte

16 Cassar, “Slabbert”, p 53.
17 Vergelyk Cassar, “Slabbert”, pp 60-61.
18 Cassar-versameling, mondelingse onderhoud met BJ Vorster, 4 September 1982.

met hul onderskeie eise te vind.[19] Hoewel hy van sommige van die akademikus-kenmerke van sy parlementêre spreekstyl ontslae geraak het, het hy sy akademikus-denkwyse behou. "Slabbert was in hart en niere 'n akademikus wat sy hele politieke loopbaan lank 'n akademikus gebly het", het een kommentator opgemerk.[20] Dit het nie beteken dat hy 'n naïewe dromer met sy kop in die wolke was nie. Hy het goed verstaan wat van hom vereis is en hy het 'n gesonde renons gehad in akademici wat geneig was om so op te gaan in hul eie idees dat die wêreld buite die akademie hulle skoon verbygegaan het. Hy was veral afwysend teenoor akademici wat "intellektueel bedwelm geraak het deur die 'veranderingsindustrie', waar hulle praat in die sjibbolette wat aanvaarding verseker in die tipe akademiese kringe waar moralistiese wedywering die plek van analise ingeneem het". In hierdie verband het hy ook gewaarsku teen akademici wat die grense van hul vermoëns oorskry: "Daar is geen groter gevaar vir die samelewing as 'n akademikus wat homself as politieke ekspert beskou, en wie se vertroue in sy analitiese raamwerk sterker is as sy vermoë om die sosio-ekonomiese realiteite waarbinne hy woon, te begryp nie."[21]

Gedurende sy eerste parlementêre sessie in 1974 het Slabbert hom veral verdiep in die vraagstuk van informele nedersettings (plakkerskampe) en die regering se beleid van instromingsbeheer. Instromingsbeheer het die geografiese bewegingsvryheid van swart mense ingekort deur paswette en beperkende verblyfregulasies in stedelike gebiede. Die doolhof van wette en regulasies wat instromingsbeheer gereguleer het, het berus op die gedagte van swart tuislande, wat op etniese stambasis onderskei is en veronderstel was om die toekomstige permanente tuiste van alle swart mense te wees. Oor die algemeen is swart mense se verblyf in stedelike gebiede kragtens dié beleid as tydelik gesien – hulle was "tydelike besoekers" in oorwegend wit stedelike gebiede. Slabbert het hierdie stelsel as "'n polities-

19 Cassar, "Slabbert", p 61.

20 H Giliomee-versameling, H Giliomee, "Notes on Jan Smuts, Van Zyl Slabbert and the lessons from our history to opposition parties sniffing power around the corner and re-positioning themselves", 2013, p 2 (vertaling).

21 Slabbert, *White Parliament*, p 92. Sien ook pp 91-92 (vertaling).

administratiewe handeling sonder gelyke in die moderne wêreld" bestempel. Die praktyk en die lewenswerklikhede van stedelike swart mense het min erkenning gekry. Slabbert het hierdie werklikheidsontkenning helder uitgewys: "Grondwetlik word hulle dalk hanteer asof hulle hoegenaamd nie daar is nie, maar die feit is dat hulle wel daar is, en vir ewig daar sal wees."[22]

Slabbert en Alex Boraine het die informele nedersetting Kruispad naby Kaapstad besoek om die werklikheid persoonlik te ervaar. Daar het hulle 'n hardwerkende maar raadop swart man raakgeloop. Sy gesin was groot en sy vrou se gesondheid was swak, en boonop het die owerhede gedreig om sy gesinslede, wat nie hulself ekonomies kon onderhou nie, terug te stuur Transkei toe. Terwyl hy dié man besoek het is Slabbert gearresteer omdat hy as 'n wit persoon sonder die vereiste permit in 'n gebied teenwoordig was wat kragtens die Groepsgebiedewet vir bewoning deur slegs swart mense afgebaken is. Toe Slabbert weier om homself te onderwerp is hy gedagvaar om in die hof te verskyn. Met sy gevolglike hofverskyning is hy skuldig bevind, maar hy is bloot gewaarsku en vrygelaat. Slabbert het daarna vergeefs geprobeer om die tersaaklike kabinetslid te kontak, en hy het besef hoe ongevoelig die owerheidsburokrasie was oor die lot van desperate mense. "Die afgryslike oningeligtheid en ongevoeligheid oor die hele plakkerskwessie het my woedend gemaak", het hy later onthou. Maar hy het ook besef "dat my persoonlike gevoel van woede geen politieke nut of gevolge gehad het nie. Ek moes my woede beheer, soek vir die swakhede in die stelsel en as ek gelukkig was sou ek 'n bydrae kon lewer om 'n probleem op te los."[23]

Dit is opmerklik hoe gereeld Slabbert ingegryp het by die wyse waarop apartheidswetgewing gewone mense se lewens ontwrig het. Benewens instromingsbeheer was die Bevolkingsregistrasiewet van 1950, wat mense ingedeel en gedefinieer het volgens ras, 'n verdere brandpunt. By verskeie geleenthede het paartjies of families wie se lewens regstreeks

22 *Debatte van die Volksraad*, 18 September 1974, kolom 3270 (vertaling).

23 Slabbert, *White Parliament*, pp 38-39 (vertaling); sien ook Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 19-20.

en ten diepste beïnvloed is deur die feit dat hulle kragtens die Bevolkingsregistrasiewet as behorende tot verskillende rasse geklassifiseer is, by hom om hulp kom aanklop. Hy het dikwels met die owerhede onderhandel om die ras waaraan mense wetlik behoort het, verander te kry, en soms het hy meer sukses behaal as met die verbetering van die lewenskwaliteit in Kruispad. Rasseklassifikasie het dikwels berus op die oordeel van 'n adjunkminister aan wie sulke besluite toevertrou is; benewens sy eie oortuigings moes die adjunkminister ook die politieke gevolge van sy besluit verreken. Slabbert het gou geleer dat hy meer sukses behaal het as hy 'n vriendelike persoonlike verhouding met die adjunkminister kon handhaaf.[24]

Hy het ook 'n politieke bydrae probeer lewer op lewensterreine waarvan hy ervaring gehad het. As voormalige sportman het hy gedink 'n kritiese ontleding van die regering se sportbeleid kon betekenisvol en konstruktief wees. Gedurende die 1970's het die sportboikot teen apartheid vinnig internasionaal steun gewen. In 'n poging om dreigende ontwikkelinge te probeer afweer, het die regering 'n ingewikkelde formule bedink met verskillende reëls vir verskillende sportsoorte, kompeteringsvlakke en sportliggame voordat uitsonderings op die oorkoepelende apartheidsregulasies toegelaat kon word.[25] Slabbert het opgemerk "die beleid het soveel bene dat dit klink soos 'n duisendpoot wat tred met homself verloor het".[26] Hy het 'n veel eenvoudiger stelsel voorgestel wat nasionale spanne op meriete sou kies, genoegsame sportfasiliteite vir swart mense daar sou stel en klubs sou toelaat om outonoom te funksioneer, sonder inmenging van politici. Die regering het uiteindelik die sportbeleid stuksgewys en op lukrake wyse aangepas, nie noodwendig weens die kritiek van mense soos Slabbert nie, maar eerder weens Suid-Afrika se toenemende sportisolasie gedurende die 1980's.

As 'n belowende nuweling op die opposisiebanke was dit altyd te verwagte dat deurwinterde veterane van die Nasionale

24 Slabbert, *White Parliament*, pp 43- 52; Slabbert, *The other side of history*, pp 159-160.
25 Veel is geskryf oor apartheidsport. Sien byvoorbeeld D Booth, *The Race Game: Politics and Sport in South Africa*, Frank Cass, Londen, 1998.
26 *Debatte van die Volksraad*, 14 Oktober 1974, kolom 5265.

Party vir Slabbert aan ’n parlementêre vuurdoop sou onderwerp. Veral PW Botha – die minister van verdediging en Kaaplandse provinsiale leier van die Nasionale Party – was op die aanvalspad en het die Progressiewe Party beskou as ’n negatiewe invloed wat gemarginaliseer moes word. Hy het sommige parlementslede van die Progressiewe Party geteiken en het vir Slabbert gewaarsku om versigtig te wees, want hy (Botha) het Slabbert se bloed gesoek. Slabbert het onbeskroomd teruggeslaan met ’n antwoord dat Botha "’n politieke bloedlus het wat selfs graaf Dracula sal laat lyk soos ’n verdwaalde Bosveldmuskiet".[27] Hoewel hy oor die algemeen probeer het om persoonlike beledigings te vermy, was Slabbert self nie verhewe bo beledigende taal as hy heeltemal keelvol was nie. So byvoorbeeld het Slabbert sy selfbeheersing verloor tydens ’n toespraak waarin ’n parlementslid van die Nasionale Party breedsprakig uitgevaar het teen swart mense wat trek vanaf die Oos-Kaap na die Wes-Kaap. Slabbert het gesê as die spreker se brein gevul moes word met dinamiet en dan opgeblaas moes word, die slag nie eens sterk genoeg sou wees om sy bril van sy neus te lig nie.[28] Hiervoor moes Slabbert om verskoning vra.

Nog ’n taamlik afgesaagde maar gewilde taktiek vanuit die regeringsbanke was om te beweer dat Slabbert en die opposisie onpatrioties was teenoor Suid-Afrika. Slabbert het dié bewerings korrek opgesom, naamlik "dat daar geen duideliker teken van politieke bankrotskap in ’n magsgroep is as wanneer hulle kritiek of opposisie op hul beleid probeer dooddruk onder die pseudobanier van ’n debat oor patriotisme nie." Hy het dit duidelik gemaak dat hy hom "nie gaan steur aan die hoogheilige morele lesings oor patriotisme vanaf die ander kant van die huis wat skynheilig maak asof al die land se probleme ander mense se verantwoordelikheid en ander mense se skuld is, maar nooit hul eie nie". Vir hom "is die eerste toets van patriotisme dat mens die belange van die land en haar mense stel bo die belange van die party, eiebelang of selfs eie bloedlus".[29]

27 *Debatte van die Volksraad*, 2 September 1974. Sien ook Cassar, "Slabbert", p 55.
28 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 20.
29 *Debatte van die Volksraad,* 2 September 1974, kolomme 2014, 2015.

Wanneer ’n mens bestek opneem van Slabbert se eerste termyn in die parlement (1974 tot 1977) is dit interessant om die mening van premier John Vorster te verreken. Vorster, wat geweier het om Slabbert in die wandelgange van die parlement te groet, was skepties oor die jonger man se vertoning.[30] Hy was van mening dat die media Slabbert se beeld opgeblaas het en dat dit heeltemal voortydig was om na hom te verwys as ’n moontlike toekomstige eerste minister. Vorster het ook aangevoer dat Slabbert, as ’n agterbanker in ’n klein party, te min parlementêre spreektyd sou kry om reg te laat geskied aan sy behoefte om oor kwessies te argumenteer en dat sy wyer ambisies mettertyd deur sulke frustrasies versmoor sou word.[31] Dit is dan ook so dat Slabbert soms die parlementêre lewe baie onbevredigend gevind het. In 1977 het hy aan ’n vriend geskryf dat hy nie daarna uitgesien het om terug te gaan parlement toe en “daardie goor ou pot te gaan roer nie”.[32]

Nogtans het hy baie hard gewerk toe hy in die parlement gedien het. Die beperkte hoeveelheid parlementslede van die Progressiewe Party het beteken elkeen moes verskeie portefeuljes dek. “Ons was almal baie besig”, het Boraine onthou, “en ons het dit so verkies.”[33] As mens telling sou hou van hul werklas in die parlementêre jaar van 1974 blyk dit die sewe parlementslede van die Progressiewe Party het ’n gemiddeld van 34 toesprake elk gelewer en 72 parlementêre vrae elk gevra. Slabbert was die Progressiewe Party se woordvoerder oor agt portefeuljes: verdediging, welsyn en pensioene, gemeenskapsbou, sport, landbou, waterwese, bosbou en nasionale opvoeding. As ’n party met min parlementslede, het die Progressiewe Party se verteenwoordigers nie baie spreektyd gekry nie, maar Slabbert het bepaald meer as genoeg gehad om hom as parlementariër mee besig te hou, benewens sy wyer verpligtinge binne die party. Ten spyte van die opinie van Vorster, wat in elke geval

30 Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 214; Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 21.

31 J D’Oliviera, *Vorster: The Man,* Edward Stanton, Johannesburg, 1977, p 247.

32 Universiteit Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Slabbert – Joubert 17 Januarie 1977.

33 Boraine, *Life in transition*, p 94 (vertaling).

geringskattend en afwysend opgetree het teenoor Slabbert as 'n medeparlementslid, was die algemene mening dat daar 'n groot mate van waardering was vir Slabbert se bydrae in sy eerste parlementêre sessie. Slabbert self het die ondervinding darem ook nie so onaangenaam gevind dat hy sy loopbaankeuse wou verander nie. Later sou hy wel bedenkinge oor die parlement ontwikkel en Vorster sou in 'n mate korrek bewys word, maar nie noodwendig omdat Slabbert se parlementêre ambisies onvervuld was, soos Vorster voorspel het nie.

Dit is voorts die moeite werd om Slabbert se parlementêre arbeid in historiese konteks te sien. Hoewel minder kwantifiseerbaar maar uiteindelik van veel groter belang is die mate waarin Slabbert en sy kollegas van die Progressiewe Party 'n nuwe tipe debat in die parlement ingelui het. Een van die kenmerke van die parlement voor 1974 was die ideologiese verdelingslyn tussen die elitistiese en grootliks Engelssprekende opposisie wat neergesien het op Afrikanersentiment, en die regerende Nasionale Party met sy konserwatiewe, grootliks Afrikaanssprekende ondersteunerskorps. Slabbert het in sy insette die moontlikheid en die noodsaaklikheid begin opper om fundamenteel nuut te dink oor Suid-Afrika se politieke toekomsmoontlikhede in 'n poging om potensieel konflik tussen wit en swart te vermy en neerdrukkende maatskaplike toestande te verbeter.

Sulke debatte het die steriele en uitgediende botsings tussen wit opponente oor algaande meer irrelevante denkpatrone begin vervang. Gedurende sy eerste parlementêre sessie het Slabbert dit duidelik gemaak dat "ons in 'n groot mate hier deur tradisionele verskille in ons politiek teruggehou word. Ons kan nie hierdie tipe politieke verdeeldheid, waar mense met mekaar redekawel eerder as om die ware landsprobleme in die parlement te takel, bekostig nie".[34] Daar is diegene wat aanvoer "Slabbert het die konsepsuele verstardheid in die wit partypolitiek besweer. Trouens, een van Slabbert se grootste (en dalk mees onderskatte) bydraes tot die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis is dat hy die wyse waarop lede van die Nasionale Party oor die landspolitiek

34 *Debatte van die Volksraad*, 10 Oktober 1974, kolom 5026.

gedink het, verander het."[35] Ander sou beweer dat Slabbert, op die keper beskou, "meer as enige ander persoon gedoen het om die leiers van die Nasionale Party in die parlement se geloof in die geloofwaardigheid en moraliteit van die apartheidsbeleid te vernietig."[36] Sonder om Slabbert se bydrae en sy katalisatoriese rol gering te ag, moet hierdie beoordelings wel in perspektief geplaas word. Toenemende swart vyandigheid en buitelandse druk het veral na 1976 erge druk geplaas op die denke van die bewindhebbers. Maar dit was Slabbert, self komende uit Afrikanerdom, wat vroeg al die noodsaak van 'n vars parlementêre diskoers beklemtoon het.

Kort nadat Slabbert die parlement betree het, het 'n groot herskikking binne die parlementêre opposisiepartye plaasgevind. Die eens magtige Verenigde Party onder leiding van Sir De Villiers Graaff het begin meegee onder interne beleidsteenstrydighede. Graaff het gekom uit 'n era toe kwessies soos republikeinse onafhanklikheid van die Britse Ryk en die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes die Suid-Afrikaanse politiek oorheers het en as die land se grootste politieke vraagstukke hanteer is. Sulke kwessies is nou vervang met die veel gevaarliker en meer ingewikkelde uitdaging van die verhoudings tussen wit en swart Suid-Afrikaners. Graaff het sy bes gedoen om die uiteenlopende faksies in sy party eendragtig te hou, maar die Verenigde Party het ook 'n afgeleefde beeld by die kieserspubliek gehad. "Die Verenigde Party se styl", het Slabbert gesê, "het gepas by 'n afgesaagde plattelandse landbouskou of 'n liefdadigheidskermis en koekverkoping in die ordentliker stedelike voorstede."[37]

Die wortel van die kwaad in die Verenigde Party was dat die party geen samehangende beleid oor burgerregte vir swart mense gehad het nie. Dit het heelwat interne wrywing veroorsaak en pogings om dit op te los het misluk. Die Verenigde Party het

35 V Thakur en P Vale, "Negotiations in South Africa: The liberal imaginary and the expertise of Frederik van Zyl Slabbert", ongepubliseerde en ongedateerde referaat, p 6 (vertaling).

36 Giliomee-versameling, Giliomee, "Notes on Jan Smuts and Van Zyl Slabbert", p 2 (vertaling). Sien ook Giliomee, *The last Afrikaner leaders,* p 219.

37 Slabbert, *White Parliament*, p 60 (vertaling).

verskeie wegbreekaksies beleef voordat dit volkome gedisintegreer het. Harry Schwarz, ’n vuurvreter aan die party se linkervleuel, het in 1975 saam met ’n paar ander jong Turke afgestig om die Reformisteparty te stig, wat in dieselfde jaar met die Progressiewe Party saamgesmelt het om die Progressiewe Reformisteparty te vorm. Desperate pogings is aangewend om nuwe lewe in die sterwende Verenigde Party te blaas, en in Junie 1977 is die naam verander na die Nuwe Republiekparty, wat uit die Verenigde Party en ’n paar ander klein groepe se samevoeging ontstaan het. Die doodskoot vir hierdie groepering was toe die ervare Japie Basson se meer liberale faksie eerder by die Progressiewe Reformisteparty aangesluit het met die nuwe naam, die Progressiewe Federale Party (PFP).

Slabbert het nie ’n sleutelrol in hierdie intriges en onderhandelinge gespeel nie. Nietemin het hy as iemand sonder die littekens, blou kolle en krapmerke van vroeëre faksiegevegte tussen opposisiegroepe, ’n fasiliterende rol gespeel om antagonismes te oorkom. Eglin het hom in hierdie rol ontplooi danksy sy kommunikasievaardighede, maar ook omdat hy as partyleier oortuig was Slabbert het gekom uit dieselfde ideologiese stal as Helen Suzman en ander langdienende progressiewes, wat sou beteken die party se boodskap word nie verwater nie.[38]

Danksy hierdie verwikkelinge kon die PFP nuwe moontlikhede verken. Slabbert het egter veral daarop aangedring dat die party ’n gedeelde doelwit moet hê sodat die samesmelting nie net ’n politieke geleentheidshuwelik sou wees nie. Hy het dit as volg verduidelik:

> Vir my is die belangrike vraag: Waaroor gaan hierdie opposisie werklik? Dit is nie net ’n kwessie van voeg al die opposisiepartye saam nie. Wat is die kern van dit wat jy probeer ontwikkel? Ons moet soveel kiesersteun as moontlik werf om duidelik aan te toon dat daar wit mense in Suid-Afrika is wat bereid is om te onderhandel oor medebestaan op alle vlakke, en al die implikasies daarvan in ag te neem. As ons nie hieroor konsensus bereik nie is

38 Cassar, “Slabbert”, pp 91-92, 95.

> die konsep van ’n breër opposisie sonder enige werklike betekenis.[39]

Dit was ’n kragtige wekroep op ’n belangrike tyd. Wit Suid-Afrika het pas die skok ervaar van die vurigheid en omvang van die swart jeugopstand in Soweto in Junie 1976 wat na verskeie ander dele van die land versprei het. Die politieke landskap sou nooit weer heeltemal dieselfde wees nie. Groter dele van die wit kieserskorps as tevore het besef dat die regering se beleid nie meer onvoorwaardelike beskerming gebied het nie. Dit was nodig om die aard van die wit politiek te heroorweeg, en die PFP as ’n herskepte en dus redelik nuwe politieke entiteit was gerat vir daardie doelwit.

In die algemene verkiesing van 1977 het die PFP se getal setels toegeneem tot sewentien, vergeleke met die sewe setels wat die party in 1974 kon wen. Die swaai na die PFP was ook duidelik in Slabbert se eie kiesafdeling, Rondebosch, waar sy meerderheid toegeneem het van 1 568 stemme in 1974 tot 3 873 in 1977.[40] Dit het bewys in watter groot mate hy reeds sy merk gemaak het as ’n soliede en formidabele politikus. Hy het die bynaam “die Mohammed Ali van die PFP” verwerf.[41]

As ’n politikus wat gunstige reaksie as belowende parlementariër uitgelok het, het Slabbert indertyd gevind dat hy baie nadink oor die aard, rol en doel van opposisiepolitiek. Meer as ooit tevore het hy besef “jy het yster in jou siel nodig om nie geloof te verloor in jou eie oortuigings of om jou doelwit uit die oog te verloor nie”. Wat nodig was, was om “aan te hou en aan te hou met die uitkalwering van die bestaande struktuur sonder enige verwagting van onmiddellike beloning, en om altyd voorbereid te wees op mislukking en teleurstelling”. Mens moes bly hoop “dat die krake uiteindelik duidelik sal word, en wanneer dit gebeur is dit beter om te soek na meer lig as om die duister te verleng”.[42] Dit was volgens hom noodsaaklik om terselfdertyd ’n werkbare

39 Aangehaal in Cassar, “Slabbert” p 90 (vertaling).
40 *Die Burger*, 2 Desember 1977, “Verkiesingsuitslae”.
41 Cassar, “Slabbert”, p 107.
42 Slabbert, *White Parliament*, p 42 (vertaling).

politieke model te ontwerp wat aan die vereistes van ’n diverse gemeenskap sou voldoen.

## Visionêre denke

Slabbert het reeds vroeg in sy loopbaan besef dit is goed en wel om gate te skiet in regeringsbeleid, maar dat die werklike uitdaging van opposisiepolitiek is om alternatiewe beleidsraamwerke daar te stel. Sy hoofdoel was om ’n oorkoepelende, regverdige stelsel te skep. As ’n maatskaplike strateeg wat verkies het om op ’n metavlak te funksioneer eerder as om betrokke te wees by roetinesake, kon hy hom daarin verdiep om nuwe maatskaplike landskappe te bedink.[43] As iemand wat graag in sistematiese sosiologiese terme gedink het, het die moontlikheid van ’n nuwe politieke visie met nuwe strukture ’n besliste bekoring vir hom ingehou. Hy was egter nie blind vir die realiteite nie. “Dit is die natuurlike neiging van die akademikus”, het hy verduidelik, “om te kwalifiseer, te herformuleer en om keuses te kompliseer – en so hoort dit. Maar daardie neigings is luukses waaroor die politikus nie beskik nie. As ’n liberale persoon ’n politikus wil wees, sal hy of sy ’n besliste politieke keuse moet maak.”[44] Die opsies het toenemend beperk geword gedurende Slabbert se parlementêre loopbaan, maar dit was juis dié tipe verskraling wat Slabbert wou hê die PFP moes vermy. Slabbert het ook die vlak van debat in die parlement teleurstellend gevind. Politieke partye was in die eerste plek daarop uit om niks toe te gee aan die opponent nie, so “onsin, oordrywing en doodgewone twakpratery het ’n belangrike deel van die parlementêre ritueel geword”.[45] Sulke tekortkominge het na sy mening die noodsaaklikheid van meer konstruktiewe gesprek beklemtoon. Wat nodig was, was om weg te beweeg van steriele debat na meer vrugbare besprekings oor toekomstige grondwetlike prosesse.

43 Thakur en Vale, “Negotiations in South Africa”, p 4.
44 FvZ Slabbert,”Incremental change or revolution?” in J Butler, R Elphick en D Welsh (reds.), *Democratic liberalism in South Africa: Its History and prospects*, David Philip, Kaapstad, 1987, pp 401-402 (vertaling).
45 Slabbert, *White Parliament*, p 72 (vertaling).

Van die begin van sy parlementêre loopbaan af het hy dit duidelik gemaak dat magsdeling na sy mening die sentrale vraagstuk in die Suid-Afrikaanse politiek is.[46] Hy het groot invloed gehad by Eglin, wat hom aangestel het as voorsitter van die PFP se grondwetlike kommissie, met die mandaat om 'n nuwe beleid te formuleer. Slabbert se opdrag was om "ou beginsels" op "nuwe maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkelinge toe te pas".[47] Hy het die geleentheid aangegryp en het dit 'n hoogs bevredigende taak gevind, waartydens hy al sy akademiese kundigheid sowel as die kundigheid van voormalige universiteitskollegas en kennisse kon inspan. Boonop het die toekenning van 'n genootskap aan die Universiteit Rhodes in die destydse Grahamstad (tans Makhanda) hom in staat gestel om in 'n afgesonderde akademiese atmosfeer te werk, weg van die roetine van die praktiese politiek.[48]

Die kommissie het in Oktober 1978 sy verslag afgehandel. Dit was 'n afskeid van die heersende Suid-Afrikaanse politieke opset. Die verslag het voorgestel dat 'n nuwe grondwet die uitkoms moet wees van onderhandeling waarby alle relevante rolspelers betrokke moes wees. Die proses sou nie aan spertye onderworpe wees nie en moes ideaal gesproke 'n konsensusgedrewe proses wees. Die belangrikste eienskappe van 'n nuwe grondwet was 'n voorkeur vir 'n federale staat, algemene stemreg, 'n handves van menseregte, spesiale beskerming vir individuele regte, proporsionele verteenwoordiging, magsdeling op kabinetsvlak tussen die meerderheidsparty en minderheidspartye, 'n minderheidsveto en 'n konstitusionele hof as finale arbiter van dispute.[49]

Die meriete van al hierdie voorstelle was debateerbaar, maar die kwessie van 'n minderheidsveto was veral omstrede. Slabbert het die denke daaragter verduidelik as dat die blote bedreiging van 'n veto en die wil om dit te vermy gewoonlik sou dien as aansporing vir verdere onderhandeling en toegewings. As die een groep sou probeer om wetgewing die heeltyd te blokkeer

46 *Debatte van die Volksraad*, 6 Februarie 1975, kolom 350.
47 Slabbert, *White Parliament*, p 54 (vertaling).
48 Slabbert, *White Parliament*, pp 54-55.
49 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 216; Cassar, "Slabbert", pp 142-143.

sou dit die handves van menseregte oortree en sou dit op ’n ander vlak opgelos moes word.[50]

Teen die onstuimige 1980’s toe politieke verdelingslyne erg verhard het, het Slabbert die gedagtes van ’n minderheidsveto en magsdeling op kabinetsvlak laat vaar. ’n Ander verdelende kwessie wat lank deel was van die beleid van die Progressiewe Party, was gekwalifiseerde stemreg. Gekwalifiseerde stemreg was ’n oorblyfsel van die negentiende-eeuse Kaapse liberalisme wat op nie-rassige vlak sekere kriteria betreffend onderwysvlak en finansiële welvaart gestel het waaraan voldoen moes word om stemreg te verkry. Dit was ’n beleid waarmee Slabbert jare lank ongemaklik was omdat dit inherent diskriminerend was, en omdat die voorstelle vir die kriteria waaraan voldoen moes word glad nie toegeeflik was nie.[51] Hoewel die politieke doelwit was om wit kiesers daarvan te verseker dat hulle nie deur swart kiesers oorstroom sou word nie, was die beleid onregverdigbaar in ’n wyer konteks.[52] Dit was tyd om van gekwalifiseerde stemreg afstand te doen, want dit was uitgedien. Dit is trouens verrassend dat dit so lank geneem het om die beleid te kelder. Die vroeëre Liberale Party het van 1960 tot hul ontbinding in 1968 algemene stemreg in Suid-Afrika voorgestaan.[53]

By voltooiing is die verslag voorgelê aan Eglin, wat tevrede was daarmee. Die volgende stap was dat Eglin en Slabbert ’n veldtog begin het om die verslag as partybeleid aanvaar te kry. Slabbert het hierdie proses raak beskryf as “die snypunt van die verskil tussen die akademiese lewe en die politieke lewe.” Hy was ten volle bewus dat “’n stel grondwetlike voorstelle jou intellektueel kan bekoor danksy die logiese samehang met hul aanvanklike vertrekpunte”. In hierdie verband het hy bevind “ons stel beleidsvoorstelle is bekoorlik”. Maar die ware toets het gelê in

50 Cassar, “Slabbert”, p 143.
51 *Debatte van die Volksraad,* 6 Februarie 1975, kolom 351, en 25 Februarie 1975, kolom 1371.
52 Boraine, *Life in transition*, p 91. Sien ook FvZ Slabbert en D Welsh, *South Africa’s options: Strategies for sharing power,* David Philip, Kaapstad, 1979, p 151.
53 M Cardo, “The liberal tradition in South Africa: Past and present”, *Focus*, Julie 2012, p 19.

"die kuns van die politiek – om grondwetlike vertrekpunte om te sit in politieke beleidsaanvaarding".[54]

Met hierdie doel in gedagte het Slabbert en Eglin 'n reis onderneem na die land se stede en hoofdorpe waar die voorstelle voorgelê is aan partylede en genooide gehore. Daarna het die verslag gedien voor die PFP se federale kongres in Durban vir aanvaarding as partybeleid. Twee bevindings van die verslag het veral onder kritiek deurgeloop. Die eerste hiervan was wie by onderhandelinge betrek moes word, en veral of dit politieke uitgewekenes en bannelinge moes insluit. Na 'n vurige debat is besluit dat hulle wel ingesluit moes word, solank hulle geweld afgesweer het teen die tyd dat beleidsonderhandelinge by 'n nasionale konvensie kon begin. Die ander kwelpunt was die minderheidsveto wat Slabbert, soos ons reeds gesien het, so omskryf het dat dit as 'n werkbare meganisme bemark is. Dit moes vir Slabbert 'n bron van groot tevredenheid gewees het toe die federale kongres die voorstelle as PFP-beleid bekragtig het.[55]

Soos verwag kon word was die invalshoek van koerantberiggewing oor die nuwe beleid baie uiteenlopend, met die wit Engelstalige pers wat dit as 'n belangrike ingryping verwelkom het, en die Afrikaanstalige pers wat dit as gevaarlike misleiding bestempel het. Premier PW Botha het die idee van 'n nasionale konvensie totaal verwerp, met die siening dat Suid-Afrika reeds van 1908 tot 1909 'n nasionale konvensie gehad het, en dat die land nou soewerein was met die parlement as enigste liggaam met die mag en mandaat om oor toekomstige grondwetlike ontwikkelinge te besluit. Volgens Botha sou die ondergrawing van die oppergesag van die parlement lei tot die ondermyning van stabiliteit.[56] Slabbert het die parlement wel as 'n belangrike rolspeler geëien, maar om ander redes, naamlik dat die parlement 'n wortel van die kwaad was – die bron van ontevredenheid omdat dit die beperkte lewensgeleenthede van swart mense bepaal en beheer het.[57]

54 Slabbert, *White Parliament*, pp 55-56 (vertaling).
55 Cassar, "Slabbert", pp 147-148.
56 Cassar, "Slabbert", p 146.
57 *Debatte van die Volksraad*, 6 Februarie 1975, kolom 350.

In die swart Engelstalige pers is die PFP se nuwe beleid gekritiseer as dat dit wit belange te veel ter wille was.[58] Slabbert het gesprekke oor die nuwe beleid met swart meningsvormers ongemaklik gevind. In een private seminaar was hy taamlik verstom toe sommige swart politici die beleid doodeenvoudig as rassisties verwerp het sonder om dit deurtastend te bestudeer of die moontlikhede wat daarin opgesluit was behoorlik te deurdink. Hy was egter nie blind vir die ontwikkelende dinamika nie. Vir hierdie swart mense, so het hy verduidelik, "verteenwoordig ons die welvarende liberale mense wat of ons brood alkant gebotter wil hê of ons integriteit moes bewys deur ons intelligensie en moraliteit te versaak sodat hul gevoel van politieke benadeling en ons eie klaarblyklike gevoel van rasseskuld die botoon kan voer".[59] So 'n reguit bestekopname ontbloot nogal baie. In weerwil van Slabbert se basiese liberale begrip van sake, was hy duidelik nie gefop deur identiteitspolitiek of onnadenkende insette nie – wie dit ook al sou maak. Hoewel hy simpatiek gestaan het teenoor die frustrasies van swart politici, was hy nie bereid om deur hulle gemanipuleer te word nie. Hy was veral allergies vir skynheilige moralisme as 'n manier om goedkoop politieke punte in eiebelang aan te teken.

Benewens Slabbert se politieke werk oor grondwetlike kwessies het hy dit vaagweg begin oorweeg om sy akademiese loopbaan te hervat. Hy het besef dat hy te min akademiese artikels gepubliseer het, en het daaroor gesels met David Welsh van die departement politieke wetenskap aan die Universiteit van Kaapstad wat hom genooi het om medeskrywer te word aan 'n boek oor Suid-Afrika se toekomsmoontlikhede.[60] Die boek, getiteld *South Africa's Options: Strategies for sharing power*, het in 1979 verskyn, kort nadat Slabbert sy werk oor die Progressiewe Party se beleid voltooi het. Dit was 'n gedetailleerde analise van grondwetlike moontlikhede, onderlê deur 'n deurlugtige bespreking van vergelykende voorbeelde. Die klem was op die basiese Suid-Afrikaanse realiteite dat wit mense, as gevolg van 'n krimpende demografiese basis, groeiende swart opposisie

58 Cassar, "Slabbert", p 146.
59 Slabbert, *White Parliament*, p 56 (vertaling).
60 David Welsh, e-pos aan skrywer, 23 Desember 2018.

en buitelandse druk, al minder opsies gehad het – dit was ’n keuse tussen ’n tipe militêre diktatorskap gedrewe deur ’n belegmentaliteit, of ’n besef dat veelparty-onderhandelinge nodig was om ’n grondwet gesetel in liberaal-demokratiese waardes te skep.

Die boek het wye bespreking uitgelok. Slabbert se hoofstukke is gekritiseer as synde sonder genoegsame teoretiese begronding, hoewel hy wyd erken is as ’n gesofistikeerde intellektuele denker.[61] Sy hoofdoel met die skryf van die boek moet egter verreken word – dat hy geskryf het as praktiserende politikus en dat hy dus nie die teoretiese onderbou telkens verklaar het nie. Verdere kritiek op die boek was dat die skrywers te nougeset gefokus het op wit elite-leierskap en dus nie genoegsaam gefokus het op massapolitiek of die wyse waarop ekonomiese oorwegings gebeure kon beïnvloed nie.[62]

By ander kritici was daar twyfel oor die geldigheid van die argumente omdat geen blywende waarborge aan wit mense verskaf kon word nie, veral gegewe die tekortkominge in en relatiewe mislukking van veelrassige demokrasieë elders. [63] Boonop is aangevoer dat die skrywers, in hul ywer om die Suid-Afrikaanse dooie punt te oorkom, te veel klem geplaas het op ’n liberaal-demokratiese model as ’n tipe wonderkuur, sonder om die voorvereistes vir so ’n model om behoorlik te kan funksioneer, ten volle in ag te neem. Vergelykbare voorbeelde sou dit wou hê dat sulke voorvereistes onder meer grootskaalse industrialisering, ’n verskeidenheid gesofistikeerde vrywilligersorganisasies, maatskaplike gebondenheid ondanks verdeeldheid, ’n hoë geletterdheidskoers, relatiewe gelykheid in inkomste, en ’n algemene gevoel van gedeelde nasionale identiteit sou moes insluit. Daarsonder is ’n goed funksionerende demokrasie weliswaar nie onmoontlik nie, maar baie moeiliker om te bereik. Sulke kritici het gewaarsku: “’n Suksesvolle liberale demokrasie

61 A du Toit, “On South Africa’s options”, *Social Dynamics*, July 1979.
62 N Alexander, “On South Africa’s options”, *Social Dynamics*, July 1979.
63 H Giliomee, “Golden boy, golden opportunity: A note on Van Zyl Slabbert” in A Lemaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert - The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African*, Jonathan Ball, Kaapstad, pp 94-95.

berus nie op goeie bedoelings nie, maar op maatskaplike kompleksiteit en sosio-ekonomiese verwikkelinge binne die gemeenskap."[64]

In alle billikheid word die laaste twee hoofstukke van *Options* daaraan gewy om ander moontlike raamwerke te oorweeg en bekommernisse oor die daarstel van 'n liberale demokrasie te erken.[65] Jare later, in 1988, het Slabbert ook bedenkinge oor liberale grondwetlike ooreenkomste verwoord. Hy het uitgewys dat dit nie veel van 'n doel sou dien "om sommige Europese grondwette op Suid-Afrika oor te plant en dan te probeer om die empiriese teenstrydighede te probeer wegredeneer met twyfelagtige klousules wat op 'as dit maar so kon wees' sou neerkom nie". Hy het benadruk dat "grondwetlike voorkeure verband moet hou met werklike politieke kragte, en eers dan kan mens begin om die elemente van 'n moontlike of waarskynlike demokratiese grondwet vir Suid-Afrika te begin beplan".[66]

Wat ook al die meriete van debatte oor die ideale grondwet vir 'n land so divers soos Suid-Afrika sou wees, was Slabbert se insette hieroor belangrik vir die trajek van sy politieke loopbaan. Wat die wit parlementêre geskiedenis in Suid-Afrika betref, was sy werk die eerste samehangende poging sedert 1910 om die bestaande grondwetlike reëlings vir die land as geheel te hersien. Dit was veel omvattender as wat die Nasionale Party met die tuislandbeleid gedoen het. Wat meer is, en vandag dikwels vergeet word, is dat die voorstelle wat in die 1980's gaandeweg vorm aangeneem het as die PFP-beleid van magsdeling, in redelik groot mate ooreengestem het met die Grondwet wat vanaf die vroeë 1990's in post-apartheid Suid-Afrika vorm aangeneem het. 'n Medelid van die PFP uit Slabbert se tyd, Robin Carlisle (later PFP-parlementslid vir Wynberg en vanaf 2009 tot 2014 LUR vir vervoer in die Wes-Kaap) het terugskouend hierdie aspek bestempel as Slabbert se belangrikste politieke bydrae.[67] Slabbert se politieke insig het dus vroeg reeds toekomstige Suid-Afrikaanse debatte

64 H Giliomee en L Schlemmer, *From apartheid to nation-building*, Oxford University Press, Oxford, p 164 (vertaling).
65 Slabbert en Welsh, *South Africa's options*, pp 133-170.
66 Slabbert, *The system and the struggle*, p 181 (vertaling).
67 Universiteit Stellenbosch, Slabbert-versameling, 420.Z.2 (65) "Slabbert's blueprint for the new SA", 22 June 2010.

en gebeure vooruitgeloop en begin beïnvloed. Dit was ook meer omvattend as die African National Congress (ANC) in ballingskap se grondwetlike beplanning, wat in dieselfde tydperk grootliks vasgesteek het in die retoriek van die Vryheidsmanifes (Freedom Charter).[68]

Slabbert se prominente rol in die formulering en bekendstelling van die grondwetlike voorstelle, sowel as sy vaardigheid om verskillende faksies in die PFP te kry om die voorstelle as beleid te aanvaar, het sy profiel aansienlik laat verhoog. Die wit Engelstalige pers het groot gewag gemaak van sy rol, en sy blootstelling aan partylede dwarsoor die land het sy aansien verhoog van dié van 'n gewone agterbanker na dié van 'n beleidmaker in die storm en drang van die opposisiepolitiek. Ten spyte hiervan het Slabbert steeds bedenkinge gekoester oor die vooruitsigte van 'n politieke loopbaan. Hy het nog nie al die kaarte in sy hand gespeel nie, maar die speel van sy volle hand sou gou volg – dalk veel gouer as wat hy verwag het.

## Slabbert word leier van die opposisie

Slabbert se loopbaan voordat hy die parlement betree het is gekenmerk daardeur dat hy telkens leiersposisies gevul het – hoofseun op skool, primarius van Wilgenhof-koshuis op Stellenbosch, en hoof van die departement sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand. Dit was bykans 'n gegewe dat hy ook in die parlement leierskapsposisies sou beklee. Dit het egter nie onmiddellik gebeur nie. Toe hy genader is om hom verkiesbaar te stel om Kaaplandse leier van die PFP te word, en later toe hy gevra is om kandidaat te wees vir federale voorsitter van die PFP, het hy hom nie by enige van dié geleenthede verkiesbaar gestel nie.[69]

Die rede vir sy terughoudendheid was dat Slabbert nie juis hiërargies ingestel was nie en dat hy nie in 'n situasie ingedwing wou word waar hy die laste van leierskap moes dra en dan tot 'n

---

68 Vergelyk S Ndlovu, "The African National Congress and negotitations" in South African Democracy Education Trust, 4, *The road to democracy in South Africa*, Unisa Press, Pretoria, 2010, p 71.

69 Cassar, "Slabbert", p 113.

spesifieke rol beperk sou word nie. Eindelose komiteevergaderings en die roetine-eienskappe van party-organisasie het vir hom min bekoring ingehou, hoewel hy die belangrikheid van deeglike administrasie besef het. Dit was sy persoonlike voorkeur om 'n aktiewe rol in die politiek as sulks te speel eerder as om die interne party-masjinerie geolie te hou. Hy het die party eerstens gesien as 'n voertuig om die politiek te betree eerder as 'n entiteit wat geregtig is daarop om aanspraak te maak op die lojaliteit van ewig toegewyde partylede.[70] Hierdie tipe pragmatisme het hom onwillig gemaak om leierskapposisies te aanvaar totdat hy oortuig was dit sou inpas by sy politieke doelwitte.

Slabbert se siening van die onderskeid tussen hierdie politieke rolle het hom blootgestel daaraan om van selfsugtigheid beskuldig te word. Maar hy was ook darem bewus van sy eie sterk en swak punte, en van hoe hy ten beste tot die bereiking van die party se doelwitte kon bydra. Sy terughoudendheid om tot amptelike partystrukture verkies te word het nie noodwendig daarop gedui dat hy op die party se manier van doen neergesien het nie. Alex Boraine het opgemerk dat Slabbert uitgeblink het in debatte binne die PFP se parlementêre koukus: "Hy was in sy element, en hoewel ander lede baie goeie bydraes gelewer het, was dit amper asof hulle gewag het op hom om die laaste woord te spreek en die leiding te verskaf – en hy het nooit sy kollegas teleurgestel nie. Sy styl was taamlik informeel en ontspanne, maar by tye kon hy baie taai wees, en hy het nie tyd gehad vir twakpraters nie."[71]

Hoewel die PFP sterker as tevore gestaan het na die verkiesing van 1977, het die party tog groeipyne ondervind weens samesmeltings met verskeie faksies van die nou afgestorwe Verenigde Party. Die situasie het vlugvoetige leierskap benodig wat Eglin, as iemand wat in vroeër jare baie kneusmerke opgedoen het in botsings met hierdie voormalige lede van die Verenigde Party, nie altyd kon verskaf nie. Slabbert het bewus geraak van onderstrominge in die party waar lede krities gestaan het teenoor Eglin se leierskap – selfs van die "ou Progs" wat in die verlede altyd vir Eglin as leier ondersteun het – maar hy het nie gedink die

70 Cassar, "Slabbert", pp 113-114, 182.
71 Boraine, "An amalgam", p 39 (vertaling).

ontevredenheid met Eglin sou lank duur nie.[72] Die ontevredenheid het egter voortgeduur en daar was toenemende aandrang dat Slabbert homself as partyleier verkiesbaar moes stel. Slabbert se openbare beeld en menseverhoudinge was beter as Eglin s'n – hy was die jong, charismatiese, welsprekende nuweling teenoor die ouer, flegmatiese en soms iesegrimmige Eglin van wie dit gesê is dat hy "oor al die sjarme van 'n woedende krokodil beskik het".[73] Die twee mans het wel uiteenlopende persoonlikhede gehad, maar hulle het mekaar diep gerespekteer en Slabbert was nie bereid om homself as kandidaat teen Eglin te stel nie.

Om die waarheid te sê, het Slabbert dit in daardie tyd baie ernstig oorweeg om uit die parlement te tree en homself te laat nomineer vir die vakante visekanselierskap (rektorskap) aan die Universiteit van Kaapstad. Sy kans op sukses was minder as 50%. Maar dit is nietemin duidelik dat hy dit in hierdie stadium steeds sterk oorweeg het om sy loopbaankeuses oop te hou. Namate nuus van Slabbert se moontlike nominasie vir die rektorspos uitgelek het, het PFP-lede wat Slabbert graag as partyleier wou hê, hard begin werk om hom in die politiek te hou en sy posisie te verstewig.[74] Dit kan natuurlik wees dat Slabbert die moontlikheid van die Universiteit van Kaapstad se rektorspos gebruik het om sy posisie binne die party te versterk, maar geen feitelike getuienis hiervoor bestaan nie. Wat beslis aan't gebeur was, was dat die veldtog om hom tot partyleier verkies te kry in momentum toegeneem het, en dat Slabbert nie veel langer aan die verantwoordelikhede van 'n leiersrol sou kon ontkom nie.

Puntjie het by paaltjie gekom weens die wyse waarop Eglin 'n omstrede kwessie in die parlement hanteer het. Hy is (verkeerdelik) deur parlementslede van die Nasionale Party – veral deur 'n opgeklitste Pik Botha as parlementslid vir Westdene en minister van buitelandse sake – daarvan beskuldig dat hy sensitiewe inligting gelek het aan Don McHenry, die Amerikaanse ambassadeur by die Verenigde Nasies, in die tyd dat baie wit kiesers die administrasie van die destydse Amerikaanse president, Jimmy Carter, as vyandig gesind teenoor wit Suid-

72 Slabbert, *White Parliament,* p 62.
73 Mouton, *Iron in the soul*, p 133. Sien ook p 140 (vertaling).
74 Cassar, "Slabbert", p 175.

Afrikaners beskou het. Eglin is belaglik gemaak en uitgebeeld as 'n onpatriotiese persoon. Die hele gedoente was duidelik 'n versinsel om die aandag af te trek van die Inligtingskandaal van daardie dae, wat korrupte gebruik van geld deur die Nasionale Party-regering behels het in 'n poging om die apartheidstaat se beeld oorsee te verbeter. Die PFP het 'n gulde geleentheid gehad om politieke munt te slaan uit die Nasionale Party (NP) se gedrag. Maar die teenoorgestelde het gebeur toe Eglin se onbeholpe poging om sy kontak met McHenry te verduidelik, die NP in staat gestel het om die inisiatief te neem. Eglin se sukkelende selfverdedigingspoging het swaar teen hom getel as leier. Dit het ook slegte gevolge gehad vir die PFP se vertonings in twee tussenverkiesings. Dit het gelyk of die skrif aan die muur was vir Eglin – hy is geweeg en te lig bevind. By 'n vergadering van die PFP se federale dagbestuur op 27 Julie 1979 is 'n mosie van vertroue in Eglin verslaan met 25 stemme teen 19. Dit het die deur oopgelaat vir Slabbert, maar eers na baie drama agter die skerms is Slabbert op 3 September 1979 eenparig as leier van die PFP verkies.[75] Hy was tot op daardie stadium die jongste leier van die opposisie in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse parlement.

Slabbert het aangevoer dat hy die posisie teensinnig aanvaar het.[76] Dit mag wel waar wees omdat hy nog nie ten volle daarvan oortuig was dat die politiek werklik die loopbaan vir hom is nie, soos mens kan sien uit sy belangstelling in die rektorspos aan die Universiteit van Kaapstad. Maar die leierskap van die politieke party het aan hom die geleentheid gebied om 'n meer betekenisvolle rol te speel. Hy was gewoond daaraan om die leiding te neem en dit was 'n uitdaging wat hy nie kon weerstaan nie, al het hy geweet dit gaan 'n uitmergelende taak wees. Die eerste sin van sy aanvaardingstoespraak was in 'n baie somber Afrikaans: "Ek hoop ek sal die krag hê om hierdie werk behoorlik te doen en ek hoop dat ek u nie sal teleurstel nie."[77]

75 Slabbert, *White Parliament,* p 62; Cassar, "Slabbert", pp 150-170, 192; Eglin, *Crossing the borders,* p 188; Mouton, *Iron in the soul*, p 142.
76 Slabbert, *White Parliament*, p 63.
77 *Progress*, September 1979, "Nuwe leier".

Die verhouding tussen Slabbert en Eglin was maar bra stram net nadat Slabbert as leier oorgeneem het, maar dit het gou verbeter tot wat Slabbert bestempel het as "'n reguit verhouding sonder kleinlikheid".[78] Nog voor Slabbert se nominasie as partyleier, het hy en Eglin reeds by Eglin se huis ontmoet om onmin uit die weg te probeer ruim. Eglin se vrou Joyce was aanvanklik nie bereid om Slabbert aan huis te ontvang nie, maar sy het later van gedagte verander en besluit om maar die goeie gasvrou te speel en hulle te los om hul praat te praat. Die volgende oggend het sy aan haar man gesê: "Gemeet aan die hoeveelheid wynbottels in die kombuis het jy en Van Zyl gisteraand nogal 'n goeie ontmoeting gehad."[79]

Slabbert het die PFP-leierskap aanvanklik nogal 'n eensame ervaring gevind, maar die eise wat sy nuwe posisie gestel het en die opwindende en uitputtende tempo van sy alledaagse lewe het nie veel tyd vir nadenke gelaat nie en hy het gou genoeg aangepas.[80] Daar was taamlike spekulasie in die koerante oor of Slabbert, met sy akademiese agtergrond, darem die "spoeg, sweet, bloed en saagsels" van die politieke bokskryt sou kon oorleef. Diegene naby aan hom het geen twyfel gehad dat hy goed sou vaar nie. Hulle het aangevoer hy ken magswerkinge, en hy weet hoe om mag ten goede te gebruik. Dit sou 'n fout wees om hom gering te skat omdat hy 'n goedgemanierde en vriendelike persoon is, het hulle gesê.[81] 'n Politieke joernalis wat Slabbert goed dopgehou het in die parlement was meer as beïndruk: "Hy kon die storm en drang van 'n partypolitieke bakleiery meesterlik hanteer. Die aanslae van 'n oorweldigende NP-meerderheid het hom geïnspireer eerder as om hom te stuit."[82] Die veteraan Helen Suzman, parlementslid vir Houghton sedert 1953, het 'n ander bekommernis gehad, naamlik of hy genoeg deursettingsvermoë sou hê.[83] In daardie stadium sou net die tyd leer, en die antwoord sou nie maklik wees nie.

78 Slabbert, *White Parliament*, p 63 (vertaling).
79 Eglin, *Crossing the borders*, p 91 (vertaling).
80 Slabbert, *White Parliament*, p 64.
81 *Rand Daily Mail*, 9 Augustus 1979, "Can the ivory tower star take the spit and saw dust?" (vertaling).
82 *Weekend Argus*, 8 Februarie 1986, "Van Zyl Slabbert – the reluctant politician" (vertaling).
83 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 213.

# Hoofstuk 4

# ’n Nuwe leier neem oor

## Aanvanklike kwessies en impak

Slabbert het nie veel rus, duurte of uitstel gehad van blootstelling aan die onderstrominge wat enige politieke party teister nie. In sy geval was die eerste uitdagings om individue soos Harry Schwarz, wat homself aan die konserwatiewe vleuel van die PFP bevind het, se ego’s te kalmeer, maar op ernstiger vlak moes hy optree teen die deurwinterde veteraan Japie Basson, wat hoë aansien in die parlement geniet het. Hoewel die PFP-koukus in die parlement ’n besluit geneem het dat die party nie sou deelneem aan die regering se te stigte Presidentsraad – ’n adviserende liggaam met wit, bruin en Indiërlede – nie, het Basson homself bereid verklaar om wel op die Presidentsraad te dien. Dit was Slabbert se eerste toets om te sien of hy as leier partydissipline sou kon handhaaf. Hoewel hy nie daarna uitgesien het om teen ’n gerespekteerde leier soos Basson op te tree nie. het hy gevoel Basson se openlike verontagsaming van partybeleid laat hom geen opsie nie. Slabbert het hom dus uit die koukus geskors en Basson, wat tevore al verskeie kere van party verwissel het, het by die Nasionale Party aangesluit. Tot Slabbert se irritasie het Basson toe daartoe oorgegaan om die PFP te beskryf as ’n “boikotparty” wat altyd gereed staan om die regering se hervormingsinisiatiewe te saboteer. Dit was ’n geslaagde aanval deur Basson, en het van toe af voortdurend die PFP se beeld onder die kieserspubliek skade aangedoen. [1]

In sy aanvaardingstoespraak as PFP-leier het Slabbert die verskille tussen die PFP en die NP-regering duidelik gemaak. Hy het vier kwessies voorgehou wat as ’n lakmoestoets vir die doel en relevansie van die regering se grondwetlike beleid moes dien: eerstens, of dit slegs wit mense sou wees wat oor

1 Slabbert, *White Parliament,* pp 64-68; Eglin, *Crossing the borders,* p 197; Cassar, “Slabbert”, p 196.

’n toekomstige bedeling sou kon besluit; tweedens, of swart mense as volle landsburgers van Suid-Afrika beskou sou word; derdens, of wetgewing gebruik sou word om mense te dwing om aan spesifieke rasgroepe te behoort, en vierdens, of aanhouding sonder verhoor as nodig beskou sou word vir die handhawing van wet en orde.[2]

Die Engelstalige pers het die toespraak verwelkom as ’n heldere analise van die basiese grondwetlike vraagstukke wat vir Suid-Afrika bestaan.[3] Hoewel die Afrikaanstalige pers nie regstreeks gereageer het op die opsies wat Slabbert opgehaal het nie is sy leiersrol as ’n talentvolle politikus nietemin verwelkom. Sy taak, so is aangevoer, sou wees om die regering aan te vuur om “die regte ding op die regte tyd te doen” en om rewolusionêre neigings in die buiteparlementêre politiek teen te staan.[4] Daar was ook ’n gevoel te bespeur dat Slabbert, wat – anders as sy voorgangers – as ’n mede-Afrikaner beskou is, vertrou kon word “om ’n instinktiewe Afrikanergevoel met hom saam te dra sover dit ons rassepenarie betref.”[5] Hoewel Slabbert sekerlik die welwillendheid sou verwelkom, sou hy beslis nie die aanname oor ’n gedeelde en noodwendige Afrikanerbegrip van rassekwessies onderskryf nie.

Noudat hy van meet af aan interne partykwessies sterk hanteer het en sy sienings oor politieke hervorming duidelik uitgespel het, moes Slabbert hom staal vir groot toekomstige uitdagings. As nuutverkose leier van die amptelike opposisie was hy op die punt om een van die onstuimigste dekades in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te betree.

Slabbert het die rol van leier van die opposisie in die parlement begin vervul slegs vyf jaar nadat hy die parlement betree het. As iemand wat nog nie deur harde politieke diensjare vervorm of ondergekry is nie, het hy, in die woorde van ’n kollega, gou sy eie styl op die PFP afgedwing. Die lofbetuiginge en voordele van leierskap het hom nie aangestaan nie, en hy was ook nie

2 Cassar, “Slabbert”, p 192.
3 Cassar, “Slabbert”, p 194.
4 *Die Transvaler*, 5 September 1979, “Aan hierdie norme sal Slabbert gemeet word”.
5 *Beeld*, 4 September 1979, Hoofartikel.

geneig om andere oordadig aan te prys of te vlei nie – hy het dit bloot as vanselfsprekend beskou dat hulle hul take goed sou uitvoer – en het weggeskram van liefhebbende ondersteuners. Vir baie was dit "leierskap met 'n verskil".[6]

Hy het nie net uitgeblink as 'n denker nie, maar ook as iemand wat oorgehaal was om planne te implementeer. Maar daar was 'n negatiewe kruiskant aan hierdie munt. Hy kon soms neerbuigend wees teenoor kollegas, en hy het sake so gedomineer dat dit sommige talentvolle partylede weggedryf het. Boonop het hy – buiten in verkiesingstyd – nie veel belangstelling getoon in die roetine en noodsaaklike kleinighede wat 'n politieke party aan die gang hou nie, wat beteken het dat die party se interne organisasie mettertyd verswak het.[7]

As nuutverkose leier het hy nietemin op 'n omvattende "ontmoet die mense"-veldtog vertrek, sodat hy die PFP se beleid kon verduidelik en homself aan party-amptenare op streekvlak kon voorstel. Tydens die toer van drie weke lank het hy meer as twintig openbare vergaderings toegespreek wat deur die bank goed bygewoon is. Uit die Oos-Kaap is berig Slabbert se toesprake het altyd die teiken getref, met die regte balans tussen ernstige politieke ontleding, en humor en empatie.[8]

Hoewel Slabbert goed ontvang is, was dit onseker of hy 'n groot impak vir die PFP sou maak by die stembus. 'n Aanvanklike toets het spoedig aangebreek. Vier tussenverkiesings het voor die einde van 1979 plaasgevind in die kiesafdelings Edenvale, Eshowe, Durbanville en Worcester. In die laasgenoemde drie kiesafdelings was daar geen kans op 'n PFP-oorwinning nie, en was dit meer 'n kwessie van gesig wys. Die NP het al drie dan ook op 'n drafstap verower, hoewel met verkleinde meerderhede.

Edenvale was 'n ander verhaal. Hier het die PFP 'n triomfantlike oorwinning oor die NP en die NRP behaal, en met 'n meerderheid van 1 162 stemme gewen. Dit was 'n geskiedkundige

6 Swart, *Progressive Odyssey*, pp 156-157 (vertaling).
7 Universiteit Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.X3.3.1, R Schrire, "White politics during the Botha era", 1988, p 52.
8 *Weekend Post*, 29 September 1979, "Slabbert's tour". Sien ook *Progress*, Desember 1979, "Ovation for Slabbert".

oorwinning, want dit was die eerste keer sedert 1948 dat die NP 'n setel wat die party in 'n algemene verkiesing gebuit het, in 'n tussenverkiesing afgestaan het aan die opposisie. Dit wou voorkom asof daar moontlik verandering in die lug was. Die uitslag in Edenvale het Slabbert se leiersposisie versterk, opwinding in PFP-geledere versterk en hom geprojekteer as 'n deurdagte leier wat daarop uit was om Suid-Afrika se sleuteluitdagings op te los.[9] "Ek het ons beleid gestel sonder om doekies om te draai, en Edenvale het bewys ons kan setels van die NP wegneem", het Slabbert opgemerk.[10] Hoewel hy self beslis die ster van die vertoning was, moet mens toegee dat die PFP se verkiesingsmasjien hierdie slag absoluut klopdisselboom geloop het. Slabbert het baie geleer by die PFP se verkiesingshoof, Neil Ross, ook bekend as "Ross the Boss", omdat hy so goed kon beplan en soveel aandag aan detail gegee het. Slabbert het hom die kompliment toegeswaai dat hy die beste politieke organiseerder in Suid-Afrika is.[11]

Slabbert se volgende uitdaging was sy toespraak in die tradisionele parlementêre wantrouedebat van 1980 – altyd 'n lakmoestoets vir die nuwe leier van die amptelike opposisie. Hy het die toespraak op 4 Februarie 1980 gelewer en het begin deur Botha regstreeks aan te spreek en sy lang parlementêre loopbaan en sware las as eerste minister te erken. Slabbert het voorts uitgebrei oor 'n paar kwessies en veral die klem laat val op die regering se traagheid om te begin met onderhandelings oor 'n nuwe grondwet wat alle Suid-Afrikaners sou insluit, die traagheid om diskriminerende apartheidsmaatreëls te herroep, en die ontoereikende planne om die geprojekteerde bevolkingsgroei se uitdagings te hanteer.[12] Hoewel diegene in die opposisiebanke oor die jare al menige valse daeraad moes waarneem, was daar minstens 'n nuwe, energieke teenwoordigheid wat nog nie deur herhaalde mislukking gekontamineer is nie. Die Engelstalige pers het, soos teen daardie tyd al die norm geword het, positief en selfs ongebreideld ondersteunend verslag gelewer. Die Afrikaanstalige pers was, soos te verwagte, meer terughoudend, maar het

9 Cassar,"Slabbert", pp 201-202.
10 *Cape Times,* 9 November 1979, "Slabbert sees win as vote for change" (vertaling).
11 *The Star,* 8 November 1979, "Boss Ross did it".
12 *Debatte van die Volksraad*, 4 Februarie 1980, kolomme 21-25.

gedink Slabbert het die toets geslaag deur nie neerbuigend met en oor Afrikaners te praat nie, maar eerder die politiek rasioneel te analiseer.[13]

In 1981 het Slabbert voor 'n strawwer toets te staan gekom toe Botha 'n vervroegde verkiesing uitroep. Ideaal gesproke sou hy meer kans wou hê om homself as leier van die amptelike opposisie te vestig, maar dit sou hom nie beskore wees nie. Slabbert was van mening dat Botha die verkiesing uitgeroep het om die groeiende bedreiging aan die NP se regterkant te snuit, en dat die ekonomiese toestande beteken het die regering sou in daardie stadium nog ruim salarisverhogings vir staatsdienswerkers kon bekostig, maar te midde van stygende kostes vir die fiskus nie vir veel langer nie.[14]

Die PFP het besluit om op drie kwessies te fokus tydens die verkiesingsveldtog: eerstens, die regering se administratiewe onvermoë om buite apartheidstrukture vir die toekoms te beplan; tweedens, die stygende inflasiekoers; en derdens, die gebrekkige grondwetlike beplanning vir die landsbevolking as geheel.[15] 'n Baie belangrike grondwetlike kwessie wat gedurig deur Slabbert opgehaal is, was dat 'n grondwetlike doodloopstraat sou voortduur solank as wat die rasgroepe wat deur die regering onderskei is, almal deur 'n wit parlement regeer word. Hy het verduidelik dat die regering alewig besig was om oplossings vir mense te bedink met die verklaarde doel om sekuriteit en sekerheid te verseker, maar "die enigste manier waarop 'n grondwet sekuriteit kan bewerkstellig is as dit wense verteenwoordig van mense wat aan die opstel daarvan deelgeneem en die eindproduk onderskryf het."[16] "Ware sekuriteit", so het hy kripties opgemerk, "lê nie net binne die bestek van u gewere nie, maar in die eenheid van ons mense."[17] Sulke eenheid was egter in

13 Cassar,"Slabbert", p 211.
14 *Sunday Times*, 8 Februarie 1980, "Election 1981 – why?".
15 Cassar, "Slabbert", p 235; *Rand Daily Mail,* 1 Maart 1981, "PFP outlines election issues".
16 *Sunday Times*, 19 April 1981, "The man who guides ordinary people through the maze of politics" (vertaling).
17 Universiteit Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E2 33.3, "Why I believe voters should support the PFP", 26 April 1981 (vertaling).

daardie stadium ’n veraf hersenskim en die PFP het besef dit was belangrik om hul verkiesingsveldtog ook op meer onmiddellike ekonomiese kwellinge vir die gemiddelde kieser af te stem. In ’n groter mate as tevore het “brood-en-botter”-kwessies ’n deel van die PFP-veldtog uitgemaak, en die party was daarop uit om te bewys die land was besig om al armer te word. Die PFP se nasionale navorsingsdirekteur, Nic Olivier, het later daarop aanspraak gemaak dat die klem op finansiële kwessies die veldtog bevoordeel het.[18]

Met Slabbert onbestrede in sy eie kiesafdeling (hy het geen teenstand gehad nie en is dus outomaties herkies) het dit hom vrygestel om die langpad vir die PFP-veldtog aan te pak. Benewens gereelde televisie-optredes waar sy fotogeniese voorkoms die bakleierige en verouderende Botha dikwels getroef het, het Slabbert meer as 28 000 kilometer ver gereis en 69 openbare vergaderings toegespreek, en dikwels groter gehore as Nasionale Party-sprekers getrek.[19] Dit was ’n uitmergelende veldtog wat sy tol geëis het. “Op ’n persoonlike vlak”, so het Slabbert later onthou, “het ek gewerk tot die moegheid later soos ’n permanente seer in my maag gevoel het.”[20] Hy het gereeld tot vier vergaderings per dag toegespreek, en het homself net soms getrakteer met ’n glas wyn en ’n bietjie goeie musiek aan die huis van hegte vriende. Dit was duidelik dat Slabbert alles ingesit het wat toewyding en werketiek betref.

Die 1981-verkiesing was ’n hoërisiko oefening vir die PFP. Die party het die Presidentsraad verwerp as ’n ontoereikende navorsingsmeganisme omdat dit swart mense uitgesluit het.[21] Indien die kieserspubliek sterk gevoel het hieroor kon dit maklik geboemerang het. Maar dit blyk uit die uitslae asof die besluit goeie vrugte afgewerp het. Die PFP het die grootste groei van enige party getoon en hul verteenwoordiging het toegeneem van 17 setels tot 26, wat ses setels ingesluit het wat hulle by die regerende NP afgeneem het. Die PFP was veral in hul skik oor die uitslag in die

18 Cassar, “Slabbert”, p 239.
19 Cassar, “Slabbert”, pp 241, 244; *Rand Daily Mail*, 28 April 1981, “The Slabbert Factor”.
20 Slabbert, *White Parliament*, p 70 (vertaling).
21 Slabbert, *White Parliament*, p 70.

kiesafdeling Kaapstad-Tuine, waar hulle 'n NP-kabinetsminister, Dawie de Villiers, verslaan het – die eerste dienende NP-kabinetsminister sedert 1948 om 'n verkiesing te verloor.[22] Op die keper beskou het die oorkoepelende verkiesingsuitslag getoon dat die politieke landskap in 'n mate verander het.

Slabbert was tevrede met die uitslag. "Waarom mense ook al in 1981 vir die PFP gestem het", het hy gesê, "en daar mag verskeie redes wees, sommiges selfs ondeurdag, en daar mag ook ander redes wees as waarvoor ek sou hoop, voel ek tevrede dat ek my alles gegee het en niemand mislei het oor wat die toekoms van ons gaan verg nie."[23] Hoewel Slabbert se bestekopname deurdag en nederig is, was die Engelstalige pers meer geneig om hom krediet te gee. Hy is beskryf as 'n man "met uitstekende vermoëns, opvallende eerlikheid en goeie politieke oordeel" met die potensiaal om in die nabye toekoms landwyd groot invloed uit te oefen.[24] Die Afrikaanstalige pers het daarteen gewaarsku om Slabbert te beskou as "'n Moses wat sy mense na die Beloofde Land sal lei".[25] Hierdie keer sou Slabbert, wat maar alte bewus was van die gevare en tekortkominge van die ontwikkelende persoonlikheidskultus, dit waarskynlik roerend eens wees met die mening van 'n gewoonlik vyandige Afrikaanstalige pers.

Mens moet versigtig wees om die rol van die "Slabbert-faktor" as moontlike poort vir die PFP na die Afrikanerstem te oorskat. 'n Ondersteunende Engelstalige pers sou dit destyds graag so wou hê, maar die realiteit was ingewikkelder. Die groei van die PFP het baie te make gehad met die inploffing van die NRP (wat eintlik maar die Verenigde Party se oorblyfsel was) wie se ondersteuners hul gewig in 'n groter mate by die PFP as by die NP ingegooi het.[26] Dit is al beweer dat die PFP nooit meer as 5% van die Afrikanerstem getrek het nie.[27] Dit help beslis om

22 Cassar, "Slabbert", p 243.
23 Slabbert, *White Parliament*, p 71 (vertaling).
24 *Natal Witness*, 2 Mei 1981, "New leader" (vertaling). Sien ook *Cape Times*, 3 Mei 1981, "Slabbert".
25 *Die Burger,* 4 Mei 1981, Hoofartikel.
26 D Shandler, "Structural crisis and liberalism: A history of the Progressive Federal Party, 1981-1989", MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, p 54.
27 H Giliomee, *The rise and demise of the Afrikaners*, Tafelberg, Kaapstad, 2019, p 80. Vir 'n ontleding van die verkiesingsdinamika

Slabbert se rol in perspektief te stel en dit rakel die vraag op of die gedagte dat hy as Afrikaner noodwendig ander Afrikaners na die PFP sou aantrek, die gewenste gevolg gehad het. Wat eerder gebeur het was dat meer Afrikaners as tevore bereid was om die PFP se openbare vergaderings by te woon, maar dat hulle hulself nie so ver kon kry om vir die PFP te stem nie. Hulle het verkies om in die NP te bly en die party van binne te probeer verander.[28] Baie Afrikaners het ook maar skepties bly staan teenoor die PFP se grondwetlike voorstelle met hul versameling wigte en teenwigte om onverdunde meerderheidsregering te voorkom; dit is beskou as vyeblare om uiteindelike en absolute swart regering mee te verdoesel.[29]

Op ’n persoonlike vlak het Slabbert ’n hoogs verontrustende ervaring gehad die nag nadat die verkiesingsuitslae bekend gemaak is. ’n Brand het in sy studeerkamer uitgebreek. Die vorige aand het sy kinders, Tania en Riko, in die studeerkamer geslaap. Gelukkig was hulle terug in hul slaapkamers die aand van die brand. Die vlamme was so intens dat Slabbert se hele boekversameling uitgebrand het. Ten spyte van sterk vermoedens van brandstigting kon die polisie niemand vastrek nie. Slabbert het vermoed dat die verbeterde vertoning van die PFP gelei het tot wat hy as ’n aanval beskou het. Hy het verskeie dreigoproepe ontvang en sy motor se bande is later aan flarde gesny. Boonop moes hy in die parlementêre wandelgange hoor dat die veiligheidspolisie vermoed het dat sy jong seun, Riko, die brand gestig het.[30] Sy boekery het hy weer aangevul en die publiek het ruim hiertoe bygedra, maar die verlies van onvervangbare items en sy persoonlike aantekeninge wat oor baie jare versamel is, het hom erg gegrief.

---

van die 1981-verkiesing wat grootliks ooreenstem met hierdie siening, sien C Charney, “Towards rupture or stasis: An analysis of the 1981 South African General Election”, *African Affairs*, 325, 1982, p 531.

28 *Rapport*, 16 Februarie 1986, “Moet jy hom kwalik neem?”.

29 Sien byvoorbeeld *Die Burger*, 31 Oktober 1979, “Die Slabbert-vyeblaar”.

30 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 22; *Cape Times*, 20 Augustus 1981, “Slabbert fire still a mystery”.

In die politieke arena was daar nuwe magte werksaam na 1981. As gevolg van die regering se hervormings betreffende arbeidsverhoudinge, asook die beloftes van versigtige grondwetlike hervormings, was daar 'n skeuring in die NP, met die regtervleuel wat in 1982 afgestig het as die Konserwatiewe Party (KP). Die KP het omtrent 'n kwart van die NP se strukture in die destydse Transvaal (deesdae Gauteng, Mpumalanga, Limpopo en die grootste deel van Noordwes) met hulle saamgeneem en 16 parlementslede het die NP verlaat en by die KP aangesluit. Slabbert het hierin die moontlike ontwikkeling van 'n nuwe magsbalans gesien, met die regering algaande afhankliker van PFP-ondersteuning. Dit sou moes beteken dat die PFP buite die beperkinge van amptelike opposisie sou kon beweeg, en 'n invloed sou kon uitoefen op hoe gebeure uitspeel en hoe staatsmag uitgeoefen word.[31] Op hierdie tydstip was dit 'n kenmerk van Slabbert dat hy die heeltyd op die uitkyk was vir maniere waarop die PFP die kans sou kry om nader aan 'n magsposisisie te beweeg.[32] Sy mening was dat die PFP voordeel kon trek uit sulke verwikkelinge sonder om die party se basiese vertrekpunte op te offer. Wat hy in daardie dae in gedagte gehad het was dat die party "taai moet wees oor beginsels, en aanpasbaar in strategie".[33]

Slabbert se gewilligheid om sulke opsies te oorweeg is nie oral goed ontvang nie. Veral ouer PFP-lede vol kneusmerke van botsings met die NP het 'n diepe weersin in enige samewerking met die regering ontwikkel.[34] Benewens persoonlike voorkeure was daar 'n onderliggende klemverskil betreffend die party se liberale ideologie. Slabbert het kennelik algemene liberale waardes onderskryf, maar hy het nie noodwendig sy politieke strategie geplooi na die voorbeeld van die ouer liberale generasie nie. Hul sienings was gebaseer op die vertrekpunt dat stemreg – in watter vorm ook al – die uiteindelike en eenvoudigste oplossing uit die politieke doodloopstraat verteenwoordig het. Slabbert, wat ongemaklik was met die klem wat op stemreg geplaas is, het stemreg gesien as net een aspek – weliswaar 'n baie belangrike

31 Shandler, "Structural crisis", pp 59-61.
32 H Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 210.
33 *Deurbraak*, September 1982, "Balance of power will result in horse-trading" (vertaling).
34 Shandler, "Structural crisis", p 62.

aspek – van ’n meer komplekse scenario wigte en teenwigte. Hy het homself beskou as ’n konflikteoretikus wat op soek was na ’n verskeidenheid grondwetlike meganismes om die Suid-Afrikaanse legkaart te ontsluit en moontlike magsvergrype sodoende te beperk.[35]

Een van hierdie voorgestelde meganismes het deels, en onder andere, berus op die werk van die Duitse akademikus Theodor Hanf oor verdeelde gemeenskappe, spesifiek konsosiasionisme (ooreengekome magsdeling). Sulke magsdelingsooreenkomste was volgens Hanf (wat redelik hegte akademiese bande met Slabbert gehandhaaf het) noodsaaklike voorsorgmaatreëls om situasies te voorkom waar rede net vloei uit "bloedvarse herinnering" en waar mense leer "*van* geskiedenis" eerder as "*deur* geskiedenis".[36] In hierdie verband het Slabbert ’n meer modernistiese benadering tot die politiek gehad as om te aanvaar dat verandering bloot beteken dat een stel beginsels bo ’n ander stel beginsels moet seëvier. Sy standpunt mag dalk later verander het, maar in die vroeë 1980’s was dit ’n weg wat hy verken en verkies het. Hy het die vrese en voorbehoude wat baie wit mense oor politieke verandering gehad het, ernstig opgeneem, en het gevoel dat dit ’n politieke werklikheid was waarvoor in grondwetlike terme voorsiening gemaak moes word. Hy het die PFP ook nie noodwendig as ’n volkome liberale party gesien op die wyse wat die publiek geneig was om te doen nie. Hoewel die party volgens hom sekere aspekte van Suid-Afrikaanse liberalisme bevat het, het hy aangevoer "die geskiedenis van die party is te divers en ingewikkeld om dit as ’n suiwer liberale party uit te beeld".[37] Met slegs ’n mate van oordrywing het hy na die PFP verwys as ’n "boheemse party – ’n buitengewone versameling

35 Cassar, "Slabbert", p 251. Hierdie verklaring is gebaseer op ’n onderhoud wat Cassar met Slabbert gehad het op 25 September 1984.

36 T Hanf, "Lessons which are never learnt: Minority rule in comparative perspective", *Journal of Asian and African Studies*, XVIII, (1-2), 1983, pp 31-32. Vir Slabbert se opinie oor Hanf, sien *White Parliament*, p 90.

37 FvZ Slabbert, "Incremental change or revolution?" in J Butler, R Elphick en D Welsh (reds.), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospects*, David Philip, Kaapstad, p 403 n 1.

individue. Daar was akademici, professionele mense, yuppies…".[38] Dit was juis die hibridiese aard van die party wat die PFP die ruimte gebied het om ander politieke en grondwetlike modelle ook te oorweeg, nie net die suiwer liberale modelle nie. Maar in 1983 het die grondwetlike hervormings wat die regering voorgestel het vir Slabbert met 'n groot verknorsing laat worstel.

## Gesnoeker? Die 1983-referendum

Die Botha-regering het hul eie hervormingsprogram gehad en hul eie pas aangegee. Botha het ten sterkste geglo etniese en rasgroepe moet die basiese boustene wees waarop die politieke en maatskaplike stelsel gebaseer moet wees, en dat daardie boustene op so 'n wyse gerangskik word dat demokratiese kompetisie tussen die verskillende rasgroepe verhoed sou word. Hy was boonop daarvan oortuig dat ordelike hervorming slegs onder Afrikanerleiding kon plaasvind en dat Afrikaners die meeste gehad het om te verloor deur verlies van hul beheer oor die staat. Dus moes Afrikaners se vertroue te alle tye tydens die hervormingsproses behou word.[39]

Die Presidentsraad het baie van die voorbereidingswerk vir grondwetlike hervorming binne hierdie formaat gedoen, en in Julie 1982 het die NP hul riglyne vir verandering aanvaar. In Mei 1983 het die wetsontwerp voor die parlement gedien en in Augustus daardie jaar is dit omvattend in die parlement gedebatteer voordat Botha aangekondig het dat 'n referendum daaroor vir wit kiesers gehou sou word op 2 November 1983. Die voorgestelde nuwe Grondwet was histories in die sin dat dit afgewyk het van die Westminster-stelsel van eenvoudige meerderheidsregering in 'n enkele kamer van die parlement. Die belangrikste eienskappe van die driekamerparlement was dat daar afsonderlike "parlemente" (rade/kamers/huise) was vir wit mense, bruin mense en Indiërs, met wit verteenwoordiging groter as die gesamentlike verteenwoordiging van die ander twee rasse. 'n Uitvoerende president sou verkies word deur

38 Shandler, "Structural crisis", p 82, aanhaling uit 'n onderhoud met Slabbert op 28 September 1990 (vertaling).

39 Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 145.

die regerende partye in elke raad (Volksraad vir wit mense, Raad van Verteenwoordigers vir bruin mense, en Raad van Afgevaardigdes vir Indiërs), maar gegewe die getalle-oorwig van die Volksraad was die kanse beter as uitstekend dat die president ’n wit persoon sou wees. Swart mense is uit die driekamerstelsel gelaat met die bewering dat hulle polities deur die tuislandstelsel geakkommodeer word.[40] Binne regeringskringe is geglo dat dit ’n deurslaggewende stap vorentoe verteenwoordig het ten spyte van die nuwe stelsel se tekortkominge. Daar is aangevoer dat Suid-Afrika ’n punt bereik het waar die land dapper genoeg was om ’n verantwoordelike toekoms vir sigself te bepaal.[41]

Slabbert het in die parlement uitgespel dat die voorstelle nie aan die PFP se minimumvereistes vir realistiese grondwetlike verandering voldoen het nie. Hy het benadruk dat ’n nuwe grondwet al die bevolkingsgroepe in die land moes betrek; almal moes toegang tot Suid-Afrikaanse burgerskap hê; algemene stemreg moes nie deur uitsluitende klousules verwater word nie; en minderhede moes in ’n nuwe bedeling teen dominasie beskerm word. Hy was voorts beswaard daaroor dat die nuwe Grondwet deur die parlement gedwing is met net 34 van die 103 klousules wat deur die parlement bespreek is. [42] Hoewel hy bly was dat die regering uiteindelik begin het om belangrike kwessies te takel, het hy gemeen dat die NP-regering op die verkeerde voet begin het. “Die gesukkel,” het hy gesê, “het begin met die proses om die Grondwet te skep”. Volgens hom was daar “onoorkombare foute” ingebou in die Grondwet en hierdie foute is vererger deur die wyse waarop die regering besluit het om die proses te hanteer. “In kort”, het hy voortgegaan, is die Grondwet “eensydig opgestel, eensydig goedgekeur en eensydig by die parlement ingedien”. Dit het gelei tot wat hy ’n “geloofwaardigheidskrisis” genoem het, nie omdat die Grondwet tegnies kragtens die reëls van die

40 Shandler,”Structural crisis”, p 64; Giliomee, *Afrikaner leaders*, p 170.
41 P Meiring, *Waagmoed beloon: 50 menings oor die PW-plan*, Perskor, Johannesburg, 1985, p 1.
42 Shandler,”Structural crisis,” p 65; Slabbert, *The system and the struggle*, p 65.

parlement ongeldig was nie, maar omdat sommige mense by die proses ingesluit en ander uitgesluit is.[43]

Slabbert se voorbehoude oor die voorgestelde Grondwet is verdere stukrag gegee nadat hy dit bespreek het met die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Henry Kissinger. Tydens ’n ontbyt-ontmoeting in Pretoria in 1983, het Kissinger aan Slabbert gesê hulle kan oor gemeenplasighede gesels of die voorstelle bespreek, met Kissinger wat duiwelsadvokaat speel en die grondwetlike voorstelle verdedig, en Slabbert wat die voorstelle verwerp. Slabbert het Kissinger "buitengewoon vaardig" gevind, en wat uit Kissinger se verdediging van die voorstelle uitstaande was, was nie soseer die noodsaaklikheid van hervorming nie, maar eerder hoe ’n dominante minderheid sake op so ’n manier kan manipuleer dat hulle beheer kan behou deur nuwe kornuit-netwerke te koöpteer. Slabbert het na aanleiding van hierdie gesprek die gedagte van "koöptiewe dominasie" by sy gedagtegang en woordeskat gevoeg.[44] Die nuwe bedeling is wel verpak as hervorming, maar eintlik was dit verandering sonder hervorming. Sommige analiste het uitgewys dat die NP magsdeling voorgestel het, maar beheer behou het.[45] Slabbert het die kern van die kwessie selfs duideliker vasgevat met sy stelling "die regering verkoop die braaivleisgeur, maar nie die braaivleis nie".[46]

’n Kernkwessie in die referendumveldtog was hoe die vraag bewoord sou word. Toe Botha die referendumdatum aankondig, het hy ook die formulering van die vraag bekend gemaak: "Is u ten gunste van die implementering van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika soos goedgekeur deur die parlement?" Slabbert was sterk ten gunste van ’n vraag wat meer opsies gehad het sodat meer inligting oor kiesersvoorkeur rakende swart deelname bekom kon word met ’n minder binêre uitkoms. Die NP-regering het egter juis die vraag eng gestel om die PFP in ’n verknorsing te laat beland; deur die nuwe Grondwet met ’n nee-stem te opponeer sou hulle lyk asof hulle "redelike" verandering

43 *Debatte van die Volksraad*, 16 Mei 1983, kolomme 7065-7066.
44 Slabbert, *White Parliament*, p 114.
45 Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 139.
46 Skrywer se eie herinnering aan die 1983-referendum.

boikot en hulle in dieselfde span laat trek as die KP, wat ook ten gunste van 'n nee-stem was, maar uiteraard op totaal verskillende gronde. Terwyl die PFP van mening was dat die hervormings met 'n nee-stem verwerp moes word omdat die hervormings totaal onvoldoende was, het die KP aangevoer dat die hervormings met 'n nee-stem verwerp moet word omdat dit omvangryk was en wit heerskappy bedreig het. Die vangplek was uiteraard dat die uiteenlopende aard van die nee-stem uiteindelik sou veroorsaak dat niemand sou kon sê watter van die twee teenpole deur die nee-stemmers verkies word nie, ten spyte daarvan dat die posisies van die KP en die PFP niks in gemeen gehad het nie. Slabbert het gesê hy wonder of hulle "selfs op dieselfde planeet woon".[47] Toe Slabbert die teenstrydigheid uitwys, so het hy later onthou, het Botha "geglimlag en daardie lippe van hom op sy oorbekende manier afgelek. Ek kon sien hy weet ek gaan 'n loesing tegemoet. Dit was die tipe wedywering waarop hy gefloreer het."[48]

Die debat oor die formulering van die referendumvraag het 'n vreemde kinkel opgelewer. Botha het besef dat die regering erg in 'n hoek gedryf sou wees indien Slabbert daarin kon slaag om die referendumvraag so te laat herformuleer dat dit oor die lot van swart mense ook sou handel. Ters Ehlers, Botha se privaat sekretaris, het dit laat blyk aan die Stellenbosse sosiologie-professor, Dian Joubert, met wie ons reeds gesien het Slabbert baie goed oor die weg gekom het. Joubert het vervolgens 'n nota aan Slabbert geskryf met die strekking dat Ehlers aan Joubert sou gesê het hy is "dooderNstig" dat daar 'n "*deal*" tussen Slabbert en Botha moet wees. Volgens Ehlers was Botha, ten spyte van sy openbare antagonisme jeens Slabbert, deurdag genoeg om te besef dat "hy [Botha] geen kwaliteit-opvolger het nie en dat jy [Slabbert] die enigste man is wat oor die lang termyn van die volgende sewe tot tien jaar volkome politieke disintegrasie kan verhoed. Al hierdie dinge hang net van jou [Slabbert se] voetwerk af."[49] Of dit inderdaad die geval was is moeilik om met sekerheid

47 Slabbert, *The system and the struggle,* p 69.
48 Slabbert, *White Parliament*, p 111 (vertaling).
49 US Dokumentasie Sentrum, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, aantekeninge oor 'n vergadering gehou op 14 Augustus 1983.

vas te stel, maar die opstuur van politieke vlieërs is nie ongewoon in die magspolitiek nie.

Hoe dit ook al sy, die referendumveldtog van drie maande was baie intens en oor daardie tydperk het meer as seweduisend koerantartikels oor die referendum verskyn.[50] Baie mense in die PFP was skepties oor of die besluit om die voorgestelde nuwe Grondwet in die referendum teen te staan, die korrekte besluit was. Die PFP-LP vir Yeoville, Harry Schwarz, was een van diegene wat van mening was dat die kwessie wyer as partypolitieke grense moes strek en dat die PFP homself nie moes toeverf in wat as 'n negatiewe posisie beskou kon word nie. Die argument was dat 'n nee-stem vanaf die PFP die kiesers kon verwar, want die PFP was dan aan die voorpunt van die aandrang op verandering, maar nou dat die geleentheid tot verandering hom voordoen is die leiers van die PFP daarteen gekant.[51]

Die NP het 'n geoliede veldtog gevoer met veel meer koerantadvertensies as die PFP en met veel meer televisiedekking as vir enige opposisieparty. PFP-ondersteuners is deur die NP aangeraai om 'n historiese rigtingverandering te ondersteun. Die term "'n stap in die regte rigting" – verwysende na die stappe wat die regering geneem het – is wyd gebruik, asook die argument dat dit nodig was om Botha se hand te sterk ter ondersteuning van politieke hervorming. Daar is aangevoer dat 'n ja-oorwinning konsensuspolitiek sou bevorder, internasionale begrip sou aanhelp en oorsese druk op Suid-Afrika sou laat afneem. Verrassend genoeg – en tot Slabbert se verstomming – was 'n groot deel van die Engelstalige pers hierdie argumente meer ter wille as wat die PFP verwag het. Die koerante se standpunt was dat die nuwe Grondwet wel gebrekkig was, maar dat dit ten minste die heersende politieke dooie punt oorkom het, en dat die voorgestelde veranderinge die voorloper kon wees van groter veranderinge in 'n latere stadium.[52] Slabbert het geen respek vir hierdie standpunt gehad nie omdat die meerderheid van Suid-

50 DJA Viljoen (red.), *Koerantknipsels oor die Referendum oor 'n nuwe Grondwetlike bedeling*, 1983, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein, 1984.
51 Shandler, "Structural crisis". pp 70-72.
52 *White Parliament*, pp 115-117; Shandler, "Structural crisis", p 70.

Afrika se bevolking deur die voorstelle uitgesluit is, en daar geen aanduiding was hoe die regering van plan sou wees om dié tekortkoming te verander nie.[53]

In teenstelling hiermee het die PFP se veldtog benadruk dat "ware" verandering wat swart politici sou insluit noodsaaklik is. Maar of dit die beste manier was om twyfelende wit kiesers oor te haal is 'n ope vraag. Die PFP se pamflette het verklaar "70% van die bevolking sou 'nee' sê as hulle toegelaat sou word om dit te doen. So moenie mislei word nie. Sê 'nee' vir die Nasionaliste se plan en sorg dat hulle oor begin en almal insluit wat in die eerste plek geraadpleeg moes gewees het."[54] Gegewe die aard van die wedywering het hierdie boodskap die teiken gemis. Hoewel dit feitelik akkuraat was, was dit nie genoegsaam op die teikenmark gemik nie. Per slot van rekening was swart mense nie deel van die referendum se kieserspubliek nie en boonop was dit nie nodig om swart mense te oortuig dat die PFP se aanspraak korrek was nie; wit mense was die enigste kiesers in die referendum, maar hulle is nie in dié bewoording genoem nie. Slabbert het wel 'n antwoord gehad vir diegene wat gevoel het Botha se inisiatiewe is minstens 'n stap in die regte rigting: "Almal hou van 'n stap in die regte rigting. As jy in 'n donker tonnel is lyk 'n stap in die rigting van die lig na 'n goeie stap – tensy daardie lig afkomstig is van 'n aankomende trein."[55] Dit was 'n tipies spontane Slabbert-antwoord, hoewel dit ongewoon was vir hom om van afskriktegnieke gebruik te maak.

Vir Slabbert het die referendumveldtog taamlik rustig begin op Stellenbosch waar hy sowat 600 studente toegespreek het. Drie vrot eiers is wel in sy rigting geslinger en sy opmerking hieroor, dat "die geloofwaardigheid van die Grondwet nie deur vrot eiers bepaal behoort te word nie",[56] het heelwat applous ontlok. Maar namate die veldtog gevorder het, het hy besef die situasie raak ernstig – die regering en die NP haal PFP-ondersteuners oor. Die PFP het al meer die beeld van 'n negatiewe boikotparty

53 *Cape Argus*, 6 September 1983, "Slabbert warns PFP to back 'no' campaign".
54 *Cape Argus*, 12 September 1983, "Referendum campaign warms up" (vertaling).
55 *Financial Mail*, 22 Julie 1983, "The 'Constitution'" (vertaling).
56 *The Star*, 3 September 1983, "Three eggs miss Slabbert" (vertaling).

gekry terwyl die NP-regering gelyk het na diegene wat die hervormingspas aangee. Slabbert het hierdie soort propaganda later as "duimsuiery en wensdenkery op groot skaal"[57] bestempel. Kort voor stemdag het Slabbert opnuut probeer om sy party se posisie duideliker te stel en die NP-regering se aansprake verkeerd te bewys. "Ons het aan die einde van 'n uitputtende, soms onstuimige en dikwels verwarrende referendumveldtog gekom", het hy gesê, "en nou wil ek 'n selfs sterker oproep op u doen om NEE te stem as wat ek aan die begin van die veldtog gedoen het. Ek doen dit nie omdat ek hardkoppig is of nie omgee oor hervorming nie, maar omdat ek eerlikwaar glo hierdie voorgestelde Grondwet hou uiters ernstige gevaar vir hierdie land in, en ons het sowaar reeds genoeg probleme – ons het nie nog probleme nodig nie."[58] Toe die uitslae bekend gemaak is, was die stempersentasie 76%, met 65,95% van die stemme "ja" en slegs 33,35% van die stemme "nee". Hoewel dit nie moontlik was om presies te bepaal hoeveel ondersteuners van watter partye "ja" gestem het nie, was dit duidelik dat 'n groot persentasie van die PFP se kiesers wel "ja" gestem het.[59]

Slabbert moes toegee dat dit 'n kwaai terugslag vir die PFP was. Tydens die landswye kongres van die party kort na afloop van die referendum het Slabbert weliswaar die uitslag betreur, maar ook gesê dat hy onder die heersende omstandighede terugskouend nie van sy besluit sou afwyk nie. Hy het sy bereidheid verklaar om as partyleier te bedank, maar die PFP-koukus het hom oortuig om vas te byt.[60] Op persoonlike vlak het hy egter aan 'n kollega gesê hy voel "polities vuil" om te weet hy moet deelneem aan 'n stelsel wat hy as 'n politieke bedrogspul beskou het.[61] Nietemin moes regeringsbeleid steeds teengestaan word en daardie PFP-ondersteuners wat "ja" gestem het moes vir die party teruggewen word – ten spyte daarvan dat hulle hul misgis het, het hulle per slot van rekening "ja" gestem uit "goeie, gevestigde PFP-

57 Slabbert, *White Parliament*, p 117 (vertaling).
58 *Sunday Tribune*, 21 Oktober 1983, "Final countdown" (vertaling).
59 Shandler,"Structural crisis", p 73.
60 Slabbert, *White Parliament*, p 116; FvZ Slabbert, "Threats and Challenges to South Africa becoming a more open society" in M Shain (red.), *Opposing voices: Liberalism and Opposition in South Africa Today*, Johannesburg, 2006, p 141.
61 Swart, *Progressive Odyssey*, p 165.

sentiment" gegrond op die verwagting van meer omvangryke politieke hervorming.[62] Vir 'n teleurgestelde Slabbert het dit gevoel daar is net-net genoeg rede vir hom om in die parlement aan te bly.

Hy was egter op die agtervoet. Benewens die verlies van die steun van soveel van die Engelstalige pers oor die referendumkwesssie wat op die een of ander manier teruggewen moes word, moes hy ook aandag gee aan die standpunt van sakeleiers oor die aangeleentheid. Dit is maar altyd, hoewel dikwels sonder tasbare bewyse, aanvaar dat die Engelstalige korporatiewe wêreld sterk ondersteuners van die PFP was. Die 1983-referendum het getoon dat die werklikheid veel meer ingewikkeld was. Hoewel die PFP oor die jare op skenkings van Anglo American kon staatmaak, was dit bra klein bedrae vergeleke met wat Anglo American aan ander instellings en instansies geskenk het. In die referendum het Harry Oppenheimer van Anglo teensinnig "nee" gestem. Ander leidende sakelui soos Gavin Relly van Anglo en Chris Saunders van Tongaat Suiker (die voorste sakeman in Natal) het "ja" gestem. [63] By 'n byeenkoms wat tydens die referendumveldtog deur Oppenheimer georganiseer en deur Slabbert toegespreek is, was daar min entoesiasme vir sy standpunte. Self het dit vir Slabbert gevoel net omtrent twee van die ongeveer honderd mense stem met hom saam. Hulle was so behep met verandering dat hulle bereid was om na strooihalms te gryp.[64] Slabbert was baie bewus van die PFP se onsekere verhouding met groot sakelui. Hy was reeds teen 1981 teleurgesteld in hoe sakeleiers die media gefinansier het; hy het hulle beskou as " uiteraard in die eerste plek sakelui eerder as politici".[65] He het later verduidelik dat die PFP

62 Shandler, "Structural crisis", p 74.

63 Shandler,"Structural crisis", p 87; *Pretoria News,* 7 Oktober 1983, "Yes vote a positive movement"; *The Daily News*, 18 Oktober 1983, "Yes from Saunders".

64 Shandler, "Structural crisis", p 87. Sien ook *Die Burger* 28 September 1983, "Min sake-steun vir PFP se Nee"; *The Citizen*, 5 Oktober 1983, "Business men back 'Yes'".

65 Giliomee-versameling, ongesorteer, Tony Delius – Tony Heard, 25 November 1981, haal Slabbert aan.

> ... nooit vir hulle [kapitaliste] as 'n noodwendige of 'n monolitiese kiesersmark beskou het nie. Hul belange was ten nouste verweef met die regering as magshebber. Ek het nooit beleef dat die sakesektor die PFP as beskermer van hul belange beskou het nie. Hoe kon ons trouens hul belange beskerm? Ons het so min mag gehad. Hulle het wel in jou rigting geneig as hulle ontevrede was met die regering; dan weer terug. Dit was maar soos 'n pendulum.[66]

Hierdie verduideliking verklaar nogal netjies waarom die sakesektor tydens die referendum oor die algemeen die PFP die rug toegekeer het: dit het gelyk asof die regering besig is om 'n meer ondersteunende omgewing vir ekonomiese groei te skep. In hierdie geval het kapitaliste egter in gebreke gebly om die prys daarvan te verreken wanneer die meerderheid Suid-Afrikaners uitgesluit word– dit was 'n misgissing wat in die toekoms by hulle sou spook.

Terwyl die referendum in die wit politieke arena uitgespeel het, het die voorgestelde hervormings die breër sosiale orde op losse skroewe geplaas en onvoorsiene gevolge in die buiteparlementêre politiek gehad. Die koöpterende eienskappe van die nuwe grondwetlike bedeling en die uitsluiting van swart mense het 'n uiteenlopende groepering van 565 ontevrede organisasies beweeg om die nuwe grondwetlike orde te opponeer as die United Democratic Front (UDF), wat op 20 Augustus 1983 in Kaapstad gestig is.[67] Die UDF was bestem om 'n groot landswye rol te speel in die plofbare politiek van die 1980's. Dit was juis hierdie tipe verwikkeling waarna Slabbert verwys het in sy heldere verwerping van die regering se hervormingsplanne. Hy was nietemin versigtig om nie so kort na die stigting daarvan te veel te lees in die UDF se blote bestaan nie. Hy het 'n wag-en-kyk houding ingeneem. Hy het dit egter wel van die begin af duidelik gestel dat die ontstaan van die UDF die geloofwaardigheidsprobleem van die regering se planne vererger het.[68]

---

66 Shandler, "Structural crisis", p 82, aangehaal uit 'n onderhoud met Slabbert op 28 September 1990.

67 J Seekings, *The UDF: A History of the United Democartic Front in South Africa, 1983-1991*, David Philip, Kaapstad, 2000, pp 54, 59.

68 *The Sowetan*, 23 Augustus 1983, "Too early to judge UDF, Slabbert".

By bestekopname van Slabbert se rol tydens die referendumveldtog mag dit aanvanklik voorkom asof hy homself sleg misreken het en die aansienlike steun wat die PFP tot in 1983 bygekry het, weer verloor het. Die uitslag van die referendum, en die verlies van die ondersteuning van sowel die Engelstalige pers as leidende sakelui, dui alles op mislukking. In hierdie sin is hy behoorlik gesnoeker. Maar daar was ook ’n groter prentjie waarin Slabbert oor die langer termyn korrek bewys sou word. Sy Natalse kollega, Ray Swart, het later herhaaldelik benadruk dat hulle wel indertyd as “ontwrigters” gebrandmerk is, maar dat die tyd bewys het dat hulle eintlik “realiste” was.[69] Die driekamerparlement het ’n teiken geword vir buiteparlementêre magte, en weerstand teen die staat het al meer openlik en deurlopend geword sodat die regering uiteindelik verskeie noodtoestande moes afkondig. In hierdie verband is Slabbert se nee-veldtog as profeties aangeprys deur verskeie buiteparlementêre rolspelers.[70] Wat dit vir sy eie toekoms ingehou het sou eers later duidelik word.

69 Swart, *Progressive Odyssey,* p 164.
70 *The Natal Witness,* 4 Maart 1985, “Emergence of a key figure”.

# Hoofstuk 5

# Onstuimige tye

## Slabbert verken die swart politiek

Die ontstaan van die UDF, wat in 'n groot mate as surrogaat vir die verbanne African National Congress (ANC) gedien het, het die posisie van diegene sonder stemreg op die voorgrond geplaas. Voor die UDF se ontstaan was georganiseerde swart politieke groepe se stem bra stil, buitelands sowel as binnelands (met die uitsondering van die swart bewussynsbeweging). In die vroeë 1980's het Slabbert erken dat hy "baie min geweet het van die ANC en van buiteparlementêre politiek. Ek het niemand binne die ANC geken nie. Ek het hulle in daardie stadium nog nooit ontmoet nie. Ek het nooit, prakties, die mense se *struggle* begryp nie."[1]

Swart politiek het egter geleidelik meer pertinent deel van sy politieke raamwerk geword. Slabbert het agtergekom dat 'n nuwe generasie swart aktiviste, wie se griewe hoewel gegrond, besig was om te verval in rewolusionêre romantiek en utopiese sosialistiese idees. Hulle het ook die *bona fides* van wit mense al meer bevraagteken. Vir hulle was die PFP nie deel van die oplossing vir Suid-Afrika se probleem nie, en was die party se liberale oortuiging bloot "die versiersuiker om die stelsel van verdrukking".[2]

Die PFP het nietemin in die 1970's daarin geslaag om 'n werksverhouding met Mangosuthu Buthelezi se tuislandparty, Inkatha yeNkululeko yeSizwe (die latere Inkatha Vryheidsparty), met sy breë ondersteuningsbasis in Natal op te bou. Dié verhouding is opgebou tussen Slabbert, Ray Swart (leier van die PFP in Natal) en Buthelezi. Sowel die PFP as Inkatha het hulself verbind tot geleidelike verandering. Hoewel die verhouding

1 Shandler,"Structural crisis", p 92, aangehaal uit 'n onderhoud met Slabbert op 28 September 1990 (vertaling).

2 *Rand Daily Mail*, 2 Desember 1981, "The PFP and black politics" (vertaling).

tussen die PFP en Inkatha dikwels gespanne was (veral weens persoonlikheidsgedrewe misverstande), het dit moontlikhede ingehou om in 'n sterk magsblok te ontwikkel. Die Buthelezi-kommissie het in die vroeë 1980's hiervan probeer werk maak, maar dit het nie op veel uitgeloop nie.[3]

Die UDF het 'n ander tipe uitdaging gebied omdat hulle sowel die PFP as Inkatha as "deel van die stelsel" beskou het en dus niks met hulle te doen wou hê nie. Gedurende die 1980's was daar stroewe, vyandige en soms geweldadige lyne tussen diegene wat geëien is as synde binne apartheidstrukture van enige aard te werk, en diegene wat radikale verandering "buite die stelsel" aangehang het. Die PFP het dit egter beskou as noodsaaklik om sy net wyer te sprei en die party te herposisioneer met die oog op 'n plek vir die party tussen die twee sterkste protagoniste, naamlik die NP en die buiteparlementêre magte. Die PFP was bewus van die gevare en moontlikhede van marginalisering en het veral besluit om sy steun in die bruin en Indiërgemeenskappe te probeer vermeerder. In 1984 het Slabbert die PFP aangemoedig om die party met die "breedste magsbasis in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse parlement te word".[4] Met hierdie stap het die PFP eintlik 'n uitdaging tot die UDF gerig en die PFP is so te sê as oortreder op die terrein van die buiteparlementêre politiek gebrandmerk. Slabbert is deur woordvoerders vermaan dat hy die saad van verdeeldheid saai, maar sy antwoord was dat die PFP 'n eie, onafhanklike party is en dat daar geen rede was om die party se toetrede tot "vreemde" terrein in te perk nie:

> Ons kan nie verwag dat almal van die PFP sal hou nie. Ons verstaan dat daar moontlike konflik sal wees met ander groepe wat nie ons ideale deel nie. Ons mors nie ons tyd om uit te vind hoeveel mense hou nie van wat ons doen nie. Ons kyk eerder hoeveel mense hou daarvan.[5]

In 'n verdere poging om die PFP te herposisioneer het Slabbert die idee van 'n nasionale konvensiebeweging gelei deur 'n konvensie-

3 Sien byvoorbeeld G Mare en G Hamilton, '*An appetite for power': Buthelezi's Inkatha and South Africa*, Ravan, Johannesburg, 1987.
4 *Deurbraak*, Augustus 1986, "Groei".
5 *Sunday Tribune*, 23 Junie 1985, "PFP and UDF" (vertaling).

alliansie bestaande uit anti-apartheidsorganisasies te bedink. Die strategie was om die middelgrond met 'n nuwe hegemoniese blok te beset.

Hierdie inisiatief moet beoordeel word teen die agtergrond van toenemende landwye onrus, rassespanning en die feit dat die NP-regering vanaf Julie 1985 'n noodtoestand in 36 landdrosdistrikte afgekondig het. Swart gemeenskappe, sommige onder die vaandel van die UDF en ander nie, het op groot skaal gemobiliseer om die townships onregeerbaar te probeer maak. Busboikotte, wegbly-aksies, skoolproteste en massa-optrede het alledaags geword. Met die polisie en later die weermag wat in townships ontplooi is, is hardhandig opgetree teen opstandiges, wat 'n kringloop van verdere opstand ontketen het. Die moontlikheid van algehele chaos het anderkant die kim gewink.[6] Om sake te vererger het pres. Botha se veelbesproke sogenaamde Rubicon-toespraak van Augustus 1985, wat veronderstel was om betekenisvolle verandering in te lui, 'n muis gebaar.[7]

Slabbert, wat tot in daardie stadium 'n hoofstroompolitikus was wat grootliks binne die parlementêre Volksraad gefunksioneer het, was nou vir die eerste keer aan rowwe straatpolitiek blootgestel. Peter Gastrow, landswye ondervoorsitter van die PFP, het later onthou:

> 1985 was die jaar van ongelooflike ontwrigting. Slabbert was besig om sy eerste werklike kontak te maak. My indruk was dat hy vir die eerste keer die maalkolk van bedroewendheid en die swart magspotensiaal beleef het. Hy het gepraat met politieke aktiviste. Hy het na verskeie brandpunte gereis. Die hele warrelwind het hom ingesuig. Ek dink dit het werklik sy perspektief oor wat in swart politiek aan die gang was, baie verbreed.[8]

6 Baie is hieroor geskryf. Sien byvoorbeeld M Swilling, "The United Democratic Front and Township revolt" in W Corbett en R Cohen, *Popular struggles in South Africa,* David Currey, Londen, 1988, pp 90-113; Seekings, *The UDF*, pp 91 ff.

7 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, pp 194-203.

8 Shandler, "Structural crisis", p 143, aanhaling uit 'n onderhoud met Peter Gastrow, 28 Maart 1990 (vertaling).

Toe Slabbert in Augustus 1985 die PFP se jaarlikse federale kongres toegespreek het, was daar ’n bykanse desperaatheid in sy toespraak, en het hy dit duidelik gemaak dat die landsituasie krisisafmetings aangeneem het. Die land is “verteer deur onrus”, het hy gesê, en “die beeld van ’n trop malende varke op die rand van ’n afgrond kom by mens op”.[9]

Dit het nou dringend noodsaaklik geword, selfs meer as tevore, het hy aangevoer, om te verhoed dat, wat hy as die twee uiterstes beskou het – verdrukking en geweldadige onluste, die tipies kenmerke van die politieke landskap word. “Ons moet aantoon dat daar ’n derde opsie is”, het Slabbert gepleit, “’n opsie in die middel, anders as geweld om die status quo te verander, en anders as onderdrukking om dit in stand te hou. Dit is wat ek in gedagte het met ’n konvensie-alliansie.”[10]

Slabbert en Buthelezi was die medesameroepers van die eerste vergadering van die konvensie-alliansie, en die bekendstelling in Johannesburg is bygewoon deur ’n groot aantal sakelui wat algaande meer gefrustreerd geraak het met die regering se stamelende hervormingspogings. Soos Slabbert al tevore opgemerk het was sakelui ’n belangegroep met veranderlike politieke lojaliteite wat hierdie slag op soek was na vars inisiatiewe en dus hul invloed op die PFP wou hernuwe. Die konvensie-alliansie het egter meer belofte as substansie ingehou.

Die gevoelige alliansie-plantjie het verweer nog voordat dit behoorlik water kon kry. Die ANC het die alliansie nie goedgekeur nie en skaars drie dae voor die bekendstelling het die UDF hul steun onttrek met die argument dat die tyd nie ryp was vir so ’n projek nie en dat hulle in elk geval voorbehoude gehad het oor samewerking met Buthelezi, wat bestempel is as deel van die apartheid-establishment. Slabbert het later onthou:

> ...die ding het net daar doodgeloop. Maar dit was te laat om dit te kanselleer. Dit was seker een van die grootste verleenthede van my lewe in die politiek. Jy kom byeen in

9 Universiteit van die Witwatersrand, Cullen-biblioteek, Historical Papers, PFP-versameling, AG 883 AC 1.13, toespraak deur F van Zyl Slabbert by die PFP Federale Kongres, 30 Augustus 1985 (vertaling).
10 Ibid (vertaling).

> die Sandton Sun met al hierdie mense, maar jy het niks van substansie te bied nie.[11]

Sekere spesifieke individue het Slabbert in die besonder geïrriteer. Een van hulle was aartsbiskop Desmond Tutu wat veronderstel was om aan boord te wees, maar wat onttrek het omdat hy nie bereid was om met Buthelezi geassosieer te word nie. Slabbert het gebrom dat "dit nou ons groot Christenleier is". Hy was ewe geringskattend oor Allan Boesak van die UDF, wat omgeswaai het nadat hy aanvanklik ingestem het om deel te neem. "Hulle het almal hul instruksies van [die ANC] gekry", het hy sy misnoeë te kenne gegee.[12]

Die mislukking van die alliansie het Slabbert kennelik ontstel. Daardie mislukking was inderdaad groter as wat hy sou wou toegee. Gegewe die plofbaarheid van die destydse Suid-Afrikaanse politiek waar die verdelingslyne so duidelik getrek is, het Slabbert op ietwat onbekookte wyse probeer om die PFP se gematigde standpunt te koppel aan die militantheid van die UDF en die ANC. Die alliansie se klem op onderhandelinge was ook wêrelde verwyder van die politieke mobilisasie-prioriteite en onmiddellike doelwitte van die bevrydingsbewegings in die townships.[13] Die kanse op sukses was van die begin af maar skraal.

Slabbert het na alle waarskynlikheid gedink die politieke situasie het sulke krisisafmetings aangeneem dat onmiddellike optrede nodig was. Peter Gastrow het later die volgende afwysende opmerkings gemaak oor die beplanning van die geleentheid:

> Die idees is nie wyd in die PFP getoets of binne die party bespreek nie. Dit was een van Slabbert se swakhede. Hy het skielik baie entoesiasties geraak oor die idee en toe daarmee op loop gegaan sonder om die nodige konsultasie

11 Shandler, "Structural crisis", p 131, aanhaling uit 'n onderhoud met Slabbert op 28 September 1990 (vertaling).

12 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, B 33215, Patti Waldmeier-onderhoude, onderhoud met Slabbert, pp 38-39, 11 November 1994.

13 Shandler, "Structural crisis", p 132.

> te doen. In daardie stadium was mens nie so bekend met die buiteparlementêre groepe se binnepolitiek nie.[14]

Slabbert was baie teleurgesteld oor hoe sake afgeloop het, maar hy was steeds ywerig genoeg om ander moontlikhede ook te verken. As die ANC dan nou die hoofspeler was of hulself as sulks wou projekteer, sou dit logies wees om nadere kontak met dié organisasie op te bou wanneer so 'n geleentheid hom voordoen. "Dit was per slot van rekening hulle wat die inisiatief vernietig het" – so het hy gedink – "en ons wou self uitvind wat hulle in gedagte gehad het."[15]

So 'n geleentheid het hom voorgedoen deur die ondernemingsgees van Peter Gastrow wat deur middel van 'n klomp tussengangers en geheimhouding 'n ontmoeting tussen die PFP-leierskorps en sommige ANC-leiers gereël gekry het. Dit is nie met ander PFP-lede bespreek nie, deels weens die noodsaaklikheid daarvan om vertroulikheid te handhaaf as gevolg van sekuriteitsredes, maar ook omdat die PFP-bestuur geen mandaat vir so 'n stap van die partylidmaatskap gehad het nie. Die ontmoeting het op 12 en 13 Oktober in Lusaka plaasgevind.[16]

Thabo Mbeki en ander vooraanstaande ANC-leiers het die ontmoeting bygewoon. Vir Slabbert was dit sy eerste ontmoeting met die "argitekte van die bevrydingstryd". Hy was diep beïndruk. "Om te sê dat ek oorweldig is, sou wees om dit lig te stel. Mac Maharaj, Thabo Mbeki, Gertrude Shope..." Hy is blootgestel aan "'n hele nuwe veld van die geskiedenis" en 'n "gevoel van kameraderie en gedeelde doelwitte" met die ANC in die stryd teen apartheid. Terugskouend het hy later besef "hoeveel meer bedrewe hulle was as politici; in watter mate dit 'n deel gevorm het van hul alledaagse bestaan om 'n wye verskeidenheid mense vanoor die wêreld se guns te wen en hulle deel te maak van die bevrydingstryd. Vergelykenderwys was ons nuwelinge en dit was maklik vir hulle om ons sienings te vorm."[17]

---

14 Shandler, "Structural crisis", p 132, aanhaling uit 'n onderhoud met Peter Gastrow, 28 Maart 1990 (vertaling).
15 Slabbert, *Tough Choices*, p 103 (vertaling).
16 Peter Gastrow se e-pos aan skrywer op 27 Februarie waarin hy die detail van die reëlings vir die PFP-ANC-vergadering herroep.
17 Slabbert, *Tough Choices*, p 103 (vertaling).

Op sosiale vlak is hy oorweldig, het Slabbert ruiterlik erken. "Waarom is ons nie saam nie? Ons is mal oor mekaar" was sy entoesiastiese reaksie. Die PFP-leierskap is gul onthaal by die Lusaka-poloklub en Slabbert het onthou "ons het Suid-Afrikaanse wyn gedrink en snot en trane gehuil. Te wonderlik."[18] Geselligheid en gemoedelikheid was aan die orde van die dag en daar was baie min vals note. Nogtans was daar vir Alex Boraine iets steurend daaraan om so oordadig onthaal te word by die deftige poloklub deur mense wat dan so 'n rewolusionêre agenda sou hê.[19] Nie dat dit Boraine se entoesiasme gedemp het nie. Slabbert was later ook van mening dat hulle dalk 'n bietjie naïef was om die ANC so geredelik as lang verlore broers te omarm. In sy latere pogings om te verstaan hoekom die PFP-afvaardiging so vatbaar was vir die ANC se toenadering het Slabbert dit toegeskryf aan die "voortdurende interne demonisering deur die regering". Hy het dit beskryf as "voortdurende pogings tot oorrompeling". "Alles wat jy gelees en gehoor het, was dat dit polities onaanvaarbaar en verraderlik was om met hierdie mense te gaan praat – en dan gaan jy en dis net heeltemal anders. Ek meen jy kan dit eintlik nie glo nie en hulle is so redelik, en julle lag saam en bespreek die binnelandse situasie."[20] In sy ywer om aan die stereotipering van die ANC binne Suid-Afrika te ontsnap was Slabbert in hierdie stadium besonder positief teenoor die beweging ingestel. Dit het hom dan ook meer vatbaar vir hul toenadering gemaak.

Benewens hul effektiewe toenaderingsveldtog het die ANC 'n besliste voordeel bo die PFP geniet in politieke gesprekke oor Suid-Afrika. Die PFP-afvaardiging het dit moeilik gevind om hul deelname aan die Suid-Afrikaanse parlementêre stelsel te regverdig aangesien die ANC dit duidelik gemaak het dat die parlement tog die instelling is wat apartheidsbeleid laat voortleef.[21] Slabbert se mening dat 'n vreedsame oorgang nie moontlik sou wees sonder om die regering, en wit mense in

18 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, B 33215, Patti Waldmeier-onderhoude, onderhoud met Slabbert, 11 November 1994, p 40 (vertaling).
19 Boraine, *Life in Transition*, p 147.
20 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, B 33215, Patti Waldmeier-onderhoude, onderhoud met Slabbert, 11 November 1994, pp 40-41.
21 H Macmillan, *The Lusaka Years, The ANC in exile, 1963 to 1994*, Jacana, Kaapstad, 2013, p 204.

die algemeen, te betrek nie, "is met goedgemanierde maar neerbuigende glimlaggies begroet".[22] Die ANC, so het Slabbert besef, het lankal by die punt verby beweeg waar 'n vreedsame oplossing hul hoofprioriteit sou wees. Hy het agtergekom dat hul argumente grootliks berus het op die morele hoë grond van die bevrydingstryd eerder as op strategie en taktiek, met die uitsondering dat hulle die gewapende stryd ondersteun het en pogings om binne die heersende Suid-Afrikaanse politieke stelsel te funksioneer verwerp het. Terugskouend het Slabbert hierdie ontmoeting onthou as die eerste keer dat hy moes besef dat hy nie deur die ANC beskou sou word as deel van die bevrydingstryd tensy hy apartheid volgens die voorskrifte van die ANC bestry nie.[23] Heel teen die einde van die ontmoeting was daar tog raakpunte oor strategie tydens 'n private gesprek tussen Slabbert en Mbeki op pad terug lughawe toe, toe Mbeki aangedui het dat die ANC, betreffende die gebruik van geweld waarteen Slabbert sterk gevoel het, dalk van 'n tweespoor-benadering gebruik kon maak wat onderhandelinge sou kon insluit. "Praat is altyd beter as doodmaak", het Mbeki gesê.[24]

Met sy terugkeer na Suid-Afrika was dit duidelik dat Slabbert baie energie uit die ontmoeting geput het, en sy optrede was bykans messiaans, sy toesprake al vuriger en sy taal al sterker.[25] Hy het dit beskou as "totaal immoreel om tone te tel terwyl Suid-Afrika versink in 'n algaande erger krisis".[26] Die krisis moes afgeweer word en nadat hy die gesprek met Mbeki gehad het, het hy geglo dit is nie te laat om te begin praat oor onderhandelinge nie. Om daardie punt te bereik moes apartheid egter eers afgeskaf word. Hy het ook verklaar dat hy nou 'n beter begrip van die gewapende stryd gehad het, en dat die ANC nie maklik sou toesien dat dié stryd opgeskort word solank as wat die omstandighede waarbinne die gewapende stryd aanvanklik ontstaan het voortduur nie. Dit was teenstrydig met sy vorige

22 Slabbert, *Tough Choices*, p 103 (vertaling).
23 Slabbert, *Tough Choices*, p 103.
24 M Gevisser, *The dream deferred: Thabo Mbeki*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2007, p 497 (vertaling).
25 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoude, B 33215, onderhoud met Slabbert, 11 November 1994, pp 40.
26 *Cape Argus*, 14 Oktober 1985, "ANC, PFP may talk again" (vertaling).

beskouing dat alle politieke geweld uit enige oord veroordeel moes word.[27]

Slabbert het duidelik sy posisie verander. Van 'n posisie waarin hy ten volle by die wit politiek betrokke was tydens die 1981-verkiesing en die 1983-referendum, het die dinamika van die swart politiek teen 1985 'n algaande sterker faktor begin word. Die probleme met die geloofwaardigheid van die driekamerparlement, wat hy korrek voorspel het, sowel as herhalende siklusse van al erger verdrukking wat dan weer tot steeds erger geweldadige protes gelei het, het Slabbert al ernstiger laat nadink oor hoe hy en die PFP nog steeds 'n rol kon speel wat die moeite werd was. Hy het verby die punt beweeg waar blote parlementêre protes (belangrik soos hy wel toegegee het dit was) en pogings om die parlementêre magsbalans te swaai, genoegsaam was. Nou het hy aangedring op die onmiddellike noodsaaklikheid van dialoog. "Enigiets anders", het hy later onthou, "was net 'n belediging vir my intelligensie." Teen die einde van 1985 was die Botha-regime vir hom weersinwekkend. "Ek sou enigiets behalwe geweld gebruik om hulle te ondermyn. Daaroor het ek my duidelik uitgespreek", het hy gesê.[28]

Slabbert en die PFP se belangrike kopskuif is daarin weerspieël dat hulle afstand gedoen het van die idee van grondwetlike magsdeling en minderheidsveto's, ten gunste van individuele regte en 'n onafhanklike regbank. Dit was bepalende skuiwe, wat tot 'n mate deur die onstabiele toestande in die land veroorsaak is, maar ook deur Slabbert se blootstelling aan swart politieke organisasies wat dit by hom tuisgebring het dat remmende beperkinge op grondwetlike magte nie gedoog sou word nie.[29] Die Slabbert van 1985 wat op hierdie manier die leiding geneem het, was nie die Slabbert van die tydperk voor die 1983-referendum toe die buiteparlementêre politiek nog nie so plofbaar was nie. Middelpuntvlietende magte was egter

27 Shandler, "Structural crisis", p 145.
28 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoude, B 33215, onderhoud met Slabbert, 11 November 1994, p 42 (vertaling).
29 Vergelyk Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, pp 216-218.

werksaam, gestu deur die toenemende militarisering gedurende die 1980's.

## Deur kruisvuur getref

Die harde realiteit van militarisering in Suid-Afrika gedurende die 1980's kon nie anders nie as om 'n invloed op die politieke diskoers uit te oefen en het Slabbert voor 'n paar ongemaklike keuses gestel. As die amptelike opposisie in die parlement vir die grootste deel van daardie tydperk was die PFP nie in 'n posisie om die aard van die debat te bepaal nie aangesien die NP onder Botha die agenda bepaal het. Botha het gedien as minister van verdediging vanaf 1967 totdat hy in 1978 eerste minister geword en in 1984 kragtens die nuwe grondwetlike bestel tot president verkies is. Onder hom en sy met die hand uitgesoekte minister van verdediging, genl. Magnus Malan, is verdedigingsbelange deurgaans bevorder.

Die kern van die militariseringsideologie was die konsep van 'n "totale strategie" om die idee van 'n "totale aanslag" deur Suid-Afrika se vyande teen te staan. Daardie vyande is bowenal gedefinieer as die kommuniste – veral die destydse Sowjet-Unie en sy satellietstaat, Kuba – wat Angola gebruik het as basis en afspringplek vir insypelings in die Suid-Afrikaans beheerde Suidwes-Afrika, tans bekend as Namibië. Suid-Afrika – so is aangevoer – het grootliks alleen gestaan in hierdie stryd aangesien die liberale Weste as te ruggraatloos beskou is om die stryd te ondersteun. Wat natuurlik gemaklik in hierdie siening onderspeel is, is dat apartheid op sigself wêreldwyd as die grootste destabiliserende faktor in die hele situasie gesien is.[30]

Die idee van 'n totale aanslag het die grein van die wit gemeenskap binnegedring en polities wyd aanklank gevind. Die PFP, as die opposisie links van die NP, was bekommerd oor hierdie insypelende effek. In 1983 het die senior PFP-parlementslid Colin Eglin gesê:

30 A Venter, "Mededingende politieke paradigmas oor die Grensoorlog, 1966-1989", *Journal for Contemporary History*, 34, Februarie 2009, pp 40-42.

> Elke aanval op Suid-Afrika, elke punt van kritiek op beleid of optrede, elke poging om uit te sluit of te boikot, elke voorstel om te disinvesteer word gesien as deel van die Totale Aanslag. Buitelandse regerings, internasionale organisasies, kerkliggame, vakbonde en politieke aktiviste wat Suid-Afrika kritiseer of teen die land optree, word gesien as deel van die Totale Aanslag, of dit nou is as aanstigters, agente, vennote of blote meelopers van die Totale Aanslag-strategie.[31]

Die PFP het probeer om die totale aanslag-benadering teen te werk deur te onderskei tussen wat hulle beskou het as "geldige sekuriteitsoorwegings" aan die een kant, en "algehele paniek, grensend aan paranoia" aan die ander kant. Die party was nie oortuig dat die Sowjet-Unie, binne die beperkinge van *realpolitik*, groot meesterplanne gehad het om kommunisme op Suid-Afrika as sulks af te dwing nie, omdat die Sowjet-Unie eerder geneig was om op opportunistiese wyse voordeel te trek uit teikens wat opduik sodat die Sowjet-invloedsfeer uitgebrei kon word.[32] Hierdie meer genuanseerde benadering het baie waardering in verfynde politieke kringe uitgelok, maar dit was moeilik om oor te dra in die storm en drang van die dag-tot-dag politiek, veral in 'n tydvak waar Kubane aan die noordelike grens van Suidwes-Afrika saamgetrek het, bomme in openbare plekke in Suid-Afrika ontplof het en swart onrus oral in die land gebroei het, met verskeie noodtoestande wat afgekondig is. Sake is ook nie juis aangehelp daardeur dat die ANC bloedstollende uitsprake gemaak het soos, ten einde die bevrydingstryd aan te help, dit nodig was om "haat vir die vyand" te ontwikkel, en dat, histories, "een van die redes hoekom ons voorvaders so heldhaftig teen die vyand kon veg,

31 C Eglin, "South Africa in a Southern Africa and International Foreign Policy Perspective", in Friedrich Nauman Stiftung, *South Africa – chance for liberalism*. Papers presented during a seminar of the Friedrich Naumann Foundation in December 1983, p 268 (vertaling). Sien ook Slabbert, *The system and the struggle*, p 125.

32 P Myburgh, "Security defence issues in Southern Africa" in Friedrich Nauman Stiftung, *South Africa – chance for liberalism*, p 261. Sien ook Venter, "Mededingende paradigmas", p 50.

was dat hulle die vyand so gehaat het."[33] Dit was binne hierdie ingewikkelde politieke grense dat die PFP sy weg moes vind.

Gegewe die prominente plek wat verdedigingsake in die wit gemeenskap ingeneem het, was die PFP baie versigtig om nie binne of buite die parlement die beeld oor te dra dat hulle die rol van die weermag heeltemal verwerp nie. Trouens, Harry Schwarz, 'n gerekende PFP-LP wat spesifiek beskou is as 'n valk (eerder as 'n duif) oor verdedigingskwessies, het dit duidelik gemaak dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) 'n noodsaaklike taak het en ondersteun moet word: "As jy 'n Suid-Afrikaner is, glo in vrede en as jy beskerming van ons polisie en verdedigingsmagte wil hê teen geweld en terreur, moet jy bereid wees om tot daardie verdediging by te dra."[34] In dieselfde trant het Philip Myburgh, PFP-parlementslid vir Wynberg en woordvoerder oor verdediging, in 1983 aangevoer dat "die grootste moontlike mate van ooreenstemming bereik moet word dat die veiligheid en verdediging van Suid-Afrika een van ons voorste oorwegings moet wees." [35]

Benewens die persoonlike oortuigings van hierdie twee parlementslede was die doel van sulke vertrekpunte ook om die PFP aan die publiek voor te hou as 'n party wat nie apaties was ten opsigte van veiligheidskwessies, soos die NP dikwels beweer het nie.[36] Dit was 'n punt wat voortdurend herhaal moes word. In Mei 1987, net voor die algemene verkiesing, het Brian Goodall, parlementslid vir Edenvale en PFP-woordvoerder oor verdediging, dit duidelik gemaak dat dit "onsin" was vir die regering om te beweer dat die PFP weier om die bedreigings teen Suid-Afrika te erken. Selfs indien die PFP die regering word, het hy voortgegaan, "sal daar steeds 'n bedreiging wees. Ons sal dit egter baie meer effektief hanteer as wat hierdie regering doen."[37] So 'n standpunt was noodsaaklik vir die PFP om te verseker dat

33 *Sechaba*, March 1986, "Our armed offensive: military strategy in South Africa", pp 19-20 (vertaling).
34 *Debatte van die Volksraad*, 25 Maart 1980, kolom 3445.
35 *Debatte van die Volksraad*, 21 Maart 1983, kolom 3551.
36 Onderhoud met Philip Myburgh, 25 April 2016.
37 Universiteit van die Witwatersrand, Cullen-biblioteek, Historical Papers, PFP-versameling, AG 1977/H 7, toespraak deur B Gooddall, Mei 1987 (vertaling).

hulle by die kieserspubliek aansluiting vind en om beweegruimte in die parlement te verseker. Anders sou die party alte maklik uit die politieke debat gerangeer kon word op grond van beweerde "gebrek aan lojaliteit".

Kort na die aanvang van sy parlementêre loopbaan in 1974 het Slabbert die beskikbare parlementêre ruimte probeer aanwend om inligting oor militêre kwessies te bekom. Daar was ook 'n persoonlike dimensie in sy belangstelling aangesien sy halfbroer, Sean Taylor, een van die dienspligtiges was wat betrokke was by die rampspoedige inval in Angola in Augustus 1975. Slabbert was lid van 'n amptelike parlementêre afvaardiging wat die grensgebied in Januarie 1976 besoek het toe die nuus van die inval in Angola aan hulle oorgedra is. Hy was nie slegs bekommerd oor Sean se lot nie, maar ook geskok oor wat hy beskou het as die stompsinnigheid om Angola in te val in 'n mislukte poging om die streekpolitiek te beïnvloed. Die hele eskapade het beteken dat die beginsel van geen inmenging in die huishoudelike sake van ander lande, wat so lank 'n grondbeginsel van Suid-Afrika se buitelandse beleid was, daarmee heen was. Aangesien inligting oor die inval as geheim geklassifiseer is, is Slabbert nie toegelaat om die kwessie in die parlement te opper nie, maar hy het die geheimhouding probeer omseil deur 'n teoretiese scenario te skets waar dienspligtiges toegelaat sou word om ontplooi te word.[38]

Namate die ideologie van totale aanslag meer vatplek gekry het, het die verdelingslyn tussen staat en regerende party al vaer begin raak. Slabbert was bekommerd dat wat begin het as 'n "totale strategie" besig was om in 'n "totalitêre strategie" te ontaard.[39] Die gebeurtenis wat hierdie opmerking ontlok het, was 'n verslag van die SAW wat gelek is aan die *Sunday Times* in Maart 1980, naamlik 'n plan van die weermag om kritiek deur die opposisie op premier PW Botha, deur die manipulasie van die nuusmedia teen te werk. In sy parlementêre reaksie op die onthulling het Botha dit as 'n kleinigheid afgemaak, en hy was onwillig om toe te gee dat die weermag die grens tussen staat en party oorgesteek het. Slabbert het gesê die weermag moet baie

38 Slabbert, *White Parliament*, pp 39-42; *Debatte van die Volksraad*, 5 Februarie 1976, kolomme 671-672.

39 *Debatte van die Volksraad*, 25 Maart 1980, kolom 3424.

versigtig wees om nie by die partypolitiek betrokke te raak sodat die gedagte ontstaan dat die weermag maar net "die Nasionale Party in uniform is" nie, want "dit sal die land verdeel van bo tot onder".[40] In 'n omvattende kritieke ontleding van die gelekte dokument het Slabbert deurgaans aangedring op 'n duidelike en streng verdeling tussen staat en party.

Mens sou eindeloos kon bespiegel of Slabbert werklik geglo het daar was in die eerste plek so 'n groot onderskeid tussen party en staat. Daar was heelwat kritiek daarop dat hy so naïef kon wees om dit te dink.[41] Die vereistes van *realpolitik* sou egter wel kon wees dat dit sou skakel met algemene PFP-strategie om die onderskeid tussen staat en regerende party voorop te stel ten einde die NP by debat te betrek en verantwoordbaar te hou. Genl. Jannie Geldenhuys, wat teen 1985 hoof van die weermag was, het later erken dat Slabbert se mening wel gewig gedra het in sekere regeringskringe.[42]

Debatte oor verdedigingskwessies kon maklik ontspoor. In reaksie op Slabbert se stellings oor die onthullings rakende die SAW se betrokkenheid by die partypolitiek het die veglustige Botha Slabbert se inset as 'n "tirade" afgemaak en na hom verwys as 'n "jong renosterbul". Slabbert se antwoord was afgemete: hy het dit betreur dat 'n senior parlementslid met soveel jare parlementêre ondervinding homself op so 'n manier kon gedra, en hy het die hoop uitgespreek dat hy nooit teenoor enigiemand tot die vlak sou daal waarop Botha met hom gepraat het nie.[43] Verhoudings tussen Botha en Slabbert het gespanne gebly. 'n Senior NP-lid het laat glip wat die wortel van die kwaad was: "Slabbert is te slim; PW haat hom."[44]

Dit was voorts geen gegewe dat, as die opposisie die parlement toespreek oor verdedigingskwessies, die res van die huis enige aandag daaraan sou skenk nie. Terwyl Slabbert in 1985 besig was met 'n parlementêre toespraak oor die vraagstukke van

40 *Debatte van die Volksraad*, 25 Maart 1980, kolomme 3446-3447.
41 KW Grundy, *Soldiers without politics: Blacks in the South African Armed Forces*, University of California Press, Berkeley, 1983, p 124.
42 H Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 220.
43 *Debatte van die Volksraad*, 25 Maart 1980, kolom 3456.
44 Aangehaal in R Swart, *Progressive Odyssey*, p 157 (vertaling).

die dienspligstelsel is hy onderbreek deur twee NP-lede wat op bruuske wyse onder mekaar stry gekry het, sodat die een die ander 'n "dikkop" genoem het. Die speaker moes hulle eers tot orde roep voordat Slabbert met sy toespraak kon voortgaan.[45]

Oor die algemeen het Slabbert verkies om nie sy opponente te verkleineer of te beledig nie. Daar was egter uitsonderings. Magnus Malan se onwilligheid om inligting bekend te maak en wat Slabbert beskou het as die minister se oordadige liggeraaktheid oor enige kritiek op die weermag, kon Slabbert soms teen die mure uitdryf. Hy het Malan vergelyk met die gedrag van 'n kalkoen wat hy in sy jeug op die plaas ervaar het. As mens die kalkoen sou terg, sou die kalkoen begin kekkel. Na 'n ruk was die kalkoen so gekondisioneer dat die voël sou begin kekkel sodra iemand selfs net naby kom sonder om hom die eers te terg. Dít was die "kekkelpolitiek" van die minister van verdediging, het Slabbert aangevoer.[46]

Ten spyte van die vlak van sulke botsings was die parlement darem nie 'n verlore saak nie. Deur deeglike werk in die komitees het die PFP soms daarin geslaag om sommige van die NP se verdedigingsvoorstelle te verander of af te water. So is 'n wetsontwerp oor diensplig in 1983 op verskeie wyses verander nadat die PFP ingegryp het, onder meer 'n bepaling dat geloofsbeswaardes hulself kon uitkoop uit verdere militêre diens nadat hulle hul aanvanklike diensplig afgehandel het. Die PFP het aangevoer dat dit welvarende mense sou bevoordeel en dat niemand van diensplig vrygestel behoort te word bloot omdat hulle dit kon bekostig om hulself uit te koop nie.[47]

Hoewel die PFP probeer het om sover moontlik 'n verenigde front in die parlement voor te hou, het verdedigingskwessies in die stormagtige 1980's oorgespoel na interne debatte binne die party. Die botsings het veral gehandel oor die kwessies van verpligte militêre diens en gewetensbeswaar, en vanaf 1984 ook oor die ontplooiing van troepe in swart townships.

45 *Debatte van die Volksraad*, 29 Mei 1985, kolom 6472.
46 *Deurbraak*, Maart 1984, "Cackling politics" (vertaling).
47 *Deurbraak,* April 1983, "Defence breakthroughs".

Die bepalings oor wie op geloofsgronde van diensplig vrygestel kon word was baie nougeset en het weinig ruimte gelaat vir enigeen wat beswaar gemaak het teen die oproepinstruksies op grond daarvan dat dit 'n "onregverdigbare oorlog" was. Boonop was die straf vir diegene wat geweier het om diensplig te verrig baie erg. Dit kon tronkstraf van tot ses jaar insluit. Namate die land meer gemilitariseer geraak het, het die dienspligtydperk dienooreenkomstig toegeneem. Verpligte militêre diens vir alle wit mans is vir die eerste keer ingestel in 1967, met 'n dienspligtydperk van nege maande, wat in 1972 tot twaalf maande en in 1977 tot twee jaar uitgebrei is. Terselfdertyd is die tydperk van die militêre kampe wat dienspligtiges moes bywoon nadat hul aanvanklike diensplig afgehandel is, ook aangegroei: in 1972 was dit 19 dae vir vyf jaar, vanaf 1977 het dit toegeneem tot dertig dae vir agt jaar, en vanaf 1983 is dit vasgestel op 720 dae versprei oor veertien jaar.

Nog was dit nie die einde nie. Die dienspligtige is daarna oorgeplaas na die Aktiewe Burgermag waar van hom verwag is om jaarliks twaalf dae te dien vir 'n verdere vyf jaar, en hy kon nog opgeroep word tot op die ouderdom van 55 jaar voordat hy oorgeplaas sou word na die nasionale reserwemag vir 'n volgende tien jaar.[48] Die streng oproepinstruksies het beteken dat wit mans, minstens in teorie, hul hele volwasse lewe lank op een of ander manier na die weermag se pype moes dans. Die aard en omvang hiervan het die dienspligkwessie pens en pootjies in die politieke arena laat beland. Diensplig was nie meer 'n mindere kwessie van jong mans wat opgeroep is vir 'n beperkte tyd nie; teen die 1980's het dit die vorm van voortdurende mobilisering begin aanneem.

Die ontplooiing van wit troepe in swart townships kragtens noodtoestand-regulasies wanneer onluste voorgekom het was ook vir die weermag 'n reusesprong. Hoewel daar getuienis bestaan dat sommige swart mense verkies het dat die weermag eerder as die polisie in die townships ontplooi word – die polisie is beskou as afknouerig en ongedissiplineerd[49] – was die algemene indruk wat nou die oorhand begin kry het dat Suid-Afrika besig was om

48 P Frankel, *Pretoria's Praetorians: Civil-military relations in South Africa*, Cambridge University Press, Canbridge, 1984, p 91.
49 Onderhoud met P Myburgh, 25 April 2016.

in ’n burgeroorlog te verval. Die grens was nie meer noord van die land nie, maar het suid beweeg na die dorpe en stede in die land. Toe die weermag eers by die townships inbeweeg het om opstande teen apartheid te onderdruk, was die SAW se laaste aanspraak op neutraliteit daarmee heen. Hierdie verwikkelinge het ’n skerper snykant verleen aan die wyse waarop politieke partye hulself geposisioneer het. Dit was teen hierdie agtergrond dat Slabbert die PFP se federale kongres van 1985 in Durban sou open. Hy het reguit verklaar:

> Verdedigingskwessies was nog altyd omstrede binne die PFP, en dis ook reg so, want dit gaan oor lewe en dood. Ek verkies ’n omstrede, vurige maar eerlike debat bo die tipe pseudo-patriotiese breedsprakerigheid wat politieke kommentaar oor hierdie kwessie so dikwels kenmerk. Soms word beweer dat ek te min kritiek lewer oor hierdie kwessies, en dat ek selfs soos ’n jingo oorkom as ek namens die PFP oor verdedigingskwessies praat. Uiteraard verskil ek met sulke sentimente.[50]

Oor die algemeen, en met oorvleuelings, was daar drie denkskole oor verdedigingskwessies binne die PFP. Oorkoepelend was daar ’n groot mate van ooreenstemming dat politieke hervorming verkieslik was bo toenemende verdedigingsbesteding om stabiliteit te verseker. Daar was ook ’n groot mate van instemming dat ’n groter, professionele weermag bestaande uit beroepsoldate verkieslik was bo die oorwig dienspligtiges. Aan die linkervleuel van die PFP was daar ’n groep met antimilitaristiese ingesteldhede waar ’n afkeer in die militêre kultuur oor die algemeen, en alle optrede wat daarmee verband hou, die toon aangegee het. Aan die regtervleuel van die PFP was daar ’n meer simpatieke ingesteldheid teenoor die behoefte aan diensplig en ’n groter toegeneëntheid jeens die regering se mening oor hoekom die weermag ’n sentrale rol in Suid-Afrikaanse aangeleenthede moes speel, met dien verstande dat dit nie ’n doelwit op sigself

50 Universiteit van die Witwatersrand, Cullen-biblioteek, Historical Papers, PFP-versameling, 44.11.8, toespraak gelewer deur FvZ Slabbert by die PFP Federale Kongres, 10 Augustus 1985 (vertaling).

moes word nie, en dat dit moes saamhang met betekenisvolle politieke hervorming.

Die posisie as skaduminister van verdediging in die PFP het die reputasie gehad dat dit een van die meer omstrede sleutelportefeuljes in die party was, en dat onderliggende meningsverskil dikwels hier na die oppervlak geborrel het.[51] Dit was ’n warm patat wat maar alte dikwels aangegee is namate die PFP se woordvoerders oor verdediging mekaar snel opgevolg het: Harry Schwarz, Roger Hulley, Philip Myburgh, Slabbert self, Brian Goodall, Peter Gastrow en teen die einde van die dekade Nic Olivier.

Parlementslede aan die party se linkervleuel het mense soos Helen Suzman, Graham McIntosh en Alex Boraine ingesluit. (Een van Boraine se seuns, Jeremy, was voortvlugtend met die militêre polisie op sy spoor omdat hy geweier het om vir kampdiens aan te meld.)[52] Verder regs was Harry Schwarz, Philip Myburgh, Alf Widman, Dave Dalling en Reuben Sive. Dit is waarskynlik geen toeval nie dat drie van diegene wat hulself aan die regtervleuel bevind het, praktiese militêre ervaring gehad het wat hul uitkyk straks kon beïnvloed. Schwarz, wie se familie in 1934 as Joodse vlugtelinge uit Nazi-Duitsland in Suid-Afrika aangekom het, het diep lojaal aan Suid-Afrika gevoel omdat die land aan hom geleenthede gebied het toe dit bedroewend met hom gegaan het.[53] Hy het gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die Suid-Afrikaanse Lugmag geveg. Myburgh het in 1958 vrywillig militêre diens verrig en verskeie van sy nabye familielede het ook diens gedoen in die Tweede Wêreldoorlog, terwyl Sive (parlementslid vir die kiesafdeling Bezuidenhout in Johannesburg) die titel majoor verwerf het tydens sy diensjare in die Unie-verdedigingsmag.

Die gevolglike voortdurende interne botsings binne die PFP kon soms morsig raak. McIntosh, wat eers die kiesafdeling Pinetown en later Pietermaritzburg-Noord se parlementslid was, het in ’n stadium geweier om vir militêre diens aan te meld, en het gebots met Schwarz. Schwarz het dit as elke Suid-Afrikaner

51 Frankel, *Pretoria’s Praetorians*, pp 128-129.
52 A Boraine, *A life in transition*, Zebra Press, 2008, p 117.
53 Boraine, *A life in transition*, p 130; onderhoud met K Andrew, 5 September 2019.

se plig beskou om die wet te gehoorsaam, en het gesê dit sluit McIntosh in. Hierop het McIntosh geantwoord: "Ek neem nie sy opmerkings baie ernstig op nie. Mnr. Schwarz kry 'n politieke ereksie elke keer dat iemand die weermag noem en dan verdwyn sy rasionaliteit volkome."[54] McIntosh was ietwat van 'n stormram wat verdedigingskwessies betref. Hy is ook deur Slabbert voor stok gekry toe hy geïmpliseer het dat daar weinig verskil is tussen die weermag en terroriste. "Oordrywing en emosionele uitlatings", het Slabbert gewaarsku, "ondermyn bevredigende en konstruktiewe debat oor verdedigingskwessies, en dit skep ontevredenheid."[55]

Die dienspligkwessie spesifiek het omvattende debat binne die PFP ontketen. Hoewel dit nie gedurende die 1970's 'n vreeslik dringende kwessie was nie, het dit in belangrikheid toegeneem namate die dienspligtydperk gedurende die 1980's verleng is en die weermag al meer prominent in die samelewing geword het. Vurige debatte vir en teen diensplig het kenmerkend geword van PFP-kongresse en het soms die moontlikhede van wat prakties doenbaar was oorskry. Dit het daartoe gelei dat Philip Myburgh as verdedigingswoordvoerder bedank het. Hy het die idee wat deur die PFP se linkervleuel voorgestaan is, naamlik dat diensplig onmiddellik afgeskaf moes word, verwerp as onprakties en onverantwoordelik. Hy het aangevoer diensplig kan nie afgeskaf word sonder dat 'n behoorlike alternatief in die plek daarvan gestel word nie. Daarsonder sou die weermag ernstig verswak word presies op die tydstip waar die weermag 'n skild kon vorm vir vreedsame politieke hervormings.[56]

Slabbert moes self intree as die PFP se woordvoerder oor verdediging. Hy is van alle kante af ingeperk. In 'n stadium het hy gedreig om (weer) as partyleier te bedank as die koukus nie daarin slaag om die ewige onenigheid oor die kwessie te bowe te kom nie.[57] Mettertyd het die gemoedere gekalmeer, maar dit bly

54 *Citizen*, 21 September 1987, "Schwarz will ignore what McIntosh said" (vertaling).
55 *Debatte van die Volksraad*, 29 Mei 1985, kolom 6465.
56 *Rand Daily Mail*, 21 November 1984, "Sword drawn in PFP defence force row".
57 *Eastern Province Herald,* 21 November 1984, "Neglecting the art of the possible".

'n vraag of dit Slabbert se dreigement is wat die deurslag gegee het, of dalk net genoegsame tydsverloop om die kwessie behoorlik te oordink. Ten einde laaste het Slabbert daarin geslaag om 'n mosie aanvaar te kry wat as 'n "persoonlike triomf" vir hom beskryf is met die strekking dat "namate die uitbreiding van 'n voltydse, nie-rassige, professionele weermag en 'n vrywillige reservistemag vorder, kan daar ook vordering gemaak word met die uitfasering van diensplig as deel van die militêre opset tot dit nie meer nodig is nie."[58] Met hierdie formulering het Slabbert nie net probeer om die strydende groepe binne sy party te kry om die strydbyl te begrawe nie, maar ook om 'n sterk standpunt oor diensplig te stel. Hy het dit voorts duidelik gemaak dat sy party "op geen manier militêre diens aktief gaan teenstaan nie, en op geen manier die rol van die weermag gaan ondermyn nie". Terselfdertyd was hy bewus van die feit dat diensplig 'n brandpunt is deels oor die manier waarop troepe aangewend word, wat tot negatiewe reaksies lei.[59]

Dit was veral die geval met die ontplooiing van dienspligtiges in swart woonbuurte. Militêre leiers het aangevoer dat hul rol nie was om opstokers te arresteer nie, maar om onskuldige mense wat uit die politieke stryd wou bly, te beskerm. Slegs in erge konfliksituasies sou die weermag inmeng.[60] Hierdie onderskeid was egter papierdun. Slabbert kon nie anders nie as om op te merk: "Ek dink nie dit help om te sê die weermag is slegs in 'n ondersteunende hoedanigheid betrokke nie. Die versoeking om verder te gaan en in te gryp is so groot dat dit onmoontlik is om daaraan te ontsnap."[61] Met dié dat die voorskrifte aan weermaglede in townships so moeilik was om na te kom en so maklik om te oortree, was daar ook vir die PFP kommerwekkende beleidsimplikasies omdat die voorskrifte dit moeilik gemaak het vir die weermag om as onpartydige bewaker op te tree. Die weermag as sulks het nou 'n sleutelspeler geword

58 *Deurbraak*, Desember 1984, "Conscription" (vertaling).
59 *Rand Daily Mail*, 21 November 1984, "My view" (vertaling).
60 *Die Suid-Afrikaan*, Herfs 1985, "Hermann Giliomee in gesprek met Generaal Jannie Geldenhuys".
61 Universiteit van die Witwatersrand, Cullen-biblioteek, Historical Papers, PFP-versameling Ac 1.13, toespraak gelewer deur FvZ Slabbert by die PFP Federale Kongres, August 1985 (vertaling).

en kon as bewaker en handhawer van die status quo beskou word. Daarom het Slabbert opgemerk dat dit "onmoontlik sal wees om die weermag te beskou as neutrale skild waaragter ordelike hervorming kan plaasvind".[62] Hierdie verwikkeling het die geloofwaardigheid van 'n dikwels aangehaalde PFP-standpunt onder groot druk geplaas.

Slabbert se uitdagings is vererger deur die SAW se gereelde oorgrens-klopjagte in Mosambiek, Botswana en Lesotho. Hy het 'n gevoel van déjà vu ervaar van toe die SAW hom aan die neus gelei het oor die inval in Angola in die 1970's. Onder die dekmantel van vertroulikheid, is die leier van die opposisie in die duister gelaat ten spyte van die protokol dat die opposisieleier op hoogte van sulke sake gehou moes word. Hy kon sy weersinnigheid nouliks beteuel: "As die minister van verdediging en sy departement nie vir my of my party vertrou nie, laat hulle dan duidelik so sê en my nie vertroulik inlig oor enigiets nie. Ek sal leer om daarmee saam te leef, en ek verkies dit so in plaas daarvan dat daar vir my gelieg word."[63] Slabbert het kennelik sy vertroue in die weermag begin verloor. Dit het alte duidelik geword vir Philip Myburgh wat, in 'n poging tot die vestiging van beter verhoudinge, as tussenganger opgetree het om informele ontmoetings tussen Slabbert en senior militêre personeel te reël. Slabbert het net twee sulke ontmoetings bygewoon en toe besluit om geen verdere soortgelyke uitnodigings te aanvaar nie.[64]

Namate militêre kwessies gedurende die 1980's algaande belangriker geraak het, moes die PFP homself aan twee fronte posisioneer. Die party moes die regering se siening van 'n "totale aanslag" teenstaan sonder om sag te lyk oor sekuriteitskwessies in die oë van die kieserskorps. Boonop het hulle in eie kring te kampe gehad met uiteenlopende sienings oor militêre sake. Dit was Slabbert se taak om hierdie skip met sy strydende bemanning te stuur. Asof dit nie 'n genoegsame uitdaging was nie het 'n nuwe organisasie met sy oog op militêre kwessies sy verskyning gemaak.

---

62 Ibid.
63 *Debatte van die Volksraad*, 28 Mei 1985, kolom 6571.
64 Onderhoud met Philip Myburgh, 25 April 2016.

## End Conscription Campaign (ECC)

Die ECC is in 1983 gestig met die volgende doelwitte: om druk op die regering te plaas om diensplig af te skaf; om bewustheid van die militarisering van Suid-Afrika aan te wakker; om die SAW se teenwoordigheid in Suidwes-Afrika teen te staan; om alternatiewe vorme van nasionale diensplig te ondersteun; en om te werk vir vrede en geregtigheid in Suid-Afrika. Die belangrikste hiervan was om teenstand te bied teen verpligte militêre diens. In hierdie verband het die ECC hul baie naby aan verbode gedrag bevind, want dit was 'n strafbare oortreding om mans aan te moedig om te weier om diensplig te verrig. Die ECC het dus aangevoer dat hulle slegs "akkurate" inligting oor SAW-bedrywighede aan dienspligtiges verskaf sodat hulle hul eie besluite kon neem.[65]

So 'n fyn onderskeid is egter nie altyd prakties gehandhaaf nie. Dit was noodwendig dat die ECC op 'n botsing met die regering sou afstuur. Benewens aanvalle in die media moes die ECC onderduimse gedrag en intimidasie van die staat trotseer wat daarop gemik was om die ECC te diskrediteer en te ondergrawe.[66] Die ECC is in 1988 verban, deels omdat die staat van mening was dat hulle 'n onbehoorlike invloed op jong mans uitgeoefen het en sodoende die wet oortree het, en ook omdat die staat bewus was dat sommige ECC-lede ondergronds vir die verbanne ANC gewerk het. Indertyd het die ECC om verstaanbare redes alle en enige bande met die ANC ontken, maar na 1994 het dit algemeen bekend geraak dat sulke bande wel deeglik bestaan het.[67]

Daar is 'n neiging in die geskiedskrywing oor opposisiemagte in die 1980's om aan die ECC 'n rol toe te ken as

---

65 L Nathan, "'Marching to a different beat': The history of the End Conscription Campaign" in J Cock en L Nathan (reds.), *War and Society: The militarisation of South Africa*, David Philip, Kaapstad, 1989, p 310.

66 G van der Westhuizen, I Liebenberg en T du Plessis, "National service and resistance to conscription in South Africa" in I Liebenberg, J Risquet en V Shubin (reds.), *A Far-away war: Angola 1975-1989*, African Sun Media, Stellenbosch, 2015, pp 124-126; Nathan, *War and society*, pp 317-319.

67 *Weekly Mail*, 26 Augustus tot 1 September 1988, "Minister gives his reasons"; *Die Matie*, 20 Augustus 1987, "ECC ontken bande met ANC"; *Business Day*, 30 September 2009, "The End Conscription Campaign and the power of refusal".

'n belangrike speler in die destydse politiek.[68] Sonder dat mens die uniekheid van die organisasie wil ontken, is dit belangrik om te onthou dat tydsverloop soms lei tot oordrywing. Net omdat dit sedertdien geblyk het dat die ECC toe aan die "regte kant" van die geskiedenis was, beteken nie dit was in die 1980's 'n baie belangrike organisasie nie. Die meeste aktiewe lede wat die ECC ooit in sy nege streke gesamentlik gehad het was 1 580. Die organisatoriese struktuur was beperk tot die groot stede en die ECC het nie veel sukses gehad op die Afrikaanse kampusse nie. Op Stellenbosch het net 2,1% van die studente die ECC ondersteun. Vanaf die Engelssprekende gemeenskappe is die steun grootliks getrek uit die middelklas liberale intelligentsia, kerkverenigings en burgerlike organisasies soos die Black Sash, wat in elk geval 'n rol gespeel het in die ECC se ontstaan. Hoewel veel gewag gemaak is van die ECC se beweerde sukses om mans te beïnvloed om nie diensplig te doen nie is dit moeilik om te bewys watter, indien enige, rol die ECC gespeel het by die besluite van sulke individue. Mense het ook weggebly van diensplig af om ander redes as die politieke denkwyses wat die ECC aangevoer het. Oor die algemeen het gehoorsaamheidsyfers aan oproepinstruksies redelik konstant gebly, al was daar klein variasies.[69] Waar die ECC dalk tekort geskiet het aan werklike invloed het hulle meer as vergoed daarvoor met 'n uiters sigbare weerstandskultuur, insluitend bespottings van die tekenprente en plakkate van die SAW, wat die ECC se profiel heelwat laat styg het.[70]

Dit het ook die toorn van genl. Magnus Malan, wat die bespotting van die weermag nie kon verdra nie, laat ontvlam. Hy het aangevoer dis finansiering uit die buiteland wat die ECC

68 Vergelyk C Saunders, "Liberal democratic anti-apartheid activity within South Africa", South African Democracy Education Trust, *The road to democracy in South Africa*, 4, Unisa Press, 2010, pp 1618-1619; Nathan, "End Conscription Campaign", pp 305-308.

69 M Phillips, "The End Conscription Campaign: A study of white extra-parliamentary opposition to apartheid", MA-proefskrif, Unisa, 2002, p 224. Oor Stellenbosch, sien H Giliomee, "Afrikaner politics, 1977-1987: from Afrikaner nationlist rule to central state hegemony" in JD Brewer (red.), *Can South Africa survive? Five minutes to midnight,* Southern, Johannesburg, 1989, p 132.

70 D Pretorius en M Sauthoff, "Challenging apartheid: Posters from the United Democratic Front and the End Conscription Campaign, *Image and Text*, 2004, pp 23-32.

staande hou en dat die ECC meer begaan was daaroor om die weermag as bolwerk teen rewolusie te ondermyn as wat hulle omgegee het oor die welsyn van die dienspligtiges.[71] Hy het ook aangedring op helderheid oor die PFP se benadering tot die ECC. "Waarom stel die PFP dit nie duidelik dat hulle 'n organisasie soos die ECC verwerp nie?", het hy gevra. "Is dit nog een van die PFP se albatrosse?"[72]

Hoewel die ECC dalk nie 'n albatros vir die PFP was nie, was dit ietwat van 'n penarie vir die party en het dit vir die PFP 'n eksplisiete uitdaging gebied vanuit die wit buiteparlementêre linkse politiek. Sommige ECC-lede het die PFP se oortuiging dat diensplig eers uitgefaseer kan word as 'n alternatiewe plan in plek is, gesien as ondersteuning vir die voortsetting van apartheid.[73] Dit stem ooreen met die mening van Max Ozinsky, wat later 'n prominente rol in die Wes-Kaapse ANC sou speel, dat hy en enersdenkende jeug in die 1980's die PFP se standpunte as skynheilig beskou het, want die party was bereid om apartheid te kritiseer, maar nie om enige werklike opofferings te maak om apartheid te beëindig nie. Hy het aangesluit by die ECC en later by Umkhonto we Sizwe, die gewapende vleuel van die ANC. Dit was in teenstelling met wat hy as die "vals liberale" van die PFP in die 1980's beskou het, wat volgens hom heeltemal irrelevant geword het vir 'n generasie wit jeug van wie verwag is om hul lewens (in die hande van die SAW) op te offer sodat hul ouers "steeds die voordele wat apartheid gebied het, kon bly geniet".[74] Hoewel hulle nie sulke sterk taal gebruik het nie, het die PFP se jeugvleuel indertyd al nader aan die ECC se retoriek begin beweeg. Die PFP-jeug het die geldigheid van die standpunt dat diensplig slegs geleidelik uitgefaseer kon word, sowel as dat die weermag

71 *Die Suid-Afrikaan*, Winter, 1985, "Herman Giliomee in gesprek met Generaal Magnus Malan"; *Die Burger*, 13 Mei 1988, "ECC se geld kom van die buiteland".

72 *Citizen*, 14 April 1987, "The direct enemy of the SADF" (vertaling).

73 *Sunday Tribune*, 9 Junie 1985, "Battle lines drawn over conscription".

74 *Cape Argus*, 14 Junie 2013, "Fake liberals of PFP supported apartheid."

'n skild kon wees waaragter politici die nodige hervormings kon bewimpel, ernstig begin bevraagteken.[75]

Die PFP het probeer om wat hulle as 'n nodige skoot realiteit beskou het, by die debat te voeg. Philip Myburgh was van mening dat die ECC meer gefokus was op publisiteit as die vind van werkbare alternatiewe. Hy het aangevoer dat die militêre owerhede weliswaar moes optree teen die ECC, maar dat daar geen aptyt was vir 'n openlike politieke botsing met 'n deel van die land se jeug nie. Dit was dus dikwels moontlik om tot 'n vergelyk te kom met jong mans wat ernstige besware gehad het oor militêre diens – hulle kon in nie-strydende hoedanighede diens doen. Die ECC het hierdie argument egter verwerp, want volgens hulle was sulke jong mans steeds deel van die "apartheid-oorlogsmasjinerie".[76]

Slabbert was weliswaar al meer teleurgestel in die weermag, maar soos hy in 1985 gesê het, het hy "nog nie al my idealisme verloor nie".[77] Hy het sy bes gedoen om PFP-beleid in ere te hou en het ook sy bedenkinge oor die ECC uitgespreek. In openbare debatte het hy hulle voor stok gekry omdat hulle die weermag geteiken het sonder om 'n alternatief te stel. Al wat so 'n strategie bereik het, het Slabbert aangevoer, was om ECC-ondersteuners te klee in "'n tipe morele meerderwaardigheid wat hulle in staat gestel het om ander mense te beledig".[78] Hoewel hy oor sekere aspekte met die ECC kon saamstem, veral wat die teenwoordigheid van troepe in townships betref, het hy hulle oor die algemeen as ondeurdag beskou, selfs "gevaarlik romanties, buitengewoon naïef en teenproduktief".[79] Die ECC, het hy verduidelik, was beter met aanvalle op die weermag as wat hulle was om die ingewikkelde aard van die kwessie te verstaan. Hy het gemeen dit is

75 *The Star*, 4 Maart 1985, "PFP youth pressures party leaders"; *Rand Daily Mail*, 4 Maart 1985, "PFP youth call for radical policy stand"; *Cape Times*, 4 Maart 1985, "End call up say PFP youth".

76 Onderhoud met Philip Myburgh, 25 April 2016; *Die Matie*, 20 Augustus 1987, "Dienspligvoorwaardes"; *Die Burger*, 22 Maart 1983, "Beswaardes behandel met deernis".

77 *Sunday Times*, 9 Junie 1985, "Battle lines drawn over conscription" (vertaling).

78 Ibid.

79 *The Star*, 15 Junie 1985, "ECC drive on call-up naïve – Slabbert".

> ...heeltemal onlogies om die dienspligkwessie te gebruik om die SAW, en die rol van die SAW in Suid-Afrika, aan te val. Die weermag kan môre heeltemal wegdoen met diensplig (wat van groot hulp sal wees vir baie wroegende, bevoorregte wit Suid-Afrikaners), maar dit sal geen impak hê op die negatiewe en teenproduktiewe rol wat die weermag kan speel as hulle nie onder beheer gebring en verantwoordbaar gehou word in die gemeenskap nie.[80]

Dit was volgens hom maklik vir die ECC "om stellings te maak by ondersteunende massavergaderings", maar dit was moeiliker om met die toplui van die SAW te onderhandel oor realistiese alternatiewe.[81]

Slabbert se bedenkinge oor die ECC het weerklank gevind op die kampus van die Universiteit Stellenbosch, waar soortgelyke kommer uitgespreek is.[82] Die gedrag, voorkoms en argumente van ECC-voorbokke het ook sommige Afrikaners, wat dit ervaar het as "omgewe in 'n waas van morele en intellektuele meerderwaardigheid"[83] koud gelaat. Slabbert het geweier om "deel te neem aan enige propaganda wat elke jongeling in 'n uniform uitbeeld as 'n marsjerende fascis wat daarop uit is om apartheid in stand te hou of swart mense dood te maak."[84] Met hierdie standpunt was hy op vaste grond. Dienspligtiges was oor die algemeen nie gedrewe, bloeddorstige en strydlustige soldate nie. Die meerderheid van hulle wou net diensplig oorleef en was ingestel daarop om dit afgehandel te kry eerder as om enige klinkende militêre suksesse te behaal. Selfs PW Botha was onder geen illusies oor die entoesiasme van dienspligtiges nie, en het slegs sowat 20% tot 30% van hulle as hoogs gemotiveerd beskou.[85]

---

80 Universiteit Stellenbosch, Slabbert-versameling, 44.11.8, Slabbert – D Runciman, 12 Junie 1985 (vertaling).
81 Universiteit van die Witwatersrand, Cullen-biblioteek, Historical Papers, PFP-versameling 1.13, toespraak gelewer deur FvZ Slabbert by die PFP Federale Kongres, 10 Augustus 1985 (vertaling).
82 *Die Matie*, August 1985, "Pasop vir mooi morele retoriek".
83 F Verster, *Omega, oor en uit: Die storie van 'n opstandige troep,* Tafelberg, Kaapstad, 2016, p 155. Sien ook Frankel, *Pretoria's Praetorians*, pp 138-140, vir die sienings van wit Engelssprekendes.
84 *Citizen,* 31 Augustus 1985, "Slabbert calls for end to conscription".
85 Frankel, *Pretoria's Praetorians,* pp 134-135.

Terwyl Slabbert 'n kliniese benadering oor verdedigingskwessies gevolg het, moes hy ook op persoonlike vlak die dienspligkwessies hanteer. Hy het die kwessie in 1986 opgehaal: "Ek het 'n vyftienjarige seun. Ek word deur een oorheersende vraag gemotiveer – of ek alles in my vermoë gedoen het om te voorkom dat my seun die wapen opneem teen sy landgenote."[86]

In 'n mate het die persoonlike nou die politieke geword, en dit was maar een voorbeeld van die wyer impak van die militêre situasie. Die PFP was letterlik vasgevang in die kruisvuur – aan die een kant het die regering nie geskroom om die opposisie uit te kryt as onpatrioties en gekant teen Suid-Afrika nie, en aan die ander kant was daar die ECC se uitgesproke en ondeurdagte oproepe vir 'n onmiddellike afskaffing van diensplig. Dit sou beslis 'n impak op die interne dinamiek van die PFP hê.

Oor al hierdie aspekte moes Slabbert verdeeldhede probeer oorbrug. Hy moes hard probeer om 'n maglustige regering toerekenbaar te hou, hy moes die wonde van voortdurende interne konflik binne sy eie party verbind en hy moes die raserige ECC hanteer. Terselfdertyd moes die groter prentjie en die langtermyn gevolge van die regering se totale aanslag-ideologie verreken word.

Die druk op Slabbert het ongetwyfeld toegeneem. Nie net het militêre kwessies al swaarder geweeg nie, maar teen die middel van die 1980's het hy al 'n referendum-nederlaag beleef, sowel as die verleentheid van die mislukte konvensie-alliansie, 'n streep regeringsverklaarde noodtoestande wat hul eie uitdagings meegebring het, en het hy algaande tot die persoonlike oortuiging gekom dat die Suid-Afrikaanse politiek, insluitend die PFP, in 'n doodloopstraat sou bly sonder 'n grondige verstaan van die swart politiek en die betrekking van nuwe rolspelers. Op grond hiervan moes hy besluit wat die toekoms vir hom en vir die PFP inhou.

86 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie 1986, kolom 422.

# Hoofstuk 6

# Bedanking uit die parlement

## Vertwyfelinge en aksies

Hoewel Slabbert maar altyd voorbehoude gehad het oor die wysheid van die politieke loopbaan waarop hy besluit het, het hy sy twyfel immer probeer onderdruk deur harde werk en volkome toewyding aan die PFP. Maar teen die einde van ’n onstuimige 1985 het hierdie bedenkinge al meer dwingend geraak, in so ’n mate dat hy besluit het om die saak met sy kollegas te bespreek. Een van dié kollegas was die formidabele Helen Suzman, parlementslid vir Houghton en die PFP-lid met die meeste parlementêre ervaring. Suzman het sy gedagtegang sonder meer verwerp.[1] Die twee het die kwessie egter weer vroeg in 1986 bespreek toe Suzman vir Slabbert probeer oortuig het om nie oorhaastig op te tree nie.[2]

Slabbert het ook teen die einde van 1985 tydens ’n uitgebreide oorsese toer wat Australië ingesluit het, die kwessie met Colin Eglin bespreek. Na ’n uitputtende sewentien uur op die vliegtuig het die twee by ’n restaurant aangesit vir ’n ete en ’n glas goeie rooiwyn. Hulle kon hoor hoe ’n groep sorgelose jong Australiërs in ’n disko baljaar. Dit het Slabbert laat opmerk: “As hy smôrens wakker word, wonder die jong (wit, manlike) Suid-Afrikaner: ‘Ek wonder of ek tydens my diensplig militêre grensdiens sal moet doen?’ Vergelyk dit met die jong Australiër wat wakker word en wonder: ‘Hoe lyk die branders vandag op Bondi-strand?’, of ‘Ek hoop nie ek het my meisie gisteraand swanger gemaak nie’.”[3] Net daarna het Slabbert vir Eglin meegedeel dat hy dit oorweeg om as parlementslid en PFP-

1 Onderhoud met Jane Slabbert, 18 November 2018. Suzman het jare lank getwyfel oor Slabbert se politieke uithouvermoë, sien H Suzman, *Memoirs: Helen Suzman: In no uncertain terms*, Jonathan Ball, Johannesburg, 1993, p 194.

2 *Leadership SA*, Augustus 1986, “Slabbert”.

3 Eglin, *Crossing the borders*, p 214 (vertaling).

leier te bedank.[4] Dit mag wees dat vlugvoosheid, die wyn of dalk die gedagte aan sy seun Riko wat op die punt gestaan het om vir militêre diens opgeroep te word, op Slabbert se gemoed ingespeel het.

Wat Slabbert se presiese redes in daardie stadium ook al was, het die arme uitgeputte Eglin hom probeer oorhaal om vas te byt, en uitgewys daar is rede om te glo dat verwikkelinge op internasionale en plaaslike vlak betekenisvolle verandering in die hand kan werk. Slabbert was minder seker hieroor, maar het ingestem tot 'n voorstel deur Eglin dat hy wat Slabbert is 'n openhartige gesprek met Botha oor Suid-Afrika se toekoms moet hê.[5] Die volgende dag is die reëlings vir so 'n vergadering getref.

Die vergadering het op 25 November 1985 by die Uniegebou in Pretoria plaasgevind. Slabbert is reguit na die Uniegebou na 'n lang vlug uit Kanada wat hy besoek het nadat hy in Australië was. Sonder Slabbert se medewete het Botha die gesprek op band opgeneem. Die opneem van die gesprek was dalk nie baie eerbaar nie, maar is ook nie ongehoord in hierdie tipe politieke omstandighede nie. Later het Botha die opname vrygestel nadat Slabbert beweer het Botha se koppigheid het hom met geen hoop gelaat vir die toekoms nie. Uit die opname was dit duidelik dat Botha tydens die gesprek skynbaar nie so ongenaakbaar was as wat Slabbert later beweer het nie.[6]

As mens trouens die onderhoud sonder voorbehoud lees, wil dit inderdaad lyk asof die twee leiers meer in gemeen het as wat later sou blyk. Mens moet egter Slabbert se strategie tydens die onderhoud in ag neem. Kennende Botha se plofbare temperament het hy 'n eerbiedige aanslag gebruik ten einde 'n uitbarsting te probeer voorkom wat 'n kalm en rasionele bespreking sou kelder. Hy het gevoel 'n "ordentlike, versoenende benadering" sou beter werk as die konfronterende botsings wat hul verhouding vantevore gekenmerk het, en het dus niks probeer sê wat tot 'n

4 Ibid.
5 Ibid.
6 Vergelyk Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, pp 223-224; Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 26. Die volledige weergawe verskyn in *Die Burger*, 19 Februarie 1986, "Volledige teks van gesprek tussen SP en Slabbert".

Botha-uitbarsting sou lei nie.[7] Slabbert het met hom gepraat op die tradisionele Afrikanerwyse waar jonger mense vir ouer mense op respekvolle wyse aanspreek. “Ek het gesmeek by hom soos ’n nefie by ’n oom”, het Slabbert later verduidelik.[8] As hierdie benadering van Slabbert nie in ag geneem word nie is dit maklik om die inhoud van die onderhoud te waninterpreteer as Slabbert wat na Botha se pype dans, en dat daar groter ooreenstemming bestaan het as wat werklik die geval was. Dit mag ook wees dat Slabbert probeer het om aan Botha te laat blyk dat hy beskikbaar is as onderhandelaar en tussenganger indien onderhandelings met die ANC op dreef sou kom.[9]

Die gesprek het gehandel oor die moontlike invloed van politieke veranderinge op wit mense, met Botha wat dit duidelik gemaak het dat hul posisie en lewenswyse nie opgeoffer moes word nie. Slabbert het die klem in die gesprek probeer skuif na die swart politiek wat per slot van rekening teen die 1980’s die politieke toneel oorheers het. Hy het spesifiek probeer om die ANC op die voorgrond te plaas as ’n noodsaaklike rolspeler wat by onderhandelings betrek moet word. As iemand wat welbekend was met Botha se weersin in die ANC het hy sy voorstel probeer verwoord op ’n wyse wat die president dalk sou verstaan: “Die probleem met die ANC is dat die ANC ’n mite is. Nee, nie ’n mite nie, eerder ’n romantiese beeld wat aan die wêreld voorgehou word. Ek dink eerlikwaar – en ek sê dit as iemand met ervaring van hierdie kwessie – u kan die tande van die hele ANC-storie trek.”[10] (Soos Slabbert later uitgewys het, is dit presies wat die De Klerk-regering in 1990 probeer doen het, en die ANC was teen daardie tyd dan ook gewillig om tot onderhandelinge in te stem, hoewel die ANC ten tyde van Botha se vrystelling van die transkripsies baie ontevrede was oor Slabbert se stellings.[11]) Botha het ingestem dat Slabbert met die presidensiële raadgewers daaroor kon praat

---

7 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986, p 12.

8 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 26.

9 Giliomee-versameling, ongesorteer, H Giliomee aan Helen Zille, 17 Mei 2013.

10 *Die Burger*, 19 Februarie 1986, “Volledige teks van gespek tussen SP en Slabbert.

11 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 26.

en dat hy ook Slabbert se hulp met die moontlike vrylating van Mandela sou waardeer. Slabbert het egter uitgewys dat Mandela nie vrygelaat kon word sonder om die ANC te betrek nie.

Hoewel daar belowende oomblikke tydens die bespreking was, kon mens niks as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit het 'n moedelose Slabbert byvoorbeeld besef toe Botha, te midde van 'n ongekende mate van swart opstand teen die regering, glimlaggend en lipsmakkend die werklikheidsvreemde aanspraak gemaak het dat hy wat Botha is die meerderheid swart politieke steun geniet. Slabbert was verstom. Later het hy vertel: "Miskien was dit die oomblik waarop ek finaal besluit het om te bedank."[12] Vervolgens het hy vir Eglin gebel om hom in kennis te stel: "Dit was soos ek gedink het dit sou wees – ek kon geen vordering maak met Botha nie. Hy wou nie instem tot die minimum stappe wat ek glo noodsaaklik is om Suid-Afrika te red van die gevolge van apartheid nie."[13] Nadat die transkripsies vrygestel is, het Eglin opgemerk dat die onderhoud na sy mening beter afgeloop het as wat hy vroeër gedink het.[14]

Dit mag dalk so gelyk het, maar dan sou dit bloot wees omdat bestaande maar versteekte vrese nie openlik in die gesprek aan die orde gekom het nie, sodat die aard van die interaksie op die oog (of die oor) af misleidend opbouend was. Die enigste werklik substansiële deel van die gesprek het plaasgevind toe Botha se totaal misplaaste bewering oor sy eie politieke gewildheid die kloof tussen die twee duidelik laat blyk het. As Botha se ingesteldheid so werklikheidsvreemd was, was alle hoop op hom misplaas. Selfs die verregse Herstigte Nasionale Party, wat nou nie juis bekend was vir hul vermoë om akkuraat te peil wat polities moontlik is nie, het so 'n gebrek aan realisme van die kant van die staatshoof verontrustend gevind.[15] Dit is dus geen wonder nie dat Slabbert – toe hy besef Botha het geen idee van wat vreedsame oorgang sou verg nie – deur 'n "blywende gevoel van moedeloosheid en

12 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 27. Sien ook *Weekend Argus*, 15 Februarie 1986, "Slabbert tells all".
13 Eglin, *Crossing the b*orders, p 215 (vertaling).
14 Eglin, *Crossing the borders*, p 220.
15 *Die Afrikaner*, 26 Februarie 1986, "PW se Bandopname".

hulpeloosheid oorval is". [16] Sy tweelingsuster Marcia het onthou dat sy hom kort na sy ontmoeting met Botha gesien het, en dat "sy oë lusteloos was en hy uitgeput gelyk het. Hy het gesê hy dink hy en die staatspresident woon op verskillende planete."[17]

Slabbert het nietemin Botha se uitnodiging aanvaar om in gesprek te tree met die minister van grondwetlike ontwikkeling, Chris Heunis, en die intelligensiehoof, Niël Barnard. Barnard het hom hoflik ontvang en na hom geluister sonder om 'n mening uit te spreek. Heunis was soos gewoonlik meer praterig en vol langdradige, onsamehangende verduidelikings. In 'n stadium het hy egter sy selfbeheersing verloor en Slabbert se aandrang op vrywillige politieke assosiasie buite die apartheidsraamwerk onderbreek: "Van Zyl, jy moet verstaan. As mense van ons verwag om die groepgebaseerde aard van ons politiek op te offer, dan skiet ons." Slabbert het opgemerk dat Heunis "nie dreigend of kwaad was nie, hy het bloot 'n ononderhandelbare aspek van regeringsbeleid gestel."[18]

Slabbert het nie net die water getoets met wit parlementariërs en amptenare nie. Daar is getuienis van sy kontak met Thabo Mbeki. Die akademikus en politieke kommentator RW Johnson het later aangevoer daar was 'n ooreenkoms tussen Slabbert en Mbeki dat Slabbert uit die parlement moes tree voordat openlike samesprekings met die ANC kon begin.[19] Of dit wel die geval was, bly spekulatief. Slabbert was 'n sterk individu en hoewel hy 'n goeie verhouding met Mbeki gehad het, is dit onwaarskynlik dat hy Mbeki sou toelaat om aan hom voor te skryf hoe sy loopbaan moes verloop en of hy in die parlement moes bly.[20]

16 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986, p 12.
17 *Sunday Times*, 23 Februarie 1986, "I knew Van's secret, says his twin" (vertaling).
18 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986, p 17.
19 RW Johnson, "Van Zyl Slabbert: What went wrong?" www.politicsweb.co.za, 21 Junie 2010 (toegang 17 Junie 2017). Sien ook Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 226.
20 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 226.

Nietemin bly dit waar te wees dat Mbeki in ’n brief wat hy in Januarie 1986 aan Slabbert geskryf en Slabbert klaarblyklik ontvang het op die dag van sy aankondiging,[21] ’n baie voorskriftelike toon aangeneem en reeds bewus blyk te gewees het van Slabbert se planne. So skryf hy byvoorbeeld: “Die besluit wat jy geneem het, het die potensiaal om ’n baie belangrike impak te maak in belang van die samelewing waarna ons almal strewe. Ons dink daarom dis belangrik dat jou aankondiging die belangrikheid van die oomblik waardig moet wees.” Hierdie stelling word dan opgevolg met die wenk “dit is belangrik dat jy oorkom as die man met die visie waaraan dit in die wit politiek tekort skiet”. Boonop is Slabbert aangesê – byna beveel – dat “soverre dit jou toekomstige gedrag aangaan, dit belangrik is dat jy slegs instem om as verteenwoordiger te dien in ’n volledig demokratiese instelling. In die huidige situasie sou jy jouself verkiesbaar kon stel as ’n demokraat en dan weier om in die parlement te dien.”[22] Slabbert het juis probeer om PFP-parlementslede te oortuig om as parlementslede te bedank, hulself weer in hul setels beskikbaar te stel en dan, indien hulle verkies word, te weier om in die parlement te dien totdat die Bevolkingsregistrasiewet herroep is. Eglin was geskok dat so ’n oordeelkundige mens soos Slabbert met so ’n “misplaaste en gebrekkige plan”[23] vorendag kon kom. Slabbert het later toegegee sy plan was “effe vergesog”.[24] Ten einde raad het hy klaarblyklik van sy gewone nugter denke afgewyk.

Wat sy bedanking betref, kan dit misleidend wees om Mbeki se hand daarin te sien. Mbeki dui self in die brief aan dat dit Slabbert se selfstandige besluit was, en dit word onafhanklik onderskryf deur Alex Boraine.[25] Wat na alle waarskynlikheid

21 Boraine, *What’s gone wrong?* p 33.

22 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.C.139.1, Mbeki aan Slabbert, Januarie 1986 (vertaling). ’n Afskrif van die brief verskyn ook in Boraine, *What’s gone wrong?*, pp 36-37.

23 Eglin, *Crossing the borders*, p 216 (vertaling). Sien ook M du Preez, *Pale Native: Memories of a renegade reporter*, Zebra Press, Kaapstad, 2004, p 144.

24 Slabbert, *The other side of history*, p 47 (vertaling).

25 Sien ook Boraine, *What*’s *gone wrong?*, p 35. In Slabbert, *The other side of history,* p 47, onthou Slabbert verkeerdelik dat sy ontmoeting met Botha plaasgevind het voordat hy Mbeki in Lusaka ontmoet het.

gebeur het, is dat Slabbert die besluit geneem en daarna vir Mbeki ingelig het. Mbeki het dit as 'n potensieel positiewe verwikkeling vir die ANC geëien. Slabbert self het later die idee dat Mbeki hom oorgehaal het om die parlement te verlaat, verwerp as "algemeen aanvaarde fiksie, aangebied as feit".[26]

Sewe lede van Slabbert se binnekring het vroeg in Februarie gesamentlik privaat met hom vergader om sy komende bedanking te bespreek. In 'n wydlopende en ingrypende gesprek is die gedagte dat parlementslede moes bedank en dan weier om in die parlement te dien as hulle herkies sou word, nogmaals bespreek en verwerp. Dit is beskou as sowel onprakties as waarskynlik oneffektief, indien die doel sou wees om op die lang termyn groter geloofwaardigheid onder swart Suid-Afrikaners te geniet. Die algemene gevoel was dat hulle toegejuig en dan vergeet sou word – "sonder stem, kiesers of invloed".[27] Begrip is getoon daarvoor dat Slabbert "gatvol" was. Erkenning is gegee dat hy harder as die meeste gewerk het vir die PFP en dat hy baie opgeoffer het. Voorstelle is gemaak om sy parlementêre las te verlig en sy party-verantwoordelikhede af te skaal sodat hy meer betrokke kon wees by buiteparlementêre aktiwiteite.

Hierdie middeweg-benadering het Slabbert nie geval nie. Hy het ook nie saamgestem met die siening dat hy die party in die steek laat nie. Sy antwoord was: "As hulle hul hoop geplaas het op 'n individu eerder as 'n party, het ek in elk geval misluk in my plig as leier."[28] Hy het die vergadering egter verlaat met die afskeidswoord dat hy weer oor die saak sou nadink. Dit was waarskynlik meer uit kollegiale welwillendheid as uit oortuiging. Daar is trouens 'n sterk ooreenkoms tussen Slabbert se gedrag in hierdie geval en sy gedrag toe die Verenigde Party hom sowat dertien jaar tevore onsuksesvol probeer oortuig het om as kandidaat vir hulle te staan en hy belangstelling getoon het, maar uiteindelik blitssnel na die PFP toe oorgespring het om sy ware

26 Slabbert, *The other side of history*, p 45.
27 David Welsh-versameling, ongesorteer, "Minutes of a meeting held at Dr Van Zyl Slabbert's house", 3 Februarie 1986 (vertaling).
28 Ibid.

instinkte te volg.[29] Hierdie keer sou die PFP aan die ontvangkant van Slabbert se kopskuif wees.

Die week voor die jaarlikse parlementêre wantrouedebat het Slabbert geen waarneembare tekens van stres getoon nie. Die joernalis Ken Owen, wat hom in sy kantoor besoek het, het hom beskryf as "buitengewoon ontspanne, gemaklik met en oor homself, met sy gebruiklike sjarmante aanslag, en sy vermoë om die hart van Suid-Afrika se uitdagings vas te vat, onaangetas ...".[30] Slabbert het teen daardie tyd vir alle praktiese doeleindes reeds tot 'n besluit gekom. Daar was wel 'n klein buitekans dat hy nog van koers kon verander. Hy het ten spyte van sy eie oortuiging en ondervinding bly hoop dat 1985 se dramatiese gebeure die regering sou dwing om apartheid fundamenteel te heroorweeg. Enige teken hiervan sou in PW Botha se toespraak ter afsluiting van die wantrouedebat waarneembaar wees.[31]

Slabbert het sy kaarte naby sy bors gehou en min mense buite sy onmiddellike vertrouenskring was eintlik bewus van sy voorgenome optrede. Hy het Eglin eers op die oggend van die aankondiging ingelig oor wat sy finale besluit was. Eglin het besef dat daar geen nut was om met hom daaroor te stry nie, hoewel hy Slabbert aangeraai het om Helen Suzman dadelik in te lig. Sy was woedend toe hy haar vertel, en sy het hom reguit daarvan beskuldig dat hy die groter stryd in die steek laat.[32] Hierna het hy grimmig en gespanne gelyk toe hy die PFP-koukus ingelig het oor sy besluit, slegs 'n driekwartier voordat die parlement se Volksraad om 14:15 op die middag van 7 Februarie 1986 byeengekom het. Slabbert het geen bespreking hieroor in die koukus toegelaat nie. Die media het niks vermoed nie, want dit was Vrydagmiddag en parlementslede het nie eintlik gewoonlik so laat in die week enigiets omstrede opgehaal nie.[33]

In die parlement was Botha se toespraak as laaste spreker in die wantrouedebat voorspelbaar in die sin dat dit eintlik maar die

29 Sien hoofstuk 2.
30 K Owen, *These Times: A decade of South African Politics*, Jonathan Ball, Johannesburg, 1992, p 67.
31 *London Times*, 13 Februarie 1986, "Why I resigned".
32 Eglin, *Crossing the borders*, p 217.
33 *Rapport*, 9 Februarie 1986, "So sal ek ou Van onthou ...".

status quo herbevestig het. Die enigste verrassing – eintlik nogal 'n opskudding – was die manier waarop hy ter repudiëring onder sy minister van buitelandse sake, die onkonvensionele Pik Botha, ingevlieg het. Pik Botha was naamlik voorbarig genoeg om op die omslagtigste en mees indirekte manier denkbaar te insinueer dat Suid-Afrika moontlik in die toekoms 'n swart president sou kon hê. Maar daardie stukkie opwinding was toe nou nie die grootste drama van die dag nie, soos latere gebeure sou wys. In sy toespraak was PW Botha eintlik, relatief gesproke, heel vriendelik teenoor Slabbert. Hoewel hy Slabbert taamlik gekapittel het oor Slabbert se vroeëre skerp kritiek dat Botha nie die verband tussen die politiek en die ekonomie so goed begryp het nie, het hy oorkoepelend waardering vir Slabbert se rol uitgespreek. Hy het gesê hy is nie daaraan gewoond dat Slabbert neerbuigend optree nie. "Aan die begin het ons twee nogal koppe gestamp, maar ek dink ons het oor die jare 'n redelik goeie verstandhouding bereik,"[34] het Botha gesê. Dit was nie die eerste of die laaste keer dat sy oordeel hom heeltemal in die steek sou laat nie. Hoogdrama het voorgelê.

Toe Slabbert se spreekbeurt ter afsluiting van die wantrouedebat aanbreek het hy, soos gebruiklik, kritiek op regeringsbeleid uitgespreek voordat hy by die kern van sy toespraak uitgekom het. "Ek wil op 'n meer persoonlike noot afsluit – en sonder enige nyd of bitterheid", het hy versigtig laat hoor. Hy het sy kollegas in die PFP geloof vir die wyse waarop hulle apartheid teenstaan. "Daar is egter", het hy voortgegaan, "'n ander aspek van opposisie wat sy eie lewe en momentum het .... Daardie aspek is politieke leierskap in opposisie. Dit is belangrik dat 'n oordeel daaroor gevel word, en die belangrikste oordeel wat daaroor gevel word, is deur daardie persoon self." Hy het voortgegaan dat mens moet besluit "wanneer die spanning tussen analise en praktyk nie meer vir jou houdbaar is nie – met ander woorde, wanneer dit vir jou tyd geraak het om te gaan". Na sy mening was "die goue oomblik vir enige politieke leier die vermoë om op die regte oomblik te gaan. Ek dink dis effens minder pynlik om te gaan wanneer mense wil hê jy moet bly, as wat dit is om te gaan as mense wil hê jy moet gaan. Ek het besluit dis tyd vir my

34 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie 1986, kolomme 411-412. Sien ook *Cape Times*, 8 Februarie 1986, "Drama in Parliament".

om te gaan." Hy het bygevoeg dat pres. Botha se toespraak die laaste strooi was wat hom van sy besluit oortuig het.[35]

Die parlement was tot stilte geskok. Pres. Botha het verstom gelyk en het net voor hom uitgestaar. Senior ministers het vraend na hul leier gedraai. Dr. Rina Venter, wat drie jaar later as minister van gesondheid die enigste vroulike kabinetslid in die hele geskiedenis van pre-demokratiese Suid-Afrika sou word, het aan 'n kollega gefluister: "Nou het politiek in Suid-Afrika vir ewig verander."[36] Verskeie PFP-lede het strak en gepynig gelyk.[37] Slabbert se familielede het ook die geleentheid bygewoon. Jane, Slabbert se eggenote, was aangedaan. Sy suster Marcia "het hom op daardie oomblik jammer gekry, maar ek het geweet dit was die regte ding vir hom om te doen". [38] Met die mosie van wantroue verslaan deur die NP-meerderheid soos verwag, het Botha opgestaan, stadig na Slabbert oorbeweeg, sy hand geskud en formaliteite uitgeruil. Maar nadat die seremoniële verrigtinge afgehandel is en die aanvanklike skok oorgewaai het, het die parlementêre wandelgange gegons van die gerugte en opwinding.[39]

Slabbert het sy voorneme om voortaan heeltemal niks met die parlement te doen te hê nie dadelik begin uitleef toe hy besluit het om nie die afskeidsgeselligheid by te woon wat die parlement vir hom gereël het nie. Hoewel hy aanvanklik van plan was om dit by te woon en daaraan deel te neem, het hy later in 'n versigtig bewoorde brief aan die speaker geskryf dat hy liewer nie tot die omstredenheid van sy bedanking wou bydra deur die geselligheid by te woon nie. Hendrik Schoeman, hoof van regeringsake, het Slabbert se besluit betreur. Hoewel politici en partyleiers selde iets goeds in hul opponente herken of erken, is Slabbert gesien as 'n uitsondering: "Hy het respek afgedwing as 'n man met intelligensie en integriteit", het Schoeman gesê. Politieke

35 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie 1986, kolomme 424-425.
36 R Venter, *'n Stukkie van die legkaart,* Malan Media, Pretoria, 2019, p 128.
37 *Star,* 8 Februarie 1986, "Stunned silence as PFP leader drops 'bombshell'"; Du Preez, *Pale Native*, p 145.
38 *Sunday Times*, 23 Februarie 1986, "I knew Van's secret, says his twin" (vertaling).
39 Swart, *Progressive Odyssey*, p 181.

kommentators het gesukkel om Slabbert se gedrag te verklaar, veral omdat hy so hoog aangeslaan is. Hulle moes erken: "Ons weet nie hoe om die raaiselagtige ondergang van die politiek se goue seun te verklaar nie.[40]

## Rasionaal

Slabbert se hoofoorweging was of die parlement hoegenaamd as instrument kon dien om die politieke stelsel fundamenteel te verander. Om apartheid bloot aan te pas was nie 'n opsie nie; die hele stelsel moes afgeskaf word. Sy oorwoë waarneming was dat die NP-leierskap dit nog nie besef het nie, en dat hulle nog vasgevang was in groepdenke. Hul beste bedoelings ten spyt, het so 'n ingesteldheid ware verandering teengewerk.[41]

Hy het die hele driekamer-parlement en die stelsel wat dit ondervang het, as 'n groot struikelblok vir ware verandering beskou. Hy het in die parlement gesê die 1983-referendum was "een van die pynlikste tye van my politieke lewe". Hy wou bitter graag verandering sien, maar, so het hy verduidelik, "uit diepe oortuiging moes ek krities en negatief wees terwyl ek so graag saam met almal anders wou glo ons kom uit die gemors uit".[42] Die ware gevolge was egter volgens hom dat die driekamer-stelsel een van die groot polarisende faktore in die land geword het. Hy "het vasgevang gevoel in 'n instelling wat 'n alternatief moes voortbring, maar wat juis gesien is as die probleem, eerder as die oplossing. Ek kon geen manier sien om uit daardie teenstrydigheid te ontsnap nie."[43] Hy was duidelik terug in sy rol as sosioloog, versigtig vir toutologiese selfregverdiging.

Hy het dit duidelik gemaak dat sy beswaar nie teen die parlement as instelling *per se* was nie. Hy het die protesrol van PFP-lede hoog aangeslaan en dit was juis omdat hy die instelling soveel gerespekteer het dat hy wou hê dit moes optimaal

40 *The Citizen*, 11 Februarie 1986, "A snub" (vertaling). Sien ook *Die Burger*, 11 Februarie 1986, "Slabbert toe nie daar om te groet nie".
41 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie 1986, kolom 428.
42 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie 1986, kolom 425.
43 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. D4.13.1, Toespraak deur F Slabbert by die Harvard Business School, 54th Class reunion, Mala Mala, 7 November 1986, p 9.

funksioneer. Die wyse waarop die parlement tydens die Botha-bewind gefunksioneer het, het egter die instelling al meer oneffektief gemaak. Hierop het hy as volg uitgebrei:

> Ek het die parlement verlaat omdat dit tydmors geword het. Waarom sou mens aanhou tydmors deur die idee van 'n nie-rassige Suid-Afrika te probeer uitbou en 'n parlementêre party te probeer bevorder wat dit tot stand kan bring? Miskien was ek verkeerd om hoegenaamd in 'n stadium te glo dat dit moontlik was. Maar dit was tog die moeite werd om te probeer.[44]

Indien Botha genoegsame insig sou getoon het om apartheidstrukture deur die parlement tot niet te maak, sou Slabbert sy weg oopgesien het om hom onvoorwaardelik te steun. Daarsonder kon hy nie bly werk in 'n instelling waar apartheidswette as ononderhandelbaar beskou is nie. [45] Slabbert was uitgesproke daaroor dat hy vroeg in die 1986-sitting "'n soort makabere ballade waargeneem het dat mense te bang was om oor hulle loopgrawe te loer na die werklikhede daar buite."[46] Later het hy geskryf dat hy die parlement beskou het as "'n politieke masjien wat letterlik deur die uitdeel van politieke gunsies aangedryf word. Die parlement was sy eie werklikheid, heeltemal verwyder van die daaglikse oorlewingstryd in die res van ons gemeenskap."[47]

Slabbert se netjiese kritiek mag heelwat meriete bevat het, maar die die tydsberekening van sy persoonlike vervreemding is interessant. In sy boek *The Last White Parliament*, wat in 1985 verskyn het, is daar weinig aanduidings dat hy die parlement as uitgedien beskou. Hy het rotsvas geglo in evolusionêre en dus geleidelike verandering en ware onderhandeling waarin die parlement 'n deurtastende rol sou speel. Slabbert het weliswaar bedenkinge gekoester oor hoe die sukses van so 'n strategie bepaal

44 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E1.4.1, F Slabbert, "Time to bury the Great White Hope" (vertaling).
45 *Sunday Tribune*, 9 Februarie 1986, "Why I had to go".
46 *Cape Times*, 8 Februarie 1986, "A macabre ballad" (vertaling).
47 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.07.3, UK Akademiese Vryheid-lesing, 2003 (vertaling).

sou kon word, maar oor die strategie as sulks was daar by hom min twyfel. Hy kon dus selfversekerd verklaar: "Ek sukkel nie om te verduidelik hoekom ek in die parlement is, wat ek probeer doen en hoekom ek ander aanmoedig om dieselfde te doen nie."[48] Dit was voor die hand liggend dat die parlement nie bloot geïgnoreer kon word nie. Maar terselfdertyd was die enigste bydrae wat die driekamer-stelsel eintlik kon lewer "om van homself ontslae te raak".[49] Slabbert het ook teen die begin van November 1985 aangevoer dat straatprotes "en om vir die maan te blaf op 'n Engelstalige kampus" weliswaar nut en doel het, maar dat dit nie die noodsaaklikheid van rasionele en robuuste debat met 'n kabinetsminister negeer nie.[50]

Dit was egter juis sy botsing met Botha aan die einde van November 1985, en sy botsing met Heunis kort daarna, wat hom die rol van die parlement laat heroorweeg het. Dus, binne 'n maand het sy sluimerende twyfel oor sy rol in die geformaliseerde politiek weer kop uitgesteek. Sy twyfel het toegeneem en sy geloof in sy werk is ernstig ondermyn. Sy bevraagtekenende akademiese uitkyk het nou die politikus in hom oorskadu en het hom algaande gedwing om tot aksie oor te gaan, gegewe sy groeiende twyfel. Dit het alles binne 'n kort tydjie tot uitbarsting gekom. Mens moet voorts onthou dat Slabbert wel soms impulsief kon optree en dan besonder hardkoppig daaroor kon wees.[51] Dit beteken egter nie dat hy belangrike besluite deur giere laat rig het nie.

Benewens bogenoemde kwessies het hy sterk gevoel oor die minagtende wyse waarop die militêre establishment die parlement behandel het. As die PFP se woordvoerder oor verdediging het hy besef dat die Suid-Afrikaanse regering aangehou het om die interne stabiliteit van Mosambiek te ondermyn, ten spyte van die Nkomati-verdrag se uitdruklike bepalings om dit te verbied. Hy het dit besef tydens 'n spesiale besoek wat hy vroeg in Januarie 1986 aan Maputo gebring het. Daar het pres. Samora Machel die dagboeke van 'n kolonel Vass voorgehou wat sulke oortredings

48 Slabbert, *White Parliament*, p 140 (vertaling). Sien ook Eglin, *Crossing the borders*, p 214.
49 Slabbert, *White Parliament*, p 161 (vertaling).
50 *Financial Mail*, 1 November 1985, "Slabbert Trust" (vertaling).
51 Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in *The passion for reason*, p 55.

van die verdrag onomstootlik bewys het. Nietemin het die hoogste vlakke van die militêre establishment hom probeer mislei en alles ontken. Slabbert was oortuig dat Botha hiervan bewus was, en dit het 'n bitter smaak in sy mond gelaat. Hy het gevoel dat die president hom voortdurend misbruik. Hy het ook die sinisme waarmee die regering die tradisies van parlement bejeën het, verwerp:

> Die hele ritueel van die lojale opposisie, respek vir die instelling, raadpleging van die leier van die opposisie – dit was alles totale bog. Dit was 'n grondwetlike bedrieëry wat bloot om eiebelang gegaan het. Hulle het gemaklik valshede verkondig, die parlement onder 'n wanindruk gebring en parlementslede 'n rat voor die oë gedraai.[52]

Hoewel Slabbert se groeiende weersin in die parlement 'n groot rol gespeel het, moet ander faktore ook in ag geneem word. Wrywing binne die PFP het 'n rol gespeel. Tydens 'n ontmoeting met hegte vriende en kollegas kort voor sy bedanking het Slabbert hom sterk uitgelaat oor die "kleinlike posisionering en stryery wat op die boonste vlakke van die party aan die gang is".[53] Benewens persoonlike wedywering het die verskille tussen die regtervleuel en die linkervleuel van die party oor kwessies soos verdedigingsbeleid verdere spanning geskep.[54] Boonop het hy gevoel Engelssprekende sakelui het hom die rug toegekeer en dat die party se Suid-Transvaalse streek, wat die welvarendste in die PFP was, vertroue in hom verloor het. Daar was ook snedige praatjies dat hy te veel tyd deurbring op sy vrou se plaas in Swaziland (tans bekend as eSwathini), en dat "die ysere wil uit Slabbert se siel verdwyn het".[55] Hoewel sulke bysake bygedra

52 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986, pp 24-27 (vertaling). Oor die Vass-dagboeke sien ook Slabbert, *Other side of history*, pp 46-47; *Debatte van die Volksraad*, 3 Februarie 1986, kolom 42.

53 David Welsh-versameling, ongesorteer, "Minutes of a meeting held at Dr Van Zyl Slabbert's house", 3 Februarie 1986 (vertaling).

54 *Transvaler*, 11 Februarie 1986, "Prog-dilemma".

55 *Sunday Times*, 9 Februarie 1986, "The Sunday morning assessment" (vertaling).

het tot sy moedeloosheid, was hulle egter nie die hoofrede vir sy bedanking nie. [56]

Dit is voorts nodig om Slabbert se bedanking binne die wyer politieke landskap van die tyd te oorweeg. Die onstuimigheid van 1985 en die dramaties veranderde patroon van die Suid-Afrikaanse politiek het die PFP nie onaangeraak gelaat nie. Die dinamika van ’n politieke landskap waarin die ANC en die UDF meer prominent as tevore was het beteken dat die PFP die boodskap aan sy wit kiesers dienooreenkomstig moes aanpas. Die gevaar vir die PFP was dat dit ’n sambreelparty sou word wat almal probeer tevrede hou en dus niemand tevrede stel nie. In sistemiese politieke terme is die party se posisie ook stelselmatig bedreig. Die PFP se mantel as die party van die toekoms is eenvoudig deur die UDF oorgeneem, wat nou al meer as verspieder en pionier aansien verwerf het. Onder druk van die NP en die Konserwatiewe Party (KP) aan die regterkant en die buiteparlementêre groepe aan die linkerkant het die politieke ruimtes rondom die PFP ’n al meer versmorende vakuum verteenwoordig.[57] Daar is berig dat die PFP homself metafories bevind het in die posisie van ’n man wat dolgraag aan ’n vurige debat wil deelneem, maar in wie se mening niemand belang stel nie, en wie se enigste hoop om deel te neem was om een van die twee strydendes te onderskryf.[58] Voorts was daar sterk aanduidings dat die KP die PFP se parlementêre seteltal kon verbysteek en die amptelike opposisie word (soos dan ook in 1987 sou gebeur). Dit was slegte tekens vir Slabbert. Hy wou beslis nie weer op die agterbanke beland nie.[59] As hy die politieke toneel moes verlaat, was daar geen beter tyd om dit te doen nie.

Vele pogings is al aangewend om Slabbert se vertrek te koppel aan een of ander fatale tekortkoming wat basies neerkom op ’n gebrek aan deursettingsvermoë. Insinuasies hieroor

56 David Welsh-versameling, ongesorteer, “Minutes of a meeting held at Dr Van Zyl Slabbert’s house”, 3 Februarie 1986.

57 Vergelyk Hughes, “Political liberalism in South Africa in the 1980s and the formation of the Democratic Party”, MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1994, p 133.

58 *Die Vaderland*, 13 Februarie 1986, “’n Onsekere toekoms”. Sien ook Giliomee-versameling, ongesorteer, H Zille aan H Giliomee, 16 Mei 2013.

59 Mouton, *Iron in the soul*, p 159; Slabbert, *White Parliament*, p 53.

het nie lank geneem om kop uit te steek nie. Die gerekende koerantredakteur Ken Owen was voor in die koor deur kort na Slabbert se bedanking te beweer "hy het dit te maklik gehad. Hy het geen kieserskorps met hom saamgebring nie, geen politieke bates nie, net 'n mooi gesig en 'n skraal lyf."[60] In dieselfde trant is Slabbert daarvan beskuldig dat hy "nie kon vasbyt nie", dat hy 'n "selftevrede Afrikaner-glansknapie" was en dat hy 'n "onbetroubare, onvoorspelbare streep" gehad het. Sulke stellings is deur hom bestempel as "simplistiese en beledigende psigo-analise".[61] Hy het gesê dit word rondvertel deur "sommige redakteurs en verstokte wysneuse wat rondhang by die Randse Klub en hulle voordoen as amateur psigo-analiste en dan beweer ek het nie die stamina vir politiek nie".[62] Hy was baie ontsteld dat hy uitgebeeld word as

> ... 'n selfgenoegsame loskop wat glad nie omgee oor ander se gevoelens nie, onbetroubaar, onvoorspelbaar, 'n politieke liggewig wat maar net nie kan wag vir die oomblik dat hy sy skouers kan optrek en kan wegstap sodat hy 'n vernietigde party in die steek kan laat nie – dat ek dalk selfs die hele ding al die jare beplan het sodat ek eendag sou kon uitstap in 'n gloed van selfverheerlikende sensasie.[63]

Hy het hard teruggeveg teen sulke interpretasies deur daarop aanspraak te maak dat hy as parlementslid harder gewerk het as minstens 80% van die koukus deur vergaderings toe te spreek, geld in te samel en die party te bevorder. Hy het ook aangevoer dat hy heel goed weet hoe baie parlementslede hul dae verwyl: "Vir die meeste LP's is politiek min moeite – jy het nie stamina nodig nie, net die vermoë om ritueel en verveling te verdra tot jy weer aan jou eie dinge aandag kan gee."[64] Hy kon ook uitwys

60 Owen, *These Times*, p 68 (vertaling).
61 Universiteitsbibliotheek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986 (vertaling).
62 Universiteitsbibliotheek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E1.4.1, F Slabbert, "Time to bury the Great White Hope" (vertaling).
63 *Sunday Times*, 15 Februarie 1986, "Resignation" (vertaling).
64 Universiteitsbibliotheek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E1.4.1, F Slabbert, "Time to bury the Great White Hope" (vertaling).

dat die PFP onder sy leierskap gegroei het en dat die party in die 1981-verkiesing 21% van die stemme ingeoes het.

Anders as baie van sy kollegas het Slabbert min erg gehad aan die rituele en die eksklusiewe atmosfeer van die parlement, en hy het nie die posisie as leier van die opposisie as 'n lewenslange vonnis beskou nie. Hy het reeds na die 1983-referendum aangedui dat hy sou verkies het om nie aan die driekamer-stelsel deel te neem nie, maar hy is oorgehaal om aan te hou. Toe hy nou eenmaal ingestem het om wel voort te gaan, het hy pens en pootjies ingespring. Daar was deurgaans een voorbehoud, naamlik dat dinge nie kon voortgaan soos wat tot in daardie stadium die geval was nie, en dat die PFP vordering sou moes kon toon met die aftakeling van apartheid.[65]

Gedurende die daaropvolgende drie jaar was daar nie veel hoogtepunte vir Slabbert nie. Hy het "sterk begin voel dat ek genoeg gehad het" veral omdat sake "verswak eerder as verbeter" het. Slabbert was terdeë daarvan bewus dat frustrasie 'n integrale deel is van die lewe in die politiek, maar hy het meer as roetine-frustrasie ondervind. Hy het die politieke spel maar alte goed verstaan en het besef dat die politiek dikwels vereis dat jy "noodwendig jou persoonlike integriteit kompromiteer" en dat "een rede waarom politiek as die kuns van die moontlike beskou word, is omdat politici hul kompromieë moet kan verdedig". Maar dit was presies waar die probleem vir hom gelê het. "Vir my", het hy verduidelik, "het die tyd aangebreek dat my verduidelikings nie meer kon tred hou met my kompromieë nie. Ek het obseen begin voel."[66] Hy het besef dit was 'n persoonlike, private probleem en dat politici gewoonlik self 'n manier gevind het om die teenstrydighede te hanteer. Maar vir hom persoonlik was sulke keuses nie meer haalbaar nie. Dit het vir hom futiel geword en in die parlement het hy oortollig gevoel. Hy het sy mening oor sy parlementêre rol as volg verwoord:

65 *Leadership SA*, 28 Februarie 1986, "Into the Wilderness?".
66 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986.

> Dit is erg genoeg as mens se opponente jou as ’n gegewe aanvaar – hetsy as ’n politieke slaansak, of as ’n aangename ou wat maar nie te ernstig opgeneem moet word nie – maar dit is erger as jy begin om jouself as ’n gegewe te aanvaar; met ander woorde dat dit nou maar is waar jy die res van jou lewe gaan wees.[67]

Hierdie gedagtegang het hom genoop om dieper na te dink oor die aard van die beroep. “Politiek is nodig”. het hy aangevoer, “maar dis nie ’n sake-onderneming of ’n beroep of selfs ’n roeping nie.”[68] Die enigste manier waarop dit betekenisvol kan wees, is vir politieke leierskap om ’n proaktiewe loopbaan te hê. Dit kan nie “’n veilige roete na ’n aftree-annuïteit en pensioen” wees nie, het hy gesê.[69]

In sommige dele van die Afrikaanse media is Slabbert striemend gekritiseer as iemand wat nie daarin kon slaag om sy sienings effektief oor te dra en steun daarvoor te werf nie. “Die vriendelikste opmerking wat mens kan maak”, het *Beeld* opgemerk, “is om te sê hy was ’n indrukwekkende mislukking. Invloedryke en magtige magte het hom ondersteun en vertroetel. Maar uiteindelik was hy net nie genoeg van ’n politikus nie.”[70] Die kwessie ter sprake was egter nie sy lewenskragtigheid of deursettingsvermoë as parlementêre politikus nie; hy kon in daardie verband met die bestes saamgesels. Die kernpunt was dat hy nie die soort loopbaanpolitikus was wat moeiteloos kon oorleef op die stapelvoedsel van parlementêre debatte, partywerk en komiteetake nie. Hy was ’n ander tipe politikus met ’n breër visie en ’n meer deurtastende aandrang op geregtigheid. Hy het aangevoer dat hy “kon dink aan beter uitkykpunte waarvandaan ek die ontwikkelinge kan beskou as om vasgevang te wees in die futiele posisie waarbinne ek my bevind het”.[71]

---

67 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie, 1986, kolom 426.
68 *Star,* 8 Februarie 1986, “A private man who fought for principles” (vertaling).
69 *Debatte van die Volksraad*, 7 Februarie 1986, kolom 426.
70 *Beeld,* 21 Februarie, 1986, “Nie politikus genoeg”.
71 *Sunday Star*, 9 Februarie 1986, “The two men in politics’ day of high drama” (vertaling).

Vir Slabbert was daar ook ’n morele element betrokke. In ’n onderhoud het hy dit duidelik gemaak dat dit vir hom oor meer as die politiek as sulks gegaan het. “My verpligtinge”, het hy verduidelik, “is eenvoudig wyer as dié van mense wat glo dis jou verantwoordelikheid om die leier van jou party in die parlement te wees vir ewig en ewig, amen. My morele verpligting is aan die land....” Hy was van mening dat hy moes vra: “Lewer ek enige bydrae om die krisis op te los? Doen ek werklik my bes om ontslae te raak van apartheid?”[72] Sulke gedagtes het ietwat messiaans opgeval en die denke het herinner aan sy vroeëre toewyding as jongeling in die kerk, met die behoefte om ’n betekenisvolle verskil aan ander mense se lewens te maak. In teenstelling met wat hy as die toenemend morsige politieke wêreld ervaar het, het hy op ’n manier gehoop om ’n meer betekenisvolle verskil te kan maak. Een historikus wat hom goed geken het, het homself later afgevra wat Slabbert se eintlike hoofdoel dan nou was: “Wat kon edeler en opwindender wees as om die parlement te verlaat en die ideaal van ’n onderhandelde skikking in liberaal-demokratiese gietvorm na te jaag? Dit was ’n ideaal wat sy moeite en selfs sy loopbaan werd was.”[73]

In samehang met die morele en selfs moralistiese dimensie van Slabbert se besluit, was dalk die opmerking van sy kollega Graham McIntosh dat diepere metafisiese oortuigings ook ’n rol kon speel. In ’n brief aan Slabbert skryf McIntosh hy vermoed dit was “’n noodsaaklikheid gebaseer op ’n verwysingsraamwerk” en dat die ideaal van “eksistensiële self-outentisiteit” dalk die beste manier was om dit te definieer. Hy skryf voorts:

> As mens die moontlikheid van ’n versluierde politieke doelwit buite rekening laat lyk dit nie vir my asof daar enige rasionele onderbou vir jou besluit is nie en omdat jy nog altyd met passie na my mening konsekwent probeer het om rasioneeI en eerlik te wees, moet jou besluit in hierdie geval op filosofiese oorwegings gegrond wees. Dit was die tipe irrasionele rots waarteen die dekaan van die kweekskool magteloos gestaan het toe jy hom vertel het jy

72 *Leadership SA*, 28 Februarie 1986, “Into the Wilderness?”.
73 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 226.

> het jou roeping verloor. Dit is dieselfde tipe oorweging wat sommige mense godsdiens as ’n loopbaan laat kies. Op ’n eksistensiële vlak is jou optrede heeltemal verstaanbaar en ek vind dit verteerbaar.[74]

Slabbert se antwoord is nie beskikbaar nie, maar McIntosh se waarneming is in ’n mate geldig. Slabbert het ’n filosofiese streep gehad en was geneig om oor eksistensiële sake en die doel van die lewe na te dink.[75] Dit sou sin maak vir hom om sy parlementêre rol op hierdie wyse te beskou en te bevraagteken.

Wat al duideliker geword het, was dat Slabbert dit teen 1985 nie meer as ’n betekenisvolle doelwit beskou het om ’n politikus in die Suid-Afrikaanse apartheidsparlement te wees nie. Dus, op sowel ’n filosofiese as ’n praktiese politieke vlak het hy rede gevind om die redes vir sy bestaan te bevraagteken. Waar hy dalk met die aanvang van sy politieke loopbaan ’n sekere roepingsinstink ervaar het,[76] het dit teen 1986 gekwyn as gevolg van die konteks waarbinne hy homself bevind het. Self het hy opgemerk dat hy die parlement vroeër beskou het as "’n geleentheid wat verken moes word". Maar nou het hy "dit gedoen, en dis tot daarnatoe".[77] In ’n wyer sin rakel Slabbert se 1986-uitkyk ’n baie spesifieke waarneming van die sosioloog Max Weber op. In ’n algemene bydrae oor die politiek as roeping, skryf Weber: "Al persoon met ’n werklike politieke roeping is die een wat seker is dat hy nie sal verkrummel wanneer die wêreld volgens hom te stompsinnig of te ongenuanseerd is vir dit wat hy aan te bied het nie. Slegs dan kan hy te midde van dit alles sê dat hy werklik ’n politieke roeping het."[78] So ’n lewenslange vonnis sonder begenadiging het nie by Slabbert se temperament gepas nie.

---

74 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.C.140, G MacIntosh aan Slabbert, 28 Februarie 1986.
75 Sien byvoorbeeld Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 1-7.
76 Sien hoofstukke 1, 2 en 8.
77 *Sunday Star*, 9 Februarie 1986, "The two men in politics’ day of high drama".
78 M Weber, "Politics as a profession" in HH Gerth en CW Mills (reds.), *From Max Weber, Essays in Sociology*, Routledge and K Paul, Londen, 1970, p 27.

Sy beweerde gebrek aan deursettingsvermoë is dikwels gekoppel aan die oogpunt dat hy "slegs 'n aandagduur van vyf jaar het" en dat hy geneig was om belangstelling in 'n projek te verloor nadat die aanvanklike opwinding oorgewaai het.[79] Dat hy vroeër jare sy teologiestudies opgeskop het, is beskou as indikators oor hoekom hy sy politieke loopbaan laat vaar het. Daar is ook aangevoer dat hierdie beweerde swak plek in sy mondering ook ander vorme aangeneem het. Dit was nie 'n gebrek aan doelgerigtheid nie, maar dalk eerder die geneigdheid om homself te oorskat en te veel te wil bereik.

Helen Zille, wat in die vroeë deel van Slabbert se loopbaan 'n joernalis by die *Rand Daily Mail* was, het later onthou dat hy 'n slag tydens 'n gesprek aan haar 'n vraag gestel het wat sy as "werklik eksistensieel" ervaar het: "Wat is die doel van die lewe, hier en nou, in Suid-Afrika?" Uit die aard en hoek van die gesprek het sy gevoel sy kon aflei "hy wil in die regering wees, en sy visier is gestel op die heel boonste sport".[80] Hy het natuurlik besef dat dit, objektief gesproke binne die omstandighede, bloot 'n droom was. Maar die ideaal het nooit heeltemal uit sy gedagtes verdwyn nie. Toe die PFP in 1985 'n massiewe fondsinsameling loods met die doel om groot hervormings te dryf met Slabbert aan die hoof daarvan, het dit geskied met die veronderstelling dat dit nie heeltemal ondenkbaar was om groter doelwitte te bereik nie. "Daar was 'n tipe onontkenbare logika oor al hierdie dinge", het hy verduidelik. "As die PFP 'dinge sou verander' – en dis hoekom ons mense vir geld gevra het – moes ek, as leier van die PFP, myself as haalbare alternatief vir die voorste magsposisie ag."[81]

Slabbert het homself nie gereeld op so 'n wyse verkoop nie, maar dit wys dat hy nie sonder eie ambisie was nie en dat hy moed gehou het in taai omstandighede. Dit blyk dat hy, veral aangespoor deur sy teleurstellende ondervindings met Botha, nie meer tevrede was om tweede viool te speel nie, maar dat sy vooruitsigte op sukses nie juis sou verbeter solank hy hom tot die parlement

79 Giliomee-versameling, ongesorteer, Zille aan Giliomee, 17 Mei 2013.
80 Ibid (vertaling).
81 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986 (vertaling).

beperk het nie. Dus, as hy kon uitkom en ander moontlikhede kon verken sou sy vooruitsigte buite die parlement nie noodwendig minder wees as sy loopbaanvooruitsigte daarbinne nie, veral gegewe die toenemende moontlikhede in die buiteparlementêre politiek. Hoewel daardie soort berekendheid straks nie sy denke oorheers of sy optrede gerig het nie, mag dit wel by hom opgekom het dat hy dalk ’n senior posisie in ’n nuwe demokratiese bedeling kon vul, ter vervulling van sy verborge persoonlike behoeftes en in diens van die praktiese politiek. Maar terwyl Slabbert op soek was na ’n nuwe daeraad, en dalk deur ’n misbank die eerste sonstrale kon vermoed, was die sonsopkoms nog ver van seker. Realisties gesproke kon die aard van Slabbert se rol in ’n moontlike nuwe bedeling ook nie bepaal of selfs voorspel word nie.

Kort na Slabbert se bedanking het die koerant *Beeld* die volgende vraag in ’n hoofartikel gevra: “Was dit een klein gebeurtenis wat tot die politieke senu-ineenstorting gelei het, of was dit net ’n groeiende besef van futiliteit wat uiteindelik vorm aangeneem het? Die Slabbert-sage bevat inderdaad al die bestanddele van ’n politieke speurverhaal.”[82] Die antwoord hierop sou wees dat Slabbert se bedanking nie noodwendig ’n politieke ineenstorting was nie, maar eerder ’n besluit gegrond op ’n verskeidenheid bydraende faktore. Dit sluit in sy voortdurende kritiese ingesteldheid jeens geslote stelsels, sy temperament, sy soeke na betekenisvolle bevrediging, sy persoonlike visie en frustrasies, en uiteindelik sy belewing en begrip van die politiek van die dag.

Dit beteken nie noodwendig dat sy logika altyd foutloos was nie. Die gerekende politieke ontleder Stanley Uys het Slabbert nogal getakel oor wat hy beskou het as ’n belangrike tekortkoming, naamlik die onvermoë om die tekens van die tyd, en wat Uys as hoë verwagtinge opgesom het, korrek te lees. Slabbert se “hele akademiese opleiding”, het hy geskryf, “moes hom daarop voorberei het dat frustrasies op hul ergste is net voordat hulle verlig word, wanneer vervulling op pad is. ... Die parlement verskil nie veel hiervan nie. Die parlement wemel van verwagtinge. Vir Slabbert om op hierdie stadium, dat die krisis op

82 *Beeld*, 21 Februarie 1986, “Nie politikus genoeg”.

’n spits gedryf word, te onttrek, is onverstaanbaar.”[83] Dit is wel ’n skerp teregwysing, maar mens kan wel vra of Uys volledige begrip gehad het vir die min beweegruimte wat Slabbert gehad het om ware verandering te help veroorsaak. Slabbert het aangevoer dat hy die situasie genoegsaam deurdink het “en dat ek met die lig en die wysheid tot my beskikking alles binne my vermoë gedoen het en nie kon voortgaan om myself en andere te bluf nie.”[84]

## Gevolge

Die enigste PFP-parlementslid wat Slabbert se voorbeeld gevolg en binne ’n week na Slabbert met opgaaf van min of meer dieselfde redes uit die parlement bedank het, was dr. Alex Boraine, LP vir Pinelands, wat in sommige kringe as ’n moontlike toekomstige partyleier beskou is. Benewens berigte oor die politieke komplikasies, het die media ook baie aandag gegee aan die uitbetalings en pensioen wat Slabbert en Boraine sou ontvang. Slabbert sou sowat R100 000 as onmiddellike uitbetaling ontvang, en ’n pensioen van sowat R3 600 per maand. Luidens die berigte sou dit hom in staat stel om “redelik gemaklik” te lewe.[85] Hiervan was Slabbert nie so oortuig nie. Hoewel hy in werklikheid R120 000 as uitbetaling ontvang het, moes hy die volle bedrag gebruik om ’n huislening wat hy by die Oppenheimers gekry het, te vereffen. Al wat hy geweet het was dat hy R2 500 in die sak gehad het na twaalf jaar parlementêre diens, en dat hy baie vinnig ’n werk moes kry.[86] Daar was darem ’n sterk moontlikheid dat hy ’n deeltydse gesamentlike onderrigposisie aan die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Kaapstad kon kry.

Slabbert en Boraine het nie ’n politieke of finansiële vangnet gehad nie. Hulle het hul opsies deurtastend bespreek. Boraine het later geskryf dat hulle gedink het dit is nodig om swart leiers binne en buite Suid-Afrika te raadpleeg om by hulle uit te vind of hulle

83 *Financial Mail,* 21 Februarie 1986, “It’s incomprehensible” (vertaling).

84 Aangehaal in Du Preez, *Pale Native*, p 144 (vertaling).

85 *The Citizen,* 15 Februarie 1986, “Life pensions for ex-PFP MPs”. Sien ook *Star,* 14 Februarie 1986, “A profitable parting for PFP MPs”; *Die Burger,* 14 Februarie 1986, “Ruim pensioene vir 2 Progge”.

86 Slabbert, *Other side of history*, p 48.

dink "twee middeljarige wit mans het enige bydrae gehad om te lewer". 'n Ander opsie was om op die kantlyn te bly of die land te verlaat. Hulle het ook gepraat daaroor om dalk vir die eerste keer in hul lewens te probeer geld maak.[87]

'n Meer onmiddellike taak was om die politieke gevolge wat baie erger was as wat hulle verwag het, te hanteer. Baie mense, insluitend sommige van hul oudkollegas, het skerp uitlatings gemaak. Volgens Colin Eglin was

> ... die emosies wat ontsluit is deur die vertrek van die leier wat hulle bewonder en vertrou het, baie gou duidelik waarneembaar in PFP-kringe. Partylede buite die parlementêre koukus was verdwaas, en binne die koukus was daar 'n paar van Slabbert se hegste ondersteuners wat sy bedanking stoïsyns en met begrip probeer hanteer het. Die res se reaksie het gewissel tussen woede en teleurstelling.[88]

Slabbert was maar alte pynlik bewus dat hy talle van sy voormalige kollegas baie kwaad gemaak het, en hy het 'n brief geskryf wat hy gevra het Eglin asseblief moes voorlees by die eersvolgende PFP-koukusvergadering in die parlement. In die brief het hy geskryf dat sy bedanking 'n politieke standpuntinname was, en nie een of ander selfsugtige gier nie. Hy het voorts die hoop uitgespreek dat hy en die ontevredenes weer oor die politiek sal kan redekawel as almal se bui eers gesak het. Sy brief het geensins gemoedere gekalmeer nie.[89]

Soos ons reeds gesien het, was Helen Suzman, formidabele parlementslid vir Houghton, een van diegene wat Slabbert die meeste kwalik geneem het. Toe hy kort voor sy laaste toespraak aan haar sê dat hy al twaalf jaar in die parlement dien, het sy hom toegesnou dat sy dit al 26 jaar doen, waarvan dertien jaar op haar eie was. Sy kompliment dat sy "'n onvergelykbare

87 Boraine, *Life in transition*, p 132 (vertaling). Sien ook *Citizen*, 12 Februarie 1986, "Slabbert's options".
88 Eglin, *Crossing the borders*, pp 217-218 (vertaling).
89 Eglin, *Crossing the borders*, p 218.

oorlewingsvermoë" het, het net mooi niks gehelp nie.[90] Daar was nie veel wat Slabbert kon doen om haar van bui of van gedagte te laat verander nie. Hy het in Maart 1986 weer met haar probeer kontak maak, maar sy was onverbiddelik dat hy 'n reuse-teleurstelling was en dat hy sy plig "op so 'n gemaklike wyse versaak het dat dit my asem weggeslaan het".[91] Volgens die joernalis Max du Preez het Suzman ook, agter Slabbert se rug, 'n beskamende etniese verwysing in haar argument ingebou deur aan 'n PFP-lid te sê: "Wat verwag jy van 'n blêddie Afrikaner?"[92]

Politici is soms geneig om redelik vokaal te wees oor hoe swaar hulle in die verlede sou gekry het, en ander dan aan dieselfde meetsnoer te meet. Suzman was hier geen uitsondering nie. Sy was geregverdig om haar bydrae tot die parlement voor te hou, maar sy het nagelaat om aan Slabbert te noem dat sy in 1973, toe dit met die Progressiewe Party sleg gegaan het, dit sterk oorweeg het om as parlementslid te bedank. Sy het indertyd gemeen as die party nie in die 1974-verkiesing aansienlik beter vaar nie sou dit beter wees as dit ontbind, en hulle geld en moeite aan buiteparlementêre werk bestee. Eglin was dieselfde mening toegedaan.[93] Hul destydse mening het nie veel verskil van Slabbert s'n dertien jaar later nie. Maar aangesien die party, deels danksy Slabbert se insette, teen daardie tyd baie beter gevaar het, was gemaklike politieke geheueverlies blykbaar aan die orde van die dag.

Die veroordeling van Slabbert was so omvattend dat een koerantkommentator van mening was dat "Van-veroordeling blykbaar deesdae die gunstelingsport geword het".[94] 'n Ander joernalis het saamgestem en aangevoer dit lyk asof "daar 'n vergeldingsbende op Van Zyl Slabbert se spoor is". Hy was daarvan bewus dat Suid-Afrikaanse politieke gedrag dikwels nie op 'n baie hoë peil is nie, maar die reaksies op Slabbert se bedanking het nuwe vlakke van banaliteit getoets. Die PFP het

90 Eglin, *Crossing the borders*, p 217; Suzman, *In no uncertain terms*, p 254.
91 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430C.226, Suzman aan Slabbert, 9 Maart 1986 (vertaling).
92 Du Preez, *Pale Native*, p 145 (vertaling).
93 Cassar, *Slabbert*, p 22.
94 *Sunday Star*, 2 Maart 1986, "Time to stop bashing Van" (vertaling).

hom in hierdie verband herinner aan "kleuters wie se speelbal van hulle af weggevat is. Selde was 'n klaery al so skril, en het ontevredenheid in sulke bakleierigheid verander." [95] Daar was darem ook sommige oudkollegas wat weer nagedink het oor hul aanvanklike onvergenoegdheid. Douglas Gibson, wat in 'n stadium deur Alex Boraine as 'n "nare karakter" bestempel is, het omtrent twee weke na Slabbert se bedanking aan Slabbert geskryf om te sê dat hy wel aanvanklik baie kwaad was, maar dat hy nou tot die besef gekom het "daar was 'n besliste doel met die bedanking en dat dit nie net een of ander vrysinnige impuls was nie". Slabbert het sy waardering vir Gibson se begrip uitgespreek.[96]

Slabbert se vertrek het nietemin die PFP in 'n onbenydenswaardige posisie gelaat het. Die party het pas 'n massiewe fondsinsamelingsprogram van stapel gestuur met 'n professionele fondsinsamelaar, die Australiër Everald Compton, wat dit op die Amerikaanse advertensie-manier gedoen het. Slabbert was die gesig van die veldtog, met Compton wat aangevoer het Slabbert se beeld en leierskapsvermoëns was miljoene werd as dit reg verpak word.[97] Slabbert het glad nie daarvan gehou nie en voortdurend beswaar aangeteken, maar hom dit uiteindelik laat welgeval. Omdat die veldtog soveel op Slabbert se persoon afgestem was, het die idee by baie skenkers en fondsinsamelaars posgevat dat dit Slabbert (meer as die PFP) is wat verandering sou dryf en meebring. "Hierdie tipe naïewiteit", het hy later gesê, "het 'n bron van wesenlike morele kompromie vir my geword."[98] Sodanige blootstelling mag wel 'n verleentheid vir hom gewees het, maar dis nou maar eenmaal die prys van 'n politieke loopbaan en dit moes in berekening gebring word toe Slabbert bedank. Dit was baie ongemaklik vir die PFP, wat die

95 *Cape Argus*, 20 Maart 1986, "Hell has no fury like a political party scorned" (vertaling).

96 Boraine, *Life in transition*, p 129; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. C.71.1 en 2, Gibson aan Slabbert, 19 Februarie 1986 en Slabbert aan Gibson, 14 Maart 1986 (vertalings).

97 *Sunday Times*, 9 Februarie 1986, "PFP's R10-m Slabbert Trust will keep going"; *Sunday Times*, 9 Februarie 1986, "The PFP, alone in a hot kitchen".

98 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. X1, ongepubliseerde memorandum deur Slabbert oor hoekom hy as partyleier bedank het, Augustus 1986 (vertaling).

veldtog moes aanpas en die persepsie dat hulle skenkers mislei het, aktief moes teenwerk.[99]

Hoewel die party in die pekel was met Slabbert se vertrek, het hulle gou weer hul voete gevind nadat Colin Eglin as leier herkies is. Eglin is aangespoor deur die uitgesproke openbare steun van Harry Oppenheimer, en het gesê die party moet die Slabbert-gebeure oorkom en eensgesind wees sodat hulle hul momentum kan herwin. Eglin het die party dadelik begin herstruktureer.[100]

Die PFP se hooforganiseerder, Neil Ross, onthou dat daar onverwagse positiewe gevolge uit Slabbert se bedanking gespruit het. Hy het verduidelik:

> Slabbert se vertrek het die party in staat gestel om meer pragmaties te raak, die voete op die grond te kry en op sy visie te fokus. Omdat Slabbert so baie mense se menings geakkommodeer het, kon hulle binne die PFP oor die weg kom omdat Slabbert die leier was. ... jy weet, daardie ou ding van die party wat gesuiwer is om dit te versterk? Ek dink in hierdie geval was dit waar. Ons het eintlik in daardie stadium 'n te wye verskeidenheid oogpunte in die party gehad, so in 'n groot mate dink ek dit was goed vir die party dat hy bedank het.[101]

Dit was nie net Ross wat so gedink het nie. Ten spyte van Helen Suzman se aanvanklike mening dat Slabbert se optrede die party blootgestel het, het sy 'n paar maande later aangevoer dat "die skok van sy bedanking mense nader aan mekaar gebring het. Daar is 'n veel beter gees in die koukus, veel meer eensgesindheid en beter samewerking." [102] Dit is sekerlik so dat Suzman die beste van 'n slegte saak probeer maak het, maar dis eweneens waar dat die party klaarblyklik Slabbert se vertrek so goed moontlik

99 David Welsh-versameling, "Minutes of a meeting held at Dr Van Zyl Slabbert's house", 3 Februarie 1986.

100 Eglin, *Crossing the borders,* p 219; Universiteit van die Witwatersrand, PFP-versameling, AG 883, Af.5, Raadsvergadering, 25 Februarie 1986.

101 Aangehaal uit 'n onderhoud met Neil Ross, 30 Augustus 1993, in Hughes,"Poltical liberalism", p 137 (vertaling).

102 *Frontline*, September-Oktober 1986, "New hope for nice guys" (vertaling).

intern hanteer het. Dit sou egter veel moeiliker wees om die kieserspubliek te oortuig dat die PFP 'n volhoubare politieke alternatief is nadat 'n leier van Slabbert se statuur die party die rug toegekeer het. Die algemene verkiesing van 1987 sou die politieke lakmoestoets vir die party wees.

Dit was vir die PFP 'n aangename verrassing dat meningspeilings teen die einde van 1986 getoon het die party het die veld wat verloor is met Slabbert se bedanking teruggewen, en dat tot 37% van wit kiesers aangedui het hulle ondersteun breedweg die party se beginsels en beleid. Hulle het hoop gekoester vir 'n sterk uitslag op 6 Mei 1987, maar die gety en dinamiek van die 1987-verkiesing het teen die PFP gewerk. Die NP-leier, pres. PW Botha, was daarop uit om die KP, wat sterk tekens van groei getoon het, in die bek te ruk. Hy het dus hard geveg aan twee fronte – om die KP uit te beeld as uit voeling met politieke realiteite, en terselfdertyd die PFP voor te stel as bondgenote en lakeie van die ANC, sodat die NP voorgehou kon word as die middelgrond en die enigste party wat polities verantwoordelik genoeg was om met die land se toekoms vertrou te word. Die NP se propaganda het gewerk en die PFP het verpletterende nederlae gely. Die PFP het sewe van die 26 setels wat hulle in 1981 gewen het aan die NP afgestaan, en is as amptelike opposisie vervang deur die KP.[103]

Nadat die PFP in so 'n verswakte posisie uit die verkiesing gekom het, het vrae noodwendig ontstaan of die fiasko enigsins verminder kon gewees het as Slabbert nog daar was. Een van die party se navorsingskonsultante het aangevoer dat dit beslis die geval was. Die party se boodskap het nie inslag gevind by die kieserskorps nie omdat daar nie meer leiers met Slabbert se kommunikasievaardighede was nie.[104] Slabbert het dié aanname by navraag as "individualistiese onsin" afgemaak. Hy het 'n hele reeks veranderlikes tussen die verkiesings van 1981 en 1987 opgenoem: 'n nuwe Grondwet, grootskaalse buiteparlementêre mobilisering, die klugtige 1984-verkiesings vir bruin en Indiër-parlementslede, opstande en geweld op ongehoorde skaal, opeenvolgende noodtoestande en die magte van 'n uitvoerende

103 Hughes, "Political liberalism", pp 138-144.
104 Hughes,"Political liberalism", p 145.

staatspresident.[105] Die politieke landskap het inderdaad dramaties verander en dit was te wagte dat die 1987-verkiesingsuitslag veel meer kompleks was as om dit te probeer verklaar aan die hand van een individu se gedrag – hoe invloedryk die persoon ook al vantevore was.

Benewens die aard van die 1987-verkiesingsuitslag, het die PFP in daardie stadium ook meer fundamentele bekommernisse gehad. Waar Slabbert persoonlik in die verlede ’n dominante invloed ten opsigte van rigting en strategie uitgeoefen het, moes die party as sodanig nou daarvoor verantwoordelikheid aanvaar. Daar was nie maklike antwoorde nie en die PFP-leierskap was nie in staat om met kreatiewe oplossings vir die probleem vorendag te kom nie. Slabbert se vertrek het die geloofwaardigheid van die wyse waarop en die tradisie waarin die PFP gefunksioneer het, ten diepste in die gedrang gebring en ondergrawe. Die basis en wesenskern van die party se bestaan en benadering is trouens bedreig.[106] Sonder dat dit noodwendig sy bedoeling was, het Slabbert se bedanking die PFP se diepgewortelde probleme aan die wêreld ontbloot.

Die NP het Slabbert se veroordeling van die driekamer-parlement as beledigend ervaar. Dit het die parlement waarbinne die NP se mag gesetel het, belaglik gemaak. Slabbert se optrede is ook bestempel as ’n terugslag vir die NP-regering se hervormingspogings en as skadelik vir Suid-Afrika se buitelandse beeld.[107] Desnieteenstaande het die NP gou hul balans herwin om in 1987 selfs sterker uit die stryd te tree. Die opposisie aan hul linkerkant is merkbaar verswak en hulle was ontslae van Slabbert se skadelike aanvalle in die parlement.

Swart woordvoerders het Slabbert se bedanking verwelkom en het ander parlementslede aangemoedig om ook te bedank.[108] Die ANC was by monde van Thabo Mbeki spesifiek vol komplimente:

105 *Leadership SA*, Mei 1987, “The 1987 election”.
106 Vergelyk Shandler, ”Structural crisis”, pp 151-152.
107 *Die Burger*, 11 Februarie 1986, “Kans vir SA se vyande”; *Oosterlig,* 10 Februarie 1986, “’n Ondiens aan SA”; *Die Burger*, 18 Februarie 1986, “Bedankings knou hervorming”.
108 Byvoorbeeld *City Press*, 10 Feburarie 1986, “Follow Van out”; *Sowetan*, 10 Februarie 1986, “Three Hours that rocked Parliament”.

> Nog nooit in ons land se geskiedenis het ’n politieke leiersfiguur binne die wit establishment die stelsel van wit dominasie in so ’n mate gekonfronteer as wat dr. Slabbert dit vandag gedoen het nie. Ons erken sy moed, sy eerlikheid en sy lojaliteit aan ’n gedeelde Suid-Afrikaanse nasieskap. ... Vandag sal miljoene van ons mense, oor rasgrense heen – verklaar dat dr. Slabbert ’n nuwe Voortrekker is.[109]

Plaaslike wit kommuniste was minder opgewonde. Hulle was vasgevang in wantroue en strukturalistiese denke, en het gedink dat Slabbert deel was van ’n Trojaanse Perd-komplot om die bevrydingstryd van binne te ondermyn.[110]

By bestekopname van die gevolge van Slabbert se bedanking sou mens kon aanvoer dat, hoewel dit nie spesifiek gehelp het om die apartheidsamelewing te laat uitrafel nie, dit verskeie groepe genoop het om weer te dink oor Suid-Afrika se toekomsvooruitsigte. In sy ondermyning van die heersende Suid-Afrikaanse parlementêre diskoers het Slabbert die noodsaaklikheid van meer betekenisvolle politieke interaksie vooruitgeloop. Slabbert het nooit die tydsberekening van sy bedanking uit die parlement berou nie, hoewel hy jammer was oor die impak wat dit op sommige van sy kollegas gehad het.[111] Op die keper beskou het sy bedanking nie die parlement magteloos gelaat nie. Dit het ’n noodsaaklike instelling gebly; alle paaie het nog steeds na die parlement gelei. Vir Slabbert het daardie paaie egter doodloopstrate geword.

Slabbert se bedanking het voorts beteken dat hy geen amptelike posisie beklee het toe pres. FW de Klerk, Botha se pragmatiese opvolger, die bevrydingsbewegings ontban het nie. Hoewel hy steeds oor al die gawes van ’n vaardige onderhandelaar beskik het kon hy geen belangrike rol in die onderhandelingsproses vir ’n demokratiese oorgang speel nie. FW de Klerk het later aangevoer dat Slabbert ’n baie belangrike bydrae

109 Aangehaal in Slabbert, *The other side of history*, pp 47-48 (vertaling).
110 Slabbert, *The other side of history*, p 48.
111 Slabbert, *The system and the struggle*, p 100.

sou kon lewer as hy aangebly het as 'n parlementêre leier.[112] Of dit veel van 'n verskil sou maak aan die uiteindelike besluite is maar spekulasie. Slabbert het wel self die hoogste lof gehad vir Colin Eglin se bydrae, wat hy as "buite verhouding groot" bestempel het.[113] Wat mens wel weet, is dat Slabbert se bedanking die kollig baie skerp geplaas het op die noodsaaklikheid van die parlement om daadwerklik op te tree. Selde indien ooit in die Suid-Afrikaanse geskiedenis het die vrywillige bedanking van 'n parlementêre leier so 'n opskudding veroorsaak.

112 *Beeld*, 15 Mei 2010, "As hy in die parlement gebly het, kon hy nóg meer bereik het – FW".

113 K Owen, "The man who wasn't there" in *The passion for reason*, p 135.

# Hoofstuk 7

# Politiek buite die parlement

## Bestekopname

Met Slabbert se uittrede uit die parlement het hy versigtig die minder voorspelbare, meer plofbare wêreld van die buiteparlementêre politiek betree. Dit was geen kitsproses nie en het diepe nadenke geverg oor hoe hy homself moes posisioneer. Dit het op elke politieke vlak 'n klemverskuiwing verteenwoordig vergeleke met die patroonmatigheid wat sy parlementêre loopbaan grootliks oorheers het. Terselfdertyd was hy darem nie meer gebonde aan die beperkinge van die partypolitiek nie, en kon hy tot 'n groter mate getrou bly aan sy instink.[1]

Slabbert het met sy politieke koersverandering sy siening oor die Suid-Afrikaanse politieke dilemma geherkonseptualiseer. Sy gedagtegang was om minder klem te plaas op die rasdimensie van 'n wit regering wat bots met 'n swart opposisie in 'n stryd om staatsbeheer. As mens te onbeweeglik in jou standpunt hieroor sou wees, sou jy soepelheid van denke inboet. Hy het die bevrydingstryd al meer begin sien as 'n stryd tussen despotisme en demokratiese oorwegings wat die gewone skeidslyne van 'n binêre rasindeling oorskry het. Op die keper beskou. was die demokrasie nou op die spel en die fokus moes val op hoe 'n demokrasie verseker kon word. In 1988 het hy verklaar: "Ek het nog nooit 'n geheim gemaak van my oortuiging dat die demokrasie beter gedien word deur die meerderheid wat stry teen onderdrukking as deur die minderheid wat in beheer bly nie."[2]

Hy het dus aanbeweeg van die vroeëre Prog-denke, wat ontwikkel het van die verwerping van gekwalifiseerde stemreg en 'n wit minderheidsveto in 'n verskeidenheid

1 H Orbon, "Frederik van Zyl Slabbert, the dialogue programme on cold comfort and the pitfalls of ideology", ongepubliseerde en ongedateerde artikel, p 10.

2 Giliomee, "Golden boy", pp 100-101 (vertaling).

magsdelingsooreenkomste na ’n posisie waar hy persoonlik meerderheidsregering voorgestaan het. Mens sal moet toegee dat hierdie nuwe uitkyk die tradisionele liberale aandrang op pluralisme oorskry het. Dit was egter na sy mening nie meer moontlik om ’n gemaklike waarnemerstatus te handhaaf en so nou en dan welmenend maar oneffektief in te gryp nie. “Die belangrikste vraag wat liberale mense nou moet beantwoord,” het hy gesê, “is waar jy staan in die bevrydingstryd – vir vryheid of vir stabiliteit? Liberale mense mag weier om tussen die twee te kies deur albei opsies irrasioneel te noem, en dan onvergenoegd en irrelevant van die kantlyn af uiting aan hulle menings te gee. As hulle dit sou doen, sal die bevrydingstryd slegs die terrein van die rewolusionêres word, en die behoud van stabiliteit slegs die terrein van toenemende onderdrukking.”[3] Die druk het sodanig toegeneem dat dit nie meer moontlik was om bloot in die luukse te glo dat die dooie punt deur welwillende mense opgelos sou word nie.

Dit het onder meer beteken dat die aanvaarde liberale standaardoortuiging met sy veronderstellings oor kulturele en politieke meerderwaardigheid herbedink moes word. ’n Nuwe soort liberalisme wat plaaslike omstandighede in ag neem, moes ontstaan. Dit was die verantwoordelikheid van diegene wat liberale standaarddenke uitleef om nie net gelyke, algemene stemreg te onderskryf en te aanvaar nie, maar om ook ideologies te aanvaar daar is ’n “gelykstaande bereidheid om te toon dat liberalisme saamhang met meerderheidsaspirasies”.[4] So ’n denkverandering was veel meer as ’n besluit om die heersende definisie van liberalisme as norm te verander. Wat as “Slabbert se liberalisme” bekend geraak het, het probeer aantoon “dat liberale

3 FvZ Slabbert, “Incremental change or revolution?” in Butler, Elphick en Welsh, *Democratic Liberalism*, p 402 (vertaling). Sien ook *Sunday Independent*, 16 Mei 2010, “All I had to fall back on was my own conviction: I went ahead”.

4 V Thakur en P Vale, “Negotiations in South Africa: The liberal imaginary and expertise of Frederik van Zyl Slabbert”, ongepubliseerde en ongedateerde artikel, p 4. Sien ook S Friedman, “The ambiguous legacy of liberalism” in P Vale, L Hamilton en E Prinsloo (reds.), *Intellectual traditions in South Africa: ideas, individuals and institutions*, University of KwaZulu-Natal Press, 2014, pp 42, 45.

waardes vir almal van ons kan werk". Dit hoef nie tot sekere partye of groeperinge beperk te word nie; dit wil alliansies eerder as mure bou en dit wil oortuig eerder as manipuleer.[5]

Dit was ’n algemene kenmerk van Slabbert se denke dat hy hom nie ideologies laat inbind het nie. Hy het dikwels teen die grein van heersende denke gegaan, eerder as om die realiteit by ’n spesifieke denkraamwerk te probeer inpas. [6] Konsepsueel het dit hom toegelaat om verskeie roetes te verken om apartheid af te skaf. Nietemin kon die afwesigheid van ’n deurgronde politieke denkpatroon lei tot ’n ongefundeerde en dus onsekere vertrekpunt in politieke denke. Wat misgekyk of dalk nie genoegsaam verreken sou word nie, was die moontlikheid dat meerderheidsregering die demokrasie kon verskraal tot ’n liberale vernis vir rassedominasie. ’n Stelsel waar die meeste leiers en openbare verteenwoordigers hul posisies aan hul ras te danke het – so sou mens kon aanvoer – verskil wesenlik van ’n stelsel waar kiesers ongeag ras hul keuse grond op hul oortuigings en belange. Slabbert het hom nie veel gesteur aan sulke moontlikhede nie en blyk oortuig te gewees het dat ’n sterk grondwet met verskanste menseregte genoegsame beskerming teen magsvergrype sou bied. As dit sou blyk nie die geval te wees nie, sou hy homself daartoe verbind om ’n nuwe vorm van dominasie met mag en mening teen te staan.[7]

Benewens die herkalibrering van sy liberale kompas moes Slabbert ook aanpas by die aard van swart massaprotespolitiek in die laat 1980’s. Hy was nou nie juis in aard of oortuiging vir die straatpolitiek in die wieg gelê nie. Hy het dit duidelik gemaak deur in sy parlementêre afskeidstoespraak te sê: "Ek is nie radikaal nie, ek is nie ’n rewolusionêr nie en ek is nie ’n straatprotesteerder nie."[8] Dit was nogtans vir hom belangrik om die dinamiek van sulke protesoptrede op ’n dieper vlak te verstaan as die regering se gewone verwerping van swart aktiviste as geïndoktrineerde oningeligte, ontwrigte jeugdiges. Hy was ten volle bewus daarvan dat die mobilisasie gedoen is deur voetsoolvlak-organisasies

5 *Business Day*, 17 Junie 2010, "Debate liberalism to serve Slabbert’s memory" (die berig is deur Steven Friedman geskryf).
6 Orbon,"Slabbert", p 9.
7 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, pp 236-237.
8 *Cape Times*, 9 Februarie 1986, "I’ll pursue negotiation outside Parliament" (vertaling).

met deurdagte doelwitte en strategieë. Wat hom terselfdertyd bekommer het was dat slagspreuke, oordadige retoriek en rewolusionêre romantisering gesetel het in die ooroptimistiese geloof dat die staat op die punt was om omvergewerp te word, verwarde doelwitte en massaprotesvergaderings wat 'n doelwit op sigself geword het. Hoewel hy traag was om strategies voorskriftelik te wees aan diegene wat hulself in die loopgrawe bevind het, het hy deurgaans gesê mobilisasie as 'n doel op sigself kan maklik omsit in chaos, anargie en vernietiging, wat in die hande van die apartheidsregering sou speel.[9] Mobilisasie was 'n kaart wat versigtig gespeel moes word om suksesvol te wees.

Hy het voorts probeer om die ANC se posisie in perspektief te stel. Die ANC het 'n waarneembare toename in gewildheid as bevrydingsbeweging in die townships beleef, en het met die UDF as vennoot onomstootlik die sterkste opposisiebeweging teen die regering geword. Slabbert het gemeen dat die ANC se verbintenis tot die gewapende stryd problematies was, maar dat hulle nie maklik hul betrokkenheid daarby kon opskort terwyl die onderdrukkende apartheidstaat voortgeleef het nie. Hy het egter geglo dat die ANC se dreigemente van voortgesette en meer intense geweld polities slaankrag sou verloor sodra apartheid uit die wetboeke verdwyn. Die mistiek wat die ANC as verbanne organisasie omgewe het sou ontsluier word sodra die organisasie toegelaat word om openlik op die politieke markplein mee te ding. Dan sou die ANC 'n string nuwe uitdagings moes trotseer wat afwesig was solank die verbanning van die ANC voortgeduur het.[10]

As akademikus in hart en niere het Slabbert homself intellektueel veranker in die werke van die Oostenrykse filosoof Karl Popper, vir wie hy die hoogste agting gehad het. Hy is veral beïndruk deur Popper se *The Open Society and its Enemies* (1945) en *The Poverty of Historicism* (1957). As skrywer tydens die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog het Popper die aansprake van grootskaalse sistemiese maatskaplike herbeplanning (*social engineering*) bevraagteken, en eerder die idee van minder

9 FvZ Slabbert, "The struggle for a non-racial democratic South Africa" in M Swilling (red.), *Views on the South African state,* HSRC, Pretoria, 1990, pp 80-81.

10 Slabbert, *The system and the struggle*, pp 90-91.

voorskriftelike verandering deur individue en instellings onderskryf. In die middel 1980's het Slabbert gepoog om Popper se idees by die destydse Suid-Afrikaanse werklikhede aan te pas, veral soverre dit apartheid betref het:

> Utopiese herbeplanning bemoei sigself met die mobilisering van die samelewing se hulpbronne in diens van die "groter plan". Hierdie plan is gewoonlik eintlik maar net die visie van 'n sterk en klein belangegroep in die samelewing wat sy magsposisie gebruik om die lewens en hulpbronne van die samelewing aan te wend om die plan te bevorder. Die plan word die enigste en uitsluitlike doelwit, tot nadeel van alles anders. Popper was ten sterkste gekant teen sulke "groter plan"-politiek. Hy het eerder voorgestel dat hervorming stuksgewys moet plaasvind, sodat die foute van die verlede vermy kan word eerder as dat oorheersende doelwitte vir die toekoms gestel word. So 'n benadering berus daarop dat mens die ervaring en kennis waaroor jy op daardie stadium beskik, aanwend om lewenskwaliteit sistemies te verbeter op vele samelewingsvlakke, dat daar ruimte moet wees vir vernuwende denke, menslike briljantheid en kreatiwiteit in die soeke na nuwe maniere om ou foute te vermy, eerder as om al die mag oor te dra aan 'n klein groep wat die samelewing dan dwing in die rigting wat slegs deur daardie klein groepie bepaal word.[11]

Dit was binne hierdie wyer raamwerk wat ruimte gelaat het vir inisiatiewe buite die dampkring van die "groter plan", dat Slabbert 'n nis probeer vind het om in 'n nuwe konteks 'n verskil te probeer maak.

Niks hiervan was noodwendig verrassend nie. Slabbert se hele lewensverloop getuig daarvan dat hy strukture verwerp het wat hom teruggehou het – die formele administratiewe beproewinge van die akademie, die beperkinge van die NG Kerk en uiteindelik natuurlik ook die tekortkominge van die parlement. Boonop het hy persoonlik gefloreer wanneer hy vrye teuels gegun

11 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E2.14.3, "Politics and resource utilization", 1985 (vertaling).

is. Die sosioloog Wilmot James, wat hom goed geken het en by vele geleenthede met hom saamgewerk het, skryf hieroor as volg:

> Hy was ’n rolmodel vir outonome denke. As ’n instelling of organisasie nie na sy mening behoorlik gewerk het nie, was Van Zyl nie bang om weg te staan en self iets te skep nie. Hy het geglo in menslike skeppingsvermoë en dryfkrag, en hy het onvermoeid gewerk. Hy kon ’n staanplek skep waar sy lewenslus en intellek kon gedy, en waar sy idees vrugbaar kon ontwikkel.[12]

Sy uittrede uit die parlement het Slabbert kans gegee om sy gedagtes vrye teuels te gee, en om op deurdagte wyse sy toekomstrajek te beplan. Om ’n nuwe wêreld te betree sou egter nie altyd maklik wees nie.

## Idee word werklikheid: Die Instituut vir ’n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa)

Nadat hulle aanvanklik uit die parlement bedank het, het Slabbert en Boraine nie eintlik geweet hoe hulle polities moet voortbeweeg nie. Dit was ook nie juis asof die anti-apartheidsaktiviste hulle dadelik omarm het nie. Sommiges was trouens nogal afwysend en het Boraine, en dus by implikasie ook Slabbert, aangeraai om as wit liberales eerder betrekkings buite die politiek te probeer kry.[13] Dit was nogal taai om ’n bestaan te maak en Slabbert moes hom tot tydelike universiteitswerk en politieke konsultasiewerk wend om ’n inkomste te hê. Hy was egter steeds vasberade om ’n politieke verskil te maak.

Slabbert en Boraine het agt maande lank deur die land getoer met die geldelike ondersteuning van die Noorweegse konsulgeneraal. Hulle het met ’n wye verskeidenheid politieke leiers, gemeenskapsleiers en ander rolspelers samesprekings gevoer en raad gevra oor watter rigting om in te slaan. Dit het Cyril Ramaphosa, algemene sekretaris van die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) ingesluit, wat hulle indertyd nogal simpatiek

12 www.https://wordpress.com, 14 Mei 2010 (toegang 8 Mei 2019) (vertaling).
13 Boraine, *Life in transition,* pp 137-138.

gesind was.[14] Hulle het ook kontak gemaak met die ANC, wat klaarblyklik aanvanklik en verkeerdelik aangeneem het dat hulle by die ANC sou aansluit na hul bedanking uit die parlement. Die ANC se buitelandse vleuel (*exiles*), by monde van Thabo Mbeki, was positief oor Slabbert en Boraine se gedagte om 'n onafhanklike instituut of stigting daar te stel wat dialoog sou bevorder. Daar was egter 'n voorwaarde aan verbonde – hulle moes enige vordering met die stigting van so 'n organisasie eers bespreek met bestaande anti-apartheidsgroepe in die land. Gegewe die noodtoestand moes sulke besprekings in groot geheimhouding plaasvind, wat vele klandestiene ontmoetings met gemaskerde township-aktiviste ingesluit het.[15]

Nadat hierdie tipe aanvoorwerk afgehandel is, is Idasa in Oktober 1986 gestig. Slabbert het van die akroniem gehou; dit het volgens hom na iets uit Afrika geklink. Die eerste takkantoor het op 1 November in Port Elizabeth (tans Gqeberha) geopen. Die Oos-Kaap is spesifiek gekies omdat dit een van die plofbaarste politieke gebiede in die land was met voortdurende onluste, gedurige verbruikersboikotte en 'n gevaarlike rasverhouding tussen swart en wit inwoners. Indien die instituut 'n impak sou wou maak – so is aangevoer – moes daardie impak gemaak word waar dit die nodigste was.[16] Idasa was bestem om 'n lang en somtyds prominente bestaan te hê en het eers in 2011 sy deure gesluit. Die instituut het die waterskeidings en stroomversnellings van die politiek oorleef deur deurgaans te hernuwe en aan te pas. Slabbert en Boraine het die fondamente goed gelê.

Die organisasie het nederig genoeg begin met huis-tot-huis ontmoetings tussen swart en wit Suid-Afrikaners, gesprekgroepe en ander vorme van skakeling. Die oningeligtheid en vooroordeel was kommerwekkend, het Slabbert later onthou. Nogtans was daar volop entoesiasme en Idasa kon nie voorbly om aan die behoeftes van al die vrywilligers wat aan die aktiwiteite wou deelneem te voldoen nie.[17] Die eerste groot openbare bekendstelling is in

14 Boraine, *Life in transition*, p 139.
15 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 33-34.
16 A Boraine, "A democratic alternative: a brief history of IDASA" in I Liebenberg, *The Long March: The story of the struggle for liberation in South Africa*, HAUM, Pretoria, 1994, p 205.
17 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 34.

Mei 1987 in Port Elizabeth gehou. Dit was ’n konferensie oor demokrasie met ’n program vol lesings en werkwinkels wat deur 400 mense bygewoon is. Baie van die deelnemers was swart en hierdie keer was die bespreking oor die land se toekoms nie meer ’n afgesonderde bespreking deur grotendeels wit mense by ’n politieke vergadering nie. Boraine het die konferensie as uniek vir daardie tyd beskou en het opgemerk dat die rasgemengde gehoor “die geleentheid ’n tasbare realiteitsgevoel gegee het”.[18]

Dit was nie Idasa se doel om met enige organisasie of beweging te kompeteer of konflik met die regering uit te lok nie, al was die organisasie fundamenteel teen apartheid gekant. Die bedoeling was eerder om as dinkskrum op te tree, toegewy aan die verkryging van ’n nie-rassige demokrasie in Suid-Afrika. Idasa was gefokus op die soeke na wat die betekenis van so ’n bedeling in Suid-Afrika sou kon en behoort te wees. Volgens Slabbert was die kernvrae as volg:

> Is dit moontlik en indien wel, hoe? Wat beteken ’n nie-rassige demokrasie vir gesondheid, regspleging, onderwys, grondgebruik, plaaslike regering, behuising, bewaring, godsdiens en ja, sentrale regering in Suid-Afrika? Is dit moontlik om ’n konsep van ’n post-apartheid, nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika daar te stel wat so aangrypend is dat die meeste Suid-Afrikaners eerder sal saamwerk om dit tot stand te bring as om die heersende orde aan te val of te verdedig? Dit is die uitdaging wat Idasa hoop om suksesvol aan te pak.

Met die gebruik van die term “nie-rassigheid” het Slabbert, volgens sy eie verduideliking, nie bedoel om die bestaan van verskillende rasgroepe in Suid-Afrika te ontken nie, maar hy het bedoel ras-indeling “moet op geen formele grondwetlike of regswyse gebruik word om ’n individu se politieke, sosiaal-maatskaplike of ekonomiese deelname te bepaal nie”.[19] So ’n formulering, wat indertyd wyd aanneemlik geklink

18 Boraine, “Brief history of IDASA”, p 206. Sien ook Boraine, *Life in transition*, p 143 (vertaling).

19 *Sunday Times*, 16 November 1986, “Slabbert: This is how our new initiative hopes to get democracy to work for all South Africans”.

het, kon nie voorsien hoe dit vir twee dekades onder swart meerderheidsregering afgeskiet sou word om rasgebaseerde regstellende aksie af te dwing nie.

Idasa het ’n demokratiese grondwet beskou as ’n noodsaaklike politieke voorvereiste vir vrede, en dit het die aanvaarde uitgangspunt vir groepe links van die regering geword. Die konsep “demokrasie” moes egter uitgepluis word deur die verkenning van die verskillende interpretasies daarvan. Slabbert het gehoop dat gesamentlike werkwinkels, seminare en samewerkingsprojekte tussen wit en swart sou help om hierdie ideaal te verwesenlik en sodoende ’n nuwe element tot die heersende politieke diskoers by te dra, sodat ’n noodsaaklike steunbasis vir verdere verandering kon ontstaan. Hierdie byeenkomste is deur afgevaardigdes van oor die politieke spektrum bygewoon.[20]

Voormalige personeel het onthou Idasa is gebore “uit ’n wil om mense te leer”. Operasioneel was die klem veral op wat beskou is as die wit bevolking se “sistemies afgedwingde oningeligtheid”. Die inisiatief is geneem deur wit mense tot hulp van wit mense met die beweerde steun van die grootliks swart anti-apartheidsbeweging. “Die teorie”, so is aangevoer, “was dat verandering kon plaasvind as wit weerstand teen verandering oorkom kon word.” Dit is daarom as strategies belangrik beskou om die wit gemeenskap te betrek by die “stryd om nie-rassige demokrasie in hul eie belang eerder as om moralistiese of morele redes”. Wit mense moes uit hul geïsoleerde bestaan gelok word om mee te werk aan ’n groter doel.[21] ’n Vertroulike verslag het aangedui dat die Afrikaner-magsbasis by universiteite en in kerke spesifiek geteiken moes word omdat die beskouinge wat daar geheers het, die leiers van die toekoms voortbring.[22]

20 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E2.24.1, “IDASA and opposition politics”, Mei 1988; Boraine, *Life in transition*, p 145.

21 S Gupta en A Kellman, “Democracy organizations in political transitions: IDASA and the new South Africa” in M Mutua (red.), *Human rights NGOs in East Africa: Political and normative tensions*, University of Pennsylvania Press, Philadelphia, 2008, p 284 (vertaling).

22 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Idasa-versameling, 443.A 5 (11/5A), Vertroulike Verslag Idasa-werkswinkel, 23 April 1988.

Hierdie tipe uitreikaksies moet gesien word binne die konteks van wat Idasa as onderliggende vrese, wantroue en stereotipes aan albei kante van die verdelingslyn beskou het – aspekte wat hervorm sou moes word vir verandering om plaas te vind.[23] Afrikaners se oorlewing, so is voorts aangevoer, was nie afhanklik daarvan om 'n onbeweeglike granietstruktuur te bly nie – dit was nie nodig om die Voortrekkermonument te word nie. Slabbert het dan juis sulke soort denke bestempel as "die mistasting van politieke sementdenke", terwyl dit eerder nodig was om meer aanpasbaar te wees, en om kanale te vind waardeur polities bewuste Afrikaners oor alternatiewe opsies ingelig kon word.[24]

Die fokus op die Afrikaner was natuurlik nie 'n splinternuwe vertrekpunt nie en het herinner aan die PFP se pogings om die Afrikanerstem te probeer oorwen, sonder enige aantoonbare sukses. Maar hierdie keer was daar 'n klemverskil – dit het gegaan om Afrikaners se eiebelang eerder as die bevordering van 'n politieke party. Slabbert was heel bewus van die struikelblokke. Op 'n vraag in 1987 oor wat wit mense die meeste vrees van swart meerderheidsregering het hy gesê: "Verlies aan status, verlies van bevoorregting, en die afname van lewenstandaarde en lewenskwaliteit."[25] Om hierdie vrese te besweer sou voldoende versekeringe en voorsorgmaatreëls in 'n nuwe bedeling nodig wees. Op die keper beskou het Slabbert sulke vrese egter as irrasioneel beskou, gegewe die risiko vir wit mense om selfs meer te verloor indien apartheid voortgesit sou word met die gevolglike politieke onluste en ekonomiese sanksies. Hy het aangevoer dat dit nie regtig 'n vraag was van "*wanneer* gaan ons werklik diep in die moeilikheid wees nie, maar eerder 'n geval van ons is *nou* diep in die moeilikheid".[26]

23 Gupta en Kellman, "IDASA", pp 185-186.
24 Aangehaal in G Leach, *The Afrikaners: Their last Great Trek*, Southern Book Publishers, Johannesburg, 1989, p 149 (vertaling).
25 Aangehaal in P Hugo, "Towards darkness and death: racial demonology" in P Hugo (red.), *South African Perspectives: Essays in honour of Nic Olivier*, Unisa Press, Pretoria, 1989, p 239 (vertaling).
26 A Fisher en A Abeldas (reds.), *A Question of Survival: Conversations with key South Africans.* Jonathan Ball, Johannesburg, p 426 (beklemtoning in die oorspronklike vertaling).

Slabbert en Boraine het uitgebreide buitelandse reise onderneem om geld vir Idasa in te samel. Boraine het onthou dat fondsinsameling nie Slabbert se grootste gawe was nie. "Hy was erg in die verleentheid en het heeltyd na sy skoene gestaar, of by die venster uitgekyk, en meer as eenmaal, wanneer ek op die punt was om die bedrag te noem waarvoor ons sou vra, het hy gevra waar die manstoilette was."[27] Slabbert het inderdaad 'n weersin in sulke geleenthede gehad. Dit het hom besonder ontstel toe die hotelmagnaat Sol Kerzner byvoorbeeld in die PFP-dae 'n skielike streep deur 'n finansieringsgesprek getrek het met die woorde dat hy nie geld gee aan kommuniste nie. Na die tyd het Slabbert bitter opgemerk dat hy Kerzner in die toekoms nie eers vyf sent vir 'n besoek aan 'n stasietoilet sou vra nie. Dit het soms maar broekskeur gegaan met Slabbert en Boraine se geldinsamelingsplanne, want baie donateurs was nie juis oortuig dat dié twee wit mans 'n verskil sal kan maak nie; dit was na baie mense se mening 'n swart bevrydingstryd. Ander het meer begrip getoon en uiteindelik kon hulle staatmaak op omvattende en gereelde ondersteuning uit veral die Skandinawiese lande.[28]

Idasa het vinnig uitgebrei, meer personeel is aangestel en streekkantore is in al die grootste Suid-Afrikaanse stede gevestig. Slabbert het egter nie 'n permanente personeellid geword nie. Hy was die eerste voorsitter van Idasa se raad, maar was ook deeltydse direkteur van beplanning, met Boraine as voltydse uitvoerende direkteur. Slabbert is nooit 'n vaste salaris deur Idasa betaal nie, maar is vergoed vir die kostes wat hy aangegaan het vir Idasa-werk. So 'n werkooreenkoms het hom gepas sodat hy meer kwessiegedrewe kon wees eerder as om by daaglikse rondslomp betrokke te raak.[29] Gegewe Slabbert se hoë profiel was dit nie altyd die ideale situasie nie, omdat dit in die media geïnterpreteer is as 'n onwilligheid om met Idasa geassosieer te word. Slabbert het hierdie mening probeer teenwerk, en het by geleentheid opgemerk: "My bedanking as mededirekteur het geen invloed op die aard of omvang van my betrokkenheid by Idasa en Idasa-aktiwiteite nie; trouens dit skep die geleentheid om meer betrokke

27 Boraine, "Alchemy", p 44 (vertaling).
28 Boraine, *Life in transition,* p 140; *Sunday Times*, 16 Mei 2010, "Frederik Van Zyl Slabbert: Afrikaner revolutionary".
29 Boraine, *Life in transition,* p 144.

te wees."[30] Dit was 'n netjies bewoorde verduideliking, bedoel vir openbare kennisname, maar dit het ook verskille tussen Slabbert en Boraine oor die wyse en fokus van toekomstige uitbreiding van Idasa verdoesel.[31] Sodanige meningsverskil het egter nie hul persoonlike vriendskap of werksverhouding beïnvloed nie.

As ons Idasa as organisasie beoordeel, is dit van belang om benewens die doelwitte en strukture van die organisasie ook die onderliggende dinamika binne Idasa op te weeg. Benewens die politieke was daar ook 'n element van 'n tipe sendingywer te bespeur. In beheer was Boraine met sy sterk agtergrond as Metodiste-predikant, en Slabbert wat byna-byna die bediening binne die NG Kerk betree het. Dit was, so het Wilmot James opgemerk, "die teoloog in Slabbert" wat gemaak het dat hy mense altyd wou oortuig en nooit wou boelie nie.[32] Hoewel die vergelyking tussen Idasa en die kerk nie oorbeklemtoon moet word nie omdat daar so 'n duidelike onderskeid tussen die religieuse en die sekulêre is, kan mens aanvoer dat daar wel 'n verband is in die sin dat Idasa wit mense polities tot verlossende denke wou bekeer. Dit kan aangevoer word dat Slabbert se oorspronklike geloofsgeroepenheid, wat dikwels verskuil geraak het onder lae en lae ander oorwegings, tog binne sekere kontekste in 'n ander gedaante weer kop uitgesteek het. Of as mens dit dalk te ongeskakeerd kan stel: op 'n metavlak het Slabbert, met Boraine se hulp, die dominee geword wat hy nooit was nie; deur middel van Idasa kon hy nou omsien na sy eie sekulêre gemeente sonder die gewone inperkende formalismes en formaliteite.

Die geskiedenis het Idasa tot dusver goed behandel. Idasa word gesien as 'n organisasie wat sy tyd vooruit was, en dit het glans en status tot Slabbert, as een van die stigters, se nalatenskap bygedra. Dit beteken egter nie dat Idasa kritiek vrygespring het nie. In die 1980's het groot dele van die Afrikaanse pers Idasa as 'n irrelevante kletsruimte verwerp en Slabbert is

30 *Star,* 9 September1987, "Dissatisfied Idasa man gives notice" (vertaling).

31 M Oelofsen, onderhoud (2017) met Peter Vale, een van die eerste raadslede wat terloops genoem het dat daar spanning tussen Slabbert en Boraine is.

32 www.https://wordpress.com, 14 Mei 2010 (toegang 8 Mei 2019), Wilmot James (vertaling).

gesien as ’n onbetroubare koppelaar tussen belangegroepe.[33] Helen Suzman was steeds ontevrede omdat Slabbert uit die parlement getree het en het skerp gevra: “Wat het hy bereik sedert hy weg is – konferensies, vergaderings, toesprake aan buitelandse finansierders? Hy speel bepaald ’n positiewe rol om kommunikasiekanale tussen wit en swart funksionerend te hou. Maar dit het hy al gedoen voordat hy die parlement verlaat het.”[34] Van gans ander aard was die vermoedens van sommige buiteparlementêre groepe dat Idasa dalk van die donateursgeld, geskenk deur anti-apartheidsgroepe wêreldwyd, sou opslurp – donateursgeld wat andersins hulle sou kon toekom.[35] Op hul beurt was Idasa bekommerd dat die staat straks Idasa-finansiering uit die buiteland sou blokkeer.

’n Verdere vlak van kritiek het gekom vanuit die Marxistiese linkervleuel – dat Idasa ’n vorm van elitistiese demokrasie gepropageer het wat die werkersklasse sou uitsluit. Hierdie mening is versterk deur die omvangryke geldelike steun wat Idasa ontvang het. Dié kritiek het toegeneem toe dit aan die lig gekom het dat Slabbert ook geld ontvang het van die omstrede Hongaarse filantroop George Soros wat, soos Slabbert, beïnvloed is deur die werke van Karl Popper. Hul gedeelde belangstelling het ’n langdurige vriendskap help vorm. Die kritiek op Idasa se finansiële ondersteuning het gewortel in die veronderstelling dat dié ondersteuners die debat oor die aard van ’n toekomstige demokrasie wou inkort. Daar is aangevoer dat Idasa weggeskram het van die idees vergestalt in “populêre demokrasie”, en oorgehel het na die karaktereienskappe van ’n sogenaamde elite-demokrasie, met aspekte in die staatsopset wat die elite sou bevoordeel. Daar was ’n siening dat Slabbert deur Idasa ’n agenda bevorder het wat gefokus het op “die verdediging van die ‘nuwe politieke ruimte’ (soos beset deur die ou en die nuwe elite) teen die invloed van die massas”.[36] Slabbert het nie regstreeks

33 *Die Volksblad*, 20 November 1986, “Politieke koppelaar”.
34 Aangehaal in Leach, *The Afrikaners*, p 148 (vertaling).
35 Boraine, *Life in transition*, p 140.
36 I Taylor,”South Africa’s transition to democracy and the ‘change’ industry” in *Politikon: South African Journal of Political Studies*, 29, 1, 2002, p 44. Sien ook M Swilling, “The dynamics of reform” in A Callinicos (red.), *Between Apartheid and Capitalism*, Bookmarks, Londen, 1992, pp 43-44; M Barker,“George Soros and South

op sulke kritiek gereageer nie, maar het oor die algemeen sterk voorbehoude oor Marxistiese analises gehandhaaf.[37] Op ’n praktiese vlak wys Idasa se dokumentasie dat die organisasie daarop aangedring het dat geen skenker besluitnemingsmag moes hê nie.[38] Of dit egter meer informeel ’n rol kon gespeel het, is moeilik om werklik te bepaal.

Slabbert se toetrede tot die buiteparlementêre politiek het deur Idasa plaasgevind. Dit het die voordeel van ’n mate van onafhanklikheid ingehou ten spyte daarvan dat Idasa homself geskaar het by groeperinge wat die stelsel van buite die parlement geopponeer het. Hiermee het Slabbert ’n strategiese meesterskuif gemaak. Hy het verseker dat hy nie ten volle verstrengel raak in die politieke ontwrigting van die tyd nie – ’n tyd waarin die linkerkant van die politieke spektrum dikwels nie tevrede was met enigiets anders as volkome toewyding tot die saak nie. Deur in ’n mate onafhanklik te bly het hy vir homself beweegruimte geskep. So byvoorbeeld het Slabbert nie sy stem gevoeg by die eenparige linkse aandrang op disinvestering uit Suid-Afrika nie. Slabbert het naamlik gemeen dit sou “teenproduktief wees, oorskat word en moontlik kon lei tot ’n verstarring in die Suid-Afrikaanse hervormingsproses en verandering in Suid-Afrika lei”.[39] Idasa het hom ook in staat gestel om ander nuwe projekte aan te pak nie, waarvan sy besoek in 1987 aan Dakar in Senegal met ’n groep wit Suid-Afrikaners om leidende ANC-figure te ontmoet spesifiek die aandag getrek het.

## ’n Nuwe Voortrekker: Die Dakar-inisiatief

Die idee om ’n konferensie in Senegal te reël het ontstaan toe Slabbert dié land in Junie 1986 besoek het as ’n gas van France Libertés, ’n stigting onder die bestuur van mev. Danielle Mitterand, eggenote van die Franse president, François Mitterand.

---

Africa’s Elite Transition”, http://www.swans.com/lbrary/art/16/barker51.html (toegang 14 Mei 2019). Oor Slabbert se verhouding met Soros, sien Slabbert, The o*ther side of history*, pp 113-126.

37 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 15.

38 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Idasa-versameling, 443.A 5 (11/5A), Vertroulike verslag Idasa-werkswinkel, 23 April 1988.

39 Fisher en Abeldas (reds.), *A Question of Survival*, p 428 (vertaling).

Dit het beslag gekry op die eiland Gorée aan die Senegalese kus, vanwaar slawe tydens die sestiende tot negentiende eeu vervoer is na die VSA en elders, wat hy besoek het saam met sy vriend Breyten Breytenbach, die bekende digter wat vroeër sewe jaar tronkstraf uitgedien het weens anti-apartheidsdade. Slabbert "het dit so geniet om 'n wit Afrikaan te wees in 'n ander, totaal vreemde deel van Afrika dat ek gereken het dit sal goed wees as ander Suid-Afrikaners dit ook kan ervaar."[40] Hy en Breytenbach was baie opgewonde oor die idee en het besluit dat dit weliswaar riskant was, maar dat 'n konferensie tussen die ANC en Afrikaners 'n manier kon wees om aan die doodloopstraat tuis te ontkom. "Skep die feite en hanteer dan die gevolge", het Breytenbach gesê.[41] Dit was net die skeppende gees van 'n digter, het 'n joernalis later opgemerk.[42] Slabbert is ook aangevuur deur gebeure op 'n kongres wat hy in New York bygewoon het, waar 'n ANC-lid 'n emosionele aanval op prof. Pieter de Lange, voormalige rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit (deesdae bekend as die Universiteit van Johannesburg) en Broederbondvoorsitter, gedoen het. Na Slabbert se mening het daar indertyd soveel verwarring geheers dat 'n "goeie, harde debat" tussen Afrikaners en die ANC nodig was sodat die lug gesuiwer kon word en die verskille duidelik uitgestippel kon raak.[43] Slabbert en Breytenbach het vervolgens begin woel om die plan te laat werk. Hy het finansiering van verskeie bronne bekom, onder andere George Soros, die Friedrich Naumannstigting in Duitsland, Lufthansa-lugdiens en verskeie Skandinawiese regerings. Breytenbach met sy kontakte in die France Libertés-stigting van mev. Mitterand het die reëlings in Frankryk en Franssprekende Wes-Afrika hanteer, met Slabbert en Idasa wat die reëlings binne Suid-Afrika getref het.[44] Slabbert het dit absurd gevind dat die Suid-Afrikaanse regering dalk kon optree

40 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.45, Eksklusiewe onderhoud met Tos Wentzel, Julie 1987.
41 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 35.
42 *Die Suid-Afrikaan*, Februarie 1990, "Van Dakar tot Parys: die verskille".
43 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.45, Eksklusiewe onderhoud met Tos Wentzel, Julie 1987. Sien ook Leach, *The Afrikaners*, p 149.
44 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.45, Eksklusiewe onderhoud met Tos Wentzel, Julie 1987; Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 38.

teen die Dakar-gangers omdat oorsese finansiering ter sprake was. "Dis tog sekerlik belangriker wat jy met die geld doen as waar jy die geld kry. Ons moes jare lank ons sakke skud om apartheid te finansier. Om dit te doen, is seker tog baie meer laakbaar as om buitelandse finansiering te gebruik om 'n alternatief tot geweld en apartheid te verken."[45]

Slabbert se ANC-konkurrent was Thabo Mbeki. Mbeki het aanvanklik voorbehoude oor die uitvoerbaarheid van die plan gehad, maar na vergaderings in Londen en Madrid is hy en ander ANC-leiers wel oorgehaal. "Hierdie ouens is regtig ernstig", moes Aziz Pahad van die ANC toegee.[46] Mbeki is ten volle op hoogte gehou van die reëlings en voorgestelde struktuur van die konferensie. Die ANC het hul reis- en verblyfreëlings afsonderlik van die Slabbert-groep getref, waarskynlik uit veiligheidsoorwegings. Slabbert het aan Mbeki laat blyk hy het hoë verwagtinge van die ontmoeting. "Dit kan 'n belangrike ontmoeting van historiese belang word", het hy geskryf. Hy het gehoop Mbeki sou sy "swaargewigte kon saambring, en as dit die ANC-leier, Oliver Tambo, kon insluit (al is dit net vir 'n dag), sou dit des te beter wees".[47] Teen Maart 1987 was meeste van die reëlings reeds getref. Slabbert wou dinge so eenvoudig moontlik hou en was gekant teen 'n groot amptelike funksie in Parys voordat hulle na Dakar vertrek. Hy het informeel aan Breytenbach geskryf dat 'n skemerkelk met "Antie" (mev. Mitterand) meer as genoeg sal wees en "dan fokof ons D (Dakar) toe met so min publisiteit moontlik".[48] Daar was ernstige vrese dat die hele projek kon skipbreuk ly, dus het Slabbert en Breytenbach oorgegaan tot die gebruik van kodetaal. "Die blomme het aangekom en is in die vaas" het beteken die geld is in die bankrekening oorbetaal.[49]

45 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.45, Eksklusiewe onderhoud met Tos Wentzel, Julie 1987.
46 *Insig*, 27, 31 Desember 2004, "Die Pad na Dakar". Sien ook Boraine, *Life in transition*, p 148.
47 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.11.1, Slabbert aan Mbeki, 10 Junie 1987.
48 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.4, Slabbert aan Breytenbach, 1 Maart 1987.
49 *Insig*, 27, 31 Desember 2004, "Die Pad na Dakar".

Om na die organisatoriese deel van die voorgestelde konferensie om te sien was 'n belangrike aspek. 'n Ander belangrike kwessie was om die konferensiegangers te identifiseer en bymekaar te kry. Slabbert het besluit op twee kriteria: hy moes elkeen persoonlik ken en hulle moes vertrou kon word om hul monde te hou oor die reëlings, en hulle moes polities bewus en Afrikaanssprekend wees. Om veiligheidsredes het Slabbert en Boraine elke individu persoonlik genader.[50] Uiteindelik het die groep uit 61 mense bestaan. Soos altyd was die vraag oor wie en wat 'n "Afrikaner" nou eintlik is, problematies. Diegene wat genader is en besluit het om te gaan het geen aanspraak gehad dat hulle die Afrikanerdom as sulks verteenwoordig het nie, maar die meeste van hulle was Afrikaanssprekend en het uit Afrikaanse agtergronde gekom. Sommige het van tyd tot tyd in Afrikaans gepubliseer, maar hulle het nie werklik invloed uitgeoefen in die binnekringe van Afrikanermag nie. Daar was akademici, onderwysers, joernaliste, kunstenaars, regisseurs, skrywers en andere. Daar was ook verskeie bruin Afrikaanssprekendes en enkele Engelssprekende sakelui en akademici, sowel as drie buitelandse politieke wetenskaplikes wat besig was om navorsing oor Suid-Afrika te doen.[51] Daar was baie min vroue onder die afgevaardigdes, en sommige van die vroue wat wel daar was, was beslis in die vaarwater van hul manlike metgeselle. Dit was beslis 'n fout om so min vroue in die groep op te neem – 'n fout wat Slabbert later berou het, en wat hy onoortuigend probeer wegverduidelik het met die stelling dat hy nie baie polities bewuste Afrikanervroue geken het wat aan sy vasgestelde kriteria voldoen het nie.[52] Van die kant van die ANC was daar sewentien afgevaardigdes onder leiding van Thabo Mbeki. Hoewel die ANC se leier, Oliver Tambo, nie die konferensie bygewoon het nie, was die ANC-lede wat wel teenwoordig was oor die algemeen ware

50 *Insig*, 27, 31 Desember 2004, "Die Pad na Dakar"; Boraine, *Life in transition*, p 149.

51 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.H3.25.6; H Giliomee, "The ANC, Afrikaners and a baboon", ongepubliseerde en ongedateerde manuskrip, p 1; H Giliomee, "True Confessions, End Papers and the Dakar conference: A review of political arguments", *Tydskrif vir Letterkunde*, 46 (2), 2009, p 33; *Oosterlig*, 8 Julie 1987, "Kyk hoe lyk dié safari".

52 *Insig*, 27, 31 Desember 2004, "Die Pad na Dakar". Sien ook *De Kat*, 30 September 1987, "Dakar".

politieke swaargewigte, en verskeie van hulle het belangrike hoogwaardigheidsbekleërs geword na die demokratiese oorgang van 1994.

Tydens sy formulering van die byeenkoms se doelwit het Slabbert dit duidelik gemaak dat hulle geen mandaat het nie en dat hulle nie namens enigiemand kon onderhandel nie. Hul doelwit was bloot om verkennende gesprekke met die ANC op Afrikabodem aan te knoop, en om eerstehands inligting oor die ANC se beleid en strategie te bekom. Dit was 'n boodskap wat hy maar alte gereeld moes herhaal. Hy het uiters baie kritiek verduur deur mense wat geïmpliseer het hy voer op die verkeerde tyd samesprekings rakende sake waaroor hy geen beheer gehad het nie. Daar is ook beweer hy meng in op vlakke waaroor slegs diegene wat die land beheer, kon besluit. Daar is aangevoer dat hy, as hy dan nou so graag "Die Man Wat Kan" wou wees, bloot op sy eie trajek was en niemand verteenwoordig het nie; kortom, dat dit maar pure vertoon was – die ene klatergoud.[53] Maar vir Slabbert was drie kwessies ter sprake, naamlik om met die ANC in gesprek te tree oor kwessies van nasionale belang, om Afrikaners bloot te stel aan Afrika en voor te stel aan 'n belangrike politieke organisasie, en "om swart mense te laat besef nie alle Afrikaners skiet swart mense nie".[54]

Die Suid-Afrikaanse regering was aanvanklik doodstil oor die Dakar-gangers. Heel moontlik het Slabbert se statuur en aansien 'n rol gespeel, maar dit was dalk juis 'n berekende skuif om te verhoed dat die gebeure veel publisiteit en prominensie verkry. Maar die Afrikaanse media het alles namens die regering gedoen wat die regering nie self gedoen het nie. Die Dakar-gangers het erg onder skoot gekom en is uitgebeeld as pionne in 'n groter politieke spel wat hulle te dom was om te begryp, as parvenu's en parapolitici of selfs, neerbuigend, as Lenin se "bruikbare idiote". Eers later het die regering bekend gemaak dat streng nuwe maatreëls oorweeg word om dit moeiliker te maak om sulke

53 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.19.3, Slabbert àan Piet Muller, 10 Augustus 1987; *Business Day*, 18 Julie 1987, "That's showbiz?".

54 Aangehaal in Leach, *The Afrikaners*, p 153 (vertaling).

ongemagtigde besoeke aan "terroriste-organisasies" te reël.[55] Aan die ander kant is beweer dat die Nasionale Intelligensiediens (NI) die hele projek diskreet ondersteun het, maar dit was 'n leuen en is van meet af aan deur Slabbert verwerp.[56]

Op 6 Julie 1987 het die manhaftige reisigers na Dakar mekaar op die Jan Smuts-lughawe in Johannesburg (vandag die OR Tambo Internasionale Lughawe) ontmoet. Vir Jacques Kriel, 'n mediese dokter, het dit aanvanklik bykans "onheilspellend" gevoel – asof hy in 'n "spioenasierolprent" betrokke geraak het. In daardie stadium was daar baie ongemak oor die vreemde stilte van die kant van die regering, en oor hoe hulle in Senegal ontvang sou word. Nadat hy sy medereisigers gesien het, was Kriel gemakliker. Hy was nou in die geselskap en het "'n gedeelde opwinding – en 'n gedeelde onsekerheid" waargeneem, wat 'n langdurige kameraderie sou skep.[57] Die joernalis Max du Preez het soortgelyke herinneringe gekoester:

> As mens mooi kyk sal jy die gespanne enetjies tussen die mense wat deur paspoortbeheer beweeg, opmerk. Hulle is almal wit, manlik en Afrikaans. En die meeste van hulle kyk behoedsaam oor hul skouers. Hulle beweer almal hulle is op pad Londen toe, vir werk of vir vakansie. Maar dis 'n leuen en die meeste van hierdie ouens het nog nooit vir 'n amptenaar gejok nie, net vir hul vrouens. Min van hulle kan "klandestien" spel.

Dit was eers toe hulle veilig in die vertreksaal was "dat 'n gevoel van opwinding ontstaan. Selfs 'n giggel of twee. Dis mos darem 'n groot avontuur. Hulle gaan gesels met kommuniste en terroriste; hulle gaan partytjie hou met die totale aanslag".[58]

---

55 *Rapport*, 12 Julie 1987, "Stilte voor Dakar storm"; *Cape Times*, 4 Julie 1987, "Govt silent on new ANC talks"; *Die Burger*, 9 Julie 1987, "Fiasko volg fiasko op Dorsland-trek van Slabbert se linkses"; *Die Transvaler*, 14 Julie 1987, "Stappe kom dalk ná ANC-beraad"; *The Nationalist*, 30 September 1987, "Dakar: Action pending"; M Gevisser, *The dream deferred: Thabo Mbeki*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2007, p 513.

56 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 38.

57 *Frontline*, 31 Julie 1987, "The human face of Dakar" (vertaling).

58 *Insig,* 31 Desember 2004, "Paartie met die totale aanslag".

Met hul aankoms in Dakar na ’n vlug van dertig uur (wat ’n omweg ingesluit het) is die gedisoriënteerde Suid-Afrikaners met groot fanfare verwelkom, terwyl Slabbert amper soos ’n staatshoof behandel is. Hulle is met loeiende sirenes deur die strate van Dakar geneem en al die ander verkeer is tot stilstand gedwing. Die president van Senegal, Abdou Diouf, het hulle hartlik ontvang. Mbeki en Slabbert het mekaar soos langverlore broers omhels. Die gaste is in die vyfsterweelde van die Bovotel Hotel gehuisves, waar die meeste van die samesprekings ook plaasgevind het.[59] Dit was geen swaarkry-safari vir armoediges hierdie nie; met so ’n warme verwelkoming deur hul Senegalese gashere en die bykans internasionale gastestatus waarmee hulle ontvang is, was die tafel gedek vir ernstige gesprek in ’n gemaklike atmosfeer – ’n gulde kans om bande te smee.

Sommige van die Dakar-gangers het veral op die sosiale geleenthede gefloreer. Dit was buite die raamwerk van die formele samesprekings dat hulle werklik hul landgenote in ballingskap kon ontmoet. Max du Preez onthou dat alkohol die groot gelykmaker was. Baldadige partytjies het tot laatnag aangehou, aangehelp deur brandewyn, wyn en whiskey. Dit het nie juis lank geneem voordat nostalgie, trane, singery, luidrugtige verklarings van patriotisme en lewenslange broederskap as bindingselemente gefigureer het nie.[60] Daar was duidelik baie opgekropte emosies.

Mbeki het aangevoer dat die ANC nie ’n beroep wou doen op die emosies van die Afrikaner-afgevaardigdes nie, en nie hul “sondes” wou beklemtoon nie.[61] Miskien was dit nie nodig nie. Sommige van die Afrikaners by Dakar het nie juis aanmoediging nodig gehad om hul siele bloot te lê nie. Die joernalis Chris Louw het later gedink hulle was ’n bietjie naïef:

> Daar was ’n tipe bravade onder die jonger Afrikaners. Hulle was moeg van die stereotipe van die verkrampte regse Afrikaner, ... Ons wou wys dat ons selfs meer van Afrika

59 *Weekend Argus*, 11 Julie 1987, “Dateline Dakar”; *De Kat*, 30 September 1987, “Dakar”; M du Preez, *Dwars: Mymeringe van ’n gebleikte Afrikaan*, Zebra Press, Kaapstad, 2009, p 191.
60 *Insig*, 31 Desember 2004, “Paartie met die totale aanslag”.
61 Gevisser, *The dream deferred*, p 511.

> was as die ANC; in daardie sin was die ontmoeting meer vertoning as substansie. Ons was skaam vir ons regering, vir PW Botha se boertige gedrag, vir die sameflansing waaruit NP-beleid bestaan het, dat ons geswig het onder die versoeking om die kant van die ANC en sy ideologie te kies. Ons wou soveel afstand tussen onsself en die NP plaas as wat menslik moontlik was.[62]

Die afgevaardigdes was maklike teikens, selfs voor die verlossingspolitiek nog behoorlik kon inskop. Slabbert se doelwit om Afrikaners aan verskillende denkrigtings bloot te stel is maar alte goed bereik. Hulle is met die sendingywer van die nuut oortuigde oorval. Dit kan aangevoer word dat Slabbert se eie sendingywer nou opnuut na vore gekom het, hoewel hy dit dalk nie self so ervaar het nie. Hy het mense ook effens te maklik vertrou – hy is byvoorbeeld geflous deur Mac Maharaj, wat mank en met 'n kierie rondgeloop het en beweer het dit was as gevolg daarvan dat hy in Suid-Afrika gemartel is. Slabbert het eers heelwat later, tydens 'n veelpartykonferensie in Suid-Afrika in 1990, besef dat Maharaj hulle in Dakar "gemelk het" vir simpatie deur voor te gee dat hy beserings het. Toe Slabbert hom in 1990 vra hoe dit met sy rug gaan het Maharaj geantwoord: "Ag, ek het nie meer daardie tipe ding nodig nie."[63] Desnieteenstaande was Slabbert nie onbewus van die euforie wat Dakar geskep het nie, en het hy gewaarsku teen die skep van 'n "vals konsensus" tussen veral jonger deelnemers. Hy het benadruk dat die meer senior intellektueles in die groep 'n kritiese afstandelikheid jeens hul ANC-gespreksgenote moet handhaaf.[64]

Nadat al die Afrikaner- en ANC-afgevaardigdes hulself voorgestel het, het Mbeki die verrigtinge geopen met die eenvoudige en kragtige stelling: "My naam is Thabo Mbeki. Ek is 'n Afrikaner." Dit was meer as 'n ysbreker. Dit het die ysberg

62 Aangehaal in *Die Burger*, 22 Junie 2017, "Die ander kant van Dakar".
63 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoude, B 33215, onderhoud met Slabbert, 24 November 1994, pp 27-28 (vertaling). Sien ook Du Preez, *Dwars*, pp 195-196, vir 'n vollediger beskrywing.
64 Leach, *The Afrikaners*, p 161.

laat smelt.[65] Mbeki se biograaf meld: "Jy kon letterlik in die uitbreek van die glimlag op sy gesig toe die gehoor in applous en gelag uitbars, sien hoe hy die groot spel speel, hoe hy wit Suid-Afrikaners uit apartheid kon praat terwyl hy geloofwaardigheid probeer behou onder ANC-kamerade wat reeds sy motiewe wantrou." [66] Slabbert se openingstoespraak het die gashere bedank vir die oorweldigende verwelkoming, waarna hy uitgestippel het hoekom geen oplossing in Suid-Afrika moontlik is sonder die ANC nie. Ten spyte van die verskil in hoe hulle die Suid-Afrikaanse dilemma benader, het hy gehoop die dilemma kon opgelos word. Hy het op emosionele wyse afgesluit: "Dit is hartseer dat ons so ver van ons gedeelde vaderland moet ontmoet. Dat dit so is, is op sigself 'n tragiese kommentaar op ons gedeelde geskiedenis."[67]

Die hooftemas tydens die daaropvolgende besprekings was: strategieë vir verandering, die probleem van nasionale eenheid, die struktuur van 'n bevryde regering, en die ekonomie. Strategieë vir verandering en meer spesifiek die gewapende stryd, sowel as die kwessie van nasionale eenheid en die posisie van Afrikaners in 'n nuwe bedeling het die gesprek oorheers. André du Toit van die Universiteit van Kaapstad het die kwelpunte oor die gewapende stryd en veral die aanvalle op sogenaamde sagte teikens uiteengesit, terwyl Maharaj en Mbeki verduidelik het hoekom gewapende stryd so sentraal was in die ANC se oorkoepelende strategie, en het uitgebrei oor die uitdagings om hul kaders in Suid-Afrika onder beheer te hou. Benewens hierdie punte was Breytenbach bekommerd oor 'n ander aspek van toekomstige beleid. Hy het almal tot versigtigheid gemaan oor die neiging in baie Afrikalande om kommunistiese beginsels voetstoots te aanvaar nadat bevryding plaasgevind het. Geen ander binnelandse Suid-Afrikaanse afgevaardigdes het die punt verder gevoer nie.[68] Betreffende die kwessie van nasionale eenheid het ANC-woordvoerders klem geplaas daarop dat etniese denke vervang moet word deur optrede wat 'n nie-rassige gemeenskap kon bou.

65 *Mail and Guardian*, 4 Oktober 2007, "Sustaining the spirit of Dakar" (vertaling).
66 Gevisser, *The dream deferred*, p 510 (vertaling).
67 *Weekly Mail*, 10 Julie 1987, "A long way from home: a small step closer to hope" (vertaling).
68 Giliomee, *Last Afrikaner leaders,* p 232.

Hermann Giliomee van die Universiteit van Kaapstad het ernstige bedenkinge geopper oor die volhoubaarheid van nie-rassigheid. Hy het hom uitgespreek ten gunste van 'n stelsel van sogenaamde bi-kommunialisme wat spesifieke kwelpunte van die Afrikaner ook sou verreken. In hierdie verband was hy uit pas met die res van die Afrikaner-afgevaardigdes en is hy spitsvondig maar ook skerp deur die ANC-mense beskryf as die "*Boer in the woodpile*" – woordspel op die redelik afbrekende en grootliks agtergelate Engelse uitdrukking, *the nigger in the woodpile*. Die ANC het diegene wat hulle as opponente beskou het, fyn dopgehou en het versigtig waargeneem wie sit waar. Volgens hul waarneming het Giliomee homself gereeld in die geselskap van die konserwatiefste afgevaardigdes bevind, en die ANC het besluit dit sal moeilik wees om hom 'n ideologiese kopskuif te laat maak.[69]

Gedurende die gesprekke het Slabbert grootliks 'n lae profiel gehandhaaf, behalwe om nou en dan op te som en hier en daar 'n mediaverklaring uit te reik. Sy belangrikste redes hiervoor was waarskynlik dat sy menings in elk geval welbekend was, of dat hy as organiseerder van die gebeurtenis versigtig was om nie alles te oorheers nie.[70] Hy het die intensiteit van die debatte opmerklik gevind: "Een aspek van hierdie konferensie wat duidelik uitstaan, is dat dit nie net 'n ligte geselsie is nie; daar is 'n dodelike onderliggende erns onder die vriendelike oppervlakte."[71] Slabbert het nietemin daarin geslaag om uit die skermutselings te bly en in die meningsverskille te bemiddel.[72] Hy het ook 'n besonder goeie verhouding met Mbeki gevestig, in so 'n mate dat hy later opgemerk het hy was "bereid om te sterf vir daardie bôgger".[73]

69 Leach, *The Afrikaners*, pp 246; Du Preez, *Dwars*, pp 196-198; Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 231; H Giliomee, *Historian, An Autobiography*, Tafelberg, Kaapstad, 2016, p 166; Mayibue-argiewe, Universiteit van Wes-Kaapland, ANC-dokumentasie, 1987 (1 a), Aantekeninge oor Parys-Dakar ontmoeting.

70 Giliomee, "Dakar conference, a review of the political arguments", p 33.

71 *Weekend Argus*, 11 Julie 1987, "Slabbert" (vertaling).

72 B Shapiro, "Performing Middlingness: Frederik van Zyl Slabbert and the South African transition", *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 67, 4, Desember 2013, p 186.

73 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 233 (vertaling).

Natuurlik was die Dakar-konferensie vir Slabbert emosioneel uitputtend. Op 'n keer het mense gesien hoe hy op malse wyse in die swembad rondplas en onbeheersd lag, waarskynlik in 'n poging om van opgekropte spanning ontslae te raak.[74] Hy sou selfs meer gespanne gewees het as hy geweet het SAKP-lede het hom tydens die Dakar-byeenkoms en latere reise na Burkina Faso en Ghana agtervolg, gemonitor en verslae oor hom opgestel. Hulle het Dakar as "'n goeie ding" beskou wat "die vyand kon verswak" en het oor Slabbert geskryf hy is "intellektueel vaardig", maar hulle was ook van mening dat hy "nie betroubaar is nie", dat hy "'n opportunis" en 'n "aandagsoeker" is, dat hy "intellektueel oneerlik" is en dat hy "'n oordadige hoë dunk van homself het".[75] Die wêreld van buiteparlementêre politiek was kennelik vol nare verrassings.

Slabbert het nie sy medereisigers op die terugvlug van Dakar na Suid-Afrika vergesel nie, maar het na Spanje vertrek om bietjie uit te span. In teenstelling met die gul ontvangs wat hulle met hul aankoms in Dakar te beurt geval het, het 'n vyandige skare hulle met hul terugkoms in Johannesburg ingewag. Lede van die verregse Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB) het die aankomsaal beset en het daarop aangedring om met die "verraaiers" af te reken. Die Dakar-gangers se vliegtuig is na die verste punt van die aanloopbaan geneem en die polisie het hulle na veiligheid buite die lughawe geneem.[76] Pres. PW Botha wou blykbaar aanvanklik hê die Dakar-groep moet gearresteer word, maar het hom glo bedink nadat hy met die Nasionale Intelligensiediens (NI) oorleg gepleeg het.[77]

Asof die terugkerendes nie genoeg hooi op hul vurke gehad het nie, het 'n bom kort na hul terugkeer by die Witwatersrandse Verdedigingshoofkwartier ontplof, en 68 mense is beseer. Vir baie Suid-Afrikaners het dit 'n groot vraagteken laat hang oor die Dakar-gangers se aanspraak dat hulle op 'n vredesending

74 Onderhoud met Hermann Giliomee, 8 Mei 2019.
75 Slabbert, *Other side of history*, p 50.
76 *Pretoria News*, 20 Julie 1987, "AWB waits in vain for Idasa group"; *Cape Times*, 22 Julie 1987, "Airport ruckus, Dakar group diverted by police"; J du Rand, *Protes-stem, Oomblikke van herinnering*, Bybelkor, Wellington, 2016, p 200.
77 Esterhuyse, *Endgame*, p 34.

na die ANC was. Dit het ook in die hande van die NP-regering se aanspraak dat die reis na Senegal 'n groot mislukking was, gespeel. Kort na sy eie terugkeer na Suid-Afrika het Slabbert sy diepe teleurstelling oor die bomontploffing uitgespreek en in die openbaar gewonder of dit nie 'n ongedissiplineerde daad was in teenstelling met die amptelike ANC-siening nie.[78] Slabbert se spekulasie het nie veel oortuigingskrag gehad by diegene wat skepties gestaan het teenoor die ANC en die Dakar-sending nie. Vrae is pertinent gevra, soos "Nou wie dink dr. Slabbert dan was verantwoordelik vir die bomontploffing? Die man op die maan? Slegs die ANC gebruik motorbomme, kleefmyne en landmyne." Sommige mense het gedink Slabbert is "heeltemal mal".[79] Snediger aanmerkings sou volg. As Slabbert 'n boek sou skryf, so is hy aangeraai, kon hy dit "Die Groot Trek na Dakar: Die Nuwe Voortrekkers" noem. Dit sou geskryf kon word in "die bloed van die vele mense wat van hul aardse sorge verlos is deur middel van kleefmyne, motorbomme en landmyne" en sou die meesterwerk wees van "Leier, Herr Frederik von Slaghuis von Gotterdammerung". Hierdie "nuwe Voortrekkers" is bestempel as volkome ruggraatloos – eerder as om te baklei teen die vyand wou hulle "hulself in oorgawe inpraat, met die leuse 'Hendsop en gee oor'".[80]

Ten spyte van hierdie soort kritiek het Slabbert probeer om die bomontploffing in perspektief te plaas. Hy het uitgewys "dit is uiteraard belaglik om die voortgesette geweld van beide kante te gebruik om Dakar as 'n mislukking te beskryf". Hy het benadruk "slegs die regering van Suid-Afrika kan die geweld laat verminder en die gewapende stryd laat ophou. Geen 'safari' of besoeke deur enige afvaardiging uit Suid-Afrika het die mag om die geweld te laat afneem of die gewapende stryd te laat ophou nie."[81] Vanuit 'n ander hoek het Slabbert steun ontvang van Giliomee, wat uitgewys het dat bomontploffings nie die noodsaaklikheid van gesprek en onderhandeling met die ANC negeer nie, maar

78 *The Star*, 1 Augustus 1987, "Slabbert: Talking is useless if it was ANC".
79 *Citizen*, 1 Augustus 1987, "Pathetic" (vertaling).
80 *Citizen*, 6 Augustus 1987, "Height street diary" (vertaling).
81 *Cape Times*, 14 Augustus 1987, "Ongoing violence doesn't make Dakar a failure" (vertaling).

eerder die noodsaaklikheid daarvan bewys.[82] Oliver Tambo het egter vir Slabbert om verskoning gevra vir die nagevolge van die bom, wat nie geplant is omdat die ANC die Dakar-gangers in die verleentheid wou stel nie.[83]

Die Dakar-sending was op verskeie vlakke vir Slabbert riskant. Soveel kon verkeerd geloop het; die regering kon die sending in sy spore gestuit het nog voor dit begin het, die ANC kon op die nippertjie onttrek het, die debatte kon hande uitgeruk het, of die groep kon met hul terugkeer na Suid-Afrika gearresteer geword het. Slabbert sou darem op ’n oorwig van waarskynlikheid kon verreken dat die risiko nie buitensporig was nie. Daar was nogtans iets waagmoedigs aan die hele Dakar-sending, veral in ’n tydvak toe min wit Suid-Afrikaners dit buite Suid-Afrika se grense gewaag het. Die feit dat hy deurgedruk het, het gedui op ’n ferme deursettingsvermoë sonder die noodwendige vooruitsig van sukses. Hy kon nie persoonlik by die safari baat nie. Dit kon seker sy politieke profiel verhoog het, maar aangesien hy geen organisatoriese politieke bande gehad het nie sou hy nie kon reken op selfbevordering of herposisionering in enige rigting nie. Miskien was die motief weereens ’n soort sendingdrang om mense sover te kry om ’n sekere beskouing te onderskryf, ’n groter doelwit as eiebelang na te streef, en gefokus te bly op ’n doelwit. Watter vrugte die Dakar-inisiatief gedra het, sou eers later deurskemer.

## Nalatenskap

Aan die einde van die Dakar-verrigtinge is ’n gesamentlike verklaring uitgereik waarin Slabbert beklemtoon het dat elke deelnemer die konferensie verlaat het met meer akkurate inligting, dat stereotipes uitgedaag is en dat hulle voortbeweeg het na ’n “gesamentlike soeke na vrede” en weg van “blinde vooroordeel en hardkoppigheid”. Dit was egter nie ’n onderhandelingsoefening nie, net ’n “aanvanklike verkenning”.[84]

82 *Die Burger*, 1 Augustus 1987, “Weersin teen geweld gaan SA linkses nou ’n baie lang tyd tref”.

83 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 79-80.

84 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.47.5, Konferensieverklaring, Julie 1987 (vertaling). Sien ook

Hy het later sy waarskuwing oor 'n "gees van kunsmatige konsensus" herhaal, maar ook gemaan om nie Dakar af te maak as "goedkoop linkse politiek" nie.[85]

Die sending na Dakar het veel meer media-aandag getrek as wat Slabbert aanvanklik verwag het. "Ons het 'n donkie opgesaal en uiteindelik op 'n tier gery", het hy opgemerk en bygevoeg dat "die ondervinding beteken ons keer terug as veranderde mense".[86] Verskeie Dakar-gangers het persoonlike rekenskap oor die belangrikheid van die ekspedisie gegee. Volgens Theuns Eloff, 'n jong predikant in 'n behoudende Afrikaanse kerk in Pretoria ten tye van Dakar, was hy aan die begin van die gesprekke baie behoedsaam en het hy nie juis met die ANC-mense gepraat nie, maar hy het na 'n ruk agtergekom dat hulle nie stiksienig is nie. Eloff het hierna beïndruk met sy eerlike en reguit insette. Hy was nie te begaan oor wie die meeste gewen het tydens die gesprekke nie. "Hulle het ons natuurlik gebruik, en ons het hulle natuurlik gebruik," het hy toegegee, "maar dit het nie eintlik saak gemaak nie".[87] Die twee groepe het van mekaar geleer. Eloff se loopbaantrajek het heeltemal verander ná Dakar. Weens sy deelname is hy vir 'n ruk geskors uit die kerk, waarna hy die sakewêreld betree het. Toe speel hy 'n belangrike rol as fasiliteerder in die onderhandelings tussen die ANC en die NP-regering onderweg na demokrasie in die vroeë 1990's. Later het hy rektor van die Noordwes-Universiteit geword. Ander Dakar-gangers soos Lourens du Plessis en Johan van der Westhuizen (beide regsprofessors), André Odendaal (lektor in geskiedenis) en Manie van Rensburg (filmmaker) het dit as 'n waterskeiding in hul lewens beskou.[88] Slabbert het erken dat Dakar 'n groot invloed

---

"South Africa and negotiating in politics: Myths and prospects", *South Africa International*, Oktober 1987, p 98.

85 *Weekend Argus*, 11 Julie 1987, "Slabbert" (vertaling).

86 *Weekly Mail*, 30 Julie 1987, "We started riding a donkey and ended on a tiger" (vertaling).

87 *Insig,* 30 September 2001, "Potch se bontrok-bul". Sien ook *Beeld*, 16 Oktober 2010, "Kyk net hoe lei so 'n dominee".

88 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.35.1, L du Plessis aan Slabbert, 10 Augustus 1987; 430.H3.43.1, J van der Westhuisen aan Slabbert, 3 Desember 1987; 430.H3.18.1, A Odendaal aan Slabbert, 13 Julie 1987; *Die Burger*, 14 Julie 1990, "Flieks is spieëls vir Van Rensburg".

op hom uitgeoefen het en dat dit by hom ’n aanpassing geverg het om “die ervaring te integreer” in sy gewone daaglikse bestaan.[89]

As mens die net wyer as die persoonlike ervarings sou span en die wyer implikasies sou bekyk, is dit nodig om die algemene impak van Dakar te probeer verreken. ’n Algemene en voortgesette aanspraak is dat die Dakar-konferensie ’n sentrale gebeurtenis was om Suid-Afrika se demokratiese skikking in die vroeë 1990’s in die hand te werk.[90] So ’n siening is spekulatief en ’n voorbeeld van hoe oorsaak en gevolg in geskiedenis misverstaan kan word omdat dit berus op aannames wat nie bewys is nie. Die peiling van Dakar se nalatenskap hang af van ’n wye verskeidenheid faktore, waarvan sommiges uit regeringsinisiatiewe gespruit het. Daarsonder, en bloot op sigself, kon Dakar maklik in die snippermandjie van die geskiedenis beland het as sinnelose tydmorsery.[91]

Dit is meer geloofwaardig om Dakar te koppel aan spesifieke en minder ambisieuse gevolge. Die stortvloed mediadekking wat die Dakar-ekspedisie ontvang het, het ’n nuwe dimensie in die Suid-Afrikaanse politieke diskoers beteken. Meningspeilings voor en na Dakar het bly aantoon dat baie wit Suid-Afrikaners teen onderhandelings met die ANC gekant was,[92] maar die gebeure in Dakar het nietemin die heersende diskoers beïnvloed. Een van die Dakar-gangers, die sosioloog Ian Liebenberg, het verduidelik:

> Dakar-gangers het geen mag gehad om druk op die PW Botha-regering uit te oefen nie, maar hulle kon sorg dat hulle gehoor word. Hulle kon Suid-Afrika nie in ’n normale politieke bedeling indwing nie. Hulle kon in ’n klein mate help om die openbare diskoers deur ’n ontwrigtende, oombliklike teenwoordigheid te beïnvloed met die hoop dat ander rolspelers daaruit kon put vir ’n toekomstige

89 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H3.18.1, Slabbert aan Odendaal, 2 September 1987.
90 Byvoorbeeld *Beeld*, 17 Mei 2010, “Slabbert: Skerp van intellek en ruim van gees”.
91 *Cape Times*, 3 Julie 1987, “Dakar connection to the new politics”.
92 W van Vuuren, “The meaning of Dakar”, *The Dakar Report, Responses from 16 delegates to the Dakar conference.* Idasa Occasional Papers, 11, 1987, p 28.

> onderhandelde oorgang van 'n outoritêre regeringsvorm na 'n demokrasie.[93]

Op hierdie wyse het Dakar dan 'n beperkte bydrae gelewer. Dit was, soos Breyten Breytenbach later sou aanvoer, 'n sneller vir mense om anders te dink oor die Suid-Afrikaanse dilemma.[94] Interessant genoeg voer Niël Barnard, indertyd direkteurgeneraal van die Nasionale Intelligensiediens (NI), aan dat "Dakar 'n belangrike rol gespeel het om mense op voetsoolvlak sielkundig voor te berei vir die hele (oorgangs)proses." Daardeur sou mens nie wou impliseer dat die ganse publiek skielik oorgewen is vir 'n onderhandelingsproses nie, maar eerder dat die mindere aanspraak dalk gemaak kon word dat alternatiewe nou meer geredelik na vore gekom het. Barnard was voorts geïrriteer dat daar "deur predikante, akademici en die private sektor aan die regering voorgeskryf word hoe om die politiek van hierdie land te bedryf".[95] Maar dit was nie moontlik vir die regering om die Dakar-gebeure ongedaan te maak nie. 'n Reeks ander ontmoetings met die ANC onder Idasa se vaandel het in Europa en Afrika plaasgevind, oor verskeie onderwerpe, insluitend die kunste en die ekonomie.[96] Hoewel hierdie gesprekke aandag getrek het, was daar glad nie die tipe belangstelling wat Dakar gaande gemaak het nie. Dit was amper asof Idasa-geleide ontmoetings met die ANC normaal geraak het, en die algemene publiek dit geleidelik as sulks begin aanvaar het.

Min het die algemene publiek en die Dakar-gangers geweet dat die regering buite sig van die mediakollig self hul eie kommunikasiekanale met die ANC gevestig het. Dit was 'n belangrike verwikkeling omdat dit 'n ander perspektief plaas op

---

93 I Liebenberg, *Dakar – reflections on a conference*, ongepubliseerde lesing, Research Gate, 17 September 2017 (vertaling).

94 *Die Burger*, 31 Maart 2007, "Breyten Breytenbach".

95 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoude, 332.05 (2), onderhoud met Niël Barnard, 25 November 1994 (vertaling).

96 M Savage, "The Dakar talks and meetings between South Africans and the the ANC in exile, 1983-2000", ongepubliseerde manuskrip, Junie 2016; M Savage, "Trekking outward: A chronology of meetings between South Africans and the ANC in exile, 1983-2000", ongepubliseerde manuskrip, 2017. Sien ook *Die Burger*, 30 Januarie 2010, "Méér as 'bruikbare idiote'".

die belang van die Dakar-ekspedisie. Die kernverskil was dat waar die Dakar-gangers geen mag gehad het om verandering in die hand te werk nie, die regering beslis oor daardie mag beskik het. Per definisie sou die historiese impak van die regering se skakeling met die ANC uiteraard heelwat meer wees. André du Toit het later opgemerk dat, tot 'n sekere mate, "kontak met die ANC eintlik eers begin saak maak het namate mense naby aan die NP betrokke geraak het".[97] Niël Barnard het aangevoer dat NI reeds voor 1986 beplande kontak met die ANC gehad het, en dat daar beslis reeds vanaf 1987 samesprekings was tussen regeringsamptenare en die ANC.[98]

Op strukturele vlak was daar dus 'n soort tweespoor-benadering tot onderhandelings, met elke inisiatief wat onafhanklik gefunksioneer het. Volgens Mike Louw, NI se tweede in bevel, was NI in terme van substantiewe onderhandelings botsend met die Dakar-gangers en ander soortgelyke inisiatiewe. Volgens hom het dit negatiewe gevolge ingehou. Die NI was juis besig om te probeer om PW Botha te oortuig om die ANC by onderhandelings in te sluit, maar hoe meer hy van die Dakar-gangers se doen en late te wete gekom het, hoe meer hardkoppig het hy geraak. Louw het dit as volg verduidelik:

> Nou was al hierdie mense besig om dit te doen en terug te keer en te probeer om druk op hom [PW Botha] te plaas; besig om hulself as tussengangers voor te doen. Daar is geen manier waarop hy in hul spore sou volg nie, hy sou alles op sy manier wou doen of hy sou verseg om enigiets te doen. So ons het werklik gevoel al hierdie gebeure hou die proses terug eerder as om dit te versnel.[99]

PW Botha se status as staatspresident was na Louw se mening ook op die spel: hy sou "nooit agter Van Zyl Slabbert aan Dakar toe loop nie. Dit is die laaste ding wat hy in sy lewe sou doen."[100]

97 *Die Suid-Afrikaan*, 30 April 1995, "Die 'Insiders' se 'inside'-storie".
98 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoud, 332.05, onderhoud met Niël Barnard, 25 November 1994; M Savage, "Trekking outward", p 13.
99 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoude, 332.05, onderhoud met Mike Louw, 29 Mei 1995 (vertaling).
100 Aangehaal in Du Preez, *Dwars*, p 214.

Volgens Louw het die regering eers begin vordering maak "nadat hulle al die ander mense uit die pad uit gekry het – want een van die eerste dinge wat ons vir Thabo-hulle gesê het toe ons hulle oorsee ontmoet, was kom ons kry net al hierdie tussengangers en fasiliteerders en wat ook al uit die pad uit; met hulle daar gaan ons geen vordering gemaak kry nie."[101]

Dus, vanuit die regering se hoek gesien het Slabbert se pogings sake vertroebel. In terme van *realpolitik* poog so 'n persepsie om die rol van die Dakar-gangers so gering moontlik te skat deur aan te voer dat hulle eintlik 'n hindernis was. Dit verloor egter uit die oog die gevoel van gedeelde identiteit en lotsgebondenheid wat uit Dakar gespruit het. Sodanige bewussyn het sekerlik ook gehelp in die regering se handelinge met die ANC, veral toe die regering nog nie sterk en geloofwaardige kontakte vir skakeling met die ANC gehad het nie. In hierdie verband is Willie Esterhuyse, filosofieprofessor van die Universiteit Stellenbosch wat dikwels van regeringskant betrokke was by onderhandelings met die ANC en aanvanklik voorbehoude jeens die Dakar-projek gekoester het, van mening dat die Dakar-ekspedisie wel meegehelp het om die konsep van die ANC as blote vyand te dekonstrueer – en dis 'n belangrike bestanddeel in enige vredesproses.[102] Hoewel dit kan lyk asof die Slabbert -inisiatief se betekenis geminimaliseer word deur dit in die wyer konteks te plaas, moet die rol van Dakar nie heeltemal onderskat word nie.[103] Die Duitse historikus, Ulrich van der Heyden, het meer as dertig jaar na die gebeure tot die slotsom gekom dat die Dakar-samesprekings "geen kitsoplossing was nie. Dit was 'n klein stap in 'n spesifieke politieke konteks. Dit was 'n uiters menslike poging om die openbare gesprek in die rigting van onderhandeling

101 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Patti Waldmeier-onderhoude, 332.05, onderhoud met Mike Louw, 29 Mei 1995 (vertaling). Vir meer besonderhede oor die binnewerking van die regering en ANC-reaksies, sien W Esterhuyse, *Endgame: Secret talks and the end of apartheid*, Tafelberg, Kaapstad, 2012, pp 34-35; M Spaarwater, *A spook's progress,* Zebra Press, Johannesburg, 2012, pp 71-72.

102 W Esterhuyse en G van Niekerk, *Die Tronkgesprekke,* Tafelberg, Kaapstad, 2018, p 203.

103 Vergelyk D Lieberfeld, "Evaluating the contributions of two-track diplomacy to conflict termination in South Africa, 1984-90", *Journal of Peace Research*, 39, 3 May 2002, p 370.

en die vestiging van 'n grondwetlik gebaseerde demokratiese staat te stuur."[104]

Slabbert self het 'n sobere uitkyk op die verloop en afloop van die Dakar-gesprekke gehad. Hy was nie beïndruk deur al die emosionele uitbarstings nie en het kapsie gemaak teen die "histeriese" reaksie op Dakar.[105] Na sy mening is die doelwitte wat gestel is, wel deeglik bereik – "'n ernstige werkwinkel tussen gesoute sosiaal-wetenskaplikes uit die Afrikaanse gemeenskap en 'n ANC-afvaardiging oor belangrike kwessies rakende die konflik in Suid-Afrika".[106] Hy was voorts van mening dat dié kontak gehelp het om uitgediende paradigmas te ondermyn en die konsep van gesprek met die ANC geloofwaardigheid te gee. Die ANC het op hulle beurt Dakar verlaat met 'n meer positiewe beeld van Afrikaners, en met die hoop dat 'n gesamentlike oplossing gevind kon word.[107] Slabbert sou glad nie deel raak van die NP-regering se inisiatiewe om kontak met die ANC te bewerkstellig nie. Toe stukkies inligting daaroor begin uitlek, het Slabbert geen behoefte geopenbaar om meer daaroor uit te vind nie.[108]

Slabbert se naam is sinoniem met die Dakar-ekspedisie. Dit was een van die hoogtepunte van sy loopbaan, hoewel hy nie die afloop of die gevolge daarvan voorsien het nie. Hy het beslis geen behoefte getoon om baat te vind by al die aandag en publisiteit wat uit Dakar voortgespruit het nie, en hy was nie een van diegene wat Dakar se historiese belang probeer oorspeel het nie. Dit was nie dat hy indertyd nederig en later apaties was nie – hy het, soos ons gesien het, nie die historiese belang heeltemal ontken nie – maar hy kon geen punt daarin sien om homself as die middelpunt van die narratief voor te stel nie.[109] "Ek het in daardie dae baie geïsoleerd gevoel", het hy later vertel.[110] Hy is nietemin op die

104 U van der Heyden, *Der Dakar-prozess: Der Anfang vom Ende der Apartheid in Südafrika*, Solivagus, Kiel, 2018, p 15 (vertaling).

105 *Cape Argus*, 4 Augustus 1987, "Slabbert slams 'hysterical' reaction to Dakar" (vertaling).

106 Ibid (vertaling).

107 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 38; Cape *Argus*, 13 Julie 1987, "Dakar talks a great meeting of minds".

108 Esterhuyse, *Endgame*, p 35.

109 Vergelyk *Insig*, 31 Desember 2004, "Die Pad na Dakar".

110 *Sunday Independent*, 16 Mei 2010, "All I had to fall back on was my own conviction: I went ahead" (vertaling).

hande gedra deur donateursagentskappe wat geneig was om hom voor Dakar die koue skouer te gee. Volgens Slabbert was Dakar Idasa se "goue oomblik" in soverre dit fondsinsameling betref.[111]

In die breë was Slabbert nie soseer 'n goed geplaaste speler in die magspolitiek nie, maar is hy eerder gedryf deur 'n sterk weersin in rassediskriminasie. [112] Hoewel hy nie onkundig was oor magspolitiek nie,[113] het hy van die gebaande weë van die Suid-Afrikaanse politiek afgewyk en verkies om homself buite die formele politieke arena te plaas. Twee vriende van Slabbert, Heribert Adam en Kogila Moodley, was van mening dat Slabbert die hoogtepunt van sy invloed bereik het nie toe hy leier van die opposisie was nie, maar paradoksaal genoeg toe hy geen formele magsposisie beklee het nie.[114] As mens hul aanname aanvaar, raak dit duidelik waarom Slabbert nie lofsange oor sy Dakar-bydrae nagejaag het nie. Sulke aanprysings het nie vir hom veel beteken nie, want hy was op 'n ander vlak waar die gewone politieke mooipraatjies nie juis saak gemaak het nie.

Benewens die aard van Slabbert se politiek was daar ook ander aktiwiteite wat as nalatenskappe van die Dakar-gesprekke voortgeleef het, naamlik die stigting van 'n Instituut vir Demokrasie-ontwikkeling en Kuns op die eiland Gorée. Voorts het die idee van 'n onafhanklike Afrikaanse koerant, wat beslag gekry het onder die naam *Vrye Weekblad* met Max du Preez as redakteur, tydens die Dakar-ekspedisie ontstaan.[115] Dus het die Dakar-onderneming 'n paar onverwagse gevolge gehad, in Suid-Afrika en in die buiteland. Slabbert was nou meer as ooit bedrywig. Sy dagboek vir 1988 was volgestop met afsprake met akademici, politici en sakelui. Hy was voortdurend in aanvraag.[116]

In die post-apartheidsperiode het die vraag of Dakar van blywende betekenis was ewe omstrede gebly, en het sienings

111 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 38.
112 Shapiro, "Performing Middlingness", p 189.
113 Esterhuyse, *Endgame*, p 35 verklaar dat elemente in die NID gedink het dat hy gedryf word deur 'n behoefte aan politieke mag.
114 Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind", p 58.
115 Slabbert, *Other side of history*, p 86; Du Preez, *Dwars*, p 219.
116 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.2.1.2.9, "Diary for 1988".

daaroor oor die dekades periodiek verander, in verskillende rigtings. Elke tien jaar het diegene wat Dakar toe gegaan het in 1987, die gebeure in herinnering geroep by die Spier-landgoed naby Stellenbosch. Die 1997-byeenkoms is gekenmerk deur 'n gevoel van opwinding oor Suid-Afrika se toekomsmoontlikhede, maar onderliggend te midde van die geklink van glase en die nostalgiese weersiens, was daar kommer oor politieke aspekte. Sommige Afrikaners was van mening dat Afrikaners spesifiek gemarginaliseer is wat die behoud van hul taal en kultuur betref. Een deelnemer het verduidelik: "Ons het na Dakar gegaan en hoop, bevryding en vryheid beleef. Snaaks genoeg bevind ons onsself nou in 'n situasie waaruit ons bevry moet word."[117] Hermann Giliomee het aangevoer dat die ANC-regering algaande meer elitisties word en dat die parlement stadig ondermyn word deur 'n groepie hooggeplaaste politici en groeperinge wat hulself nie gebonde ag aan die demokrasie se prosesse nie.[118] Mbeki, wat in daardie stadium as die land se adjunkpresident gedien het en kort voor lank president sou word, het doodstil gesit en omvattende notas gemaak. In 'n kort toespraak het hy positiewe opmerkings oor Afrikaner-inskakeling by die staatsdiens gemaak en oor taalregte het hy Afrikaners aangeraai om met ander inheemse minderheidstaalgroepe kragte saam te snoer.[119] In sy inset het Slabbert verkies om uitsprake oor taalkwessies te pypkan, maar hy het 'n meer omvattende punt baie duidelik gemaak, naamlik "tensy die ANC daarin kan slaag om hierdie demokrasie te konsolideer en 'n kompeterende markekonomie te vestig, sal daar geen regte vir Afrikaners, Xhosas, Zoeloes of enigiemand anders wees nie".[120]

Tien jaar later, tydens die 2007-byeenkoms, sou die ietwat verskuilde kritiek aansienlik meer uitgesproke geraak. Mbeki, wat in daardie stadium die land se president was, het hom

117 *Sunday Independent*, 3 Augustus 1997, "Ten years on, new fears seize the brave Afrikaner trekkers of Dakar" (vertaling).

118 *Rapport*, 3 Augustus 1997, "ANC skuif die fokus só weg van die parlement".

119 *Rapport*, 3 Augustus 1997, "ANC skuif die fokus só weg van die parlement"; *Cape Times*, 16 Junie 1997, "Together as new Voortrekkers".

120 *Sunday Independent*, 3 Augustus 1997, "Ten years on, new fears seize the brave Afrikaner trekkers of Dakar" (vertaling).

voor die byeenkoms steeds positief uitgelaat oor die tegniese en professionele vaardighede van sommige Afrikaners in die private en openbare sektor, maar as ’n belangegroep was hulle duidelik nie meer vir hom ’n hoë prioriteitsoorweging nie. As ’n deurwinterde strateeg het hy besef dat hy hulle polities nie meer nodig het nie. Afrikaners het algaande vervreemd begin voel en al groter wordende afstand was aan’t ontstaan.[121] Mbeki het trouens nie eens die 2007-byeenkoms bygewoon nie, en al die ANC-deelnemers wat in 1987 by Dakar aanwesig was, was afwesig by die 2007-byeenkoms. Bheki Khumalo, Mbeki se voormalige woordvoerder, was wel daar. Die joernalis en Dakar-ganger Chris Louw was in 2007 weer daar en was terdeë bewus dat ’n nuwe konteks ander politieke voorkeure en keuses in die hand gewerk het. Hulle het nou met ’n ander ANC as die ANC van twintig jaar tevore te doen gehad. Op heldere wyse het hy verduidelik: “Die ANC het ons destyds nodig gehad. Nou is ons nie meer nodig nie. Ons was die bruikbare idiote .... Op meer siniese vlak: Die ANC se doelwit was bevryding, nie demokrasie nie. Op meer korrekte vlak: Die swart meerderheid wou die mag hê. Demokrasie was maar net die onvermydelike newe-produk, nooit die doelwit nie.”[122]

Breytenbach het reeds voor die 2007-byeenkoms aangedui dat hy net so moedeloos was. Die drome wat hulle in Dakar gekoester het van ’n “lewenskragtige, pluralistiese politieke lewe” wat reg sou laat geskied aan Suid-Afrika se diversiteit, het vir alle praktiese doeleindes in die niet verdwyn. Eerder het Suid-Afrika in die praktyk ’n “eenpartystaat geword met die staat ’n blote agent vir ’n patrimoniale (oppermagtige leiergedrewe) politieke party”. Wat nasiebou betref was Breytenbach se bruuske teregwysing aan homself: “Eish, ou! Was jy so dom om in so ’n utopie te glo?”[123] Slabbert het in sy bydrae spesifiek kommer uitgespreek oor Mbeki se ondeurdringbare retoriek oor ’n nasionale demokratiese rewolusie, wat gewortel was in uitgediende kommunistiese konsepte en gebruike. Mbeki het volgens Slabbert stompsinnige taal gebruik eerder as om “’n praktiese en praktykgerigte beleid

121 J Brits, “Thabo Mbeki and the Afrikaners, 1986–2004”, *Historia*, 53, 2, November 2008, pp 66-68.
122 *Die Burger*, 14 Julie 2007, “Wat ek nog wou gesê het”.
123 *Die Burger*, 31 Maart 2007, “Breytenbach”.

te ontwikkel wat gewone mense kan verstaan en van toepassing maak om hul daaglikse lewens te verbeter".[124]

Waar mens in 2007 die gevoel kon kry dat die Dakar-ekspedisie se glans verdof het, het die 2017-byeenkoms die indruk gelaat dat die inisiatief heeltemal ingeplof het. Te midde van Jacob Zuma se vernietigende bewind het Breytenbach 'n verwoestende aanval op gebeure onder ANC-bewind gedoen. "Die situasie is nou erger as ooit," het hy gesê, "want geen intellektuele, morele en etiese leierskap is geskep om die pad vorentoe aan te dui nie." Breytenbach was spesifiek aanvallend oor die kwynende rol van Afrikaans as ampstaal.[125] Ander sprekers het hulle in dieselfde vaarwaters bevind in debatte wat soms baie emosioneel geraak het. Ten spyte van Dakar-gangers soos André Odendaal en Aziz Pahad se beste pogings was dit duidelik dat die skrif aan die muur is.[126] Dit het voorgekom asof Dakar sy doel gedien het. Miskien was dit glad nie verrassend nie. Die ANC het in daardie stadium reeds lankal die ideologiese Dakar-kruk vaarwel toegeroep. Die invloedryke SAKP-leiersfiguur Joe Slovo het trouens reeds in 1994 beweer dat, soverre dit die ANC aangaan, die Dakar-ontmoetings en ander vergelykbare geleenthede geen impak op die beweging in ballingskap gehad het nie.[127]

Dit sou onrealisties wees om te verwag dat Dakar sy glans sou behou oor 'n tydperk van dertig jaar in 'n vinnig veranderende samelewing. Die Dakar-gebeure van 1987 was nie 'n bruilof of 'n "*love fest*" soos sommige dele van die Afrikaanse gemeenskap verkies het om daarna te verwys nie, maar eerder 'n toe-oë afspraak sonder enige gewaarborgde uitkoms. Dit was miskien nie heeltemal onverwags dat die verhouding mettertyd sou versuur nie. Slabbert het dit dalk berou, maar hy was ook realisties genoeg om die vooruitgang wat intussen gemaak is te waardeer, vratte en al. In 2003 het hy die volgende te sê gehad oor wat hy ervaar het tydens Dakar en 'n veelheid ander ontmoetings in die laat 1980's:

124 *Daily Dispatch*, 30 Julie 2007, "Dazed by the revolution" (vertaling).
125 *Die Burger*, 26 Junie 2017, "Verraaiers lei land". Sien ook *Die Burger*, 26 Junie 2017, "Dakar-reünie: Vuurwarm debat oor Afrikaans".
126 Skrywer se persoonlike waarneming as 'n gas tydens die besprekings.
127 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 235.

> Ek wou tydens daardie besprekings veral graag die teorie van verandering wat opstand ondervang, verstaan, asook die hulpbronne wat beskikbaar was om daardie doelwitte te bereik, en die ideologiese afloop wanneer dit suksesvol volvoer word. Hoe meer ek geluister het, hoe ongelukkiger het ek geraak. Die retoriek van opstand was maar net die kruiskant van die retoriek van verdrukking. Beide het sukses gedefinieer as die totale vernietiging van die ander – slegs dan kon die ideologie verwesenlik word. Ek kon eindelose en uitputtende stryd sien in die toekoms, tot enorme nadeel van die land en haar mense.[128]

As Slabbert se aannames en afleidings korrek was, en selfs as dit ’n effense oordrywing was, sou die feit dat so ’n afloop vermy kon word vir hom veel meer beteken het as die tanende opwinding oor Dakar.

128 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.07.3, “Academic Freedom Lecture, UCT, 2003” (vertaling); Lawrence Schlemmer was ook getref deur die mate waartoe die ANC verknog was aan die gewapende stryd. L Schlemmer, *The Dakar Report, Responses from 16 delegates to the Dakar conference.* Idasa Occasional Papers, 11, 1987, p 25.

# Hoofstuk 8

# Oorgange

## ’n Nuwe daeraad

Slabbert was ’n navorsingsgenoot by All Souls College in Oxford toe ’n vriend van hom, Dick Enthoven, hom in die laaste week van Januarie 1990 kontak met die nuus dat pres. FW de Klerk graag met hom wou praat. Slabbert het De Klerk gebel, maar het nie veel uit die gesprek wys geword nie. De Klerk was in ’n vriendelike bui en het net genoem dat daar ’n effense beleidsversnelling in Suid-Afrika sou wees en dat Slabbert welkom was om hom te kom spreek, maar nie voor 2 Februarie nie.[1] Toe breek die dramatiese nuus op 2 Februarie 1990. In sy parlementêre openingstoespraak kondig De Klerk aan dat al die verbanne organisasies ontban word en dat ’n nuwe Grondwet onderhandel sou word.

Minder as drie maande tevore, in November 1989, het Slabbert weliswaar toegegee dat De Klerk klaarblyklik ’n meer verdraagsame benadering jeens politieke protesoptogte blyk te volg, maar hy het gewaarsku teen aannames dat enige groot veranderinge op hande was. Die NP was welbekend daarvoor dat hulle valse verwagtinge kon skep, het hy uitgewys, en daar was ’n baie groot verskil tussen minder verdrukkende beheer aan die een kant, en onderhandelinge oor demokrasie aan die ander kant.[2]

Nou het dit skielik geblyk dat baie van dit waarvoor hy sy hele politieke loopbaan lank gestry het, op die punt was om te gebeur. “Ek ... kon nie glo wat ek hoor nie”, het hy later vertel.[3] Wat hom werklik verras het was die omvang van die hervormings

1 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 111.
2 *Die Transvaler*, 15 November 1989, “Slabbert gee FW krediet vir stappe”.
3 FvZ Slabbert, “Negotiating reconciliation” in K Asmal, D Chidester en WG James (reds.), *Nelson Mandela: From freedom to the future, tributes and speeches,* Jonathan Ball, Johannesburg, 2003, p 98 (vertaling).

wat De Klerk aangekondig het sonder om NP-ondersteuners te raadpleeg.[4] Dit was kennelik van veel groter omvang en betekenis as die klein beleidsversnelling waarna De Klerk in sy gesprek met Slabbert verwys het. Slabbert was ook verras dat die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) ontban is. Suid-Afrika se Nasionale Intelligensiediens (NI) het hom kort vantevore in Oxford besoek. Sonder om te veel te laat blyk, het hulle hom gevra na sy mening oor verwikkelinge in Suid-Afrika. Hy het onder die indruk gekom dat enige betekenisvolle veranderings nie die ontbanning van die SAKP sou insluit nie.[5]

Maar nou was daar vir hom 'n slag ware rede tot euforie, hoewel hy, soos altyd, wantrouig was oor die media-opwinding wat losgebars het. Uit Oxford het hy op 15 Februarie, toe die stof begin lê, laat weet:

> Binne twaalf dae het Suid-Afrika 'n nuwe wentelbaan ingegaan en die wêreld het 'n erge aanval van Mandelitis opgedoen. Moderne kommunikasie het die vermoë om komplekse en ingewikkelde situasies te oorvereenvoudig en in hierdie geval word die verhouding tussen Mandela en De Klerk verlaag tot 'n sepiereeks-tweegeveg in Suid-Afrika se politieke kraal. As FW en Mandela nou maar net kan saamstaan en bladskud gaan alles oukei wees en ons kan almal 'n opskop hou in die skuur. Maar selfs as mens besef dis nie heeltemal so eenvoudig nie kan jy nie anders nie as om oorweldig te word deur die enorme omvang van die gebeure die afgelope twaalf dae, wat Suid-Afrika se lot gevorm en verander het.

"Daarom", het hy voortgeborduur, "kan ons gerus vir 'n slag net baai in die gloed van die wonderwerk wat ons getref het. Ses maande gelede sou hierdie gebeure nie realisties denkbaar gewees het nie. Noudat dit werklikheid geword het, is die idee

4 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Idasa-versameling, AG 883/D6, Slabbert-toespraak voor Five Freedom Forum, 26 Augustus 1990.

5 Politicsweb, 16 September 2010, "Van Zyl Slabbert; what went wrong?" (geskryf deur RW Johnson).

dat die toekoms 'n ander land kan wees meer as waarskynlik."[6] Slabbert was eweneens bewus van die tekortkominge in jare lange akademiese prognoses van Suid-Afrika se toekoms. Dit was leersaam om te besef dat "al die 'paradigmas', 'analitiese raamwerke' en holrug geryde verwysings wat gebruik is om die 'onafwendbare' Suid-Afrikaanse toekoms te voorspel, nou taamlik belaglik gelyk het. Skielik kon ons met ons eie oë na ons land kyk en die moontlikhede oorweeg wat deur ons vrese en vooroordele verdwerg is."[7]

Kort na De Klerk se waterskeidingstoespraak het Slabbert 'n persoonlike gesprek met hom gevoer. Hy het hom een eenvoudige vraag gevra, naamlik: hoekom? Hierop het De Klerk geantwoord dat hy 'n "geestelike sprong" gemaak het. Nadat hy 'n rukkie stilgebly het, het hy gesê die val van die Berlynse Muur en die ineenstorting van kommunisme in Oos-Europa in 1989 het vir hom die geleentheid geskep om met beslistheid op te tree omdat die ANC die steun van Oos-Duitsland en die Sowjet-Unie kwyt was. Hy het voorsien dat dié verwikkeling hom 'n voorsprong sou gee in onderhandelinge, 'n aanspraak wat Slabbert heeltemal onrealisties gevind het. Na Slabbert se mening het De Klerk hom oor twee belangrike kwessies misgis: die populêre steunvlakke waarop die ANC landwyd aanspraak kon maak, en die plaaslike en internasionale aansien van Nelson Mandela, wat De Klerk se eie aansien as belangrike hervormer heeltemal na die kroon gesteek het.[8]

Slabbert se siening van hierdie enorme veranderinge was dat dit eerstens nodig was om dit duidelik te maak dat die veranderinge nie bloot onafwendbaar was nie; dit is voorafgegaan deur besliste politieke keuses en 'n reeks eksterne en interne strukturele voorwaardes.[9] In kort het Slabbert gemeen dit was eksterne invloede soos die val van die kommunisme, Suid-Afrika se toenemende internasionale isolasie en die afbrekende gevolge van sanksies sowel as wêreldwye druk op verskeie ander

6 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E1.6.1, "Slabbert writing from All Souls College, Oxford", 15 Februarie 1990 (vertaling).
7 *Insig*, Junie 1997, "FW".
8 Asmal et al (reds.), *Nelson Mandela*, p 99 (vertaling).
9 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E1.7.1, "The causes of transition in South Africa", 19 Junie 1990.

vlakke, en die ooreenkoms wat die bosoorlog in Namibië beëindig het wat so ruimte geskep het om Suid-Afrika se uitdagings meer deurtastend te takel. Intern was snel verswakkende ekonomiese omstandighede, groeiende binnelandse polarisering gekenmerk deur geweldadige politieke onrus, sowel as stakings en arbeidsonrus wat moeilik was om in die kiem te smoor, en die leierskapverandering van PW Botha na FW de Klerk almal bydraende faktore wat die uiteindelike afloop help bepaal het.[10]

Slabbert het maar 'n bra louwarm opinie van De Klerk gehad, deels gewortel in sy dae as parlementslid toe De Klerk dikwels deur die NP aangewend is om Slabbert se aansprake oor die tekortkominge van apartheid teen te spreek. Die historikus Hermann Giliomee onthou dat Slabbert dikwels aan hom vertel het "hoe De Klerk met so 'n fyn glimlaggie in die parlement op sy voete sou kom na 'n Slabbert-toespraak, sy analise sou verwerp en dan sou voortgaan om apartheid, met al sy defekte, tot beste opsie vir die land te verklaar. Die herinnering het hom gegrief."[11] Dat dit inderdaad die geval was, blyk uit 'n resensie wat Slabbert oor De Klerk se outobiografie geskryf het: "Vir twaalf en 'n half jaar het ek na hom gesit en luister hoe hy apartheid verdedig. Met so 'n siniese, droë glimlaggie sou hy verduidelik hoe 'n liberale demokrasie (presies dit, dus, wat hy uiteindelik van stapel sou stuur) rampspoedig vir Suid-Afrika sou wees en waarom 'multi-etniese afsonderlike ontwikkeling' die enigste oplossing vir Suid-Afrika kon wees." Dit het vir Slabbert 'n raaisel gebly hoe al hierdie argumente net skielik kon verdwyn en hoe De Klerk in gebreke gebly het om die logika van sy vroeëre argumente behoorlik te verduidelik.[12]

---

10 H Adam, K Moodley en FvZ Slabbert, *Comrades in business: Post-Liberation politics in South Africa*, Tafelberg, Kaapstad, 1997, p 52. Alhoewel die hoofstuk waarop dit gebaseer is sonder 'n skrywersnaam verskyn, is dit heel waarskynlik deur Slabbert geskryf of sou hy minstens met die uiteensetting saamgestem het. Sien ook Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, D Joubert-versameling, ongesorteer, "Notes on 'Comrades in business'", voetnoot 35; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E1.7.1, "The causes of transition in South Africa", 19 Junie 1990.

11 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 238.

12 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E5.1,"FW de Klerk", 1998.

Ten spyte hiervan het hy baie respek gehad vir wat hy beskou het as De Klerk se "buitengewone en bepalende optrede" wat "baie persoonlike moed" moes geverg het en wat "die toekoms van Suid-Afrika en alle Suid-Afrikaners onomkeerbaar verander het".[13] Slabbert was ook beïndruk met die wyse waarop De Klerk die wit referendum van 1992 oor of onderhandelings moet voortgaan, hanteer het. Hy het met 'n reusemeerderheid van 68,6% ja-stemme gewen. Dit was "hoërisiko-politiek" waarvoor Slabbert gemeen het De Klerk 'n pluimpie verdien.[14] Hoewel Slabbert nie De Klerk se verlede ligtelik kon vergeet nie, was hy beïndruk met die staatshoof se deursettingsvermoë in die uitkerf van 'n nuwe toekomspad.

Slabbert was nie polities goed geposisioneer ten tye van De Klerk se epogmakende 1990-aankondigings nie. Hy is onverhoeds betrap, ten minste ten dele, omdat hy, dikwels met goeie rede, geneig was om die regering se aanpassings aan apartheid in die tweede helfte van die 1980's as kosmeties of as oëverblindery af te maak, maar in die proses ook soms die wyer gevolge van die veranderinge onderskat het. Een voorbeeld was die afskaffing van instromingsbeheer wat die konsep van tuislande basies gekelder het en gevolglik die swart bevolking as permanente Suid-Afrikaanse landsburgers erken het. Dit was 'n geweldige regsdeurbraak, al het dit eintlik net die alledaagse werklikhede erken.[15] Mens moet ook onthou dat daar in die kringe waarin Slabbert voor 1990 beweeg het so 'n oorheersende klem geplaas is op die dinamika van toekomstige onderhandelinge dat dit Slabbert se aandag grootliks in beslag sou neem, eerder as om te konsentreer op wat aanvanklik (maar verkeerdelik) na net nog 'n duikkloppery van NP-beleid gelyk het. De Klerk het egter hierna daarin geslaag om die formele politiek van die dag weer relevant tot die uitpluis van die land se politieke toekoms te maak, en die ANC, wat onverhoeds betrap is deur sy inisiatief, moes aanpas om

13 Ibid.

14 FvZ Slabbert, *The quest for democracy: South Africa in transition*, Penguin, Johannesburg, 1992, p 103.

15 Vergelyk Giliomee, "Golden boy", pp 110-111; Hermann Giliomee, e-pos aan skrywer, 11 Junie 2019. Vir ongerigte veranderinge gedurende die 1980's, sien J Kane-Berman, *South Africa's silent revolution*, Institutuut vir Rasseverhoudinge, Johannesburg, 1990, pp 1-19 en *passim.*

by te bly. Slabbert het homself buite albei kampe bevind; hy was in niemandsland, het geen magsbasis gehad nie en is dus uitgesluit uit die formele onderhandelings.

Desnieteenstaande het Slabbert se naam kort na die gebeure van Februarie 1990 nogal dikwels in die media ter sprake gekom as sterk aanspraakmaker op ’n sleutelrol as bemiddelaar in toekomstige onderhandelinge. Hy was bereid “om sy hande vuil te maak om ’n nuwe Suid-Afrika te help bou”. Hy was egter baie bedag daarop om nie in ’n kompromiterende middelmanrol te verval waar hy almal ter wille moes wees nie. Hy sou ’n duideliker omskrewe rol verkies wat hom ’n oorkoepelende blik oor gebeure kon gee en oplossings vir moontlike politieke dooie punte sou kon help vind.[16] Van hierdie ideaal het daar dadels gekom, want sowel die NP as die ANC het aan hom laat blyk dat onderhandelings eintlik maar net tussen hulle twee plaasvind en dat sy hulp dus nie verlang word nie. Slabbert het dit vreemd gevind dat mense sou kon dink hy geregtig is op ’n posisie.[17] Hy was sekerlik nie doof vir die aanloklikheid van hoër orde formele politiek in die nuwe bedeling nie, maar het nou maar eenmaal ’n ingeboude weerstand daarteen gehad om te maklik toe te gee. Eweseer was sy vel dik genoeg om hom nie te veel te steur aan openlike of subtiele verwerping nie. Vir Slabbert sou dit ’n herhalende motief in die post-apartheidsperiode word.

Met ’n terugkeer na die politieke arena nou klaarblyklik buite die kwessie, het Slabbert ’n produktiewe kommentator op gebeure geword. Hy het ’n onafhanklike posisie ingeneem en realistiese bestekopnames van die struikelblokke op pad na ’n bevredigende ooreenkoms verskaf. As iemand wat die sterk en swak punte van albei hoofpartye baie goed geken het, kon hy gou buitensporige eise of negatiewe ontwrigtingstaktiek uitwys.[18]

16 *Sunday Tribune*, 21 April 1990, “Van Zyl Slabbert not keen on middleman job, but he’ll muck in” (vertaling).

17 *Rapport*, 14 Julie 2007, “Twee deftige here”; Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 83.

18 Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 238. Sien ook Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.D6.3.3, “Jan Smuts Memorial lecture”, Julie 1992; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. H1.6.1,”Democracy: A vision for the future”, November 1991.

Intellektueel gesproke is hy geprikkel deur hoe dinge ontvou: "Dis fassinerend om ingelig te bly oor wat op soveel vlakke in hierdie land aan die gang is. As jy wonder oor stokperdjies, is myne om die politieke oorgang te probeer verstaan."[19]

Slabbert het sy kommentaar nie net beperk tot die onderhandelingsproses nie. Die Waarheid- en Versoeningskommissie was ook op sy radar. Die WVK, wat van 1995 tot 1998 gefunksioneer het en in 2003 'n finale verslag gepubliseer het, het ten doel gehad om die waarheid oor erge menseregtevergrype onder apartheid vas te stel, en om dan hopelik, deur volle openbaring van die waarheid en die toestaan van amnestie, versoening tussen skenders van menseregte en hul slagoffers te bereik. Dit was 'n hoogs ambisieuse projek wat omstrede metodologiese, morele en emosionele kwessies aan die bod gebring het. Die verlede het hom nie so maklik laat tem nie. Gevestigde historici, wat maar alte bewus was van die gevare van so 'n proses, het oor die algemeen hul afstand gehandhaaf.[20]

Hoewel Slabbert nie getwyfel het aan die noodsaaklikheid van versoening in Suid-Afrika nie, het hy voorbehoude gehad oor die effektiwiteit van die WVK-proses. Sy besware was veral oor die konsep van "waarheid" soos die WVK dit gebruik het, wat hy in die afwesigheid van wetlike en juridiese toetse van geldigheid taamlik in twyfel getrek het. Hy het die persepsie dat waarheid uiteindelik tot versoening sou lei, problematies gevind. Hy het 'n in-diepte, uitgebreide analise van die probleem uiteengesit, maar op sy kenmerkende wyse ook 'n reguit, padlangse uiteensetting van die kernargument gedoen. Volgens Slabbert sou 'n blote besoek aan die egskeidingshowe die leidende denkers van die WVK weer laat nadink of daar enige verband tussen waarheid en versoening is.[21] Na Slabbert se mening was die WVK weinig meer as 'n politieke instrument. Hoewel die kommissie verborge feite aan die lig kon bring, was dit oor die algemeen vasgevang in 'n politieke wentelbaan en moes dit volgens hom as sulks beoordeel word.

---

19 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2. (48), "Anchor man or Supervan", 1992 (vertaling).

20 R Verbuyst, "History, historians and the South African Truth and Reconciliation Commission", *New Contree*, 66, Julie 2013, pp 1-26.

21 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 111-118.

Sy kritiek op die WVK het beteken een van sy voorste opponente was sy hegte vriend Alex Boraine, wat baie betrokke was by die proses en uiteindelik as ondervoorsitter van die WVK sou dien. Hoewel hulle fundamenteel verskil het oor die WVK, het dit hul vriendskap geensins verswak nie. Slabbert het gesê hy respekteer Boraine onder andere omdat min persone so 'n wye verskeidenheid mense kon affronteer soos Boraine kon.[22] (Ander was van mening dat Boraine 'n outoritêre Metodistiese streep gehad het,[23] wat kon lei tot 'n sekere onverbiddelike najaag van geregtigheid met 'n semi-godsdienstige mandaat.) In teenstelling hiermee het Slabbert weer nie juis ooghare gehad vir die WVK-voorsitter, aartsbiskop Desmond Tutu, nie. Slabbert het hom sjarmant en aangenaam gevind en sy rol in die bevrydingstryd hoog geag, maar hy kon nie vat kry aan Tutu se teologie nie. Slabbert het daarna verwys as "God as 'n tipe Disprin" en "'n veeldoelige suikerpilletjie". Hy was selfs meer uitgesproke oor Tutu se filosofiese uitkyk, wat hy beskryf het as "k-k vervelig en ongelooflik oppervlakkig".[24] Mens sal nie weet of Tutu se weiering om Slabbert se Nasionale Konvensie-inisiatief van 1985 te ondersteun dalk steeds 'n bitter smaak gelaat het nie.

Die oopstel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap na 1990 was tot 'n groot mate presies waarvoor Slabbert sy lewe lank geveg het. Maar die wyse waarop sommige veranderinge gebeur het, het nie noodwendig sy goedkeuring weggedra nie. Hiervan is die WVK 'n voorbeeld. Dit was boonop 'n tydperk wat groot aanpassings van hom geverg het, want waar hy tot in daardie stadium apartheid met woord en daad beveg het, moes hy nou 'n nuwe rol uitkerf – 'n moeilike taak, aangesien hy geen vastrapplek in die algaande belangriker wordende formele politieke strukture gehad het nie.

## Fasiliteerder

Slabbert het nietemin baie besig gebly en sy dagboek was selfs voller as in sy parlementêre dae. "In die parlement kon jy

22 *Insig*, Mei 1998, "Ons stories poëties vertel".
23 Peter Vale, e-pos aan skrywer, 17 Junie 2019. Vale het saam met Boraine op Idasa se eerste raad gedien.
24 *Insig*, Mei 1998, "Ons stories poëties vertel".

besig wees," het hy in 1992 gesê, "maar dan binne 'n redelik vaste roetine. Waarmee ek tans besig is, dek 'n wye spektrum aktiwiteite."[25] Hy het baie genetwerk en het dikwels as konsultant en korporatiewe spreker opgetree. Hy het ook gereeld mense aan mekaar voorgestel wat mekaar nie vantevore geken het nie. Een so 'n geval was toe hy gereël het dat die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Krieketraad, dr. Ali Bacher, vir die ANC-woordvoerder oor sport, Steve Tshwete, ontmoet. Dit het die sensitiewe onderhandelinge oor die nie-rassige hereniging van krieket aan die gang gekry.[26]

In 1991 het Slabbert 'n belangrike rol gekry as voorsitter van die Witwatersrandse Metropolitaanse Raad, wat gestig is na onderhandelings tussen die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Soweto People's Delegation onder leiding van Cyril Ramaphosa. Slabbert se voorwaarde om die posisie in te neem was dat alle partye ten gunste van sy aanstelling moes wees. Dit was 'n bemiddelingsliggaam wat gestig is met die doel om die belastingboikot in Soweto wat tydens apartheid begin is, te beëindig, in ruil vir inlywing onder 'n nie-rassige administrasie met 'n gedeelde belastingbasis. Dié langdurige proses het minstens negentien organisasies vanoor die politieke spektrum betrek, insluitende burgerlike organisasies (*civics*), stadsrade, Eskom, streekdiensterade en sakekamers.[27]

Dit het Slabbert in staat gestel om uit die voorsitterstoel baie te leer oor die praktiese uitdaging wat die demokratiese oorgang op voetsoolvlak in die gesig gestaar het. "Ek het dit eerstehands ervaar", het hy gesê, "hoe gesonde plaaslike bestuur gekoppel moet word aan onmiddellike daaglikse behoeftes soos water, riool, elektrisiteit, vullisverwydering, behuising, vervoer ...". Dit was presies by hierdie ontmoetingspunt tussen hoëvlak politiek en plaaslike behoeftes dat Slabbert onmin verwag het: "Mooiklinkende uitsprake oor die deugde van burgerskap in 'n

25 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2. (48), "Anchor man or Supervan", 1992 (vertaling).
26 *Star*, 28 Mei 2010, "Van Zyl helped unify SA cricket".
27 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2. (48), "Anchor man or Supervan", 1992.

nuwe grondwetlike ekonomiese bestel sal op dowe ore val as hierdie plaaslike probleme nie getakel word nie."[28]

Slabbert was van mening dat die verwydering van die politieke angel uit die munisipale regeringsvlak die beste manier sou wees om basiese diensverskaffingsprobleme op te los. Dit was egter makliker gesê as gedaan. Dit sou volgens Slabbert help om tegniese kenners te kry om te verseker dat die nodige veranderinge op die korrekte manier beslag kry, maar organisasies met 'n gevestigde belang was nie bereid om beheer te oorhandig nie. Slabbert was heeltyd vasgevang tussen verskillende faksies en belangegroepe, met verdeeldheid wat aangewakker is deur opruiende mediaverslaggewing. Dit het amper drie jaar geneem om 'n inklusiewe ooreenkoms ter amptelike beëindiging van die huurboikot te bereik. Dit was so hittete of dienste het heeltemal in duie gestort, met die Kamer se geldbronne so te sê uitgeput.[29]

Sy bydrae in hierdie verband is wyd aangeprys. "In 'n land so uitmekaargeskeur soos wat Suid-Afrika is", het een waarnemer opgemerk, het Slabbert se uitgeslape voetwerk "boekdele gespreek oor sowel die mens as die politieke dier. Nie dat jy die twee maklik kan skei nie."[30] Hy is ook gekomplimenteer as die persoon wat eenheid in die Kamer kon vestig in wat as "'n puik eksperiment in deelnemende regering" bestempel is.[31]

Slabbert het die werk vervullend gevind, al was dit uitdagend met lang ure. In 'n onderhoud halfpad deur sy ampstermyn het hy teenoor 'n verslaggewer opgemerk:

> Die Metropolitaanse Kamer het vir my nogal 'n hartsaak geword. Dit is die beste bydrae wat ek kan maak om die politieke dooie punt te help uitpluis. Ek het in

28 Slabbert, *Other side of history*, p 91.

29 *Die Volksblad*, 26 Oktober 1991, "Basiese dienste van politiek geskei"; Slabbert, *The other side of history*, p 93; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E4.6.5, Slabbert aan E Bulbring, 6 September 1991; *Die Suid Afrikaan*, Oktober/November 1992, "Barskyk".

30 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2. (48), "Anchor man or Supervan", 1992 (vertaling).

31 *Business Day*, 27 Mei 2010, "Xolela Mangcu: Slabbert had a true mark of a historic leader".

> agtien maande hier meer bereik met die oplos van ware kernkwessies as wat ek in twaalf jaar in die parlement kon regkry. Hier het mens die gevoel dat jy besig is met werk wat mense se lewens werklik kan begin verbeter.[32]

Slabbert het dalk effens oordryf, want die twee beroepsterreine was so verskillend dat ’n vergelyking uiteraard ongeldig sou wees. Nietemin toon dit dat hierdie taak aan die snykant van die praktiese politiek hom laat floreer het. Miskien sou mens kon aanvoer dat hy darem hierdie slag kon sien hoe sy harde werk waarlik vrug dra.

Sy dienstyd by die Metropolitaanse Kamer het saamgeval met ’n taamlik bisarre en kort tydperk toe De Klerk hom uit die bloute aangestel het as voorsitter van die SAUK-raad. Die ANC, by monde van Mandela, het hom dadelik gekontak om te sê hy benadeel sy reputasie deur in te stem om so ’n pos te vul. Slabbert is nooit gevra of hy sou belang stel om die pos te vul nie, en het nooit so ’n aanduiding gegee nie. De Klerk was desperaat om die probleem op te los en het Slabbert tydens ’n private ontmoeting oorgehaal om die pos net tydelik te aanvaar sodat die raad aan die gang kon kom. Slabbert het gesukkel in die pos. Hy het agtergekom dat ANC-gesinde raadslede teen hom saamspan, al het hy almal in kennis gestel dat hy nie sy posisie as permanent beskou nie en dit noodgedwonge doen. Fatima Meer, ’n sosioloog vir wie hy jare lank geken het, het reguit aan hom gesê dat “die mense nie ’n wit Afrikanerman in daardie posisie sou verdra nie, ten spyte van sy bydrae tot die demokratisering van Suid-Afrika”.[33] Hy het dadelik bedank.

Ivy Matsepe-Casaburri van die ANC het Slabbert opgevolg. Sy is op presies dieselfde manier as Slabbert aangestel – sonder dat sy daaroor geraadpleeg is –, maar hy het opgemerk sy het “die regte geboortemerke: ’n vrou, swart, en deel

32 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2. (48), “Anchor man or Supervan”, 1992 (vertaling).

33 Slabbert, *Tough Choices*, p 110 (vertaling). Sien ook Slabbert, *The other side of history*, pp 93-96. Vir Slabbert se korrespondensie met De Klerk oor die samestelling van die raad, sien Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. T3.4, Slabbert aan De Klerk, 4 Junie 1993.

van die bevrydingstryd".[34] Sy is deur 'n skrywer wat goed bekend was met die geskiedenis van die SAUK beskryf as 'n "selfdienende aspirerende apparatchik" en sy is afgedank na 'n baie onïnspirerende ampstermyn.[35] Slabbert het kritiek dat hy homself gekompromiteer het deur 'n pos te aanvaar wat De Klerk hom aangebied het, beslis verwerp: "My sin van my eie integriteit het nog nooit afgehang van skuim-om-die-mond politici, kruisvaarders en kwaksalwers nie. Snags slaap ek baie goed."[36] Later het hy aangevoer dit was 'n goeie leerskool oor die teenstrydighede wat al vroeg in post-apartheid Suid-Afrika kop uitgesteek het ten spyte van vrome aansprake oor nie-rassigheid: "Mandela wou my nie hê nie want ek was 'nie 'n lojale dienaar van die ANC nie' en omdat ek 'n 'wit Afrikanerman' was. De Klerk wou my hê want ek was 'nie 'n lojale dienaar van die ANC nie' en omdat ek 'n 'wit Afrikanerman' was." Eweseer is aansprake op patriotisme maklik rondgegooi as dit in mense se belang was. 'n Paar dae nadat Slabbert bedank het, het Mandela hom gebel om hom geluk te wens met sy "patriotiese optrede".[37] Patriotisme was bepaald nie een van Slabbert se oorwegings tydens sy bedanking nie.

Na die debakel met die SAUK-raad het Slabbert vryelik erken dat hy te geneig was om in te stem tot die voorsitterskap van organisasies wat na sy mening interessante werk doen, en dat hy voortaan versigtig sou wees om hom so vas te loop.[38] Nietemin het hy kort voor lank ingestem om medevoorsitter te word van die Plaaslike Regeringstaakspan wat aangestel is om toesig te hou oor die munisipale verkiesing van 1995. Dit was 'n omvattende taak. Aan 'n verslaggewer het hy gesê: "Jy kyk na 'n man wat van binne bloei." [39] Die verkiesing het egter glad verloop en Slabbert het sy wye verskeidenheid vaardighede om 'n sukses

34 Slabbert, *Tough Choices*, p 111 (vertaling).
35 J Mattison, *God, spies and lies: Finding South Africa's future through its past*, Missing Ink, Kaapstad, 2015, p 259 (vertaling).
36 *Vrye Weekblad*, 25 Junie 1993, "Oor skuimbekke, kruisvaarders en lapelvreters".
37 Slabbert, *The other side of history*, p 96 (vertaling).
38 *Vrye Weekblad*, 25 Junie 1993, "Oor skuimbekke, kruisvaarders en lapelvreters".
39 *Rapport*, 22 Oktober 1995, "Jy kyk nou na 'n man wat van binne bloei".

van die administrasie van so 'n omvangryke oefening te maak, duidelik ten toon gestel. Sy verduideliking oor hoekom hy die uitdaging aanvaar het was "nie omdat ek so graag 'n openbare amp wil beklee of omdat ek graag status wil hê nie, maar omdat ek werklik glo ons demokrasie is op sterwe na dood as ons nie so gou en so goed moontlik plaaslik demokratiseer nie."[40] Hierdie belangstelling van Slabbert is na alle waarskynlikheid opnuut geprik deur sy betrokkenheid by die Witwatersrandse Plaaslike Kamer, waar die belang van alledaagse kwessies op plaaslike vlak nogmaals vir hom duidelik geblyk het. Hy het ook besef dat werklike verandering eintlik net op voetsoolvlak gebeur.

Slabbert se voorsitterskap van die Verkiesingstaakspan wat gedurende die vroeë 2000's alternatiewe verkiesingstelsels vir Suid-Afrika moes ondersoek was minder bevredigend. Soos bepaal in die Grondwet van 1996 en die Oorgangsgrondwet van 1993 moes die kiesstelsel heroorweeg word na die 1999-verkiesing. Die heersende stelsel het bestaan uit proporsionele verteenwoordiging op 'n geslote lys waar die partyleierskap besluit het wie gaan parlement toe. In die afwesigheid van afgebakende kiesafdelings was daar baie min verantwoordbaarheid aan kiesers. Die leier van die Demokratiese Alliansie (DA), Tony Leon, het aangevoer vierhonderd parlementslede trek bloot salaris sonder om enige betekenisvolle oorsigrol te vervul.[41] 'n Kabinetskomitee het eenparig besluit op Slabbert as voorsitter, maar het hul voete gesleep met die aanstelling. Hy het dit uiteraard ontstemmend gevind omdat die tyd aan't opraak was en die taakspan se werk geruime tyd voor die volgende algemene verkiesing in 2004 afgehandel moes wees. Hy wou nie 'n "afgejaagde en onafgehandelde" verslag inhandig nie en hy het maar sy vermoedens gekoester dat sommige kabinetslede sy vermoëns betwyfel het, selfs al het hulle hom eenparig vir die taak aanbeveel.[42] Hy is uiteindelik aangestel,

40 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.R.2.12, Slabbert aan Roelf Meyer, 3 Julie 1995.

41 *Rapport*, 27 Julie 2002, "Leon se voorstelle vir nuwe kiesstelsel na Slabbert-span". Sien ook Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E3.9.1, "Die kiesstelsel en politieke verandering in Suid-Afrika", 2007.

42 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.R.5.1, Slabbert aan Buthelezi, 21 Junie 2001.

’n jaar nadat hy aanvanklik genader is. Intussen het pres. Thabo Mbeki op misleidende wyse aan die parlement gesê die taakspan se werk vorder goed, terwyl die waarheid was dat hulle nog nie eens begin het nie.[43]

Ten spyte van die sukkelende aanvang van die taak het Slabbert ’n verskeidenheid plaaslike en internasionale kenners van kiesstelsels byeengebring om oor Suid-Afrikaanse verkiesingskwessies te besin. Die meerderheidsverslag van die taakspan het ’n “gemengde” stelsel voorgestaan, met die voorstel dat 300 lede van die Nasionale Vergadering op kiesafdelingsgrondslag verkies word, en die ander 100 lede as verteenwoordigers van spesiale belangegroepe op ’n geslote lys-stelsel. Daarteenoor was die minderheidsverslag ten gunste van die behoud van die bestaande stelsel.[44] Die kernkwessie was groter verantwoordbaarheid, met die meerderheidsverslag wat aangevoer het dat die “gemengde” stelsel groter verteenwoordiging sou verseker.

Die kabinet het egter nie veel aandag aan die verslag gegee nie, met die minister van onderwys, Kader Asmal, wat volgens Slabbert spesifiek afwysend was. Asmal het Slabbert se stelling later betwis en aangevoer die meerderheidsverslag se aanbevelings was net te ingewikkeld om betyds te implementeer.[45] Hoe dit ook al sy, die bestaande stelsel met partybase wat hul mag gebruik om te verseker parlementslede doen soos daar aan hulle gesê word, het per slot van rekening die belange van die regerende ANC gedien en daar was dus geen politieke wil vandaar om dit te verander nie. Slabbert was woedend. “Ek het nog nooit so gebruik, misbruik en beledig gevoel nie”, het hy gesê. “Dit het sleg begin en nog slegter geëindig.” Na sy mening was dit “’n aaklige ondervinding wat mens eerder graag wil vergeet, behalwe vir die uitstekende insette van sommige van my kollegas.”[46]

43 Slabbert, *The other side of history*, p 106.
44 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E3.9.1, “Die kiesstelsel en politieke verandering in Suid-Afrika”, 2007; A Boraine, *What’s gone wrong? On the brink of a failed state?*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2014, pp 70-71.
45 K Asmal, *Politics in my blood: A memoir*, Jacana, Johannesburg, 2011, pp 123-124.
46 Slabbert, *The other side of history*, pp 105, 107 (vertaling).

Hoewel Slabbert die hele ondervinding bra onsmaaklik gevind het, het die verslag nogal 'n langdurige invloed uitgeoefen. Sedert 2003 het dit 'n prominente plek in debatte en geskrewe werke oor die onderwerp ingeneem. Die meerderheidsaanbeveling oor die doelmatigheid van 'n "gemengde" stelsel het veral aandag getrek. Dit is beskou as 'n beter manier om verantwoordbaarheid vir die veelgeroemde "*people's parliament*" te verseker as die heersende stelsel.[47] So byvoorbeeld was die verslag die basiese vertrekpunt vir die omvattende gesprekke wat in 2019 oor Suid-Afrika se verkiesingstelsel gevoer is.

Wanneer mens bestek opneem van Slabbert se loopbaan na 1990, blyk dit duidelik dat hy weliswaar minder in die kollig was as in die apartheidsjare, maar met die omstandighede in die tydperk ná 1990 soveel anders as die tydperk wat dit voorafgegaan het was dit noodwendig dat ander rolspelers na vore sou tree. Die feit dat hy minder prominent was gedurende hierdie tydperk, beteken glad nie dat hy van die toneel verdwyn het nie. Hy het aktief betrokke gebly waar hy na sy eie mening 'n verskil kon maak, hoewel hy sy vingers verbrand het met die debakel om die SAUK-raad, en hoewel die geknoei met die kommissie oor die kiesstelsel wat sy laaste regeringsverwante sending sou wees, hom diep ontnugter het. Dit was beslis nie hoe hy sy regeringsverwante werk wou afsluit nie. Aan die ander kant het sy werk met die Johannesburgse Metropolitaanse Kamer en die taakspan oor die plaaslike regeringsverkiesing hom baie opgewonde gemaak. Hy wou eintlik sy regeringsverwante werk op daardie noot volvoer sien. Trouens, net voor die munisipale verkiesings van 1995 het hy teenoor 'n verslaggewer in 'n onderhoud opgemerk dat hy graag weer "obskuur" wou word.[48] Dit sou egter nie so maklik wees nie, want nadat hy oor soveel jare so 'n hoë politieke profiel opgebou het was dit moeilik om net spoorloos uit die openbare oog te verdwyn.

---

47 Boraine, *What's gone wrong?*, p 69.

48 *Rapport*, 22 Oktober 1995, "Jy kyk nou na 'n man wat van binne bloei".

## Slabbert en die ANC in post-apartheid Suid-Afrika

Soos ons al gesien het, het Slabbert gedurende die laat 1980's gereelde kontak gehad met ANC-leiers. By konferensies en vergaderings het hy 'n noue verbintenis opgebou met Thabo Mbeki, by wie hy gemaklik gevoel het. Intellektueel was hulle op dieselfde vlak, en beide van hulle het gehou van snel vloeiende, humoristiese gesprekke. Slabbert het later onthou vele van sy ontmoetings met Mbeki in ballingskap was "luidrugtige partytjies".[49] Hierdie vroeë ontmoetings met die ANC het hom bewus gemaak van die leefstyl en uitkyk van sommiges in die ANC-leierskap, sowel as die verskille en wedywering tussen die verskillende faksies. Ten spyte van of dalk juis weens die hoë politieke risiko van daardie tyd, is vele geleenthede geskep om te ontspan. Hy het vertel dat "in vino veritas"-gesprekke "dikwels en ywerig" gevoer is. Daar was vele versoekings vir die bannelinge namate hulle "van hotel na hotel beweeg het met seks, bewondering en alkohol geredelik beskikbaar."[50] Hy was nietemin oor die algemeen beïndruk met die aansteeklike kameraderie en welwillendheid.

Slabbert se kontak met soveel van die ANC se destydse toonaangewende figure het hom in staat gestel om die ANC se verskillende gesigte te beleef. Met die ANC se ontbanning het hy nie van alle terugkerende bannelinge 'n rooskleurige beeld gehad nie. Hy sou later opmerk:

> Hoewel die lewens van baie mense wat in ballingskap gegaan het wreed ontwrig is, en hulle baie swaar gekry het, was daar ander wat lekker gelewe het in luukse hotelle – diegene wat fynbesnaarde Skandinawiese gewetes laat les opsê het om "bevrydingsgeld" uit hulle te kry en dan as "MK-generaals" na Suid-Afrika terug te keer wat glo in elke veldslag baklei het en "die militêre oorlog teen apartheid gewen het". Ek skuld hulle nie 'n bloue duit nie. Die ware bevrydingstryd is binnelands in Suid-Afrika gevoer, waar baie mense sonder erkenning gesterf het

49 Slabbert, *The other side of history*, p 57 (vertaling).
50 Slabbert, *Tough Choices*, pp 105-106 (vertaling).

> en waar hul families geen voordeel uit die stryd getrek het nie.[51]

Voor die deurbraak van 1990 was hy ook wel deeglik bewus van die ideologiese posisies wat die gewapende stryd bo onderhandelings verkies het.[52] Slabbert het die oorkoepelende effektiwiteit van gewapende stryd betwyfel, maar tog die belang van die gewapende stryd binne die ANC se diskoers erken as metode om hoë moraal in die bevrydingsbeweging te bou en druk vol te hou op die Suid-Afrikaanse regering. Tydens 'n besoek aan Moskou gedurende die eerste kwartaal van 1989 het hy sover gegaan as om te sê die enigste alternatief tot die ANC is chaos.[53] As Pretoria pogings tot 'n onderhandelde skikking in die wind sou slaan moes die Sowjet-Unie aanhou om die gewapende stryd te ondersteun.[54] Teen die einde van die 1980's was Slabbert besonder positief teenoor die ANC gesind, hoewel hy sekere voorbehoude oor die organisasie se strategieë gekoester het. In daardie dae het hy egter miskien nie altyd verreken wat gesoute waarnemers van die ANC in veral Moskou "demokratiese sentralisme" genoem het, sowel as groeiende onverdraagsaamheid teenoor teenstand of opposisie nie.[55]

Aangesien die ANC deur 'n onderhandelingsproses die mag oorgeneem het kon hulle nie die nuwe Grondwet alleen en ongebreideld skryf nie. Met die totstandkoming van die Regering van Nasionale Eenheid het liberaal-demokratiese protokol in die land beslag gekry. Slabbert het in 1997 aangevoer dat die oë van die wêreld op Suid-Afrika gerig was, en dat daar 'n neiging was "om die ideaal van liberale demokrasie te eerbiedig eerder as om dit te ondermyn".[56] Hy het egter besef 'n al groter probleem was besig om te ontstaan – ten spyte van formele nakoming

51 *Citizen*, 21 Desember 2002, "Our goal should be to open up the future for all" (vertaling).
52 Slabbert, *The other side of history,* p 51.
53 I Filatova en A Davidson, *The hidden thread: Russia and South Africa in the Soviet era*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2013, p 435.
54 V Shubin, *ANC: A view from Moscow*, Jacana Media, Johannesburg, 2008, p 277.
55 Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 242.
56 Adam, Moodley en Slabbert, *Comrades in business*, p 83 (vertaling). Sien ook Giliomee, *Last Afrikaners leaders,* p 240.

van die Grondwet "kan die dinamika van transformasie 'n veel groter bedreiging vir die konsolidasie van 'n liberale demokrasie in Suid-Afrika word as wat die bedoeling was van diegene wat dit geskep het en nou moet beoefen".[57] Volgens Slabbert was baie op die spel – die vestiging van 'n demokratiese kultuur wat 'n wye verskeidenheid aspekte ingesluit het, soos finansiële verantwoordbaarheid, aandrang op behoorlike regsprosesse, betaling vir dienste gelewer deur die owerheid en algemene administratiewe effektiwiteit.[58]

In die vroeë 1990's het Slabbert gehoop dat die ANC ruim gebruik sou maak van talentvolle Suid-Afrikaners om die massiewe skip genaamd die Suid-Afrikaanse staat beter te laat vaar. Hy het later toegegee hy was naïef in hierdie verband, en dat hy nie genoegsaam ag geslaan het op diegene wat hom teen die ANC gewaarsku het nie. Een van hulle was Helen Suzman, met wie hy weer versoen is nadat hul paaie in 1986 met sy bedanking uit die parlement geskei het. Sy het reeds aan die begin van die 1990's aan hom gesê dat die interne dinamika van die ANC algehele lojaliteit aan die organisasie vereis het en dat onafhanklike denke maklik binne die ANC gewantrou word – 'n waarneming wat hy as akkuraat moes erken.[59]

Hoewel Slabbert baie moeite gedoen het om dit nie te laat lyk asof hy enige ambisies vir homself koester in die nuwe Suid-Afrikaanse bedeling nie, het hy tog gedink dat hy op 'n manier 'n beduidende rol kon speel. Hy het dit vertroulik aan sy vriende toegegee, maar hy het telkens bygevoeg dat die ANC nie regtig belang gestel het om hom aan boord te hê nie. Daar is gesê hy moet maar by die organisasie aansluit en die leer klim.[60] Vir 'n duideliker boodskap kon niemand vra nie; hy was nie hoog op die ANC se prioriteitslys nie en sy vroeëre bydraes het nie so swaar geweeg as wat mens dalk sou verwag nie.

Teen die einde van die dekade was hy al baie teleurgesteld en in die algemeen uitgesproke teenoor die ANC:

57 Adam, Moodley en Slabbert, *Comrades in business*, p 84 (vertaling).
58 Ibid.
59 R Renwick, *Helen Suzman: Bright star in a dark chamber*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2014, pp 90-91.
60 Onderhoud met Max du Preez, 30 Julie 2019.

> Op die keper beskou is dit maar baie soos met die vorige regime, dit gaan maar oor die mag van gunste en gawes uitdeel en van witbroodjies; oor bevoordeling en beskerming van kliënte; oor poste vir die elite, die nuwe staatsamptenare en die sikofante, die hele vervelige spul van hulle. Bevoorregting, status, mag en spoggerigheid het die meetsnoere van verandering en transformasie geword, en dieselfde moeë, holrug geryde, rassistiese, pseudo-patriotiese argumente word gebruik om die grense van lojaliteit en binnebaan-bevoordeling te skep.[61]

Slabbert het in 2007 gesê sulke gedrag het 'n rampspoedige invloed uitgeoefen op die vermoë om goed te regeer. "Eerder as om soveel kundigheid en vaardigheid as wat beskikbaar was te bewaar en aan te wend, het die regering verplig gevoel om partylidmaatskap eerder as vermoë te beloon en om mag te verwar met intelligensie, terwyl daar baie lig opgetree is teen korrupsie, indien hoegenaamd."[62]

Gedurende die laat 1980's het hy verskeie pogings gefnuik om hom terug te lok na die wit partypolitiek.[63] Nietemin het hy kort voor die 1999-verkiesing sterk oorweging daaraan geskenk om in 'n nuwe bedeling na die politiek terug te keer. Hy het die kwessie oor aandete bespreek met Tony Leon, destydse leier van die Demokratiese Party (DP). Die meningspeiler en politieke wetenskaplike Lawrie Schlemmer was ook by die ete.

Slabbert het aangedui dat hy dalk nog een veldtog in hom het, en die moontlikheid dat hy as premierskandidaat vir die DP in die Wes-Kaap kon staan, is opgehaal. Dit het vir hom na 'n goeie idee geklink, maar toe puntjie by paaltjie kom, het Slabbert gevoel dat die DP eerder met die ANC moet saamwerk as met die NP, indien niemand 'n volstrekte meerderheid sou behaal nie en 'n koalisie noodsaaklik word. Leon het gesê so 'n voorkeur kon bepalend wees, want DP-ondersteuners sou nie 'n koalisie met

61 Slabbert, *Tough Choices*, p 108 (vertaling).

62 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2(12/2), Transkripsie van Classic FM-onderhoud, 2007 (vertaling).

63 *Star,* 23 Mei 1989, "Slabbert asked to stand for DP"; *Eastern Province Herald*, 7 Junie 1989, "Keeping out of it".

die ANC aanvaar nie. Volgens Leon was Slabbert se afkeer van die NP só sterk dat hy hom nie kon indink om op enige manier met hulle saam te werk nie. Die volgende dag het Slabbert vir Leon ingelig dat hy nie die moontlikheid verder sou verken nie.[64] Dit het geblyk dat Slabbert se renons in die NP sterker was as sy dikwels uitgesproke kommer oor die ANC. Slabbert se gedrag in 1999 herinner sterk aan sy aanvanklike toetrede tot die politiek in 1973, toe hy moes kies tussen die Verenigde Party en die Progressiewe Party, en toe op die nippertjie die Progs gekies het. In 1999 het hy besluit om geen party te kies nie.

Slabbert het van tyd tot tyd menings gelug oor ANC-leiersfigure soos Nelson Mandela. Hy het begrip gehad vir Mandela se wêreldwye aansien en het oor die algemeen saamgestem met die bewondering wat daar was vir die gevangene wat president geword het. Nogtans is hy nie heeltemal betower deur die sogenaamde "Madiba magic" nie. Hy het wel waardering gehad vir Mandela se versoenende rol en die vordering wat daar met die verskaffing van basiese owerheidsdienste gemaak is, maar was nie oortuig dat Mandela regeringsbeleid, implementering of administrasie onder beheer gehad het nie. Hy was voorts bekommerd dat Mandela by kabinetsaanstellings sy vriende en politieke vennote aangestel het, al was hulle ook hoe hopeloos swak.[65] Opsommenderwys het hy gedink Mandela se presidentskap is gekenmerk deur "te veel charisma en te min regeer".[66] Op persoonlike vlak het hy ook die skerper kant van die gewoonlik gepoleerde Mandela ervaar. Die geleentheid was toe Mandela vir Slabbert gevra het om die sakeman en weldoener George Soros te nader om skenkings vir Mandela se beplande Afrika-vredesinisiatief. Soros het aangedring op nadere besonderhede omdat hy nie glo in blanko tjeks nie. Slabbert het Soros se standpunt so versigtig moontlik aan 'n duidelik ontstelde Mandela probeer verduidelik. Maar dit het niks gehelp nie. Mandela het hom net aangegluur en was van toe af altyd baie onvriendelik teenoor hom.[67] Desnieteenstaande

64 Leon, *On the Contrary*, pp 302-303.
65 *Insig*, Mei 1999, "Nelson Mandela".
66 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 99.
67 Slabbert, *The other side of history*, p 122.

het Slabbert hoë agting gehad vir Mandela as 'n unieke leier, en as iemand "wat die melk uit jou koffie kon *charm*".[68]

As Slabbert se verhouding met Mandela soms as kil beskryf kon word, sou mens kon sê sy verhouding met Thabo Mbeki as president en adjunkpresident, waaroor daar al baie gespekuleer is, was soms meer soos 'n koue oorlog. Toe Mbeki in 1990 na Suid-Afrika terugkeer, het Slabbert hom gehelp om 'n luukse woonstel in Johannesburg te kry. Die aanvanklike toegeneëntheid uit die apartheidsjare het spoedig verslaan. Slabbert het 'n slag vertel hoe hul eerste omvattende gesprek na 'n tydverloop van drie jaar afgeloop het. Hulle het by Mbeki se huis ontmoet, waarheen hy verhuis het nadat hy nie meer in die woonstel gewoon het nie. Mbeki is pas tot adjunkpresident verkies. Baie mense wou in sy wentelbaan kom en al die mense wat so in sy huis rondgestaan het, Slabbert ongemaklik en uit plek laat voel. Toe Slabbert uiteindelik 'n paar woorde met Mbeki te wissel kry het hy aan die adjunkpresident gesê hy wil geen beloning hê nie, maar dat hy bereid was om tot diens te wees en dat Mbeki hom gerus kan kontak as hy so 'n behoefte sien. Mbeki het Slabbert gevra wat hy sou doen as hy wat Slabbert is in sy (Mbeki se) posisie was. Slabbert het geantwoord dat hy verskeie kommissies met kenners sou aanstel om "my te vertel hoe dom ek is en hoeveel ek nie weet nie". Mbeki was blykbaar erg in die gesig gevat, het Slabbert later onthou. "Dit was die einde van ons gemaklike verhouding. Hy is die enigste persoon wat ek ooit geken het wat so eksplisiet aangedui het dat my vriendskap vervangbaar was."[69]

'n Aantal jare later het Mbeki aangevoer hy het nie die vaagste benul gehad wat Slabbert van hom verwag het nie.[70] 'n Vertroueling van Mbeki wat by die geleentheid teenwoordig was, het onthou dat Mbeki, wat nog gebaai het in die gloed daarvan om pas as adjunkpresident aangestel te wees, uit die veld geslaan was

68 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E3.11.1, "Mandela: He who reduced the complexity of transition and made its rewards accessible to South Africans", 25 September 2007 (vertaling).

69 Slabbert, *The other side of history*, p 58 (vertaling).

70 Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in LeMaitre en Savage (reds.), *The passion for reason*, p 68.

deur Slabbert se direkte antwoord wat hy as onvanpas beskou het.[71] Hoewel daardie tipe gesprek uiteraard polities plofbaar was omdat Mbeki sou kon dink Slabbert impliseer dat swart mense nie in staat was om die land selfstandig te regeer nie, was die eintlike botsing daarin gesetel dat hulle twee totaal opponerende persepsies gehad het van wat vriendskap beteken. Mbeki kon gesellig oorkom, maar tog soms afstandelik en berekend wees.[72] Slabbert was meer ruimhartig en het vriendskap baie hoog geag. Die historikus en politieke kommentator RW Johnson het opgemerk "hy was self so groothartig en ruim van gees dat hy waarskynlik nie verreken het dat ander mense dalk nie so is nie".[73] Vir Slabbert het vriendskap bo die politieke uitgestyg en hy het wederkerigheid beskou as 'n sleutelelement in die bevordering van gedeelde begrip. Mbeki het verhoudings nie in dieselfde lig beskou nie.[74]

Dit is nogal ironies as mens bietjie dieper delf in albei individue se verledes. Hulle het in een opsig dieselfde tipe kinderjare gehad – van kleintyd af het Slabbert se ontwrigte omstandighede hom selfstandigheid geleer, en in Mbeki se geval het politiek die gedwonge afwesigheid van sy pa, Govan Mbeki, wat op Robbeneiland aangehou is, beteken. Dit het bygedra tot Thabo Mbeki se verwyderde uitkyk en die feit dat hy nie maklik sy gevoelens kon wys nie.[75] Slabbert weer, het anders gereageer.

Slabbert het aanvanklik waardering gehad vir die moeilike balans wat Mbeki moes vind om die belange van die verskillende kabinetsfaksies ter wille te wees.[76] Mettertyd het hy egter al meer kritiek uitgespreek. Teen 2002 het hy gedink sy voormalige vriend het 'n baie opgeblase siening van sy eie belangrikheid en invloed. Die selfkritiese ingesteldheid wat Slabbert aanvanklik so van Mbeki waardeer het, was daarmee heen. "Nou", het Slabbert gesê, "kry mens die gevoel van iemand wat homself

71 Onderhoud met W Esterhuyse, 21 Julie 2019.
72 Gevisser, *The dream deferred*, byvoorbeeld p 499.
73 *Business Day*, 21 Junie 2010, "Slabbert's political career cut short at great cost to all SA" (vertaling).
74 Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in *The passion for reason*, p 71.
75 Vergelyk Gevisser, *The dream deferred*, pp 61-63.
76 A Sparks, *Beyond the miracle: Inside the new South Africa*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2003, p 259.

absoluut net te ernstig opneem. Al die klein gebaartjies en die voortdurende gepraat en gepraat." Slabbert het aangevoer Mbeki het 'n oordadige dunk van homself en sy plek in die geskiedenis, en het hy hom voortdurend geprojekteer as "'n kenner van die geskiedenis en as iemand wie se tydvak in die geskiedenis aangebreek het en sulke tipe goeters. Kyk byvoorbeeld hoe dikwels gebruik hy die terme 'die mensdom' of 'die planeet' of 'die wêreld' – terme wat na my mening bloot geografies of astrologies verwys. Hy gebruik dit asof dit kollektiewe rolspelers is. 'Die wêreld' moet tot sy sinne kom."[77] Slabbert was verstom dat so 'n persoonlikheidsverandering moontlik was. Mbeki het "oornag polities pouslik geword, met al daardie handewringende, formele klein kuggies as hy praat, en sy skielike ontoeganklikheid."[78]

Die verskille tussen Slabbert en Mbeki het in 2007 oorgespoel na die openbare arena met die publikasie van Slabbert se boek *Duskant die geskiedenis*, wat in 2006 verskyn het en waarin Slabbert baie krities was oor Mbeki. Tydens 'n byeenkoms oor maatskaplike kohesie wat die Universiteit Stellenbosch in 2007 aangebied het, het Mbeki se presidensiële woordvoerder, Bheki Khumalo, Slabbert in sy inset voor stok gekry en gesê hy het "van die wa afgeval" deur ondankbaar te staan teenoor 'n Mbeki wat "nie meer so behoeftig was" as tydens hul Dakar-byeenkoms van 1987 nie.[79] Slabbert het uitdrukkingloos na Khumalo geluister en in sy reaksie uitgewys dat sy verhouding met Mbeki veel meer kompleks was as wat Khumalo oorgedra het. Slabbert het bygevoeg dat hy Mbeki as president respekteer, maar dat hy nie bereid was om voor Mbeki te kniel en vir hom te sê "U kan my maar skop" nie.[80] In 2010 het Slabbert ingewillig tot 'n laaste

77 Nelson Mandela Sentrum van Herinnering, Internetbron, Patrick O'Malley-argiewe, onderhoud met Slabbert, 4 September 2002 (vertaling).

78 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E3.2.1, "'n Waardering van die bydrae van Thabo Mbeki tot die politiek in Suid-Afrika", 2 November 2008 (vertaling).

79 *Cape Argus*, 12 Julie 2007, "Mbeki man in clash with Van Zyl Slabbert" (vertaling).

80 *Beeld*, 12 Julie 2007, "Oud-segsman van Mbeki looi Van Zyl Slabbert" (vertaling).

versoeningspoging, maar voordat die reëlings voltooi kon word, is hy oorlede.[81]

Benewens persoonlike onmin, is dit binne die wyer politieke werklikhede hoogs te betwyfel of Slabbert homself ooit in ’n toonaangewende posisie binne die ANC sou kon voorstel. Sy teleurstellende ervaring met die taakspan oor die kiesstelsel sou hom genees het van enige sulke vergissings wat dalk vroeër sou kon ontstaan. Sy bedenkinge is versterk deur Mbeki se al meer Afrikanistiese ideologie, wat Slabbert as eksklusief ervaar het.[82] In die nuwe bedeling het ’n nuwe stel reëls gegeld en as ’n politikus moes Slabbert aanvaar dat hy as individu sonder ’n ondersteunende groep kiesers min gehad het om die ANC te bied. Hy is, soos ons al gesien het, basies vertel dat hy aan die onderste punt van die ANC sou moes begin klim. Boonop sou sy gewoonlik kritiese ingesteldheid die ANC dalk kompromiteer. Maar selfs as daar geen formele posisie vir hom was nie, het hy dalk ’n mate van persoonlike erkenning van Mbeki verwag.[83] As dit die geval was, is dit onwaarskynlik dat Mbeki sensitief genoeg ingestel was om dit agter te kom.

## Sakebedrywighede en filantropiese inisiatiewe

Slabbert se belangstelling in die sakewêreld is versterk deur lesings oor die sakewêreld en die politieke klimaat wat hy in 1990 aan die Universiteit van die Witwatersrand se sakeskool aangebied het. Hy het ook sy eie politieke konsultasiemaatskappy genaamd Strategic Foresight besit, wat in daardie onseker tye met Suid-Afrika se demokratiese oorgang met ’n ingeligte persoon soos Slabbert aan die stuur netjies geplaas was om goeie advies te gee.[84]

Dit was waarskynlik Slabbert se aansien wat daartoe gelei het dat ’n jong Duitssprekende Namibiër, Jurgen Kögl, hom genader het om swart betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse korporatiewe sakewêreld te help fasiliteer. Slabbert het aanvanklik goed met Kögl oor die weg gekom, hoewel hul paaie later sou

81 *Beeld*, 15 Mei 2010, “Hy en Mbeki sou versoen”.
82 Slabbert, *The other side of history,* pp 11–13.
83 Adam en Moodley, “Slabbert’s opening of the apartheid mind” in *The passion for reason*, p 70.
84 Slabbert, *The other side of history*, p 127.

skei. Hulle was die medestigters van ’n beleggingstrust genaamd Khula (die Zoeloewoord vir “groei”). Die idee was dat Khula as ’n swart beleggingsvoertuig lewensvatbare klein tot mediumgrootte maatskappye sou opkoop en terselfdertyd bestuursvaardighede sou oordra. Dit was egter vir hulle moeilik om die beleggingskapitaal ter finansiering van die inisiatief te verkry. Groot maatskappye het voorgegee om belang te stel, maar nie hul tjekboeke uitgehaal nie. Slabbert en Kögl het nietemin voortgebeur met Khula nadat hulle ’n paar swart vennote, insluitend Zanele Mbeki (Thabo se eggenote) van die Women’s Development Bank, bygekry het. Slabbert het daarop aanspraak gemaak dat dit een van die eerste swart bemagtigingsmaatskappye was.[85]

Slabbert was ook voorsitter van die Onafhanklike Mediadiversiteitstrust, waarvan een van die hoofdoelwitte was om kleiner en “alternatiewe” (in die taal van die tyd het dit beteken relatief progressief/linksgesind) koerante soos *New Nation* en *Vrye Weekblad* by te staan namate geldelike steun vir hulle afgeneem het in die post-apartheidsbedeling. Dit het ’n onmoontlike taak geblyk te wees. Ten spyte van die terugslag het hy besef daar is geleenthede in die mediawêreld en hy het besluit Khula moes die moontlikhede verken. Khula het begin saamwerk met Caxton/CTP en hulle het onder die gesamentlike nuwe sambreelmaatskappy CTP Directories getender vir die winsgewende kontrak om telefoongidse te publiseer.[86] Hoewel dit nie noodwendig die bepalende faktor was nie het dit in hul guns getel dat Caxton, wat pas nuwe, moderne drukperse aangeskaf het, swart vroue opgelei en dan in diens geneem het om dit te bedryf. Die bod was suksesvol en alle betrokkenes het ’n netjiese wins gemaak. Dit wou voorkom asof Slabbert nogmaals vinnig en suksesvol geleer het.

Die volgende skuif was om aandele te koop in Adcorp Holdings. Dit was ’n “sagte” finansiële dienstemaatskappy wat gespesialiseer het in personeelwerwing, personeelplasing, advertensie-opleiding, openbare verhoudinge en navorsing. Slabbert is aanvanklik in 1994 aangestel as nie-uitvoerende direkteur, maar in 1998 het hy oorgeneem as voorsitter van

85 Slabbert, *The other side of history*, pp 127-128; onderhoud met Tania Slabbert, 15 Julie 2019.
86 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 133.

Adcorp, 'n maatskappy met markkapitalisasie van R560 miljoen, genoteer op die aandelebeurs. Hy kon met 'n mate van genoegdoening opmerk: "Ek het gevorder van waarnemer tot besluitnemer."[87] Slabbert het ook in nie-uitvoerende hoedanigheid gedien op die raad van First Rand Limited.

In sy nuwe omgewing het Slabbert al meer bewus geraak van die noodsaaklikheid van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid. Dit kon 'n verskeidenheid vorme aanneem. Hy het 'n slag die koerant *The Citizen*, wat in die Caxton-stal was, uitgetrap oor wat hy beskou het as sensasionele verslaggewing oor Mbeki se beweerde buite-egtelike verhoudings. Hoewel Slabbert nie van Mbeki gehou het nie, het hy die beriggewing as eensydig en benede peil beskou, en 'n verskoning daarvoor aangebied.[88]

Net soos hy vroeg in sy parlementêre loopbaan touwys gemaak moes word om sy weg in die nuwe omgewing te vind, moes hy nou by die doolhof van die sakewêreld aanpas. Hy het gou besef dat die skeidslyn tussen reg en verkeerd ewe ragfyn was in die sakewêreld as in die politiek. Dis nie maklik om "eerlike sake" te doen nie, het hy gesê, maar darem ook nie onmoontlik nie. Met "eerlike sake", so het hy verduidelik, "bedoel ek om geen politieke gunsies te koop nie, geen omkoopgeld te betaal nie en jou onafhanklikheid te behou".[89] Hy was spesifiek teen kosmetiese swart bemagtigingsooreenkomste wat eintlik maar net bestaan het uit 'n paar swart aanstellings in strategiese posisies om 'n klomp geld betaal te word sonder dat enige vaardighede oorgedra word en sonder dat enige sakewaarde tot die maatskappy toegevoeg word. Hy het ook sy bedenkinge gehad oor sakelui wat na 1990 op opportunistiese wyse "die nuwe spul" wou ontmoet en wou hê dat hy as tussenganger vir hulle optree.[90]

Al was hy skepties, het Slabbert sakelui gerespekteer. Hy het gesê die sakewêreld is "nie vir sissies nie" en mens

87 *Sunday Times*, 8 November 1998, "Slabbert gets down to some real business". Sien ook Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 135.
88 *Star*, 19 April 2001, "Van Zyl condemns *The Citizen* for report on Mbeki's alleged womanising"; onderhoud met Max du Preez, 30 Julie 2015.
89 Slabbert, *The other side of history*, p 135 (vertaling).
90 Slabbert, *The other side of history*, pp 133, 135, 137 (vertaling).

moes wawyd wakker wees om nie na die kroon gesteek te word nie. Hy was geringskattend teenoor diegene wat afwysend na "gewetenlose" sakelui verwys het, en het aangevoer diegene moes waarskynlik nog nooit probeer geld maak het as entrepreneurs nie. Volgens hom was dit uiters harde werk met permanente ingeboude risiko's.[91]

Namate Slabbert se gesondheid tussen 2008 en 2010 agteruitgegaan het, moes hy uit sy posisies in die sakewêreld tree. Hoewel hy redelik sukses behaal het, het hy homself steeds as "leerling-sakeman" beskou. Teenoor 'n vriend het hy aangedui dat politiek sy eerste liefde bly.[92]

Hoewel hy buite die politiek bly staan het ("'n muurblommetjie kan nie homself vra om te dans nie", het hy 'n slag opgemerk),[93] het hy reeds vroeër begin om homself op ander maniere besig te hou. Een manier was die stigting van 'n instituut op die Gorée-eiland aan die kus van Senegal.

Die naam Gorée is afgelei van die Nederlandse frase "Goede Reede" (goeie rede) en dateer terug na die sestiende eeu toe die Nederlanders die eiland beset het. Later het die Britte die eiland oorgeneem, gevolg deur die Franse. Dit het berug geraak as 'n slawe-eiland, want 'n hele paar eeue lank is slawe vanoor die hele Wes-Afrika na die eiland gebring. Hulle is deur 'n nou gangetjie gedwing en het deur die "deur van geen terugkeer" gegaan, waar hulle in haglike toestande aangehou is voordat hulle na die Amerikas verskeep is.[94]

Soos ons gesien het, het die idee vir 'n instituut ontstaan na die Dakar-ontmoeting van 1987. Slabbert en Breyten Breytenbach het 'n groot rol gespeel in die stigting daarvan wat uiteindelik in 1991 gevolg het. Aanvanklik het die finansiële vooruitsigte maar sleg gelyk, maar dit het verander nadat George Soros besluit het om die inisiatief geldelik te steun. Ander donateurs van Nederland en Skandinawië het by hom aangesluit en uit Suid-Afrika het

91 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 135.
92 Onderhoud met Mike Savage, 9 September 2017 (vertaling).
93 *Insig*, Maart 2000, "As jy dink aan al daai spermselle – en hier is ek nou sestig jaar later".
94 *Rapport*, 15 April 2001, "Klein eiland word sentrum van denke en kultuur".

maatskappye soos Naspers, Rand Merchant Bank, Richemont en Gencor bygedra.[95] Die instituut het gefloreer en het 'n vergaderplek vir intellektueles vanoor Afrika geword. Boonop het 'n omvattende netwerk vrywillige organisasies teen 1997 uit die instituut voortgespruit. Die instituut se kursusse oor ontwikkeling is wyd aangewend en rekenaarfasiliteite is voorsien.[96]

Die instituut het heelwat moeite geverg en 'n 1987-Dakarganger, André Zaaiman, het aanvanklik 'n prominente rol gespeel om dinge aan die gang te kry. Slabbert en Breytenbach was trots op hoe Gorée ontwikkel het, en het hul liefde vir die projek vergelyk met die wyse waarop 'n moederhen haar kuikens met mag en mening oppas.[97] Vir Slabbert het die instituut 'n intellektuele en praktiese projek verteenwoordig wat wyer as 'n beperkte Suid-Afrikaanse konteks probeer het om op betekenisvolle wyse by Afrika in te skakel. Hy was egter nie blind vir Afrika se tekortkominge nie en in sy laaste boek, *Duskant die geskiedenis*, wat in 2006 verskyn het, bemerk mens teleurstelling oor die korrupte, onderduimse en vuil aard van die politiek wat hy in sommige Afrikalande waargeneem het. In 'n stadium is die instituut se voortbestaan bedreig, weliswaar deels deur interne verdeeldheid, maar ook deur vyandelike ingesteldhede in die veranderende Senegalese politiek.[98]

Nogtans het Gorée 'n persoonlike bekoring vir Slabbert ingehou. Hy was naamlik 'n grondlegger van dié projek, wat met beperkte hulpbronne van stapel gestuur is. Dalk het hy ook ervaar dat die eiland met sy harde geskiedenis oor 'n sekere mistieke belofte en blywende hartseer beskik het. Sy vriend Breyten Breytenbach het 'n heldere herinnering aan Slabbert op Gorée bly koester:

> Van hoe hy staan in die agterplaas van die huis op Gorée, vroeg voor sonop, in 'n swembroek met 'n handdoek oor die skouer, saggies fluitend om my wakker te maak sodat ons

95 *Rapport*, 15 April 2001, "Klein eiland word sentrum van denke en kultuur"; Slabbert, *The other side of history*, p 87.
96 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, pp 42-43.
97 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 43.
98 Slabbert, *The other side of history*, pp 88-89.

> kan gaan swem net soos die dag silwerig breek oor die groot hartseer van ons kontinent.[99]

Gorée het ook 'n rol gespeel in die lewens van sy kinders, Tania en Riko. Tania, wat vlot is in Frans, het op die eiland en in Dakar gewerk in haar vroeë twintigs. Vir haar was dit 'n uitdagende maar lewensveranderende ondervinding wat haar buite die Suid-Afrikaanse kokon help dink het. Riko het die eiland 'n slag saam met sy pa besoek en dit het hulle op betekenisvolle en hegte wyse nader aan mekaar gebring as pa en seun.[100]

Benewens die Gorée-projek was Slabbert ook saam met George Soros betrokke by die daarstel van die Open Society Foundation in Suid-Afrika, vanwaar dit in 1997 na die res van Suidelike Afrika uitgekring het. Onder Soros was die Open Society wêreldwyd aktief betrokke in ontwikkelende lande met die klem op kwessies soos geletterdheid, algemene onderwys, die emansipasie van landelike vroue en die konsolidasie van noodsaaklike demokratiese boustene soos vryheid van spraak en 'n onafhanklike regbank. In Suid-Afrika is die organisasie goed bestuur en is dit wyd beskou as die beste in sy soort in die wêreld.[101]

Slabbert was tot in 2003 by die Open Society betrokke. Die meeste van die werk wat hy daar gedoen het was organisatories van aard en nie in die openbare oog nie. Hy het dit hoogs bevredigend gevind en het die hoogste agting gehad vir diegene wat ten spyte van omvattende struikelblokke vasbyt met sulke werk. Terugskouend het hy gesê hy het besef dat sulke geleenthede nooit oor sy pad sou gekom het as hy in die parlement aangebly het nie. Hy was blyer as ooit dat hy uit die parlement bedank het. Sy perspektiewe en sy kennis van Afrika het verdiep.[102]

---

99 B Breytenbach, "The slow quickness of life (*thinking about my friend, the Chief*) in LeMaitre en Savage (reds.), *The passionfor reason*, p 17.

100 Onderhoud met Tania Slabbert, 15 Julie 2019. Sien ook *Die Suid-Afrikaan*, Februarie-Maart 1991, "15 maande in die hart van Senegal".

101 Slabbert, *The other side of history*, p 119. Sien ook Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 44.

102 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 45.

Slabbert se begrip van en sy bydraes tot die uitbou van die burgerlike gemeenskap word nie altyd genoegsaam na waarde geskat nie. Sy vriend Mike Savage, wat ten nouste met hom in hierdie verband saamgewerk het, was ten diepste beïndruk met hoe hard hy gewerk het aan die bevordering van sleutelelemente binne die burgerlike samelewing sodat ’n lewensvatbare grondwetlike demokrasie prakties versterk kon word. Volgens hom het Slabbert dit vermag “met sy kenmerkende intellektuele dryfkrag, heldere visie en leierskap”.[103]

103 M Savage, “Ice, steam and water: Non-profit organisations in South Africa” in LeMaitre en Savage (reds.), *The passion for reason*, p 178 (vertaling).

# Hoofstuk 9

# "Van" van naderby

## Charisma

"Van" (op Engels uitgespreek), soos Slabbert dikwels deur sy vriende genoem is, het ook soms as "Supervan" bekend gestaan in die media wanneer die pers sy vermoëns en eienskappe wou besing. Hy is dikwels beskryf as 'n charismatiese politikus met 'n buitengewoon magnetiese persoonlikheid. By tye is hy vergelyk met John F. Kennedy, die gewilde Amerikaanse president wat in 1963 op 46-jarige leeftyd om die lewe gebring is. Die punt was dat Slabbert, soos Kennedy, beskou is as iemand wat jeug, sjarme en opwinding aan kiesers kon verskaf.

Sommiges in die Afrikaanse media het hierdie eienskappe na behore gewaardeer en was spyt dat hy aan die "verkeerde" party behoort het, dat hy nie "een van ons" was nie hoewel hy "aan ons behoort het". Daar is gesê sy vermoë "om mense persoonlik na hom toe aan te trek kan nie betwyfel word nie". Sy agtergrond was perfek – "'n pure boerseun" van die platteland, en met "Kennedy-charisma" boonop, soos hy terdeë met sy televisie-optredes bewys het.[1]

Slabbert was nie onbewus van hoe positief en soms vererend hy beskou is nie. Gedurende sy eerste verkiesingsveldtog in 1974 het hy die punt gemaak dat Engelssprekendes hom as charismaties beskryf het en dat daar min was wat hy daaraan kon doen. Sulke uitgesproke bewondering het hom egter ongemaklik gemaak. Op 'n keer het hy as volg, vriendelik maar kurkdroog, gereageer op die heldevererende opmerking van 'n bewonderaar oor sy charisma: "Ja, ek het Charisma 1, Charisma 2 en Charisma 3 op universiteit geneem."[2] Sulke gemaklike selfspot was eie aan Slabbert, hoewel

1 *Woord en Daad*, November 1979, "Die PFP en sy nuwe leierskap".
2 Aangehaal in Giliomee, *The last Afrikaner leaders*, p 213 (vertaling).

mens moet erken dat daardie soort geringskatting van eie gawes soms daartoe lei dat mense selfs meer beïndruk met jou sal wees.

Terwyl dit noodsaaklik is om charisma te verreken om Slabbert se gewildheid te verklaar, kan dit maklik ’n toutologiese oefening raak – herhaling eerder as verduideliking. Wat mens moet doen is om die onderliggende elemente van charisma te identifiseer sodat ’n helderder beeld verkry kan word oor wat presies dit in Slabbert se samestelling is wat so aanloklik was, hoekom sommige lede van die publiek so baie van hom gehou het. Die Nederlandse akademikus Jan Stutje het oor die algemene kenmerke van charisma benadruk dat “charismatiese leiers beskik oor ’n indrukwekkende persoonlike teenwoordigheid, ’n sterk magnetisme. In sommige gevalle mag hulle selfs fisies aantreklik wees, en in alle gevalle is hulle oortuigende orators …. Charismatiese politiek is nie alledaagse roetine-politiek nie. Dit het ’n opwekkingskarakter, dis die gier van die oomblik, en dit word aangevuur deur ’n entoesiasme wat selfs nie-politieke mense na die politieke arena aanlok.”[3] In watter mate kan elemente van hierdie verduideliking op Slabbert van toepassing gemaak word, en watter dimensies kan toegevoeg word?

Mense het dikwels opgemerk dat Slabbert ’n filmster-voorkoms het. Hy is onder andere beskryf as “lank, stewig en aantreklik – en dat hy intelligensie, wakkerheid, omgee, versigtigheid en humor uitstraal. Boonop is gesê hy het ’n “resonante baritonstem”.[4] Vroue het hom spesifiek aantreklik gevind. Die NP-parlementslid Sheila Camerer (wat later ’n DA-parlementslid sou word) het erken sy het “as vrou ’n sagte plekkie vir Slabbert gehad” en dat hy “’n pragtige man” was.[5] Sy was beslis nie die enigste vrou wat so gedink het nie.[6] JM Coetzee,

3 J Stutje, “Historiographical and theoretical aspects of Weber’s concept of charismatic leadership” in J Stutje (red.), *Charismatic leadership and social movements*, Berghahn Books, Amsterdam, 2012, p 8 (vertaling).
4 *Times,* 26 September 1980, “The man facing Mr Botha” (vertaling), https://www.independent.co.uk/news/obituaries/Frederik-van-zyl-slabbert-politician-and-activist-in-the-vanguard-of-the-struggle-against-apartheid (toegang 24 Julie 2018).
5 *Rand Daily Mail*, 2 Maart 1982, “Sheila thinks Frederik is nice” (vertaling).
6 Sien hoofstuk 2 vir reaksies in Rondebosch, “’n Ster-kandidaat”.

Nobelpryswenner vir letterkunde, het gesê: "Een van die redes waarom Slabbert so 'n stille selfvertroue uitgestraal het, was omdat vroue so aangetrokke tot hom was." Hy het toegegee dat hy niks van Slabbert se persoonlike lewe geweet het nie, maar het nietemin voortgeborduur: "Ek weet wel dat die meeste vroue wie se paaie met syne gekruis het, 'n bietjie verlief was op hom. Al is jou voete hoe vas op die grond doen daardie tipe bewondering wondere vir die ego."[7] Dit mag wel in die kol wees, maar Slabbert het beslis nie daardie tipe aandag nagejaag nie. Jani Allan, glansjoernalis van die 1980's, het gesê: "Ten spyte van die feit dat gays, volwasse vroue en ondersteuners hom verafgod, is Van altyd die perfekte heer. Te midde van die voortdurende bewondering bly hy so vriendelik soos 'n hond in 'n kroeg wat al te veel gevryf is – altyd goedgemanierd, selfs al kan jy in sy oë sien hy wens dit was al toemaaktyd."[8]

Slabbert was nie maklik om te ignoreer nie; hy het 'n bykans tasbare teenwoordigheid gehad. "Van het geweet wie en wat hy is en hy het dit so sterk uitgestraal dat mens dit in 'n kamer vol mense kon aanvoel", aldus die historikus RW Johnson wat hom goed geken het. Volgens Mark Gevisser, die biograaf van Thabo Mbeki, het Slabbert "altyd ingehok gelyk deur sy omgewing, asof hy wou uitbars uit sy klere, sy kantoor, die wêreld se verwagtinge van hom, die Afrikaner-stereotipe, die verlamming van wit politiek". Gevisser voer aan dat Slabbert veral in die 1980's "altyd net 'n bietjie te groot en te onafgerond was vir die gemanierde binnekamers van wit Engelssprekende Suid-Afrikaanse liberalisme, maar magneties was vir wit Suid-Afrikaners op soek na 'n baanbreker om hulle uit die moeras van apartheid te lei ...".[9]

Benewens sy indrukwekkende voorkoms het Slabbert se vermoëns as spreker tot sy gewildheid bygedra. Hy was vlot tweetalig en het op deurdagte maar opwindende wyse gepraat, en oor die vermoë beskik om politiek vir gewone mense verstaanbaar te maak, om beleidsaspekte in verteerbare porsies op te dis en

7 Privaat versameling, Hermann Giliomee korrespondensie, J Coetzee aan H Giliomee, 2010.
8 *Sunday Times*, 30 Oktober 1983, "Dr Slabbert looking for closing time" (vertaling).
9 Gevisser, *The dream deferred*, p 497 (vertaling).

logies op te bou tot 'n noodwendige gevolgtrekking.[10] He was allesbehalwe 'n opruiende demagoog; sy krag het trouens in die presiese teenoorgestelde gesetel. Hy het sy gehoor se intelligensie gerespekteer en het nie afgepraat na hulle toe nie. Al het hy polities van hulle verskil, het hy hul hoop en vrese verstaan en probeer om daardie voorbehoude met rasionele argumente te besweer. Enigeen wat teen sy of haar wil oortuig word, bly eintlik maar hul oorspronklike opinie huldig – dit het hy verstaan.

Een van die sleutelkenmerke van sy toesprake was om die ineengestrengeldheid van verskeie aspekte van die samelewing aan te toon. In 1982 het 'n redelik vyandige gehoor in Bloemfontein hom byvoorbeeld voor stok gekry met die bewering dat die PFP geneig is om te fokus op raskwessies ten koste van brood-en-botter kwessies soos stygende pryse en ontoereikende ouderdomspensioene. Hy het die kritiek ernstig opgeneem, maar het toe voortgegaan om die verband tussen raskwessies en stygende lewenskoste uit te wys. Die gebrek aan 'n geskoolde swart arbeidsmag, het hy aangevoer, maak produkte duurder weens arbeidstekorte, en hoër ouderdomspensioene vir wittes is moeilik omdat die belastingbasis beperk is – 'n belastingbasis wat sterk uitgebou kon word as 'n groot swart middelklas sou ontstaan. Die gehoor het begryp. Hulle sou dalk nie vir die PFP stem nie, maar hulle het beslis meer respek vir Slabbert gehad.[11]

Sy toesprake het oor die algemeen die moraliteit van apartheid vermy. Hoewel hy besef het verskeie aspekte van apartheid kon as moreel bedenklik beskou word het hy daarvan weggeskram om vir sy gehoor te preek en hulle moreel aanspreeklik te laat voel.[12] Hy het 'n rasionele benadering bo 'n moralistiese benadering verkies. Slabbert het self aangevoer hy kan homself nie as 'n bombastiese politikus voorstel nie. Volgens Ray Swart, PFP-parlementslid vir Berea, was Slabbert "nooit een vir melodrama nie, maar hy was nietemin 'n sterk spreker met fyn

10 *Sunday Times*, 19 April 1981, "The man who guides ordinary people".
11 Privaat versameling, Paul Cassar, kassetopname van Slabbert se toespraak in Bloemfontein, 22 Oktober 1982.
12 H Giliomee, "Golden boy" in *The passion for reason*, p 90.

taalaanvoeling wat hy suksesvol kon aanwend om sy opponente se beleid en aard te vernietig in politieke debat ...".[13]

Joernaliste het sy aanslag oor die algemeen verfrissend gevind en dit het neerslag gevind in hul verslaggewing. Sommiges het die geur en tekstuur van sy toesprake probeer weergee, soos blyk uit hierdie verslag in 'n Oos-Londense koerant oor 'n politieke vergadering waar Slabbert 'n spreker was:

> Deurdag, eerlik, sonder hansworsstreke maar droogweg en spontaan pittig, ordentlik en les bes sonder enige holruggeryde frases. ... Hy maak staat op sy gehoor se intellek, redelikheid en op logika of wat jy dit ook al wil noem, eerder as blinde emosie. Dis ongewoon vir 'n politikus om soos hy helderheid te bring oor politieke beleid, en dan sy eie sosiologiese en historiese insigte daarby te voeg. Hy druk mens se eie vae, swak gevormde idees skerp uit en dan las hy soveel by – deur byvoorbeeld nie moeilike vrae te omseil nie.[14]

Hoewel Slabbert se toesprake baie feite-inhoud bevat het, was daar ook volop humor, soos uit die joernalis se verslag blyk. Hy het alte goed besef dis noodsaaklik om ligter oomblikke in te bou, anders verval dit maklik in 'n aanslag waarin die gehoor bloot oorweldig word deur vervelige en negatiewe statistiek. Sy argumente is verhelder met pittige, oorspronklike juweeltjies, wat hy by die spesifieke geleentheid en omstandighede aangepas het. Hy het nie daarvan gehou om sy politieke opponente skerp aan te val op persoonlike vlak nie, hoewel hy hulle soms ligweg sou spot. So het hy byvoorbeeld in reaksie gesê op die deurwinterde en aartsverkrampte NP-parlementslid Cas Geyling, wat eers die kiesafdeling Ventersdorp en toe die kiesafdeling Carletonville verteenwoordig het: "Die parlement het nie vir Cas Greyling nodig nie, maar die hemel weet, Cas Greyling het die parlement nodig." Hy het ook, met die tong stewig in die kies, voorgegee dat hy nogal simpatie het met Piet Koornhof, parlementslid vir die kiesafdeling Primrose en prominente NP-minister, wat in 'n stadium die

13 Swart, *Progressive Odyssey*, p 157 (vertaling).
14 *Daily Dispatch*, 24 Julie 1974, "PFP star" (vertaling).

onbenydenswaardige taak gehad het om ’n portefeulje sogenaamd “Samewerking en Ontwikkeling” te behartig. Volgens Slabbert moes Koornhof bewonder word, want hy is “glad nie besoedel deur al sy mislukkings nie”. Politici as ’n spesie is nie deur Slabbert se humor gespaar nie. Hy het ’n politikus gedefinieer as iemand wat “geld vra van die rykes en stemme vra van die armes terwyl hy belowe om hulle teen mekaar te beskerm”. In hierdie trant het hy selfs gespot met die demokrasie: “Gee aan almal in hierdie land stemreg en jy sal gou sien wat word van die demokrasie.”[15] Hy het veral van ’n stukkie ironie gehou en gesê “as jy die mag van die preekstoel wil breek, vat dit sypaadjie toe”. Hy kon ook die angel uit sogenaamde ernstige politieke vrae haal. Toe hy in vraetyd tydens ’n politieke vergadering gevra word “wat hy sal sê as hy môre staatspresident word” het hy grappenderwys geantwoord: “Ek is geskok, dit het alles so skielik gebeur.”[16] Hy het geweet hoe om humor tot sy voordeel in te span en om dit effektief te doen sonder om vervelig of afgesaag te raak.

Slabbert was bepaald die PFP se groot ster en hy kon groot gehore trek. In die vroeë 1980’s het koerante gereeld geskryf oor die “Slabbert-faktor” vir wie se openbare vergaderings sulke groot gehore opgedaag het. In die 1981-verkiesingsveldtog het 1 400 na hom gaan luister in Pretoria, 2 000 in Durban, 1 200 in Port Elizabeth (tans bekend as Gqeberha) en 2 500 in Randburg.[17] Dit was werklik groot gehore en hoewel dit beslis nie noodwendig beteken het dat almal oorgehaal is om Progs te word nie, het Slabbert duidelik oor die vermoë beskik om kiesers na ’n ander boodskap te laat kom luister.

’n Deel van Slabbert se aantrekkingskrag was gesetel in sy sportagtergrond. Hy het toegegee dat hy op Stellenbosch “’n tipiese” rugbybreker was en dat hy ’n tyd lank “net vir rugby geleef het”. Na sy studentejare het hy aangesluit by die dorpsklub, Van der Stel. Slabbert was heel bewus van die besware teen die rugbykultuur, naamlik dat dit gedien het as ’n soort

15 *Die Volksblad*, 3 Desember 1982, “Slabbert”.
16 *The Star*, 18 Oktober 1985, “Reforms forced on government” (vertaling).
17 Privaat versameling, Paul Cassar, kassetopname van onderhoud met Neil Ross, PFP-organiseerder, 2 Oktober 1981.

gemeenskapsdwelm wat mense verskans het teen Suid-Afrika se harde maatskaplike realiteite, maar hy het ruiterlik erken dat hy die spel geniet het, en het nooit ’n slegte woord teen die sport uitgespreek nie.[18]

Toe hy dosent aan die Universiteit Rhodes in Grahamstad (tans Makhanda) geword het, het hy die Universiteit se eerste span afgerig en ’n blywende indruk op sommige van die spelers gemaak. Ray Carlson was een van die spelers wat deur Slabbert afgerig is. Slabbert het hom aangeraai om na Stellenbosch te gaan om sy rugbyloopbaan te bevorder. Carlson het uiteindelik in 1972 een toets vir die Springbokke gespeel. Hy het Slabbert onthou as "’n *great* persoon" en het veral waardeer "hoe maklik en natuurlik hy by elke persoon se vlak kon aanpas. Dit was so stimulerend dat hy net ‘een van die ouens’ was!"[19] Rugby was ’n belangrike katalisator; dit was meer as net ’n sport. Dit was ’n simbool van dieper sentiment en gedeelde verstandhoudings. Vir Afrikaners het dit veral baie beteken. So het ene J Buys van Pretoria aan Slabbert geskryf dat hy polities van hom verskil, maar dat Slabbert nogtans geseënd was met "wat die Amerikaners charisma noem" en dat ’n deel daarvan gesetel het in sy entoesiasme en sy beeld as sportman.[20]

Benewens rugby het Slabbert ook in die kollig beland as langafstandatleet. Tydens verkiesingsveldtogte het Slabbert gereeld gaan draf, en die koerante het graag daaroor berig.[21] Slabbert het van tyd tot tyd gepraat oor hoekom hy aan marathons deelneem. Hy het die Comrades-marathon van 90 kilometer tussen Pietermaritzburg en Durban, wat hy in 1982 voltooi het, spesifiek uitmergelend gevind. "Dit het gevoel asof gesnyde glas skuur in my knieë en heupe, en die spiere in my kuite en dye het

18 *Die Matie*, 8 Augustus 1986, "Die ‘rugger bugger’ wat weggebreek het". Sien ook Giliomee, "Golden boy", p 90; Slabbert, *White Parliament*, pp 20-21; *Die Burger*, 23 Mei 2008, "Slabbert kom huis toe". Sien ook hoofstuk 1.

19 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.A.26, R Carlson aan Ian Jones, 4 September 1990 (vertaling).

20 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.A.22.1, J Buys aan Slabbert, ongedateer.

21 Byvoorbeeld *Rand Daily Mail*, 28 April 1981, "The ‘Slabbert factor’ faces its most important test".

saamgetrek in ritmiese pyn", het hy geskryf. Hy het gewonder waarom hy homself soveel pyn aangedoen het:

> Dit gaan nie net oor die ego nie, hoewel dit tog 'n rol speel. Dit is nie net die vrees om oud en passief te raak nie, hoewel dit ook maar 'n deel van die waarheid is. Miskien is dit ook maar die besef dat mens 'n gesonde lyf het en dat mens nie eens begin om reg te laat geskied wat vermoëns en potensiaal betref nie. Hoe sal ek stres hanteer – emosioneel en fisies? Wel, die Comrades is 'n baie maklike manier om die antwoord op daardie vraag te kry.[22]

Slabbert was duidelik veel meer as 'n onnadenkende, robot-agtige hardloper. Hy het een of ander innerlike bevrediging gekry deur die uitdaging te takel. Dit het hy beslis gedoen om persoonlike redes, maar in hierdie geval kon die persoonlike en die openbare persona nie geskei word nie. Hy het besef dis 'n taamlike risiko om as politikus aan sport deel te neem, met mens se openbare beeld wat skade kan ly as jy misluk, of toeskouers wat tydens die wedloop ontwrigtend kon optree.[23] Wat hy natuurlik verswyg het was dat daar positiewe politieke gevolge kon wees vir 'n politikus wat topfiks bly en dus 'n beeld uitstraal dat hy voorbereid en bereid is om 'n uitputtende uitdaging aan te pak en suksesvol af te handel.

Wanneer mens bestek opneem van Slabbert se charismatiese aantrekkingskrag is dit opvallend in watter mate sy profiel ooreenstem met sommige van die konsepsuele definisies van charismatiese leiers en hul volgelinge. In 2005 het twee Amerikaanse akademici, JM Howell en B Shamir, verduidelik dat sulke verhoudings insluit

> ... om 'n ideologiese visie oor te dra wat bots met die heersende werklikheid, om volgelinge intellektueel te stimuleer om op nuwe maniere en in nuwe rigtings te dink, om hoë verwagtinge en vertroue in volgelinge wakker te maak. Om te verwys na volgelinge se waarde en

22 *Sunday Tribune*, 3 Junie 1982, "How to become a comrade painfully but innocently" (vertaling).
23 Ibid.

> doelmatigheid as individue sowel as 'n kollektief, en om self op 'n voorbeeldige en simboliese wyse as rolmodel op te tree.[24]

Mens wil amper dink hulle het hierdie definisie geskryf met spesifiek Slabbert in gedagte. As ons dan ons analise verder wil voer, moet ons in ag neem dat 'n charismatiese leier nie in 'n vakuum funksioneer nie en dat mens, as jy 'n meer volledige beeld wil vorm, nie net die leier moet bestudeer nie, maar ook die omstandighede wat sy of haar volgelinge vatbaar gemaak het vir die leier se boodskap. Die leier mag wel die vonk wees, maar daar is al geskryf dat die volgelinge die vlambare materiaal moet wees wat wag om aan die brand gesteek te word, en dat die suurstof verskaf moet word deur gepaste omstandighede.[25]

In Slabbert se geval was baie van sy volgelinge ongetwyfeld ontevrede oor die manier waarop die NP Suid-Afrika regeer het. Hoewel die NP-regering daarop aanspraak gemaak het dat hulle besig was om 'n stabiele en veilige toekoms vir wit mense te verseker het hul bewerings en beloftes nie met die realiteite gestrook nie. Vervreemding en ontevredenheid het toegeneem namate die regering rondgetas het vir 'n oplossing. Veral in die 1980's het 'n plofbare situasie geheers met verskeie opeenvolgende noodtoestande wat afgekondig is te midde van 'n nimmereindigende kringloop van stakings en openbare geweld. Die tyd was ryp vir 'n nuwe leier om na vore te tree en die geleentheid aan te gryp. Slabbert is gesien as so 'n leier, hoewel baie van sy wit volgelinge nie seker was dat hy oor al die antwoorde beskik het nie. Ten minste het hy geweet hoe om die regte vrae te vra.

In die lig hiervan is daar 'n versoeking om Slabbert na vore te sien tree as 'n bykans messiaanse figuur, toebedeel met charisma en voorbestem om "sy mense" te lei na nuwe weivelde. Die Duitse sosioloog Max Weber het geskryf oor charisma en die politiek as roeping en loopbaan. Hy het opgemerk dat

24 J Howell en B Shamir, "The role of followers in the charismatic leadership process: relationships and their consequences", *The Academy of Management Review,* 30, 1, 2005, p 99 (vertaling).

25 Howell en Shamir, "Followers", p 99.

ondersteuning van ’n charismatiese leier “beteken dat die leier as persoon erken word as ’n innerlik geroepe groepsleier. Mense gehoorsaam hom nie weens die voorskrifte van hul waardes of wette nie, maar omdat hulle in hom glo. … Die toegewydheid van sy dissipels, sy volgelinge, sy persoonlike vriende binne sy party, is afgestem op die persoon en sy gawes.”[26] Vriende en kennisse van Slabbert het agtergekom dat hy van tyd tot tyd geneig was om homself te laat lei deur wat hulle genoem het ’n “roepingsbesef” en die noodsaaklikheid om “’n profetiese rol in die politiek”[27] te speel. ’n Afrikaanse teoloog wat later met Slabbert ’n onderhoud gevoer het was verbaas oor hoe Slabbert gekommunikeer het: “Hy het nie ’n Bybel in die hand gehad nie, maar hy het gepraat asof hy ’n Bybel in die hand het.”[28]

Mens sou kon aanvoer sulke optrede van Slabbert kon wortel in sy vroeëre jare toe hy by die Universiteit Stellenbosch ingeskryf het met die doel om deur die NG Kerk in die bediening te gaan, maar later “ongeroepe” geraak het. Politiek kon dan maklik ’n tweede roeping word. Slabbert het beslis ’n stewige skoot idealisme weg gehad, maar was tog oor die algemeen deurdag in sy bestekopname van sowel politieke situasies as sy rol daarin. Wat leierskap aanbetref het hy geglo dat individue nie bloot oorgelewer was aan die magte van die geskiedenis nie, maar hy het besef dat die individu ook nie bloot die realiteite van die geskiedenis kon ontken nie. Sy uitkyk was om homself tussen twee sulke uiterstes te plaas en spasies te probeer skep waarin nuwe gedagtes kon gedy. So het hy gehoop op die moontlikheid om nuwe geskiedenis te maak.[29]

Namate sy parlementêre loopbaan ontvou het, hy by die storm en drang van die partypolitiek betrokke geraak het en sy posisie as leier van die PFP hom weliswaar in die kollig gehou

26 M Weber, “Politics as a vocation” in HH Gerth en CW Mills (reds.), *From Weber: Essays in Sociology.* Routledge, Londen, 1970, p 2 (vertaling).
27 Privaat versameling, Hermann Giliomee, H Giliomee aan C van Onselen, ongedateer, en L Schlemmer aan H Giliomee, ongedateer.
28 *Kerkbode*, 4 Junie 2010, “Van Zyl Slabbert – ’n man so na aan God se hart”.
29 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. D4.32.1, “Sê nou maar”, Oudtshoorn, Maart 1999.

het, maar sonder enige tasbare of noemenswaardige suksesse, was hy deurgaans bewus van die gevare daarvan om ingeperk te word deur die versoeking om nie ten volle oop kaarte te speel met ondersteuners nie, en hulle sodoende in ’n mate te mislei. Hy het dit trouens in sy eerste toespraak as leier van die PFP op die party se kongres in September 1979 duidelik gemaak dat hy ongemaklik was met “persoonlikheidskultusse en die skep van sewe dae lange charismatiese wonderwerke”.[30] Hy het besef die “Supervan”-beeld kon net so lank hou, en om dieselfde politieke boodskap te bly verkoop sonder enige vooruitsig van betekenisvolle deurbrake is misplaas en uiteindelik teenproduktief. Na sy bedanking uit die parlement in 1986 het hy probeer afstand doen van sy vroeëre beeld en persona. Hy het veral te velde getrek teen wat hy beskryf het as

> … ’n voortgesette mite in die wit verkiesingspolitiek dat ’n Groot Wit Hoop (GWH) na vore sal tree: ’n verligte, charismatiese en uiteraard wit politieke figuur wat oopkop wit kiesers kan mobiliseer in getalle wat groot genoeg is om enersyds die regerende Nasionale Party te ontsetel of andersins op een of ander wyse demokratiese hervormings “van bo” op deurslaggewende wyse te beïnvloed. ’n Deel van hierdie mite is die dikwels kwalik versweë veronderstelling dat alle politiek in Suid-Afrika eintlik maar gaan oor wit mense wat besluit wie kry wat, wanneer en hoe – daarom kan demokrasie, indien dit ooit bereik word, slegs spruit uit die wit politiek en die res van die bevolking, of die “massas”, of die “buitewêreld” moet hul ongeduld beteuel en ophou onredelik wees en wag vir die GWH om ons “grondwetlik”, “evolusionêr” en ”vreedsaam” na demokrasie en geregtigheid te lei.[31]

Daar is weinig twyfel dat Slabbert sy eie belewenis en rol in gedagte gehad het toe hy bogenoemde geskryf het. Hy het duidelik tot die gevolgtrekking gekom dat die wit kieserskorps se hoop op

30 *Deurbraak*, Oktober/November 1979.
31 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E1.4.1, “Time to bury the Great White Hope”, 27 Junie 1988 (vertaling).

so ’n enkele verlossingsfiguur uit voeling is met die realiteite van die Suid-Afrikaanse politieke toneel, en dat dit ’n struikelblok is vir enige poging om die Suid-Afrikaanse politieke situasie realisties te verstaan. Hy was nie bereid om die charismatiese rol te speel wat sommiges aan hom toegewys het nie. Hy het aangevoer dat dit onregverdig jeens hom is, en sy ondersteuners in die gemaklike posisie laat dat hulle van verantwoordelikheid vrygeskeld word. Dit was ’n manier vir mense “om hul vrese op jou af te laai en dan terug te sit terwyl hulle vir jou wag om een of ander politieke towerstaf te swaai. Dis nie reg nie.” Hy het ook aangevoer “dis vervreemdend, want dit maak iets van my wat ek nie is nie, en maak dit moeiliker om behoorlik te kommunikeer”.[32]

Wat Slabbert hier verwoord het heelwat te doen met die nadele van charismatiese leierskap. Max Weber verduidelik dit as volg:

> Die charismatiese leier verkry en behou mag slegs deur sy krag te wys. As hy ’n profeet wil wees, moet hy wonderwerke doen. As hy ’n krygsheer wil wees, moet hy heldedade verrig. Bowenal egter moet sy verhewe doel deurgaans bewys word deurdat dit goed moet gaan met diegene wat in hom glo. As dit nie met hulle goed gaan nie is hy duidelik nie redder wat deur die gode gestuur is nie.[33]

Slabbert het maar alte goed besef dat die uurglas vir wit mans om wonderwerke in Suid-Afrika te doen teen die middel van die 1980’s vinnig begin leeg loop het, want vir wonderwerke om te gebeur moes die hele stelsel eers afgebreek word.

Die aantrekkingskrag van sy fisieke teenwoordigheid, opwindende toesprake, analitiese vermoëns, sportmansbeeld en toeganklikheid het tot wasdom gekom. Uit sy eie wou hy nou die onrealistiese verwagtinge beperk wat ontstaan het uit wat hy as

32 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.22.48.1, Mark Behr, “Anchor man or Super Van?”, 1992 (vertaling).

33 Aangehaal in NJ Rhoodie, “Importance of the eastern European democratic movement for change in South Africa”; JL Olivier (red.), *Eastern Europe and South Africa: Implications for the future*, HSRC, Pretoria, 1990, p 57.

’n tipe persoonlikheidspolitiek ervaar het. Al het hy soms goed gevoel oor sy impak en die opwinding wat hy kon veroorsaak, was hy daarvan oortuig dat ’n tipe wit rockster-leier nie voldoen het aan die politieke vereistes van die 1980’s nie. Hy het dus besluit om die simbool van die politieke rockster te verwyder voor dit kon taan, soos noodwendig sou gebeur.

## Die kwessie van ’n Afrikaner identiteit

Een van die kwessies waarmee Slabbert geworstel het, was die identiteit van Afrikaner-wees of om gesien te word as Afrikaner. Wie en wat ’n Afrikaner is, is natuurlik ’n tergende vraag en sê dikwels baie van die etniese diskoerse in eie geledere. Grondliggend hieraan is die gebrek aan ’n toereikende definisie. Hoe kan objektief besluit word wat Slabbert se “Afrikanerskap” definieer? Die befaamde Afrikaanse skrywer Breyten Breytenbach het tekenend beskryf dat, wanneer ’n definisie vereis word, almal “soos ’n Lister-enjin stotter wat na asem snak”.[34]

Prof. WB Vosloo van Stellenbosch se Politieke Wetenskap-departement in 1973 was egter die een persoon wat dapper genoeg was om ’n paar trefseker gemeenskaplike eienskappe van Afrikanerskap aan die hand te doen. Hierdie eienskappe was sterk godsdienstige sentimente, ’n toewyding aan taal, ’n gemeenskaplike historiese bewussyn, ’n affiniteit vir rassesuiwerheid, dikwels ’n landelike agtergrond of landelike konneksies met ’n geneigdheid tot “gemeinschaftliche” (gemeenskaps-) maatskaplike verhoudings, ’n neiging om op ’n homogene wyse op te tree en aktiewe ondersteuners van Afrikaner-organisasies te wees en ’n wil om te oorleef.[35] Dit is duidelik dat, indien ’n mens Slabbert aan so ’n toets moes onderwerp, hy by die meeste kategorieë sou inpas: hy was gelowig toe hy aanvanklik in Stellenbosch aangekom het alhoewel dit later getaan het, hy was lief vir Afrikaans as taal, hy het geweet hoe Afrikaners hul geskiedenis sien, hy was van ’n landelike omgewing

34 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E3.17.3, Breytenbach – Slabbert, 22 Maart 2007.

35 WB Vosloo, “The nature of the Afrikaner people and the challenges facing Afrikaner nationalism”, Somerskool-lesings, Universiteit van Kaapstad, 1973, pp 2-5.

afkomstig, Pietersburg, en het bevrediging geput uit die omgang met ander op 'n gemeenskapsvlak. Hy het ook die belangrikheid van die Afrikaner se wil om oorlewing begryp, alhoewel hy onversetlik teen die idee gekant was dat dit ten alle koste moet gebeur. Die uitsonderings wat hom duidelik van andere onderskei het was die aandrang op rassesuiwerheid en die feit dat hy nie 'n groot ondersteuner van Afrikaner-organisasies was nie.

Alhoewel 'n mens 'n greep op Slabbert se Afrikanerskap kan kry deur 'n soort afmerk-oefening, kan dit ook te meganies en beperkend wees. Slabbert het self op 'n meer beredeneerde wyse oor sy Afrikanerskap besin. Hy het homself nie beskou as 'n "devout, sombre suited" Afrikaner nie. Ook nie as 'n "uptight culture vulture Afrikaner" of 'n "free-and-easy" alternatiewe, Woodstock-een nie, maar nogtans as 'n verwarde en soms verlore Afrikaner. Volgens Slabbert het hy eerstehands beleef dat dit vir baie mense verwarrend was. Maar vir hom was selfs die verwarring 'n bevestiging van sy sosiale identiteit.[36] Slabbert het nooit sy Afrikaner-wortels ontken nie, soos sy goeie vriende en kennisse opgemerk het.[37] Hy het hom byvoorbeeld met geesdrif en ywer daarin verlustig om tradisionele Afrikaanse volksliedjies te sing.[38] Mense het hom ook beleef as "comfortable in his skin as an Afrikaner and in speaking Afrikaans", tog skerp krities teenoor Afrikaners wat hulle arrogant geroem het op hul identiteit en hul kleur gebruik het om ander Afrikaanssprekendes uit te sluit of weg te stoot.[39]

Sy eerste vrou, Mana, het hom beskou as iemand uit 'n "stoere boere-agtergrond".[40] Alhoewel hy 'n landbou-agtergrond gehad het, het sy gebroke huislike lewe beteken dat hy nie formeel opgeneem is in wat beskou is as 'n "normale" Afrikaner-huis

36 FvZ Slabbert, *Tough Choices*, Kaapstad, 1999, p 88.
37 H Adam en K Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind: Portrait of an unrecognised partriot" in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason*, Kaapstad, 2010, p 58.
38 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E2.22.7.1, "Barskyk".
39 H Giliomee, *The last Afrikaner leaders, A supreme test of power*, Kaapstad, 2013, p 214.
40 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Mana Slabbert aan Dian Joubert, 24 Januarie 1974.

nie. Vandat hy tien jaar oud was tot in sy laat twintigs as student en dosent was hy ’n koshuisganger. Daar was volgens hom geen sistematiese invloed op sy lewe wat daartoe gelei het dat hy homself met Afrikaner-wees geïdentifiseer het nie. Tog, sê hy, het dit geen verskil aan sy wêreld gemaak nie. Van die oomblik wat hy kon dink is hy sosiaal geïdentifiseer met Afrikaner-wees.[41]

Hy het graag die Franse filosoof Jean-Paul Sartre in hierdie verband aangehaal: “Jy is ’n Jood omdat ek na jou kyk”, waarmee hy geïmpliseer het dat ander ’n mens definieer as behorende tot ’n sekere groep ongeag jou eie definisie van jouself. In Suid-Afrika, het hy gesê, help die manier waarop jy Engels praat, ’n sekere soort humorsin, kosvoorkeure, professionele loopbaanomgewing en woonbuurt alles om jou as ’n Afrikaner te identifiseer.[42] Hy het dit egter problematies gevind om toe te gee aan die gedagte van ’n enkele “Afrikaner” of om te praat oor “*die* geskiedenis van die Afrikaner”. Om ’n Afrikaner genoem te word, het hy geredeneer, is maar slegs die begin van ’n gesprek en nie die finale antwoord nie.[43]

Slabbert het ’n verfynde en veelvlakkige begrip gehad van die verskeie maniere waarop Afrikaneridentiteit uitgedruk kon word. Sy uitgangspunt het meestal nie weerklank gevind in die beskouinge van sy Engelssprekende Prog-kollegas nie. Toe hulle byvoorbeeld in die 1980’s vir Eugene Terreblanche en sy verregse Afrikanerweerstandsbeweging kortweg en onomwonde van die tafel gevee het, het Slabbert ’n ander siening gehad. Hy was bereid om met Terreblanche in gesprek te tree, al het Terreblanche, soos hy gesê het, “nie dieselfde tafelmaniere” as ek nie.[44] Terreblanche se bombastiese en rassistiese optrede, het Slabbert verduidelik, was die gevolg van ’n “latente minderwaardigheidsgevoel en gebrek aan selfvertroue”. Onder al die dreigtaal het ’n “natuurlike hartlikheid en ruimhartigheid” geskuil. Slabbert het vermoed dat Terreblanche in werklikheid, sonder om dit te besef, ’n Afrika-begrip van gasvryheid en vreedsame saambestaan in

41 Slabbert, *Tough Choices*, p 88.
42 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.D4.22.2, “Afrikaner – Quo Vadis: Die Afrikaner: Nou en die Toekoms”, 1999.
43 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, Kaapstad, 1999, p 6.
44 *City Press*, 2 Augustus 1987, “Slabbert wants to meet Eugene”.

hom omgedra het. Daar was, volgens Slabbert, geen twyfel dat Terreblanche, as ’n wit mens, op ’n unieke en spesiale wyse Afrikaan was nie. Hy het dit wat Europa kultureel, filosofies en ekonomies gedurende die afgelope eeu beleef het, misgeloop. En dit is sigbaar. Die tragedie wat bly spook is dat hy ’n wit Afrikaan was wat geweier het om sy eie kontinent en mense te aanvaar.”[45] Slabbert mag hom dalk effens misgis het wat Terreblanche se ruimhartigheid en eendimensionele aannames oor Afrika-kultuur betref, maar die feit bly staan dat hy ’n nuwe siening van Terreblanche en Afrikaneridentiteit gehad het wat min ander kommentators bereid was om te akkommodeer.

Op akademiese vlak het Slabbert onderskei tussen wat primordiale sienings van etnisiteit genoem kan word en meer histories relativistiese uitgangspunte. Primordiale sienings impliseer dat etniese identiteit inherent is, feitlik geneties bepaal en oorgedra, terwyl ’n histories relativistiese standpunt redeneer dat dit verduidelik kan word in terme van die maatskaplike en politieke omstandighede wat in ’n spesifieke historiese tydsgewrig heers om groepsidentiteit te versterk. In die lig hiervan het Slabbert etnisiteit as ’n veranderlike gesien waar persoonlike ervarings kan varieer na gelang van objektiewe veranderlikes.[46]

Hy was skepties teenoor akademici wat in essensialistiese, metafisiese terme aan Afrikaners gedink het. Een voorbeeld wat hy aangehaal het was dié van ’n historikus, die vaderlike prof. Bun Booyens, vir wie ’n Afrikaner iemand was wat met sonsondergang die getinkel van melkkanne en gekoer van duiwe gehoor het,[47] dit op ’n tyd wat Afrikaners reeds grootliks verstedelik het, het Slabbert opgemerk. Hy het later verklaar dat hy die meeste van sy onderrig- en akademiese lewe bestee het om ’n ideologie te opponeer wat “die Afrikaner” behandel het as ’n soort ahistoriese organismiese geheel met ’n kollektiewe intellek en siel wat van onderdrukking en vervolging bevry moes word. Geskiedenis is

45 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430. E1.3, “Article for Andre Brink”, 1 Desember 1987.

46 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.D4.22.2, “Afrikaner – Quo Vadis: Die Afrikaner: Nou en die Toekoms”, 1999.

47 FvZ Slabbert, *The other side of history: An anecdotal reflection on the political transition in South Africa*, Kaapstad, 2006, p 2.

bedink om geregtigheid en vergelding te regverdig. Lyding het 'n verskoning vir intellektuele en politieke tirannie geword. En tog het die meeste van "die Afrikaners" wat so uitgesproke hieroor was, gerieflike middelklaslewens geleef en nooit enige van die ontberings waaroor hulle so kwaad geword het ervaar nie en onkunde geveins oor die swaarkry wat hulle ander opgelê het.[48] In sommige opsigte was dit 'n oorvereenvoudiging van 'n veel komplekser Afrikaner-geskiedenis, maar as 'n kort opsomming van hoe dimensies van Afrikaner-geskiedenis aan 'n ideologie verbind is, dra dit wel gewig.

Slabbert was spesifiek onthuts oor wat hy beskou het as Afrikaners se blinde kolle in hul siening van hul geskiedenis. Vir hom was dit verstommend dat Afrikaners wat 'n lang geskiedenis van Britse onderdrukking gehad het, nie in staat was om te sien dat hul beleide teenoor swart mense op dieselfde neergekom het nie. In hierdie verband, het Slabbert geredeneer, het die Afrikaner die dominante posisie teenoor swart mense ingeneem, net soos die Engelse vroeër teenoor die Afrikaners. Dit was as gevolg van die ideologiese regverdigings vir apartheid, wat Afrikaners ontvanklik gemaak het vir die gedagte dat apartheid eintlik in almal se beste belang was, dat Afrikaners nie besef het dat die begeerte na vryheid wat vroeër Afrikaner-aktiviste en -politici aangevuur het, identies was aan die begeerte na vryheid van die swart mense in die 1980's nie.[49] Dit was 'n punt wat hy graag beklemtoon het. Tydens een van sy onderhoude met die Afrikaanse pers nadat hy in 1974 tot die parlement verkies is, het hy beklemtoon dat dit vir hom van die uiterste belang was om nie dieselfde foute as die Britte sewentig jaar vroeër te maak nie.[50] Alhoewel Slabbert se vergelyking akkuraat en oënskynlik gepas was, kan dit ook beskou word as ietwat instrumentalisties ten einde 'n politieke slag te slaan. Daarbenewens ontbreek 'n erkenning dat die Anglo-Boereoorlog en die gevolge daarvan beslissend was in die implementering van 'n amptelike Britse segregasiebeleid wat sedert 1902 vinnig veld sou wen.

---

48 Internet: Academic Freedom Lecture, Universiteit van Kaapstad, 2003.

49 *Die Suid-Afrikaan*, Winter 1986, "Hermann Giliomee in gesprek met Van Zyl Slabbert".

50 *Rapport*, 5 Mei 1974, "Van Zyl Slabbert, voel jy tuis daar?".

In die bespreking van Slabbert as ’n Afrikaner moet ook ingereken word dat, gegewe die politiek van die dag, sy identiteit gewig gedra het en dat dit ’n bate was wat die Progge goed te staan gekom het. In algemene Afrikaner-kringe was daar ’n neiging om kritiek van die Progge te verwerp as komende van buite die kudde, maar meer ag is geslaan op iemand wat kon aanspraak maak op die status van ’n lid van die binnekring. Soos Hermann Giliomee, historikus en politieke kommentator, opgemerk het: “Uit eie ondervinding weet ek dat Afrikaanse nasionaliste slegs na dié kritici luister wat opreg praat van ‘ons’ in dispuut met hulle.”[51] Slabbert was in so ’n posisie en dit het hom ’n voordeel gegee in onderhandelings met Nasionale Party-politici en regeringsamptenare.

Terselfdertyd het sy status as ’n Afrikaner die Afrikaner-establishment ’n uitdaging gebied. Voormalige Prog-leiers soos Jan Steytler mag moontlik dieselfde potensiaal gehad het, maar het nie daarin geslaag om so ’n sterk beeld te projekteer as wat Slabbert in staat was om te doen nie. As ’n politikus met ’n gewete, ’n opregte voorneme en skerp analitiese vaardighede, het sy kritiek ’n establishment wat gestreef het na fatsoenlikheid en morele geregtigheid soms beskaam. As ’n Afrikaner het hy meer van ’n doring in die vlees geword as wat andersins die geval sou kon wees. Om dieselfde rede moes hy ook bytende insinuasies verduur dat sy politiek ’n vorm van politiese verraad was – ’n beskuldiging wat Afrikaners gereeld gebruik het teen diegene wat volgens hulle uit die gelid getree het.[52] Ten spyte van sodanige insinuasies, kan ’n mens uit die blote feit dat sulke kwetsende opmerkings gemaak is, aflei dat Slabbert se standpunte meegebring het dat sommige Nasionale Party-lede tot introspeksie genoop is om te besin oor wat dan “verraad” sou wees.[53]

Hoe dit ook al sy, Slabbert se identiteit as ’n Afrikaner het gehelp om die openbare beeld van die Progge te verander.

51 Giliomee, “Golden boy, golden opportunity: A note on Van Zyl Slabbert” in LeMaitre en Savage (reds.), *The passion for reason*, p 90.

52 Sien byvoorbeeld, *Debatte van die Volksraad*, 18 April 1975, kolomme 4434-4435.

53 Privaat versameling, Paul Cassar, kassetopname van onderhoud met Lawrie Schlemmer, 14 September 1984.

In Afrikaner-geledere is die party in die vroeë 1970's dikwels neerhalend afgemaak as nouliks meer as 'n protesbeweging met weinig politieke invloed en hoofsaaklik bestaande uit welgestelde Engelssprekendes wat die party nodig gehad het om hul gewetens te sus. Daar is berig dat dit lyk asof Slabbert weggebreek het van die tradisie aangesien hy die "enigste stamgebonde Afrikaner aan die Prog-front" geword het.[54] In die daaropvolgende jare het dit geblyk dat waarde uit Slabbert se Afrikanerskap geput kon word. Slabbert het die dikwels verskuilde gevare in so 'n situasie ingesien. So krities soos wat hy teenoor die Afrikanerdom was, so bewus was hy daarvan dat die Engelssprekende establishment hom soms slegs as 'n simbool beskou het. Hy het partykeer gevoel dat sommige van die "ou Progge" regtig die Afrikaner verag het en dat deel van hulle teenkanting teen apartheid verstrengel is met hul antipatie teenoor Afrikaners.[55] In 'n onbewaakte oomblik sou die bekende Helen Suzman byvoorbeeld na Slabbert se omstrede bedanking uit die parlement en as leier van die opposisie haar etniese afkeure laat blyk toe sy teenoor 'n medeparlementslid opgemerk het: "What do you expect of a bloody Afrikaner?"[56]

Aangesien Slabbert hom vroeg van georganiseerde Afrikanerdom gedistansieer het, het die gedagte om te probeer om op 'n etniese grondslag steun te mobiliseer nooit by hom opgekom nie. Die Afrikaner-lewe was vir hom meer as bloot politiek. Breyten Breytenbach het die konstitutiewe dele opgesom: Slabbert was en is 'n onbeskaamde Afrikaner met 'n diep liefde vir Afrikaanse poësie en 'n verknogtheid aan gasvryheid, humor en sportrituele.[57]

Tydens die post-apartheid oorgang het Slabbert se empatie met en begrip vir die Afrikaner-dinamika hom 'n gewilde spreker by verskeie Afrikaanse geleenthede gemaak. Die ideologiese verwarring en gebrek aan rigting by baie lede van die gehoor het 'n

---

54 *Rapport*, 5 Mei 1974, "Van Zyl Slabbert, voel jy tuis daar?".

55 A Boraine, "An amalgam that worked" in LeMaitre en Savage (reds.), *The passion for reason*, p 38.

56 M du Preez, *Pale Native: memories of a renegade reporter*, Zebra Press, Kaapstad, 2004, p 145.

57 B Breytenbach, "The slow quickness of life (*thinking about my friend, the Chief)*" in LeMaitre en Savage (reds.), *The passion for reason*, p 14.

besliste indruk op hom gelaat. Die gemaklike en gevestigde wêreld waaraan hulle gewoond was het in party opsigte inmekaargestort. Hy het die omgewing waaruit hulle kom geken, het hy gesê, want hy was aan die identiese invloede blootgestel en het besef hoe swak hulle voorberei was om met die nuwe Suid-Afrika gekonfronteer te word.[58]

Hierdie soort begrip het hom dalk voorbestem om by die eeuwisseling en in die daaropvolgende jare standpunt in te neem in die taaldebatte oor Afrikaans as onderrigtaal by tersiêre instellings. Hierdie debatte het op al die kampusse plaasgevind wat histories Afrikaans was, maar was veral intens by Slabbert se alma mater, Stellenbosch. Stellenbosch is in 1918 eksplisiet gevestig as 'n oorwegend Afrikaanse universiteit, maar het altyd 'n geringe aantal wit Engelssprekende studente gehad. Hulle het veral onder die bewind van die Nasionale Party na Stellenbosch gekom om, onder andere, hul Afrikaans te verbeter. Dit was omdat Afrikaans vroeër die dominante taal in die staatsdiens en in van die ander sektore van die professionele lewe was waar tweetaligheid hoog geag is.

Soos wat die post-apartheid wêreld egter nuwe veranderinge in taalgebruik laat posvat het, en Engels toenemend die lingua franca geword het, kon Afrikaans nie anders as om geaffekteer te word nie. Sedert 2000 het hierdie verandering 'n meer kragdadige uitwerking as voorheen op Stellenbosch gehad. Wit Engelssprekendes het in groter getalle as voorheen na die kampus gestroom; hierdie keer nie noodwendig om Afrikaans te leer nie, maar as gevolg van sistemiese institusionele aangeleenthede en verval by voormalige wit Engelssprekende universiteite.

Verder het, onder 'n beleid van oop toegang vir almal, meer swart studente met slegs Engels as akademiese taal, ingeskryf. Die Universiteit se taalbeleid is aangepas en het deur verskillende permutasies gegaan ten einde diens te lewer aan verskillende

58 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 27. Sien ook *Insig*, September 1997, "Praat jou uit die verlede uit". Vir 'n soortgelyke algemene perspektief, sien T Blaser, "'I don't know what I am': the end of Afrikaner nationalism in post-apartheid South Africa", *Transformation*, 80, 2012, pp 1-21.

taalgroeperinge. Die risiko was dat Afrikaans heeltemal gemarginaliseer kon word en dat bruin Afrikaanssprekende studente ook benadeel kon word.[59]

Slabbert het geredeneer dat, gegewe die Suid-Afrikaanse taaldemografie, daar minstens plek moes wees vir een oorwegend Afrikaanse universiteit. Hy het ook gewaarsku teen die poging om in albei tale in dieselfde klas te onderrig, iets wat een van die opsies was. Vir hom was dit bloot "pedagogiese onsin". Hy het gereken dat óf die een óf die ander groep waarskynlik daaronder sou ly. Sy standpunt het die toorn van die groepe wat ten gunste van die nuwe taalreëlings was, gewek en hy is, verkeerdelik, gesien as sou hy hom by die wit regse groepe skaar.[60] Slabbert se posisie was meer gesofistikeerd, hoewel nie altyd ten volle ingelig oor die institusionele taaldinamika nie. Hy het besef dat Afrikaans, as gevolg van apartheid, substansiële politieke bagasie dra, maar dit was nie voldoende rede om die taal oorboord te gooi nie. Dit was volgens hom eerder 'n uitdaging om 'n taal met soveel bekoring en uitdrukkingsvermoë te herverbeel en op tersiêre vlak te laat herleef in 'n tyd van onvastheid en oorgang.[61] Om die hoër orde status van die taal in te kort op 'n kampus met diep Afrikaanse wortels en 'n hinterland so deurknee in Afrikaans, sou nie in daardie soeke van hulp wees nie, nog sou wit en bruin Afrikaanssprekendes voordeel trek uit so 'n ontwikkeling.

In die algemeen het Slabbert se assosiasie met en gevoel van Afrikaans-wees verskeie kenmerke gehad: reflektiewe, introspektiewe, genuanseerde, selektief tog ongeïnhibeerde deelname aan die Afrikaanse kulturele lewe, en ook afwysend van elemente waarop identiteit vertolk is. Hy het nooit gepoog om die identiteit heeltemal te verwerp in 'n poging om 'n nuwe een te ontwerp om by veranderde omstandighede aan te pas nie. Omdat Slabbert wat dít betref nie 'n fetisj gemaak het van Afrikaans-

59 Hierdie opsomming is gebaseer op A Grundlingh, "Afrikaner nationalisme en taal: US 100", Stellenbosch, 2018. Sien ook P Kapp, *Maties en taal*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2013.

60 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.E 3.21.1, "Taaldebat", Mei 2006.

61 *Insig*, September 1997, "Praat jou uit die verlede uit"; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbertversameling, 430. E3.20.1, "Wie en wat is 'Die Afrikaner'?", Junie 2006.

wees nie, was dit vir hom makliker om dit op sy eie voorwaardes, en amper as ’n bonus, te hanteer. Dit het hom ook in staat gestel om die dinamika van die Afrikaner-samelewing duideliker te verstaan as wat andersins die geval sou wees. Dit kan gedeeltelik teruggevoer word na die feit dat hy, van die begin van sy lewe af, nie die gebruiklike roete gevolg het wat vir “standaard” Afrikaners uitgelê is nie.

## Gesinslewe

Die universiteitsdorp Stellenbosch, bewoon deur duisende jong studente met borrelende hormone, het ’n romantiese aura: die eikelanings en witgepleisterde geboue omring deur indrukwekkende berge met asembenemde uitsigte en ’n kabbelende stroom wat deur grasgroen sportvelde vloei skep ’n pragtige toneel vir vele blinkoog-verhoudings. Uiteraard het vele jong studentepaartjies hul lewensmaats op hierdie pragtige kampus ontmoet.

Een van hulle was Frederik van Zyl Slabbert, en hy het nie ver gesoek vir sy aanstaande eggenote nie. Mana Jordaan, wat soos hy in die sosiologie gestudeer het, se pa was ’n dominee van ’n Stellenbosse NG-gemeente, en haar ma was ’n dosent in Engels. Sy en Slabbert was ewe oud, en sy was besonder aantreklik. Intellektueel was hulle op dieselfde peil en sy was boonop ’n gerekende sangeres wat ’n beurs na die Oostenrykse hoofstad Wene verower het, maar toe nie soontoe is nie. Sy het hom op kampus raakgesien voordat hy van haar bewus was en die feit dat hulle dieselfde klasse bygewoon het, het die vlamme aangeblaas. Slabbert is gereeld na haar huis genooi en hy het tuis gevoel by die Jordaan-familie, by wie hy ook universiteitsvakansies deurgebring het. Omdat hy sedert sy kinderjare so min tyd tuis kon deurbring was dit vir hom aangenaam om deel van ’n gesinslewe uit te maak.[62]

62 Gebaseer op Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Mana Jordaan CV, 1987; onderhoud met Hermann Giliomee, 14 Desember 2018; onderhoud met Jannie Gagiano, 4 September 2018; *Fair Lady*, Oktober 1974, “Oh lucky girl”.

Hulle is in 1965 getroud toe albei 25 jaar oud was, en hul twee kinders, Tania en Riko, is in onderskeidelik 1967 en 1970 gebore. Toe hulle in Johannesburg gewoon het, het Slabbert se halfbroer, Sean Taylor, ook by hulle gebly nadat Slabbert (en Sean) se ma oorlede is. Hy het ook in Kaapstad by hulle gebly, en het drama gestudeer aan die Universiteit van Kaapstad. Slabbert het wettiglik sy voog geword, hom ondersteun en aangemoedig in sy studies, borg gestaan vir sy universiteitsgeld en hom gehelp om as ’n akteur in eie reg te ontwikkel.[63]

Nadat Slabbert parlementslid geword het, het die egpaar ’n beskeie huis in Rouwkoopweg 55, Rondebosch, aangekoop. Slabbert het dus gewoon in die kiesafdeling wat hom verkies het. Hulle het elke maand wit en swart gaste vir ’n byeenkoms na hul huis genooi. Dit was informele, onpretensieuse geleenthede met genoeg wyn, ’n pot kerrie wat Mana gemaak het, en baie koppies koffie.[64]

Die kinders het in ’n baldadige huis grootgeword. ’n Joernalis wat ’n onderhoud met die egpaar gevoer het kort nadat hulle hul nuwe huis in Rondebosch betrek het, het die vrolike interaksie tussen Mana en haar kinders beleef. Die joernalis skryf dat die kinders in die badkamer was toe ’n jong stemmetjie uitroep: “Jou ma is ’n ou heks!” Mana Slabbert het by die kombuis ingeglip, ’n besem gegryp en daarmee by die badkamer ingeseil met ysingwekkende gille: “Ek is ’n heks, ’n heks, ’n heks!” Tania en Riko het poedelnakend voor hul ma uitgehardloop, kamma lekker vreesbevange. “Ons het soveel pret saam”, het Mana gesê.[65] Sulke malse plesierigheid is afgewissel deur ’n verantwoordelikheidsgevoel by die kinders te vestig. Hulle moes byvoorbeeld sorg dat al hul speelgoed netjies weggepak is voordat hulle ’n slaaptydstorie kon hoor. In die Slabbert-gesin is daar ook baie gesing. “Mana gryp die kitaar”, het die joernalis berig, “en haar sopraan kombineer met Van Zyl se tenoor vir ’n ou ballade of een van die nuwe *folk*-treffers”. Dit het gelyk na hul

---

63 *Sunday Times*, 3 November 1985, “Me and my brother Van, by actor Sean”; Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Mana aan Dian Joubert, 24 Januarie 1974.

64 *Fair Lady,* Oktober 1974, “Oh lucky girl”.

65 Ibid (vertaling).

gunsteling-stokperdjie, "spontaan, ontspanne en glad nie vooraf ingeoefen nie".[66]

Mana het haar beroepslewe op 18-jarige leeftyd begin as 'n studenteverpleegster, en toe gaan studeer in die sosiologie voordat sy dosent geword het, eers aan die Universiteit van Wes-Kaapland en later aan die Universiteit van Kaapstad.[67] Haar aanvanklike werk as 'n jong verpleegster en haar studies in maatskaplike werk en sosiologie het gedui op 'n belangstelling in gemeenskapskwessies wat met sommige van haar eggenoot se sosiologiese spesialisveld oorvleuel het. Haar gesin het die onmiddellike voordeel getrek van haar belangstelling in 'n omgee-beroep soos maatskaplike werk. Tania het baie positiewe herinneringe aan haar ma uit hierdie vroeë tydperk en onthou haar as 'n passievolle, liefdevolle omgeemens.[68]

Die kinders was ewe lief vir hul pa, maar dit het hulle 'n ruk geneem om die openbare en private aspekte van hul pa se lewe te verwerk. Hulle het dit mooi uitgedruk met die viering van sy sewentigste verjaardag:

> Ons kon jou altyd sien op advertensieborde, op verhoë en op openbare platforms, in koerante en op TV, en ons sou ons verwonder aan hierdie oorheersende teenwoordigheid, met sy formidabele intellek en boeiende toesprake, waarvan ons aanvanklik so min kon verstaan. Ons was baie trots op jou, maar ons het hierdie magtige man met al die bewonderende volgelinge nogal intimiderend gevind. Was dit werklik dieselfde ou wat ons van die kar af bed toe sou dra na 'n aand by vriende, en ons al die pad sou kielie? Toe word ons groot en ons weet jy was al daardie mense.[69]

Slabbert was nie 'n konvensionele pa wat getrou skoolkomitee-vergaderings bygewoon het of allerlei herstelwerk in en om die huis gedoen het nie. Hy was trouens bitterlik onhandig. Tania

66 Ibid (vertaling).
67 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Mana Jordaan CV, 1987.
68 Onderhoud met Tania Slabbert, 31 Oktober 2018.
69 Tania en Riko Slabbert, "Introduction" in *The passion for reason*, p 3 (vertaling).

onthou goed hoe 'n boekrak wat hy opgesit het, op haar geval het toe die kat daarop spring.[70] Slabbert het vir Tania en Riko as kinders min of meer toegelaat om te doen wat hulle wil in die huis. Hy het saam met hulle gaan kamp en hulle het geswem by Bettysbaai naby Hermanus. Hy sou soms ietwat gewaagd wees deur hulle in die motor sonder sitplekgordels op sy skoot te laat sit en bestuur, al het hulle partykeer op 'n boom afgepeil. Toe hulle tieners was sou hy hulle van tyd tot tyd met die grootste entoesiasme vroeg smôrens uit die bed dwing om saam met hom in die woud te gaan stap nadat hulle 'n laat nag gehad het.[71] Somtyds het die vrygeestigheid wat hy by hulle aangemoedig het, hulle as tieners die grense van ouerbeheer laat toets, hoewel dit eintlik nooit juis op veel anders as tipiese opwindende tieneravonture uitgeloop het nie.[72]

Slabbert het nie sy kinders in watte toegedraai nie, wat seker begryplik is gegewe die omstandighede waarin hy as kind grootgeword het. Toe hy hulle leer skaak speel het, was hy byvoorbeeld genadeloos. Hy sou nie met voorbedagte rade verloor nie; as hy hulle ooit sou laat wen, het hulle dit beslis nie agtergekom nie. In 1992 het Slabbert gesê: "... ek het min of meer van hul geboorte af 'n volwasse verhouding met my kinders gehad. Ons het 'n baie volwasse verhouding. Ek bedoel ons gee ten diepste om vir mekaar, maar hulle moes nog altyd self op hul voete land. Ons het saam onstuimige tye deurgemaak."[73]

Hy was baie bedag daarop om nie te verwag dat sy kinders in sy voetspore volg nie. Toe Riko na drie jaar nie die mas opkom op universiteit nie, het hy hom aangemoedig om 'n ander loopbaan te volg. Dit was nie vir Riko nodig om 'n "boekwurm" soos sy pa te word nie.[74] Hoewel dit soms vir Tania en Riko moeilik moes

70 Onderhoud met Tania Slabbert, 31 Oktober 2018; Tania en Riko Slabbert, "Introduction" in *The passion for reason*, p 1.
71 Tania en Riko Slabbert, "Introduction" in *The passion for reason*, p 3.
72 Onderhoud met David Dietrich, 24 Maart 2018 (Dietrich het die familie geken); onderhoud met Tania Slabbert, 3 Mei 2019.
73 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.22.48.1, Mark Behr, "Anchor man or Super Van?", 1992 (vertaling); Onderhoud met Tania Slabbert, 31 Oktober 2018.
74 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.22.48.1, Mark Behr, "Anchor man or Super Van?", 1992

gewees het dat hulle nooit kon ontsnap aan hul pa se aansien, status en openbare beeld nie, is hulle nie deur sy skadu verdwerg nie. Hulle het trouens by geleentheid eerlik aan hul pa gesê: "Ons het nooit in jou skadu gestaan nie; ons het by jou gestaan in die middagson en gefloreer in jou lig."[75]

Hoewel hulle mekaar wedersyds gerespekteer het, het Mana en Van Zyl 'n komplekse en soms stormagtige verhouding gehad. Albei was baie wel ter tale en belese, en hulle het nie weggeskram van 'n argument nie. "Van Zyl en ek het dikwels snags gestry", het Mana 'n slag aan 'n joernalis gesê, "en een van sy gunstelingfrases is 'jy praat nonsens'."[76] Na haar mening was Slabbert soms geneig tot 'n "krisismentaliteit"[77] wat sake by tye onnodiglik geproblematiseer het. Hoe dit ook al sy, Mana was 'n persoon in eie reg, soos mens onder meer kan aflei uit 'n brief wat sy aan 'n vriend geskryf het toe hulle van Johannesburg af Rondebosch toe getrek het: "Tussen ons gesê, ek weier om vir hom (Van Zyl) as versiering te dien in Rondebosch."[78] 'n Medesosioloog was van mening dat Slabbert miskien selfs 'n bietjie bang was vir sterk vroue wat hom teengegaan het.[79] Aan die ander kant het dit dalk van die spesifieke verhouding afgehang; Slabbert en Annie Gagiano, 'n hegte vriendin en dosent in Engels aan die Universiteit Stellenbosch wat bekend was vir haar reguit menings, het uitstekend oor die weg gekom.[80] Hoe ook al, gegewe die hardkoppigheid van die Slabbert-egpaar en die eksterne druk wat die politieke omgewing op hulle geplaas het, is dit dalk nie verbasend nie dat stryery tussen dié twee soms handuit kon ruk en dat dit op hardkoppige strydlustigheid kon uitloop.[81]

Nogtans het Mana haar bes gedoen om haar eggenoot se politieke loopbaan te ondersteun. Gedurende die uitmergelende 1981-verkiesingsveldtog het sy aan 'n joernalis gesê dat sy dit as

---

(vertaling).

75 Tania en Riko Slabbert, "Introduction" in *The passion for reason*, p 3 (vertaling).

76 *Fair Lady*, Oktober 1974, "Oh lucky girl" (vertaling).

77 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Mana aan Joubert, 24 Januarie 1974.

78 Ibid.

79 Heribert Adam, e-pos aan skrywer, 5 April 2015.

80 Tania Slabbert, e-pos aan skrywer, 30 Oktober 2019.

81 Onderhoud met Tania Slabbert, 31 Oktober 2018.

haar taak sien "om nie net my man ten volle te ondersteun nie, maar ook 'n rustige huis te bied waarheen hy van sy politieke reise kan terugkeer en ontspan – en gesels en sy kinders kan geniet en die duiwe in die agterplaas kan voer as hy wil." Sy het ook aangevoel "dat hy nou op die stadium is dat hy dit dringend nodig het ...."[82]

Maar die politieke druk kan genadeloos wees. Reeds toe hy leier van die opposisie geword het, het Van Zyl gevoel "die bykomende druk van die nuwe posisie het 'n verslegtende invloed op my huishoudelike situasie".[83] Mana het in hierdie stadium aan vriende geskryf: "Dit gaan 'n taai tyd wees en jul steun sal waardeer word. En kan ons julle in die middel van die nag bel indien nodig?"[84]

Die ongewone leefstyl, druk en stres weens Slabbert se gedurige afwesigheid het hul tol begin eis. Mana kon nie help om alleen te voel nie, en soms kwaad of gefrustreerd geraak, veral as Van Zyl homself onbereikbaar teruggetrek het nie. Hy was geneig om so geheel en al op 'n kwessie te fokus dat hy alles anders sou uitsluit.[85]

In 1983 is die huwelik ontbind. Van Zyl het later verduidelik:

> Die politiek het ongetwyfeld geweldige druk op ons verhouding geplaas en sy het haar bes probeer om so ondersteunend moontlik te wees in wat seker vir haar net so 'n vreemde wêreld was as wat dit vir my was. Duidelik het ons mekaar misverstaan en seergemaak. Op die ou end het die foute opgebou en nuwe foute het ou foute vererger in 'n siklus van vervreemding wat onhoudbaar geraak het. Nou is ek net dankbaar dat daar genoeg deernis behoue gebly het dat ons stry teen bitterheid en dat ons liefde vir ons kinders nie daardeur besoedel is nie.[86]

82 *Rand Daily Mail*, 28 April 1981, "The Slabbert factor" (vertaling).
83 Slabbert, *White Parliament*, p 64 (vertaling).
84 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Mana – Almal, 18 September 1979.
85 Onderhoud met Tania Slabbert, 31 Oktober 2018.
86 Slabbert, *White Parliament*, p 101 (vertaling).

Hy het voorts later toegegee dat hy 'n waardevolle les uit sy mislukte eerste huwelik geleer het: "Dit het my geleer om bewus te wees van die feit dat ek nie kan toelaat dat my loopbaan, of moet ek eerder sê my betrokkenheid, wat nogal intens kan raak, my afsny van die mense naaste aan my nie."[87]

Van Zyl was versigtig om nie toe te laat dat sy private lewe in die openbare oog afspeel nie. Dit was maar selde dat hy openlik oor verhoudings gepraat het. Sy aantreklike voorkoms en gemaklike omgang met mense het gelei tot gereelde gerugte van "ander vroue". In sy parlementêre dae en ook daarna het hy 'n reputasie as 'n Don Juan gehad. "Dit is beslis nie 'n weerspieëling van hoe ek is nie", het hy hom meer uit verleentheid as woede verdedig teen sulke bewerings. "My vriende weet dat ek geen Don Juan is nie en eerlikwaar", het hy aan 'n verslaggewer laat blyk, "ek dink hulle sal hulle doodlag as hulle moet hoor ek word as sulks beskryf." Hy het geweier om te praat oor "minnaresse of sulke dinge".[88] Slabbert se ontkenning beteken nie dat daar nie flirtasies was deur hom of deur Mana nie.[89] Dit het egter nooit ontwikkel tot morsige affairs nie, en het blykbaar ook nie die ontbinding van hul huwelik verhaas nie.

Van Zyl is op 21 April 1984 weer getroud, met Jane Stephens van Swaziland (tans eSwathini). Haar pa was Bob Stephens, Swaziland se voormalige minister van finansies. Volgens Slabbert het hy "op die goeie outydse manier verlief geraak".[90] Van Zyl en Jane Slabbert het ontmoet by die doop van Gordon Waddell se kind. Waddell was 'n invloedryke lid van die PFP wat die kiesafdeling Johannesburg-Noord sowat drie jaar lank in die parlement verteenwoordig het. Waddell het Jane en Van Zyl gevra om die kind se peetouers te wees. Dit was 'n onbeplande ontmoeting en Jane onthou hy het haar gevra hoe maak mens om Swazilandse

87 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.22.48.1, Mark Behr, "Anchor man or Super Van?", 1992 (vertaling).
88 Ibid (vertaling).
89 Oor Slabbert, onderhoud met David Dietrich, 24 Maart 2018. (Dietrich het die familie geken.) Oor Mana onderhoud met Klaus Baron von der Ropp, 31 Augustus 2018. Von der Ropp het ook in die familiekring beweeg.
90 Slabbert, *White Parliament*, p 101 (vertaling).

burgerskap te kry. Sy het grappenderwys geantwoord: "Trou met my!"[91]

Hoewel Jane in 'n politieke familie grootgeword het, het haar belangstellings meer in die rigting van die kunste gelê. Sy was baie betrokke by die gesin se wewery-onderneming wat sedert die ontstaan daarvan in 1949 in die pragtige Piggs Peak-omgewing tot internasionale bekendheid uitgebou is. Jane was 'n saggeaarde vrou wat ook sag gepraat het en aan 'n private skool in Johannesburg haar onderrig ontvang het. Sy het Slabbert volkome ondersteun maar nie op sy terrein ingemeng nie. Haar eie loopbaan het haar besig genoeg gehou en sy was lief om haar vir tydperke af te sonder sodat sy haar energie kon fokus. Sy het probeer om 'n gesellige en rustige huis te skep, hoewel sy uiteraard moes aanpas by die verandering wat noodwendig sou volg noudat sy met 'n prominente politikus getroud was. Slabbert het op sy beurt baie goed aangepas by die relatiewe rustigheid van landelike Swaziland.[92] Boonop het hy elke dag saam met Jane as "nuut en vars" ervaar, en opgemerk dat sy "'n suksesvolle aanslag op sy sinisme" geloods het.[93] Dit kon nie altyd maklik gewees het nie. Slabbert was geneig om ongeduldig te raak, terwyl alledaagse praktiese beuselagtighede hom maklik kon irriteer; hy het 'n weersin daarin gehad om in rye by die lughawe te wag en as hy motor bestuur het, het hy dikwels te vinnig gery.[94]

Nog 'n belangrike persoon in Slabbert se lewe was sy jarelange sekretaresse, Jenny Nothard. Sy was puntenerig oor administratiewe kwessies en benewens haar alledaagse take het sy toegewyde belangstelling in die welsyn van die Slabbert-gesin getoon wanneer dit nodig geword het.[95] Slabbert het groot waardering gehad vir die huiswerkers wat hy en Jane in diens gehad het, te wete Bibi Msweli in Swaziland en Betty Dladla in Johannesburg. Hulle was meer as twintig jaar lank by hom in

---

91 Onderhoud met Jane Slabbert, 30 Julie 2017 (vertaling). Sien ook *Evening Post*, 17 April 1985, "Marriage changed her life greatly".
92 Onderhoud met Jane Slabbert, 30 Julie 2017.
93 Slabbert, *White Parliament*, p 101 (vertaling).
94 Onderhoud met Jane Slabbert, 30 Julie 2017. Sien ook Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in *The passion for reason*, p 55.
95 Onderhoud met Tania Slabbert, 31 Oktober 2018.

diens, tot in sy laaste lewensdae. Slabbert was altyd 'n vrygewige mens, en hy het betaal vir hulle om saam met 'n vriendin van Jane die Franse hoofstad Parys te besoek – 'n belewenis wat hulle altyd bygebly het.[96]

## Vriende

Slabbert was in 'n mate iemand met argetipies manlike gewoontes en uitgangspunte, miskien deels omdat hy soveel van sy jeugjare in koshuise deurgebring het waar mens oorleef het deur sekere kodes te ken en bepaalde rituele te deurstaan. Hy het 'n gevoel van robuuste manlikheid uitgestraal wat soms uitdrukking gevind het in spontane mansvriendskappe. Sulke begripvolle onderlinge verhoudings het hy verkwikkend gevind.[97] Noodwendig het dit 'n mate van wederkerigheid ingesluit. Dit is "die aard van vriendskap," het hy opgemerk, "mens kan mos nie lewe asof alles moontlik is, maar niks is nodig nie."[98]

Hy het langdurige vriendskappe geniet met mense soos die verfrissende Jannie Gagiano, voortspruitend uit hul Stellenbosse studentedae.[99] So het hy ook hegte bande behou met Ian Jones, wat saam met hom in Stellenbosch se eerste rugbyspan gespeel het. Jones was op Stellenbosch bekend as 'n rebel – presies die soort mens van wie Slabbert sou hou. Jones het genoegsaam akademies uitgeblink om 'n Rhodes-beurs na Oxford te verower. Daar het hy die Universiteit verteenwoordig in rugby en boks, terwyl hy ook akademies goed gevaar het. Toe Slabbert Oxford in 1964 met 'n reisbeurs besoek het hy en Jones hul vriendskapsbande hernieu. Die twee vriende het agtergekom hulle is op presies dieselfde dag gebore (2 Maart 1940) wat volgens Slabbert "gelei het tot een van die langste en baldadigste feesvieringe wat ek kan onthou". Hul vriendskap het oorleef, en wanneer Slabbert ook al in Londen was, het hulle na dieselfde Griekse restaurant gegaan "om te sing en te dans en te skel op die duiwel tot in die vroeë oggendure".[100]

96 Jane Slabbert, e-pos aan skrywer, 29 Oktober 2019.
97 Slabbert, *White Parliament*, p 87.
98 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.A. 25.1, Slabbert aan Carlisle, 31 Maart 1986 (vertaling).
99 Sien hoofstuk 1.
100 Slabbert, *White Parliament*, pp 100-101 (vertaling).

Gewoonlik het hy akademici verkies bo politici omdat hy van mening was dat hulle meer geneig was om ’n oop gemoed te openbaar as politici met hul gevestigde belange. Terselfdertyd was hy terdeë bewus dat akademici gruwelik kan tekort skiet met die oplos van praktiese probleme en uitdagings.

Sy akademiese vriende het geografiese grense en vakdissiplines oorspan. Onder hulle was die Duits-Kanadese sosioloog Heribert Adam, die Duitse politieke wetenskaplike Theo Hanf, en Suid-Afrikaanse akademici soos die regskenner Nic Olivier, die politieke wetenskaplike David Welsh, die sosioloë Lawrie Schlemmer en Mike Savage, die politieke filosoof André du Toit, die filosoof Johannes Degenaar, die politieke wetenskaplike en ekonoom Francis Wilson, die ekonoom Jill Natrass, die politieke wetenskaplike Bill Johnson, die regspraktisyn John Dugard, en die historici Hermann Giliomee en Charles van Onselen. Hierdie akademici het onder mekaar verskil oor baie kwessies, maar oor die algemeen het Slabbert in hulle ’n skans teen onnadenkende moralistiese woede gevind. Hy het gehou van hul skeptiese ingesteldheid teenoor die groot teorieë oor maatskaplike veranderings sowel as hul teenstand teen geweld as metode om politieke verandering te laat plaasvind.[101]

Slabbert was ’n hegte vriend van die digter, skrywer, skilder en aktivis Breyten Breytenbach. Hulle het die eerste keer vlugtig ontmoet tydens die Universiteit van Kaapstad se somerskool in 1973, waar hulle dieselfde kritiese uitkyk op die politieke en letterkundige kultuur van die Afrikanerdom gedeel het. Slabbert het ’n lesing gegee oor letterkunde en die samelewing.[102] Terwyl Slabbert kort daarna die formele parlementêre politiek betree het, het Breytenbach in die teenoorgestelde rigting ontwikkel en by buitelandse ANC-politiek ingeskakel. Hy het gehoop om namens die ANC ’n wit weerstandsbeweging op die been te bring, maar hy is verraai en is in 1975 gearresteer voor so ’n beweging op koers kon kom. Dit het gelei tot nege jaar tronkstraf nadat hy aan die oortreding van die Wet op Terrorisme skuldig bevind

101 Slabbert, *White Parliament*, pp 55, 90, 92.

102 FvZ Slabbert, "Letterkunde en samelewing" in J Polley (red.), *Verslag oor die simposium oor Die Sestigers,* Human & Rousseau, 1973, pp 168-172.

is. Sy tronkbelewenisse is roerend op skrif gestel in *The true confessions of an albino terrorist.* Slabbert het as parlementslid die saak ten nouste gevolg en probeer om Breytenbach se situasie in die tronk te verbeter. Hy en ander mense het ook probeer om met die owerhede te probeer onderhandel oor vroeë vrylating. Na 'n komplekse burokratiese proses is Breytenbach twee jaar vroeg, in 1982, vrygelaat. In sy memoires het hy Slabbert se bydrae met dankbaarheid erken: "Hy is 'n diskrete en effektiewe persoon wat altyd bly opvolg het oor kwessies."[103]

Buite hierdie vriendekring het Slabbert, ten spyte van sy algemene bedenkinge oor politici, ook hier en daar vriendskapsbande met politici opgebou. Een van hulle was Harry Pitman, wat in 1976 'n tussenverkiesing in die kiesafdeling Durban-Noord vir die Progs gewen het, en later van 1981 tot met sy dood in 1984 die kiesafdeling Pinetown onder die vaandel van die PFP verteenwoordig het. Slabbert het in Pitman 'n geesgenoot gevind wat die lewe voluit geleef het. Pitman was 'n persoon van vele fasette: onder meer 'n omstrede advokaat wat vryheidsvegters ("terroriste", volgens die owerheid) reeds in die 1970's in howe verdedig het, 'n onkonvensionele plaasboer, die pa van ses kinders, maar ook 'n onvoorspelbare parlementariër wat dikwels afwesig was. Wanneer hy wel die parlement bygewoon het, kon sy toesprake soms sy opponent se argument stelselmatig vernietig, maar soms was dit net 'n gerammel. Hy was gedurig opgewek, en het nie gedink dat oordrewe waardigheid en beklemtoning van seremoniële praktyke en sosiale aanstellerigheid noodwendig gedoog moes word nie. Pitman is onverwags jonk oorlede en Slabbert sou later sê dat sy ontydige dood "'n gat in my menswees geslaan het".[104]

Slabbert was ook op goeie voet met Alex Boraine. Hulle het saam gaan kamp, vis gebraai op die strand en tot laatnag gesels. Volgens Boraine het Slabbert altyd gedroom daarvan dat hy en sy vriende op hul oudag elkeen 'n huis in Swaziland

103 B Breytenbach, *The true confessions of an albino terrorist*, Taurus, Johannesburg, p 274 (vertaling). Sien ook Slabbert, *White Parliament*, pp 93-100; Breytenbach, "The slow quickness of life" in *The passion for reason*, pp 5-8.

104 Slabbert, *White Parliament*, p 890 (vertaling). Sien ook pp 87-89.

sou kry, sosialiseer, oor die lewe sou nadink en sou redekawel. Oor die algemeen was Boraine van mening dat Slabbert "op sy gelukkigste was wanneer hy omring is deur goeie vriende vir wie hy kon vertrou". Slabbert en Boraine was gereelde huisvriende. Die kuiers is gekenmerk deur luidrugtige geselligheid, meters se boerewors wat gebraai is, dosyne lamstjops wat verorber is en – het Boraine spesifiek bygevoeg – "natuurlik gellings rooiwyn wat gedrink is".[105]

Wyn as katalisator vir geselligheid was 'n belangrike deel van Slabbert se sosiale lewe. Hy kon nogal ontevrede raak as 'n vriend 'n bottel wyn sou oopmaak en die kurkprop sou terugdruk nadat almal slegs een glas elk gehad het.[106] Heribert Adam, wat Slabbert goed geken het, het hom vergelyk met die Ierse akademikus, skrywer en politikus Conor Cruise O'Brien, van wie gesê is: "Hy was nie 'n proe-proeër soos Churchill nie, maar 'n sluk-slukker; hy het swaar rooiwyn gedrink asof dit limonade op 'n somerpiekniek is."[107] Hoewel Slabbert heelwat kon drink, het hy nie belaglik opgetree of 'n spektakel van homself gemaak nie. Hy het ook nie baie gedrink op tye dat dit 'n invloed op sy daaglikse pligte kon uitoefen nie.[108] Nietemin was die langtermyn gevolge van sy drinkgewoontes nie goed vir sy gesondheid nie.

Een van Slabbert se opvallendste karaktereienskappe was dat hy baie gedissiplineerd kon wees wanneer omstandighede dit vereis het, maar hy was ook soms geneig tot opvlieënde gedrag, met rasionaliteit en versigtigheid wat die wyk geneem het as hy buierig was. Dit het bygedra tot sy neiging om mense soms verkeerd op te som – dikwels tot sy nadeel, hoewel hy mense ook vinnig en akkuraat kon takseer. Hy het verwag dat sy vriende lojaal moet bly, en hy kon nogal van mense verwyderd raak as hy gevoel het hulle het hom in die steek gelaat. Hy het 'n hardkoppige streep gehad as hy eenmaal iets besluit het, maar hy kon ook sy

---

105 Boraine, "An amalgam" in *The passion for reason*, pp 42-43 (vertaling).
106 Onderhoud met Hermann Giliomee, 2 Julie 2018.
107 H Adam en K Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in *The passion for reason*, p 54 (vertaling).
108 Sien byvoorbeeld *Rand Daily Mail*, 28 April 1984, "The Slabbert factor". Die joernalis het berig dat Slabbert op die veldtog in 1981 net klein maaltye geëet, baie min gedrink en gereeld geoefen het.

siening oor vriende verander as omstandighede verander het.[109] So aanpasbaar soos hy was, so onversetlik kon hy ook wees.

In teenstelling met die gesellige wyse waarop Slabbert met hegte vriende verkeer het, was hy soms afsydig by politieke partyfunksies. Hy het nie by sulke geleenthede juis bande gesmee nie, want hy het nie gehou van die algemene politieke kompliment-uitdelery of die lofprysinge van partylede wat tog net graag met hul partyleier wou praat nie. Ray Swart, wat baie sulke geleenthede moes bywoon, kon nooit besluit of Slabbert se gedrag "te wyte was aan nederigheid of verveeldheid nie".[110] Heribert Adam het dit ook agtergekom. Hy noem dat Slabbert wel in ander se menings belang gestel het, maar hy kon vinnig verveeld raak met breedsprakige monoloë. As hy verveeld geraak het sou hy – selfs in private gesprekke – mompel asof hy skaars wakker is: "Is dit so?", wat aanduidend was "dat hy afgeskakel en belangstelling verloor het".[111]

Slabbert was vrygewig soverre dit sy onmiddellike vriendekring aangegaan het, maar hy was ongemaklik in groter gesellighede. Hy het krag geput uit interaksies met sy intellektuele gelykes en het gehou van positiewe en opbeurende mense. Maar sy eie jovialiteit was soms 'n masker vir 'n ingewikkelde persoonlike geskiedenis – hy het baie gesien, baie beleef, baie deurgemaak, baie probeer bereik en hy het geweet wat moontlik en onmoontlik was.

## Laaste lewensjare

Selfs voor Slabbert se sestigste verjaardag het hy 'n sekere moegheid begin uitstraal en 'n groeiende besef van sy eie sterflikheid. Hy het in 1997 as volg aan 'n vriend geskryf: "Die tyd stap aan en die ou Groot Beer wag vir ons almal totdat ons nie meer genoeg vissies het om hom te voer nie. Kom ons sorg dat

109 Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in *The passion for reason*, pp 52, 55; Breytenbach, "The slow quickness of life" in *The passion for reason*, p 15; Gagiano, "Who we were" in *The passion for reason*, p 25.

110 Swart, *Progressive Odyssey*, p 157 (vertaling).

111 Adam en Moodley, "Slabbert's opening of the apartheid mind" in *The passion for reason*, p 55 (vertaling).

ons mekaar gou weer sien. Per slot van rekening bestaan die lewe eintlik net uit ’n paar goeie vriende en ’n paar goeie argumente en dan is dit ook verby.”[112]

Maar sy laaste lewensdekade het ’n paar verrassings opgelewer, soos toe sy alma mater, die Universiteit Stellenbosch, hom in 2005 nader gehark het om ’n beleid oor koshuisontgroening te help saamstel. Die kroon is gespan toe dieselfde universiteit hom in 2008 die eer aandoen om hom kanselier te maak. Diegene wat hom genomineer het as kandidaat vir die kanselierskap was van mening dat hy die beste produk was wat die universiteit in die 1960’s opgelewer het.[113] Dit was vir hom ’n soort tuiskoms en ’n eer wat vir hom regtig baie beteken het. “Stellenbosch is ’n uitsonderlike universiteit en sal dit altyd bly”, het hy gesê tydens sy inhuldiging deur die rektor en visekanselier, Russel Botman. “Vandag is ’n uitsonderlike dag om aan u sowel as aan die universiteit te sê dat ek in hierdie rol u nederige dienaar sal bly.”[114] Hy was ook baie bedag daarop om te onderskei tussen sy bydrae as politieke analis aan die een kant, en sy rol as kanselier aan die ander kant.

Slabbert was baie in sy skik met sy nuwe rol, maar sy ampstyd het nie lank geduur nie. Sy gesondheid het vinnig agteruitgegaan, veral na hy in 2008 wat as ’n “klein beroerte” beskryf is, gehad het.[115] Hy het in die middel-1990’s ’n soortgelyke beroerte gehad, en moes reeds ’n geruime tyd lank hartmedikasie gebruik.[116] Na 2008 het dit algaande moeiliker vir hom geword om sy openbare pligte as kanselier uit te voer en dit was die universiteitsbestuur se netelige taak om hom daarvan te oortuig dat hy weens korttermyn geheueverlies nie meer as kanselier kon voortgaan nie.[117] Hy is ook met ’n lewerkwaal gediagnoseer.

112 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Dian Joubert-versameling, ongesorteer, Slabbert aan Joubert, 2 Junie 1997.
113 Onderhoud met Hermann Giliomee, 2 Julie 2018.
114 *Cape Argus*, 4 Augustus 2008, “Van Zyl Slabbert ‘privileged’ to serve alma mater”.
115 *Die Burger*, 12 November 2008, “Dit gaan goed met Van Zyl Slabbert ná ‘kleinerige’ beroerte”.
116 Tania Slabbert, e-pos aan skrywer, 30 Oktober 2019.
117 *Rapport*, 16 Mei 2010, “Die leier van die ‘2de Groot Trek’”.

Sy agteruitgang het genadeloos voortgeduur en sy intellektuele kapasiteit het gekwyn. Hy het al meer vergeetagtig geraak en het ophou koerant lees. Politiek was nou vir hom 'n veraf hersenskim. Met verloop van tyd het hy sy houvas op die realiteit begin verloor. Vir sy nabye vriende en familie was dit moeilik om te aanskou hoe 'n eens sterk en intelligente man disintegreer.[118] Hy moes baie medisyne inneem en kon nie meer oefening doen nie. Die situasie het hom soms erg melancholies gemaak. Sy enigste plesier was om wyn te drink en sport te kyk op televisie.[119] Soms was daar kortstondige opflikkerings van belangstelling, soos by sy sewentigste verjaarsdagviering op 'n wynplaas buite Stellenbosch toe hy sy jeug kon herleef in 'n omgewing vol goeie herinneringe vir hom.[120]

Nadat hy 'n ruk lank behandel is in die Milpark-hospitaal in Johannesburg is Slabbert op 14 Mei 2010 vreedsaam oorlede in sy huis in Killkenneyweg 27, Parktown, omring deur nabye familielede. Voor sy huis het die verkeer opgedam en soos verwag kon word het huldeblyke begin instroom van heinde en verre. Die belangrikste gedenkdiens is gehou in Midrand, naby die huis van Jane se suster, Mag.[121] Verskeie ander huldigingsdienste is gehou, onder meer by die Universiteit van die Witwatersrand. By die Universiteit het hoogwaardigheidsbekleërs en vriende uit verskeie sfere van sy loopbaan aan hom hulde gebring, insluitend 'n afvaardiging van sy studentekoshuis, Wilgenhof op Stellenbosch, met hul koor genaamd Die Kraaie.[122]

Formeel gesproke leef sy nagedagtenis voort aan die Frederik van Zyl Slabbert-instituut vir Studenteleierskap aan die Universiteit Stellenbosch, sowel as in 'n Slabbert-gedenklesing. Slabbert se nagedagtenis is die Universiteit tot heil, deels omdat hy as 'n anti-apartheidsimbool bemark word. Alle erfenisprojekte

---

118 *Beeld*, 15 Mei 2010, "Huldeblyke stroom in vir Frederik Van Zyl Slabbert".
119 Onderhoud met Jane Slabbert, 30 Julie 2017; onderhoud met Marcia Haak, 6 Augustus 2017.
120 *Beeld*, 15 Mei 2010, "Huldeblyke stroom in vir Frederik Van Zyl Slabbert".
121 Tania Slabbert, e-pos aan skrywer, 30 Oktober 2019.
122 Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2(58/1), Program van gedenkdiens.

is per definisie maar oorvereenvoudigings van die geskiedenis, en die Universiteit Stellenbosch se konstruk van Slabbert se openbare nalatenskap is geen uitsondering nie. Slabbert was soveel meer as ’n gewone anti-apartheidsaktivis. Dis egter te betwyfel of Slabbert te veel beswaar sou aanteken. Hy het altyd ’n positiewe houding jeens die Universiteit Stellenbosch gehad. In sy testament het hy dan ook geld aan die Universiteit nagelaat ter bevordering van navorsing.[123]

Wat Slabbert straks meer problematies sou vind, was die regering se besluit om in 2014 ’n nasionale orde aan hom toe te ken. Gegewe die regering se rekord en die wyse waarop Slabbert opsy geskuif is, het Breyten Breytenbach die toekenning as ’n skynheilige valsheid afgemaak.[124]

123 Ken Jubber, e-pos aan skrywer, 26 Februarie 2015.
124 *Rapport*, 26 April 2014, “Breyten aan pres Zuma: ‘Die eer is vals’”.

# Slot

In 2010, kort nadat Slabbert oorlede is, het RW Johnson 'n paar insiggewende opmerkings oor sy loopbaan gemaak. Slabbert, so het Johnson aangevoer, "het die heel beste verteenwoordig wat wit Suid-Afrika kon bied: hy was intelligent, wellewend, menslik, oopkop, en het omgegee oor die land se toekoms tot so 'n mate dat hy dit ver bo sy eie belang gestel het. Dit laat mens wonder wat het met sy kortgeknipte en uiteindelik onsuksesvolle politieke loopbaan skeefgeloop."[1]

Johnson se vraag bring 'n kwessie oor Slabbert aan die bod waaroor baie kommentators wonder, veral omdat min mense sou stry oor die lewenskwaliteite wat Johnson aan hom toegeskryf het. Die vraag kan wyer gestel word – mens kan oorweeg of Slabbert se uitsonderlike eienskappe genoegsaam was om politieke sukses te behaal in Suid-Afrika gedurende 'n tydperk van voortgesette en ongehoorde politieke onstuimigheid. Mens sou kon aanvoer dat geen belangrike politikus deur dié tydperk gekom het met 'n ongeskonde reputasie nie. (Mandela mag 'n uitsondering wees, en selfs sy ampstyd het al kritiek ontlok.) Politieke leiers is dikwels, hul beste eienskappe ten spyt, blootgestel aan magte buite hulle beheer. Met die land se vele en diepgewortelde historiese foutlyne was Suid-Afrika op die keper beskou, en straks meer as ander lande, nog nooit genadig teenoor politici nie, ongeag hul gawes. Slabbert was geen uitsondering nie.

In soverre dit 'n formele politieke tuiste na 1990 betref, is dit miskien die veiligste om te sê dat die groeperinge en prioriteite van so 'n aard was dat 'n onafhanklike denker soos Slabbert nie noodwendig as 'n bate beskou is nie. In sy hart der harte het hy dalk gewens hy kon 'n meer prominente rol speel, maar hy was nie bereid om sy selfstandigheid op te gee, soos so dikwels in die politiek vereis word nie. Hy het maar alte goed geweet wat hy nie uit die partypolitiek wou hê nie. Sy vriend Breyten Breytenbach het dit in 2010 raak opgesom: "Miskien is hy te intellektueel eerlik en

1 *Business Day*, 21 Junie 2010, "Slabbert's political career cut short at great cost to all SA" (vertaling).

rusteloos vir die partypolitiek. Sy ingrepe was pragmaties en, so dink hy, realisties – gelei deur die interpretasie van ’n sosioloog en die optimisme van ’n humanis. Hy het hom nooit voluit beywer vir ’n ander politieke bedeling as wat ons nou het nie. Ek dink nie hy het die federale opsie ooit behoorlik deurdink of onderskryf nie.”[2] Of ’n volledig federale opsie ooit polities moontlik was, is natuurlik ’n goeie vraag.

Teen 1999 het Slabbert homself openlik as ’n mislukte politikus beskou.[3] Sover vasgestel kon word, was dit die eerste en enigste keer dat hy so iets erken het. Mens moet sy stelling egter met ’n knippie sout neem – dis beslis nie die enigste moontlike vertolking nie. Slabbert was nie een om sy prestasies aan die groot klok te hang nie. Dit sou trouens ’n mistasting wees om hom as ’n konvensionele politikus te eien of te beoordeel, ten spyte van sy parlementêre rol. Hy sou dikwels beweer dat die politiek nie vir hom is nie, in elk geval nie die politieke spel wat die Nasionaliste en sommiges in sy eie party van hom verwag het nie. Hy het die woord ‘politiek’ soms uitgespreek asof dit ’n vloek is.[4]

In die skemer van sy lewe het Colin Eglin aangevoer dat Slabbert wel baie dinge gedoen het, maar dat “’n deurlopende tema of doel ontbreek het”.[5] Dit het trouens die algemene bestekopname van Slabbert se loopbaan geword dat hy, na sy omstrede bedanking uit die parlement en sy Dakar-sending, grootliks polities in die niet verdwyn het. Slabbert het egter wel betrokke gebly by inisiatiewe, en sou mens moeilik kon aanvoer dat daar geen deurlopende tema of doel was nie. So ’n gevolgtrekking is slegs moontlik as mens die formele politiek as primêre maatstaf stel. Soos reeds aangetoon is, het hy ook ’n volle en vrugbare loopbaan buite die kollig van die formele politiek gehad.

As mens boonop tot ’n dieper begrip wil kom van dit wat bloot op die oppervlakte waarneembaar is, is dit die moeite werd

2 Breytenbach, “The slow quickness of life” in *The passion for reason*, p 14 (vertaling).
3 Slabbert, *Afrikaner Afrikaan*, p 136.
4 *Weekend Argus*, 8 Februarie 1986, “Van Zyl Slabbert – the reluctant politician” (vertaling).
5 Aangehaal in Giliomee, *Last Afrikaner leaders*, p 213 (vertaling).

om 'n oorkoepelende bestekopname te doen en ook te fokus op kontinuïteite eerder as slegs diskontinuïteite. Sodoende kan die klem dan geplaas word op wat ten beste beskryf kan word as sy sendingywer, of miskien eerder sy sekulêre sendingwerk wat breër as die formele politiek gestrek het. Dit was miskien die bron waaruit sy pogings geput het, al het dit dalk nie altyd so gelyk nie.

Wat dien as bewyse vir so 'n mening? Hierdie siening, waarna reeds in vorige hoofstukke verwys is,[6] is aanvanklik gewortel in sy sterk verbintenis tot die Christelike geloof as 'n tiener, en sy doelwit om 'n dominee in die NG Kerk te word. "Hy het geroepe gevoel om uit te gaan en die wêreld te leer hoe dinge moet wees, en dit het 'n sterk element in sy lewe gebly", onthou Jannie Gagiano.[7] Dit, so kan mens aanvoer, was ook die *fons et origo* van sy politieke denke, die dikwels versteekte dinamo wat op verskillende wyses die kragstroom verskaf het. Dit is wel so dat hy relatief vroeg weggestaan het van die formele strukture van die kerk, maar dit beteken nie dat hy heeltemal moed opgegee het om mense te oortuig om hul wêreldbeskouing te verander nie. Dis belangrik om te onthou wat hy gesê het nadat hy en 'n paar sendelingvriende uit Langa verjaag is: "Ek het nooit weer sendingwerk gedoen nie – in elk geval nie godsdienstige sendingwerk nie."[8] Die vroeë weë het nie so maklik in die vergetelheid verdwyn nie.

Eweneens het dit geskakel met sy akademiese belangstelling in 'groot' meta-idees, sonder om noodwendig alles sonder voorbehoud te steun. Sy doktorale proefskrif oor Talcott Parsons se strukturele funksionalisme is 'n voorbeeld hiervan, asook hoe fassinerend hy Karl Popper se idee van die oop samelewing gevind het. Ewe opvallend was sy aandrang, toe hy 'n lektor aan die Universiteit Stellenbosch was, om grondverskuiwende hoëvlak sosiologie te doseer wat studente se wêreldbeskouing kon verander, eerder as holrug geryde temas.

Daarna het hy die 'kerk' van die universiteit verruil vir die 'katedraal' van die parlement, waar die hoëpriesters van sekere

6 Byvoorbeeld hoofstukke 1 en 7.
7 Gagiano, "Who we were" in *The passion for reason*, p 18 (vertaling).
8 Slabbert, *White Parliament*, p 16 (vertaling).

politieke oortuigings byeengekom het met die sending om die wêreld om hulle te beïnvloed en te vorm. Terugskouend was dit nie verbasend dat hy ’n groepering sou kies wat spesifiek deur ’n soort sendingywer aangedryf sou word nie. Daar was inderdaad in die 1970’s’n geneigdheid by wit progressiewes om hulself as politieke sendelinge te eien.[9] Slabbert sou tuis gevoel het. Toe daardie onderneming te onsuksesvol vir sy smaak blyk te wees, het hy besluit dat dit die breë politieke strukture was wat hom aan bande gelê het, soos dié van die NG Kerk vroeër in sy lewe. Die volgende stap was om sy eie ‘kerk’ te stig, en dit is op simboliese vlak rigtend dat hy dit gedoen het in samewerking met sy vriend, die voormalige Metodiste-dominee Alex Boraine. Nuwe strukture is in plek gestel en die nuwe kerk is Idasa genoem, met die doel om denke te beïnvloed sonder om ingehok te word deur parlementêre beperkinge. So ’n narratief leef voort deur die Dakar-reis, wat deur sommige aspekte sendingelemente ingewerk het, insluitend die stigting van ’n ‘sendingstasie’ op Gorée-eiland. Die vele koerantartikels wat hy geskryf het, kan ten minste ook in ’n mate beskou word as pogings om die openbare mening te beïnvloed en denkwyses te verander.

Wanneer mens hierdie interpretasie evalueer, moet mens egter in gedagte hou dat hy, soos Slabbert self aangedui het, teen die hele gedagte van ’n ‘groot wit hoop’ was waarmee hy so gereeld opgesaal is. Hy was nie die kiesers wat in hom ’n redder en verlosser gesien het se vrese en obsessies ter wille nie. Maar die blote feit dat hierdie diskoers in semi-godsdienstige terme gegiet is, met Slabbert as ’n redder, is ’n aanduiding van die onderstrominge waardeur dit gegiet is. Dit is weliswaar ook noodsaaklik om te onthou dat Slabbert nie in die konvensionele sin godsdienstig was nie. Hy het nooit ’n ateïs geword nie, maar het homself later in sy lewe as ’n agnostikus beskou. Hy het genoeg gehad van formele godsdiens om te verwerp wat hy as “die erge valsheid van hulle wat namens GAWD praat” beskou het.[10] Die stelling bevestig die afstandelikheid wat tussen hom en die kerk ingetree het. Die sendingelement was nietemin sterk

9 Mouton, *Iron in the Soul*, p 135.

10 Breytenbach, “The slow quickness of life” in *The passion for reason*, p 15.

genoeg om die aanvanklike patroon wat deur die kerk as agent van verandering gevestig is, vol te hou. Die formaat en inhoud daarvan sou slegs verskil. Mens moet natuurlik in ag neem dat dit die doel van alle politici is om andere van hul standpunt te oortuig. Daar is egter min onder hulle wat die weg sou inslaan wat Slabbert gekies het.

Bogenoemde wil nie vir ’n oomblik aan die hand doen dat Slabbert een of ander mistikus was nie – ’n *luftmensch* (onpraktiese dromer) sonder praktiese begronding in die hier en nou. Hy was trouens ’n buitengewoon rasionele denker, vir wie logika die uiteindelike lakmoestoets was.[11] Hy is egter ook aangevuur deur die onderliggende behoefte om van Suid-Afrika ’n beter plek te maak, en dit is die oorsprong en voortsetting van daardie behoefte waaroor hierdie boek handel. Die kombinasie van rasionaliteit en idealisme, wat nie altyd in gelyke maat voorgekom het nie, het die oorkoepelende dinamika van Slabbert se lewensuitkyk uitgemaak. Vanweë sy rasionele uitkyk het hy nie vat gekry aan opswepende vlagswaai-politiek nie, en het hy ’n ingeboude skeptisisme gehad oor sulke politici.[12] Eweseer was hy geneig om ’n sterk uitgesproke wantroue te hê in enige stelsel wat as volkome oplossing voorgehou is, al het hy nooit sy idealisme of sy geloof in die land se heilsame vooruitsigte verloor nie.

Sy aanvanklike skakeling met die ANC het berus op ’n kombinasie van rasionaliteit en idealisme. Ten spyte van die Nasionale Party se rekord van onbeweeglike verwerping van die ANC het Slabbert vroeg reeds besef dat onderhandelings in Suid-Afrika logies gesproke nie kon plaasvind sonder die deelname van die verbanne organisasie nie. Terselfdertyd het die idealis in hom gehoop dat die ANC, in ’n post-apartheidstelsel, sover moontlik die nie-rassigheid sou handhaaf wat die beweging so naarstiglik verkondig het voor bewindsaanvaarding in 1994. In die proses het hy die dodelike aantrekkingskrag van mag – “’n verslawing, ’n geestesafwyking” in die woorde van Breytenbach – heeltemal onderskat. Breytenbach het aangevoer Slabbert het die ANC “te veel vertrou” en dit het hom ’n tydjie geneem om te besef die ANC

11 Onderhoud met Max du Preez, 30 Julie 2019.

12 Breytenbach, “The slow quickness of life” in *The passion for reason*, p 14; onderhoud met Max du Preez, 30 Julie 2019.

"gaan nie daaroor om 'n nuwe nasie te bou of om samewerking en ontwikkeling te verseker nie, maar bloot om die opbrengs van oorwinning onder hulself te verdeel".[13]

Soos gesien, is daar 'n beskouing dat Slabbert se loopbaan 'n verhaal van onvervulde belofte en potensiaal is, dat sy vroeë belowendheid nie vervul is nie en dat hy nie daarin geslaag het om die hoë hoogtes te bereik wat van hom verwag is nie. Sulke ideale is dikwels gestel deur mense wat hom as 'n groot hoop geëien het eerder as dat dit doelwitte was wat hy vir homself gestel, openlik geartikuleer en nagestreef het. Hoewel hy beslis nie sonder aspirasies was nie, en waarskynlik nie 'n magtige posisie sou weier as dit onder die regte omstandighede aan hom aangebied is nie, was die nastreef van sulke posisies nie 'n brandende ambisie of 'n allesverterende doelwit nie. Slabbert het geglo die belangrikste bydrae wat hy kon lewer was om "'n brug oor die kloof te bou en met die buiteparlementêre opposisie in aanraking te bly in die soeke na onderhandeling".[14] Dit is natuurlik wat van 1990 af gebeur het danksy De Klerk se inisiatiewe, en kon Slabbert tereg voel dat sy vroeëre doelwit korrek bewys is; die daaropvolgende uitspeel van die situasie was buite sy beheer of invloed.

As mens 'n blywende insig en bydrae moet kies, selfs al is dit nie allerweë as sulks besef nie, sal dit sy vroeë betrokkenheid as 'n relatiewe groentjie in die parlement wees om die belangrikheid van 'n nuwe grondwet vir 'n verdeelde land te beklemtoon, en sy prominensie daarin om 'n reeks voorstelle in hierdie verband vir die PFP te formuleer.[15] Ten spyte van Suid-Afrika se talryke hedendaagse probleme beskik die land steeds oor 'n funksionerende grondwet – 'n lotsbepalende dimensie waarop Slabbert vroeg al die klem laat val het. Dit het byna twee onstuimige dekades geneem om verwesenlik te word, maar uiteindelik het al die partye die punt bereik wat Slabbert in die 1970's geïdentifiseer het. Dit op sigself spreek boekdele oor sy visie

13 Breytenbach, "The slow quickness of life" in *The passion for reason*, p 14 (vertaling).
14 *Cape Times*, 17 Mei 2010, "A great bridge builder across the racial divide" (woorde van David Welsh) (vertaling).
15 Vergelyk Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, Slabbert-versameling, 430.Z.2 (65), Robin Carlisle, 'Slabbert's blueprint for the new South Africa', 22 Junie 2010.

in ’n tyd toe sulke idees dikwels huidjie en muitjie deur groot dele van die wit bevolking verwerp is. Boonop is sy 2003-voorstel vir ’n nuwe kiesstelsel tot ontplooiing gebring deur die konstitusionele hof se beslissing in 2020 dat die kiesstelsel verander moet word om ook vir kiesafdelings voorsiening te maak.[16]

Breytenbach het Slabbert netjies opgesom as “’n te hibridiese figuur – politikus, kommentator, filosoof, gemeenskapsaktivis”.[17] Hy was inderdaad al bogenoemde, en het elkeen van hierdie rolle met doelgerigtheid vervul. Miskien was sy grootste tekortkoming nie, soos so baie mense dink, dat hy sy energie ondeurdag verdeel het nie, maar eerder dat hy in sy ywerigheid te hard probeer het terwyl hy hom misgis het met die motiewe van diegene wat beweer het dat hulle sy visie deel.

Slabbert het aanvanklik te veel klem op die ANC geplaas, en hy het dit ook self erken. Maar die sterkste kritiek teen hom het gewortel in sy bedanking uit die parlement in 1986, en die openbare mening het daardie besluit van hom as ’n fout beskou, veral nadat hy van die ANC vervreemd geraak het. Dit bly egter ’n ope vraag of sy voortgesette teenwoordigheid in die parlement veel van ’n verskil aan sy loopbaan sou gemaak het. Nie een van die PFP-politici wat in die parlement vasgebyt het, het groot hoogtes in post-apartheid Suid-Afrika bereik nie. Struktureel is hulle daarvan weerhou om mag te bekom, en ten spyte van Slabbert se vele talente sou hy hom in dieselfde posisie bevind het. Op die duur was dit van weinig belang of mens in die apartheidsparlement bly dien of daaruit bedank het.

’n Haperende vraag bly egter onbeantwoord, naamlik die kwessie van sy sogenaamde vyfjaar-aandagduur. Hy was bepaald sy loopbaan lank rusteloos: die opskop van sy teologiese studies; die skielike rondspringery tussen universiteite as akademikus (terwyl hy dit tussenin oorweeg het om vir Lever Brothers te gaan werk); die besluit om letterlik oornag in 1973 die Verenigde Party vir die Progressiewe Party te verruil; sy vroeë oorweging om die parlement te verlaat en die rektorskap van die

16 *Die Burger*, 13 Junie 2020, “Herbekyk van Kieswet welkom”.
17 Breytenbach, “The slow quickness of life” in *The passion for reason*, p 15 (vertaling).

Universiteit van Kaapstad te oorweeg; sy uiteindelike bedanking uit die parlement in 1986; sy immer veranderende rol in Idasa; die verskillende wyses waarop hy in die post-apartheidsera by organisasies en doelwitte betrokke geraak het. Te alle tye was dit nie 'n konvensionele pad vir 'n gemiddelde wit man om te loop nie. Soos vroeër uitgewys, was daar 'n metalogika in sy denke, maar 'n bykomende kwessie is om die nie-liniêre gang in sy loopbaanprofiel te probeer verduidelik.

Benewens die wyer kontekstuele faktore waarmee hy te kampe gehad het, kan mens dieper in sy verlede delf om vroeë patrone te eien. Van kindsbeen af is hy en sy sussie herwaarts en derwaarts rondgeskuif. Wat gesinslewe betref, was ontwrigting eerder as kontinuïteit die wagwoord. Dit was 'n werklikheidsbelewing waaraan hy gewoond geraak het, 'n patroon waarmee hy leer saamleef het, en een wat vir hom waarskynlik minder uitdagend was as vir sy jeugdige tydgenote wat uit meer stabiele agtergronde gekom het. Hy mag dalk nie van onverwagse verandering gehou het nie, maar dit het hom beslis ook nie ontsenu nie. Mens sou kon aanvoer hy was geprogrammeer om verandering in die lewe te hanteer. Daarbenewens moet mens onthou hy was 'n uitstaande intellektueel vir wie die geroetineerde politieke lewe versmorend was. 'n Kombinasie van hierdie twee dimensies, tesame met die druk van die tydgewrig, kan dit wat by die eerste oogopslag na buitengewoon onstabiele gedrag lyk, straks begrypliker maak.

Of Slabbert as 'n tragiese figuur beskou moet word is nog 'n tameletjie. Natuurlik was daar insinkings in sy lewe, maar dan moet dit ook verreken word dat hy 'n visionêr was wat uitdagings aanvaar het waarvoor andere nie kans gesien het nie. Oorwegend was hy 'n besonder energieke figuur – ondernemend, gedrewe en rusteloos – en vir sommiges 'n enigma. Vanuit 'n moeilike kindertyd en deurgaans tydens 'n loopbaan vol hoogtepunte en laagtepunte is sy lewe gekenmerk deur die vermoë om omvattende en uiteenlopende uitdagings op kreatiewe wyse aan te pak sonder om daaroor te kla, soms op maniere wat sy tydgenote nie heeltemal verstaan het nie. Sy onortodokse optrede het waarskynlik bygedra tot sy enigmatiese reputasie; hy was besig

om oplossings te soek vir probleme wat baie van sy wit landgenote aanvanklik nie eens besef het bestaan nie.

Slabbert was ook meer as ’n blote politikus. Hy word dikwels nie net vir sy politieke prestasies onthou nie, maar ook vir sy warmte, eerlikheid, humor en lojaliteit aan vriende. Volgens Mike Savage was daar net twee dinge wat hy nie kon verduur nie: blinde vooroordeel en voortgesette onnoselheid.[18] Breytenbach het hom beskryf as “by verre die mees ‘volkome persoon’ van ons generasie: sosioloog, denker, aktivis, sakeman, patriot, optimis, drinker, sportentoesias, kenner van country-musiek, weldoener, ... grapkas, dosent, visionêr, kommunikator, vegter, raadgewer, vriend, vriend, broer en vriend”.[19]

By hierdie lang lys sou mens kon voeg sy liefde vir sy gesin, al was dit soms in moeilike omstandighede met stormagtige tussenposes. Eers Mana en toe Jane het die aansprake wat op hom gemaak is, ervaar en geleer om met die gevolge daarvan saam te leef. Beide het – elk op haar eie manier – geleer om soms uitdagende huishoudelike situasies te hanteer, veral wanneer Slabbert nie onmiddellik ondersteuning kon bied nie. Boonop was Slabbert, wat vroue altyd met respek behandel het, nie noodwendig ’n toonbeeld van wat deesdae as ‘geslagsensitiwiteit’ bestempel sou word nie.[20] Hy het ’n diepe waardering vir sy kinders, Tania en Riko, gekoester en het na die beste van sy vermoë na hulle omgesien, soms in moeilike omstandighede. Dit kon nie maklik vir die kinders gewees het nie, en hy moes dit tydens sy ouerskap in gedagte hou. Hierin het herinneringe aan sy eie stormagtige kinderjare sekerlik ’n rol gespeel.

Omdat Slabbert soveel aantreklike karaktereienskappe gehad het, trap mens maklik in die strik om hom oordrewe positief te bejeën. Benewens sy politieke oordeelsfoute het hy ook persoonlike tekortkominge gehad. Dit was bekend dat hy soms te veel gedrink het. ’n Mens kan maar net wonder of sy ouers, en veral sy ma, se drinkgewoontes dit geneties gesproke vererger het. Daarby het hy soms te maklik diegene wat hom in eiebelang wou

18 *Rapport*, 16 Mei 2010, ‘’n Seder het geval’.
19 *Rapport*, 16 Mei 2010, “Denker, aktivis, politikus, patriot”.
20 Die opmerking oor geslagsensitiwiteit is gebaseer op ’n onderhoud met Max du Preez, 30 Julie 2019.

misbruik, as vriende aanvaar. Dis na hulle wat Mike Savage verwys as "no-goodniks".[21] Op die keper beskou is hy egter beskryf as iemand met goeie oordeel.[22]

Slabbert se veelfasettige lewe, wat soms amper soos 'n mosaïek lyk, kan nie maklik tot een of twee dimensies gereduseer word nie. Hierdie boek het die kollig op die man en sy verskeie inisiatiewe en besondere eienskappe geplaas. Hy het in moeilike omstandighede gepoog om bo sy konteks uit te styg om nuwe vergesigte en versugtinge vir Suid-Afrika te koester. Hy het inderdaad 'n profetiese visie gehad, maar terselfdertyd immer soekend gebly.

21 Onderhoud met Mike Savage, 6 September 2017.
22 Gagiano, "Who we were" in *The passion for reason*, p 18.

# Fotoseksie




'n Jong Barbara Slabbert, Van Zyl se moeder.
(Erkenning: Tania Slabbert)



Een van die eerste foto's van Slabbert, omstreeks 1942. Hy is in die voorgrond met sy moeder en suster, Marcia, agter hom.
(Erkenning: Tania Slabbert)



Marcia en Van Zyl as hoofdogter en hoofseun van die Pietersburg Hoërskool in 1958. Links is Marcia se vriend. (Slabbert, *Last White Parliament*)



Slabbert as jong Stellenbosse MA gegradueerde in 1964. (Slabbertversameling, Stellenbosch Universiteit)



Slabbert is in 1965 met Mana Jordaan getroud. Die huwelik het tot 1983 gehou. Slabbert se oupa aan vaderskant is links. (Slabbertversameling, Stellenbosch Universiteit)





Slabbert het vinnige akademiese opgang gemaak. Op die ouderdom van 33 jaar was hy Professor en Hoof van die Sosiologie Departement aan die Universiteit van die Witwatersrand (Slabbertversameling, Stellenbosch Universiteit)



’n Jong Slabbert gesin in 1974. Van links na regs: Mana, Riko (3), Slabbert en Tania (7). (*Die Burger*, 4 Mei 1974)




Slabbert word in 1974 entoesiasties geluk gewens met sy oorwinning vir die Progressiewe Federale Party in die Rondebosch kiesafdeling. (Slabbert, *Last White Parliament)*




Slabbert was van die min politici wat hulle ontferm het oor die diegene wat hulle op die rand van Kaapstad in informele nedersettings bevind het. Die persoon regs op die foto se naam is nie bekend nie. (Slabbert, *Last WhiteParliament)*




Ontspanning op die Knysna lagoon in 1979. Slabbert is agter op die boot en Alex Boraine voor. (Erkenning: Jeremy Boraine)





Die politikus as sportman. Slabbert neem deel aan die Skiereilandse marathon in die laat sewentigerjare. Regs is Mike Tarr, toe 'n Lid van die Volksraad vir die Progressiewe Federale Party. (Slabbert, *Last White Parliament).*



Afrikaners van verskillende politieke oortuigings. Van links na regs: PW Botha van die Nasionale Party, F van Zyl Slabbert van die Progressiewe Party en A Treurnicht van die Konserwatiewe Party. ( Slabbert, *Last White Parliament*)



’n Laaste vaarwel aand die Parlement. (*Weekend Argus*, 8 Februarie, 1986, Myndred Vosloo.)


DEPARTURE FORM VERTREKVORM

MODE OF TRAVEL/WYSE VAN REIS

Flight No./Vlug: LH 571

Registration No./Registrasie

Train No./Trein

Name/Naam

Other/Ander

Purpose of departure/Doel van vertrek: KONFERENSIE

To Country/Na Land: Gertrag

Occupation/Beroep: KONSULTANT

Maiden name/Nooiensvan

Surname (Family name)/Van: SLABBERT

Forenames/Voorname: FREDERIK VANZYL

Sex/Geslag

Date of birth/Geboortedatum: Day/Dag 02, Month/Maand 03, Year/Jaar 40

Country of birth/Geboorteland: SA.

Country of citizenship/Land van burgerskap: SA

Country of present residence/Land van teenwoordige verblyf: SA.

Passport No./Paspoortnr.: CA 453109

Nationality of passport/Nasionaliteit van paspoort: SA

Place of issue/Plek van uitreiking: KAAPSTAD

Date of expiry/Vervaldatum: 15.6.92

Children accompanying me without own passports/Kinders wat my vergesel sonder eie paspoorte

Sex/Geslag | Number/Getal | Age/Ouderdom

R 2500.00

Contact address in RSA/SWA/Kontakadres in RSA/SWA: 33 ALBIONWEG RONDEBOSCH. 7700

EMIGRANTS ONLY/SLEGS EMIGRANTE

Identity No./Identiteitsnr.

Emigrating to (country)/Emigreer na (land)

Are you leaving permanently/Vertrek u permanent: YES/JA NO/NEE

SIGNATURE/HANDTEKENING: F. v. Z. Slabbert

FOR OFFICIAL USE/VIR AMPTELIKE GEBRUIK

DEPARTURE STAMP/VERTREK STEMPEL

TYP LABEL/TYP ETIKET

Slabbert se vertrekvorm op pad na Dakar, maar met misleidende besonderhede. (PW Bothaversameling, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat)



Dakar 1987: Afrikaanssprekendes van die Universiteit van die Weskaapland saam met leiers van die deputasies. Van links regs: Jaap Durand, Van Zyl Slabbert, Thabo Mbeki, Jakes Gerwel. Agter: André Odendaal en Ampie Coetzee. (Erkenning Rashid Lombard)



Slabbert saam met Jane met wie hy in 1984 getroud is in hulle strandhuis in Boggomsbaai  aan die Suid Kaapse kus.
(Erkenning: Rudolf Gouws)



Slabbert se gedenkdiens is op 17 Mei 2010 in Johannesburg gehou. Van links na regs: H Pakendorf, Tania Slabbert, S Smirren, Jane Slabbert (Gallo images/ Foto 14/ C Kotze)

# Bronnelys

## I. Argiefversamelings

### Universiteitsbiblioteek Stellenbosch

J Basson-versameling

SP Cilliers-versameling

Idasa-versameling (Wes-Kaap)

D Joubert-versameling

FvZ Slabbert-versameling

HB Thom-versameling

P Waldmeier-onderhoude

Wilgenhof-argiewe

### Stellenbosch Universiteit-Administrasie

Studenterekords

### Universiteit van Wes-Kaapland

Mayibuye-argiewe

### Universiteit Van Die Vrystaat: Argief Vir Kontemporêre Sake

PW Botha-versameling

### Universiteit Van Die Witwatersrand, Cullen-Biblioteek

Progressiewe Federale Party-versameling

H Suzman-versameling

### Universiteit Van Suid-Afrika Argiewe En Spesiale Versamelings

Verenigde Party-versameling

### Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiesentrum

Personeelrekord van Petrus Johannes Slabbert

**Nelson Mandela Sentrum Van Herinnering, Johannesburg**

Patrick O'Malley-argiewe

## II. Privaat Versamelings

Paul Cassar-versameling

Hermann Giliomee-versameling

Albert Grundlingh-versameling

Marcia Haak-versameling

Patrick O'Malley-argiewe

David Welsh-versameling

## III. Regeringspublikasies

*Debatte van die Volksraad*, 1974-1986.

*Volledige verkiesingsuitslae van Suid-Afrika, 1910-1986*, Staatsdrukker, Pretoria, 1986.

## IV. Onderhoude en Korrespondensie

Adam, H, E-pos aan skrywer, 5 April 2015 en onderhoud, 11 Februarie 2019

Andrew, K, Onderhoud met skrywer, Suid-Afrika, 5 September 2019

Bührman, F. Onderhoud, 14 November 2019

Cardo, M. E-pos aan skrywer, 7 Augustus 2019

Coetzee, L, Onderhoud met skrywer, 28 Januarie 2019

Dietrich, D, Onderhoud met skrywer, 24 Maart 2019

Du Preez, M, Onderhoud met skrywer, 30 Julie 2019

Esterhuyse, W, Onderhoud met skrywer, 21 Julie 2019

Evert, J, Onderhoud met skrywer, 19 Februarie 2019

Gagiano, J, Onderhoude met skrywer, 4 September 2018 en 19 April 2019

Gastrow, P, E-pos aan skrywer, 27 Februarie 2019

Giliomee, H, Onderhoude met skrywer, 2 Julie 2018, 14 Desember 2018, 8 Mei 2019, 11 Junie 2019, 5 Augustus 2019, E-pos aan skrywer, 11 Junie 2019.

Groenewald, J, Onderhoud met skrywer, 8 September 2018. E-pos aan skrywer, 10 November 2019

Haak, M, Onderhoud met skrywer, 6 Augustus 2017

Jubber, K, E-posse aan skrywer, 20 Oktober 2014 en 26 Februarie 2015

Kahn, S Onderhoud met skrywer, 16 September 2014

Lategan, B, Onderhoud met skrywer, Julie 2018

Le Roux, P, Onderhoud met skrywer, 3 Maart 2019

Moodie, D, E-posse aan skrywer, 12 en 14 September 2014

Moodley, K, Onderhoud met skrywer, 11 Februarie 2019

Myburgh, P, Onderhoud met skrywer, 25 April 2016

Savage, M, Onderhoude met skrywer, 6 en 9 September 2017, E-pos aan skrywer, 16 September 2014

Slabbert, J, Onderhoude met skrywer, 30 Julie 2017 en 18 November 2018, en e-pos aan skrywer, 29 Oktober 2019

Slabbert, T, Onderhoude met skrywer, 31 Oktober 2018, 3 Mei 2019, 15 Julie 2019 en 21 Julie 2019, E-pos aan skrywer, 30 Oktober 2019

Van der Robb, K, Onderhoud, 31 Augustus 2018

Vale, P, E-pos aan skrywer, 17 Junie 2019

Welsh, D, E-pos aan skrywer, 23 Desember 2018

**Paul Cassar Privaat Versameling, Kassetopnames van Onderhoude: 1981-1984**

Bamford, B

Boraine, A

Cilliers, SP

Cronje, P

De Beer, Z

De Villiers, F

De Villiers, R

Eglin, C

Malcomess, J

Myburgh, T

Olivier, N

Ross, N

Slabbert, FvZ

Soal, P

Suzman, H

Swart, R

Tarr, M

Van Eck, J

Van Rensburg, H

Vorster, J

Waddell, G.

**M Oelofsen: Video-Opnames van Onderhoude Oor Idasa, Idasa-Versameling, Universiteitsbiblioteek Stellenbosch, 2017**

Boraine, A

Cherry, J

Du Plessis, T

Du Preex, M

Du Toit. A

Gagiano, J

Gastrow, P

Graham, P

Kögl, J

Krog, A

Mbeki, M

Omotoso, K

Pakendorf, H

Savae, M

Vale, P

Zaaiman, A

## V. Boeke

Adam, H en Moodley, K: "Slabbert's opening of the apartheid mind: portrait of an unrecognised patriot" in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason*: *Essays in honour of an Afrikaner African,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Adam, H, Moodley, K en van Zyl Slabbert, F: *Comrades in business: Post-liberation politics in South Africa*, Tafelberg, Kaapstad, 1997.

Asmal, K: *Politics in my blood: A memoir*, Jacana Media, 2011.

Basson, J: *Politieke kaarte op die tafel: Parlementêre en ander herinneringe*, Politika, Kaapstad, 2006.

Booth, D: *The Race Game: Politics and Sport in South Africa,* Frank Cass, Londen, 1998.

Boraine, A: "A democratic alternative: a brief history of IDASA" in I Liebenberg, *The Long March: The story of the struggle for liberation in South Africa*, HAUM, Pretoria, 1994.

Boraine, A: "An amalgam that worked", in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Boraine, A: *What's gone wrong? On the brink of a failed state*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2014.

Boraine, A: *A Life in Transition*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2008.

Breytenbach, B: "The slow quickness of life (*thinking about my friend, the Chief*)" in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Breytenbach, B: *The true confessions of an albino terrorist*, Taurus, Johannesburg, 1984.

Cardo, M: *Opening Men's Eyes: Peter Brown and the liberal struggle for South Africa*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Changuion, L: *'n Skool soos PHS*, Pietersburg Skoolraad, Pietersburg. Ongedateer.

Changuion, L: *Pietersburg: Die eerste eeu, 1886-1986*, Stadsraad van Pietersburg, Pietersburg, 1986.

De Klerk, FW*: Die outobigrafie: Die laaste trek – `n nuwe begin*, Human & Rousseau, 1999.

De Klerk, W: FW de Klerk: Die man en sy tyd, Jonathan Ball, Kaapstad, 1991.

Dubow, S: Apartheid, 1948-1994, Oxford University Press, Oxford, 2014.

D'Oliviera, J: *Vorster: The Man,* Edward Stanton, Johannesburg, 1977.

Du Preez, M: *Dwars: Mymeringe van'n gebleikte Afrikaan,* Zebra Press, Kaapstad, 2009.

Du Preez, M: *Pale Native: Memories of a renegade reporter*, Zebra Press, Kaapstad, 2004.

Du Rand, J: *Protes-stem, Oomblikke van herinnering*, Bybelkor, Wellington, 2016.

Duvenhage, P: "Afrikaner intellectual history: an interpretation, in P Vale, L Hamilton en EH Prinsloo, (reds.), *Intellectual traditions in South Africa: ideas, individuals and institutions*, University of KwaZulu-Natal Press, Pietermaritzburg, 2014.

Eglin, C: *Crossing the borders of power - the memoirs of Colin Eglin,* Jonathan Ball, Johannesburg, 2007.

Eglin, C: "South Africa in a Southern Africa and International Foreign Policy Perspective", in *Friedrich Nauman Stiftung, South Africa – chance for liberalism, Papers presented during a seminar of the Friedrich Naumann Foundation in December 1983*, Liberal Verlag, Sankt Augustin, 1985.

Ehlers, A: *Die Kaapse Helpmekaar, c 1916-2014: Bemiddelaar in Afrikaner ophefing, selfrespek en respektabiliteit,* African Sun Media, Stellenbosch, 2018. https://doi.org/10.18820/9781928357797

Esterhuyse, W en Van Niekerk, G: *Die Tronkgesprekke,* Tafelberg, Kaapstad, 2018.

Esterhuyse, W: *Endgame: Secret Talks and the End of Apartheid*, Tafelberg, Kaapstad, 2012.

Filatova, I en Davidson, A: *The hidden thread: Russia and South Africa in the Soviet era*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2013. https://doi.org/10.2139/ssrn.2253209

Fisher, A en Abeldas, M: *A Question of Survival: Conversations with key South Africans*. Jonathan Ball, Johannesburg, 1987.

Frankel, P: *Pretoria's Praetorians: Civil-military relations in South Africa*, Cambridge University Press, Cambridge, 1984.

Friedman, S: "The ambiguous legacy of liberalism" in P Vale, L Hamilton en E Prinsloo (reds.), *Intellectual traditions in South Africa: Ideas, individuals and institutions*, University of KwaZulu Natal Press, Pietermaritzburg, 2014.

Gagiano, J: "Who we were", in A LeMaitre en M Savage (reds), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Gevisser, M: *The dream deferred: Thabo Mbeki,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2007.

Giliomee, H: "Golden boy, golden opportunity: A note on Van Zyl Slabbert", in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Giliomee, H en Schlemmer, L: *From apartheid to nation-building*, Oxford University Press, Oxford, 1993.

Giliomee, H: "The leader and the citizenry", in R Schire (red.), *Leadership and he apartheid state: from Malan to De Klerk*, Oxford University Press, Oxford, 1994.

Giliomee, H: "Afrikaner politics, 1977-1987: from Afrikaner nationalist rule to central state hegemony" in J.D. Brewer (red.), *Can South Africa survive? Five minutes to midnight*, Southern, Johannesburg, 1989. https://doi.org/10.1007/978-1-349-19661-6_6

Giliomee, H: *The Afrikaners*: *Biography of a people,* Tafelberg, Kaapstad, 2003.

Giliomee, H: *Die laaste Afrikanerleiers.* Tafelberg, Kaapsad, 2012.

Giliomee, H: *Historian, An Autobiography*, Tafelberg, Kaapstad, 2016. https://doi.org/10.2307/j.ctt1zkjzr0

Giliomee, H: *The last Afrikaner leaders: A supreme test of power.* Tafelberg, Kaapstad, 2012.

Giliomee, H: *The rise and demise of the Afrikaners*, Tafelberg, Kaapstad, 2019.

Grundlingh, A: "Structures for sociologists: A historical perspective on associations for sociologists in South Africa, 1967-1991", in N. Romm, M. Sarakinsky, D. Gelderblom, V Mackay en C Allais (reds.), *Social theory,* Johannesburg, 1994.

Grundlingh, A: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2013.

Grundlingh, A: "Stellenbosch University and changing nationalistic trends and language over a 100 years" in A Grundlingh,ed. *Stellenbosch University 100 years*, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, 2018.

Grundy, K.W: *Soldiers without politics: Blacks in the South African Armed Forces*, University of California Press, Berkeley, 1983.

Gupta, S en Kellman, A: "Democracy organizations in political transitions: IDASA and the new South Africa" in M. Mutua, (red.), *Human rights NGOs in East Africa: Political and normative tensions*, University of Pennsylvania Press, Philadelphia, 2008. https://doi.org/10.9783/9780812203936.283

Hugo, P: "Towards darkness and death: racial demonology" in P Hugo (red.), *South African Perspectives: Essays in honour of Nic Olivier*, Unisa Press, Pretoria, 1989.

James, W: "Van Zyl Slabbert: Sociologist at work in advancing democratic politics", in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Kane-Berman, J: *South Africa's silent revolution*, Institutuut vir Rasseverhoudinge, Johannesburg, 1990.

Kapp, P: *Maties en taal*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2013.

Kellerman, APR (red.), "Inleiding", *SP Cilliers – Selected Papers,* Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, 1991

Leach, G: *The Afrikaners: Their last Great Trek*, Southern Book Publishers, Johannesburg, 1989.

Leon, T: *On the Contrary: Leading the Opposition in a Democratic South Africa*, Jonathan Ball, 2009.

Loriga, S: "The role of the individual in history; biographical and historical writing in the nineteenth and twentieth century", in H Renders & B de Haan (reds.), *Theoretical Discussions of Biography: Approaches from History, Microhistory and Life Writing,* 75-93, Brill, Leiden, 2014. https://doi.org/10.1163/9789004274709_007

Macmillan, H: *The Lusaka Year: The ANC in exile, 1963 to 1994*, Jacana Media, Kaapstad, 2013.

Mare, G en Hamilton, G: *An appetite for power: Buthelezi's Inkatha and South Africa*, Ravan Press, Johannesburg, 1987.

Marx, AW, *Lessons of the Struggle: South Africa's Internal Opposition, 1960-1990*, Oxford University Press, Oxford, 1992.

Mattison, J: *God, spies and lies: Finding South Africa's future through its past*, Missing Ink, Kaapstad, 2015.

Meiring, P: *Waagmoed beloon: 50 menings oor die PW-plan*, Perskor, 1985.

Mouton, FA: *Iron in the soul: The leaders of the official parliamentary opposition in South Africa, 1910-1993,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2017.

Myburgh, P: "Security defence issues in Southern Africa", in Friedrich Nauman Stiftung, *South Africa – chance for liberalism*. Papers presented during a seminar of the Friedrich Naumann Foundation in December 1983, Liberal Verlag, Sankt Augustin, 1985.

Nathan, L: "'Marching to a different beat': The history of the End Conscription Campaign", in J Cock en L Nathan (reds.), *War and Society: The militarisation of South Africa*, David Philip, Kaapstad, 1989.

Ndlovu, S: "The African National Congress and negotiations", in South African Democracy Education Trust, (4), *The road to democracy in South Africa*, Unisa Press, Pretoria, 2010.

O'Meara, D: *Forty lost years: The apartheid state and the politics of the National Party, 1948-1994*, Ravan Press, Johannesburg, 1996. https://doi.org/10.1177/089692059602200309

Owen, K: "The man who wasn't there", in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Owen, K: *These Times: A decade of South African Politics*, Jonathan Ball, Johannesburg, 1992.

Papenfus, T: *Pik Botha en sy tyd,* Litera, Pretoria, 2010.

Renders, H: "The personal in the political biography", in H Renders & B de Haan (reds.), *Theoretical Discussions of Biography: Approaches from History, Microhistory and Life Writing*, 216-221, Brill, Leiden, 2014. https://doi.org/10.1163/9789004274709_018

Renwick, R: *Helen Suzman: Bright star in a dark chamber*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2014.

Rhoodie, N. J: "Importance of the eastern European democratic movement for change in South Africa", in J. L. Olivier (red.), *Eastern Europe and South Africa: Implications for the future,* HSRC, Pretoria, 1990.

Saunders, C: "Liberal democratic anti-apartheid activity within South Africa", in South African Democracy Education Trust, *The road to democracy in South Africa, 4*, Unisa Press, Pretoria, 2010.

Savage, M: "Ice, steam and water: Non-profit organisations in South Africa," in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Seekings, J: *The UDF: A History of the United Democratic Front in South Africa, 1983-1991*, David Philip, Kaapstad, 2000.

Shubin, V: *ANC: A view from Moscow*, Jacana Media, Johannesburg, 2008.

Slabbert, FvZ: "Grense", in R van Niekerk (red.), *Ons vir jou Suid-Afrika*, Van Schaik, Pretoria, 1962.

Slabbert, FvZ en Welsh, D: *South Africa's options: Strategies for sharing power,* David Philip, Kaapstad, 1979.

Slabbert, FvZ: "Letterkunde en samelewing", in J Polley (red.), *Verslag oor die simposium oor Die Sestigers,* Human & Rousseau, Kaapstad, 1973.

Slabbert, FvZ: "Afrikaner nationalism, white politics and political change" in L Thompson en J Butler (reds.), *Change in contemporary South Africa,* University of California Press, Los Angeles, 1975.

Slabbert, FvZ: "Functional Methodology in the Theory of Action", in J Loubser, R Baum, A Effrat en VM Lidz (reds.), *Explorations in General Theory in Social Science: Essays in Honour of Talcott Parsons, I*, The Free Press, Londen, 1976.

Slabbert, FvZ: "Incremental change or revolution?", in J Butler, R Elphick en D Welsh (reds.), *Democratic liberalism in South Africa: Its History and prospects*, David Philip, Kaapstad, 1987.

Slabbert, FvZ: "Negotiating reconciliation", in K. Asmal, D. Chidester en W. G. James (reds.) *Nelson Mandela: From freedom to the future, tributes and speeches*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2003.

Slabbert, FvZ: "Some contest the assertion that I am an African", in X Mangcu (red.), *Becoming worthy ancestors: Archive, public deliberations and identity in South Africa*, Witwatersrand University Press, Johannesburg, 2010.

Slabbert, FvZ: "The struggle for a non-racial democratic South Africa", in M. Swilling (red.), *Views on the South African state,* RGN, Pretoria, 1990.

Slabbert, FvZ: "Threats and Challenges to South Africa becoming a more open society", in M. Shain (red.), *Opposing voices: Liberalism and Opposition in South Africa Today*, Jonathan Ball, Johannesburg, 2006.

Slabbert, FvZ: *Afrikaner Afrikaan: Anekdotes en analises.* Tafelberg, Kaapstad, 1999.

Slabbert, FvZ: *The Last White Parliament: The Struggle for South Africa by the Leader of the White Opposition,* St. Martin's Press, Londen, 1987.

Slabbert, FvZ: *The other side of history: An anecdotal reflection on political transition in South Africa,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2006.

Slabbert, FvZ: *The quest for democracy: South Africa in transition*, Penguin, Johannesburg, 1992.

Slabbert, FvZ: *The system and the struggle: Reform, revolt, and reaction in South Africa*, Jonathan Ball, Kaapstad, 1989.

Slabbert, FvZ: *Tough Choices: Reflections of an Afrikaner African*, Tafelberg, Kaapstad, 1999.

Slabbert, T en Slabbert, R: "Introduction", in A LeMaitre en M Savage (reds.), *Van Zyl Slabbert – The passion for reason: Essays in honour of an Afrikaner African,* Jonathan Ball, Kaapstad, 2010.

Spaarwater, M: *A spook's progress,* Zebra Press, Kaapstad, 2012.

Sparks,A: *Beyond the miracle: Inside the new South Africa*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2003.

Strangwayes-Booth, J: *A cricket in the thorn tree. Helen Suzman and the Progressive Party,* Hutchinson, Johannesburg, 1976.

*Stellenbosch University Yearbook*, 1971.

Steyn, J.C: *Penvegter: Piet Cillié van Die Burger*, Tafelberg, Kaapstad, 2002.

Stutje, J: "Historiographical and theoretical aspects of Weber's concept of charismatic leadership", in J Stutje (red.), *Charismatic leadership and social movements*, Berghahn Books, Amsterdam, 2012. https://doi.org/10.3167/9780857453297

Suzman, H: *In no uncertain terms*, Jonathan Ball, Johannesburg, 1993.

Swart, R: *Progressive odyssey: Towards a democratic South Africa*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1991.

Swilling, M: "The Dynamics of Reform", in A. Callinicos (red.), *Between Apartheid and Capitalism*, Bookmarks, Londen, 1992.

Swilling, M: "The United Democratic Front and Township revolt", in W. Corbett en R. Cohen, *Popular struggles in South Africa,* David Currey, Londen, 1988.

Thom, HB: "Dagbreek binne die groter geheel", in *Dagbreek 1921-1971*, B. Booyens en K. Oosthuysen (reds.), Dagbreek, Stellenbosch.

Van der Heyden, U: *Der Dakar-prozess: Der Anfang vom Ende der Apartheid in Südafrika,* Solivagus, Kiel, 2018. (Vertaal).

Van der Westhuizen, G, Liebenberg, I en Du Plessis, T: "National service and resistance to conscription in South Africa", in I. Liebenberg, J. Risquet en V. Shubin (reds.), *A Far-away war: Angola 1975-1989,* African Sun Media, Stellenbosch, 2015. https://doi.org/10.18820/9781920689735

Viljoen, DJA (red.), *Koerantknipsels oor die Referendum oor 'n nuwe Grondwetlike bedeling*, 1983, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein, 1984.

Venter, R: *'n Stukkie van die legkaart,* Malan Media, Pretoria, 2019.

Verster, F: *Omega, oor en uit: Die storie van 'n opstandige troep,* Tafelberg, Kaapstad, 2016.

Weber, M: "Politics as a profession", in H.H. Gerth en C.W. Mills (reds.), *From Weber, Essays in Sociology*, Routledge and K Paul, Londen, 1970.

Welsh, D: *The rise and fall of apartheid*, Jonathan Ball, Kaapstad, 2009.

Worrall, D: *The independent factor: My personal journey through politics and diplomacy*, Reach, Kaapstad, 2018.

## VI. Akademiese Vaktydskrifte

Alexander, J.C: "Commentary: Structure, value action." *American Sociological Review,* (55), (3), (1990), pp. 339-345. https://doi.org/10.2307/2095760

Alexander, N: "On South Africa's options." *Social Dynamics*, (5), (2), (1979), pp. 59-62. https://doi.org/10.1080/02533957908458257

Ally, S: "Oppositional intellectualism as reflection, not rejection of power: Wits Sociology, 1975-1989." *Transformation*, (59), (1), (2005), pp. 66-97. https://doi.org/10.1353/trn.2005.0045

Ally, S, Mooney, K, en Stewart, P: "The state-sponsored and centralized institutionalization of an academic discipline: Sociology in South Africa, 1920-1970." *Society in transition*, (34), (1), pp. 70-103. https://doi.org/10.1080/21528586.2003.10419084

Blaser, T: "'I don't know what I am': the end of Afrikaner nationalism in post-apartheid South Africa." *Transformation*, (80), (2012), pp. 1-21. https://doi.org/10.1353/trn.2012.0048

Brits, J: "Thabo Mbeki and the Afrikaners, 1986–2004." *Historia*, (53), (2), (2008), pp. 33-69.

Cardo, M: "The liberal tradition in South Africa: Past and present." *Focus*, (2012), pp. 16-20.

Charney, C: "Towards rupture or stasis: An analysis of the 1981 South African General Election." *African Affairs*, (81), (325), (1982), pp. 527-545. https://doi.org/10.1093/oxfordjournals.afraf.a097454

Du Toit, A: "On South Africa's options." *Social Dynamics,* (5), (2), (1979), pp. 59-62. https://doi.org/10.1080/02533957908458257

Du Toit, A: "The legacy of Daantjie Oosthuizen, Revisiting the liberal defence of academic freedom." *African Sociological Review*, (9), (1), (2005), pp. 40-61.

Du Toit, P: "Bargaining about Bargaining: Inducing the Self-Negating Prediction in Deeply Divided Societies – The Case of South Africa." *The Journal of Conflict Resolution*, (33), (2), (1989), pp. 210-230. https://doi.org/10.1177/0022002789033002002

Giliomee, H: "True Confessions, End Papers and the Dakar conference: A review of political arguments." *Tydskrif vir Letterkunde*, (46), (2), (2009), pp. 28-42. https://doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.46i2.3413

Grundlingh, A: "The King's Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939-45." *The Journal of African History,* (40), (3), (1999), pp. 351-365. https://doi.org/10.1017/S0021853799007537

Grundlingh, A: "'Are we Afrikaners becoming too rich'? Cornucopia and change in Afrikanerdom in the 1960s." *Journal of Historical Sociology*, (21), (2-3), (2008), pp. 143-165. https://doi.org/10.1111/j.1467-6443.2008.00333.x

Hanf, T: "Lessons which are never learnt: Minority rule in comparative perspective." *Journal of Asian and African Studies,* XVIII, (1-2), (1983). https://doi.org/10.1177/002190968301800103

Howell, J and Shamir, B: "The Role of Followers in the Charismatic Leadership Process: Relationships and Their Consequences," *The Academy of Management Review*, (30), (1), (2005), pp. 96-112. https://doi.org/10.5465/amr.2005.15281435

Hugo, P: "The politics of untruth: Afrikaner academics for apartheid." *Politikon: South African Journal of Political Studies,* (25), (1), (1998), pp. 1-42. https://doi.org/10.1080/02589349808705052

Kurzman, C, en Owens, L: "The sociology of intellectuals." *Annual Review of Sociology,* (28), (202), (1999), pp. 63-90. https://doi.org/10.1146/annurev.soc.28.110601.140745

Lieberfeld, D: "Evaluating the contributions of two-track diplomacy to conflict termination in South Africa, 1984-90." *Journal of Peace Research*, (39), (2002), pp. 355-372. https://doi.org/10.1177/0022343302039003006

Macqueen, I: "Resonances of youth and tensions of race: Liberal student politics, white radicals and black consciousness, 1968–1973." *South African Historical Journal*, (65), (3) (2013), pp. 365-382. https://doi.org/10.1080/02582473.2013.770062

McKenzie, E: "From obscurity to official opposition: The Progressive Federal Party, 1959-1977." *Historia*, (39), (1), (1994), pp. 81-91.

McKenzie, E: "Its master's voice? The South African 'Progressive' parties and business, 1959-1983." *Journal for Contemporary History*, (21), (2), (1996), pp. 34-48.

Pretorius, D en Sauthoff, M: "Challenging apartheid: Posters from the United Democratic Front and the End Conscription Campaign." *Image & Text: A Journal for Design*, (11), (2004), pp. 23-32.

Schlemmer, L: *The Dakar Report, Responses from 16 delegates to the Dakar conference.* Idasa Occasional Papers, (11), (1987).

Shapiro, B: "Performing Middlingness: Frederik van Zyl Slabbert and the South African transition." *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 67, (4), (2013), pp. 22-35.

Slabbert, FvZ: "Sham reform and conflict regulation in a divided society." *Journal of Asian and African Studies,* (18), (1-2), 1983, pp. 17-23. https://doi.org/10.1177/002190968301800104

Taylor, I: "South Africa's transition to democracy and the 'change industry': A case study of IDASA." *Politikon South African Journal of Political Studies*, (29), (1), (2002), pp. 31-48. https://doi.org/10.1080/02589340220149425

Vale, P; "Unlocking social puzzles: Colony, crime and chronicle: An interview with Charles van Onselen." *Thesis Eleven*, (136), (1), 2016, pp. 35-48. https://doi.org/10.1177/0725513616647588

Van den Berghe, P: "Some trends in unpublished social science research in South Africa." *International Social Science Journal*, XIV, (4), (1962), pp. 723-732.

Van Vuuren, W: "The meaning of Dakar", *The Dakar Report, Responses from 16 delegates to the Dakar conference.* Idasa Occasional Papers, (11), (1987).

Venter, A: "Mededingende politieke paradigmas oor die Grensoorlog 1966-1989." *Jernaal vir Eietydse Geskiedenis*, (34), (1), (2009), pp. 36-56.

Verbuyst, R "History, historians and the South African Truth and Reconciliation Commission." *New Contree*, (66), (2013), pp. 1-26. https://doi.org/10.4102/nc.v66i0.306

Welsh, D: "Urbanisation and the solidarity of Afrikaner nationalism." *The Journal of Modern African Studies*, (7), (2), (1969), pp. 265-276. https://doi.org/10.1017/S0022278X00018310

## VII. Koerante en Tydskrifte

*Die Afrikaner*

*Beeld*

*Die Bliksem* (Wilgenhof-tydskrif)

*Die Burger*

*Business Day*
*Cape Argus*
*Cape Times*
*The Citizen*
*City Press*
*Daily Dispatch*
*Deurbraak*
*Eastern Province Herald*
*Eikestadnuus*
*Evening Post*
*The Daily News*
*Fair Lady*
*Financial Mail*
*Frontline*
*Huisgenoot*
*Insig*
*De Kat*
*Kerkbode*
*Leadership SA*
*Mail and Guardian*
*Die Matie*
*The Municipal Magazine*
*The Natal Mercury*
*Natal Witness*
*The Nationalist*
*Oggendblad*
*Oosterlig*
*Pretoria News*
*Progress*
*Rand Daily Mail*
*Rapport*
*Sechaba*

*Sowetan*

*Die Suid-Afrikaan*

*Sunday Express*

*Sunday Independent*

*Sunday Star*

*Sunday Times*

*Sunday Tribune*

The Star

Times

Die Transvaler

US Kampusnuus

Die Vaderland

Die Volksblad

Vrye Weekblad

Weekend Post

Weekly Mail

Woord en Daad

## VIII. Proefskrifte en Ongepubliseerde Lesings

Cassar, P: "The emergence and impact of Dr F van Zyl Slabbert in South African opposition politics, 1974 -1981", MA-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984.

Hackland, B: "The economic and political context of the growth of the Progressive Federal Party in South Africa, 1959-1978" in The societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries. Collected Seminar Papers, 11, 27, University of London, Institute of Commonwealth studies, 1981.

Hughes, "Political liberalism in South Africa in the 1980s and the formation of the Democratic Party", MA-proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1994.

Liebenberg, I: *Dakar – reflections on a conference,* Ongepubliseerde lesing, Research Gate, 17 September 2017.

Orbon, H: "Frederik van Zyl Slabbert, the dialogue programme on cold comfort and the pitfalls of ideology", Ongepubliseerde lesing, ongedateer.

Phillips, M: "The End Conscription Campaign: A study of white extra-parliamentary opposition to apartheid", MA-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 2002.

Savage, M: "The Dakar talks and meetings between South Africans and the ANC in exile, 1983 -2000", Ongepubliseerde manuskrip, Junie 2016.

Savage, M: "Trekking outward: A chronology of meetings between South Africans and the ANC in exile, 1983-2000." Ongepubliseerde manuskrip, 2017.

Shandler, D: "Structural crisis and liberalism: A history of the Progressive Federal Party, 1981-1989", MA-proefskrif, Universiteit van Kaapstad, ongedateer.

Slabbert, FvZ: "Beroepskeuses van studente", Onpubliseerde MA-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, Maart 1964.

Slabbert, FvZ: "Structural-functional analysis in theoretical sociology: a methodological enquiry" PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1967.

Slabbert, FvZ: "Politics and privilege in South Africa", Summer School lectures, Universiteit van Kaapstad, 1973.

Thakur, V en Vale, P: "Negotiations in South Africa: The liberal imaginary and expertise of Frederik van Zyl Slabbert", Ongepubliseerde en ongedateerde artikel.

Vosloo, WB: "The nature of the Afrikaner people and the challenges facing Afrikaner nationalism", Somerskool-lesings, Universiteit van Kaapstad, 1973.

Welsh, D: "English-speaking white South Africans", Summer School lectures, Universiteit van Kaapstad, 1973.

## IX. Internetbronne

C. Botha: "Time for electoral reform and dusting off the Van Zyl Slabbert Report". https://www.politicsweb.co.za/opinion/time-for-electoral-reform-and-dusting-off-the-van- (22 Mei 2019). Toegang: 22 Mei 2019.

G. Evans: "Frederik Van Zyl Slabbert: Politician and activist in the vanguard of the struggle against apartheid". https://www.independent.co.uk/news/obituaries/frederik-van-zyl-slabbert-politician-and-activist-in-the-vanguard-of-the-struggle-against-apartheid-1976324.html (19 Mei 2010). Toegang: 24 Julie 2018.

M. Barker: "George Soros and South Africa's Elite Transition". http://www.swans.com/library/art16/barker51.html (31 Mei 2010). Toegang: 14 Mei 2019.

R.W. Johnson: "Van Zyl Slabbert: What went wrong?" https://www.politicsweb.co.za/news-and-analysis/van-zyl-slabbert-what-went-wrong (21 Junie 2010). Toegang: 17 Junie 2019.

www.https://wordpress.com (14 Mei 2010). Toegang: 8 Mei 2019.

UJ Press

Frederik van Zyl Slabbert is al beskryf as die beste landsleier wat Suid-Afrika nooit gehad het nie.

As 'n uitstaande akademikus het hy in 1974 van beroep verander toe hy in dié jaar se parlementêre verkiesing die kiesafdeling Rondebosch vir die Progessiewe Party verower het. Na vyf jaar is hy as die jongste opposisieleier ooit aangewys.

Tot in 1986 het hy 'n belangrike rol in die formele Suid-Afrikaanse politiek gespeel. Hy het die trant van parlementêre diskoers tot 'n hoër vlak verhef en sorg gedra dat tersaaklike apartheidskwessies nie deur die die Nasionale Party omseil word nie. Op voetsoolvlak het hy tot gewone mense gespreek en 'n charismatiese invloed uitgestraal.

Te midde van stormagtige tye in Suid-Afrika was hy 'n liberale Afrikaner met 'n genuanseerde begrip van identiteit en 'n passie vir vernuwende politiek. Na sy uittrede uit die formele politiek in 1986, deels as gevolg van die verstardheid van die bestaande bestel, het hy in die soeke na demokratiese oplossings hom tot die buite parlementêre politiek gewend. Onder meer het dit tot die eerste grootskaalse ontmoeting tussen oorwegende Afrikaanse belanghebbendes en sekere African National Congress leiersfigure in Dakar in 1987 gelei. In post-apartheid Suid-Afrika het hy 'n fasiliterende rol gespeel en hom ook in die sakewêreld begewe.

Slabbert was 'n onafhanklike denker en in moeilke tye polities vooruitskouend met 'n afkeur in dogmatiese uitgangspunte. Hy het homself nooit die luukse van volkome sekerheid gegun nie. Hy was inderdaad 'n soekende profeet.

Met hierdie boek word gepoog om 'n gebalanseerde geheelbeeld van 'n enigmatiese figuur te bied. Slabbert was nie iemand wat in die heldegalery van Suid-Afrika opgeneem is nie. Hyself sou dit ook nie so verkies het nie. Maar sy nalenskap, ook vir Afrikaanse mense, is nie daarom van mindere belang nie.

*Prof Albert Grundlingh is 'n voormalige departementshoof van Geskiedenis by die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Stellenbosch. Hy is die skrywer van verskeie boeke.*

ISBN 978-0-906785-27-0

9 780906 785270 >